


6160 206 50



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
PUBLIEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300004431007

Universiteit Vrystaat

**'N ANTROPOLOGIESE STUDIE NA DIE IDENTITEIT VAN VROUE IN
ORANIA**

deur

LIEZEL BLOMERUS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

M.A. (ANTROPOLOGIE)

in die Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat

BLOEMFONTEIN

November 2009

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN
30 AUG 2010

UY SACOL ENDRISTEK

DANKBETUIGING

Ek wil graag 'n woord van dank rig aan die volgende persone en instansies vir hulle besondere ondersteuning, leiding en medewerking in die voltooiing van hierdie studie.

Aan dr. Petro Esterhuysen, my studieleier, baie dankie vir al die geduld, leiding en motivering tydens hierdie studie. Al die ekstra ure, moeite, raad en ondersteuning is raakgesien en word opreg waardeur.

'n Spesiale dank aan dr. Manie Opperman wat ten tye van die veldnavorsing die burgemeester van Orania was. Hy het 'n groot invloed op die onderwerp van die studie gehad en het in die verband geen moeite ontsien om hulpbronne aan my beskikbaar te stel nie. Deur sy bemiddeling het ek altyd welkom gevoel en is ek by sosiale aktiwiteite en vergaderings betrek.

Ek wil ook my opregte waardering uitspreek teenoor die dorpsraad wat my heelhartig aanvaar het in die gemeenskap en my toegelaat het om die navorsing te onderneem.

Aan al die vroue van Orania wat op een of ander wyse 'n aandeel gehad het in die voltooiing van die studie, wil ek 'n groot dankie sê. Dit was hierdie besondere groep mense wat die studie oor en oor die moeite werd gemaak het. Ek het ongelooflik baie by julle geleer. Meer spesifiek wil ek my opregte dank aan Lida Strydom en Magda Opperman uitspreek. Sonder hierdie twee dames sou ek nie so tuis in Orania gewees het nie en sou ek ook nie sommige van die ander vroue kon bereik het nie.

Die ondersteuning, leiding en medewerking wat ek ontvang het tydens hierdie studie was egter nie beperk tot bogenoemde persone en instansies nie, maar die lys sou te lank word indien ek almal moes bedank. Dus: aan almal wat op een of ander wyse 'n bydrae gelewer het, my innige dank.

LIEZEL BLOMERUS

BLOEMFONTEIN
NOVEMBER 2009

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING

ii

HOOFSTUK 1: INLEIDING

Bladsy

1.1	AGTERGROND TOT DIE STUDIE	1
1.2	DOELSTELLING	8
1.2.1	Algemene doelstellings	8
1.2.2	Besondere doelstellings	8
1.3	NAVORSINGSMETODOLOGIE	9
1.3.1	Literatuurstudie	9
1.3.1.1	Klassieke werke	9
1.3.1.2	Boeke, vaktyskrifte en ensiklopedie	9
1.3.1.3	Publikasies uit Orania	10
1.3.2	Empiriese ondersoek	10
1.3.2.1	Plek van navorsing	10
1.3.2.1.1	Ligging	10
1.3.2.1.2	Demografiese besonderhede van Orania	12
1.3.2.2	Toegang tot Orania	14
1.3.2.3	Navorsingstegnieke	16
1.3.2.3.1	Fokusgroeponderhoude	16
1.3.2.3.2	Deelnemende waarneming	21
1.3.2.3.3	In-diepte onderhoude	24
1.3.3	Faktore wat die veldnavorsing beïnvloed het	27
1.3.3.1	Vooropgestelde persepsies van antropologiese veldnavorsing	27
1.3.3.2	Etiese probleme met die veldnavorsing	29
1.3.3.3	Kommunikasievoordele	31
1.3.3.4	Die geslag, ouderdom, en beroep van die navorser	32
1.4	DEFINIËRING VAN KONSEPTE	35
1.4.1	Kultuur	35

1.4.2	Identiteit	36
1.4.3	Gender	36
1.5	UITLEG VAN HOOFSTUKKE	37
 HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK – KULTUUR, IDENTITEIT EN GENDER		
2.1	INLEIDING	38
2.2	KULTUUR	38
2.2.1	Ouer antropologiese benaderings tot kultuur	38
2.2.2	Benaderings tot kultuur na 1980	44
2.2.3	Uitgangspunte met betrekking tot kultuur soos dit relevant is vir die onderhawige studie	49
2.2.3.1	Inleiding	49
2.2.3.2	Definisie van kultuur	49
2.2.3.3	Die aard van kultuur	50
2.2.3.4	Die individu versus groep-verhouding	51
2.2.3.5	Groepsbestaan en groepsgrense	53
2.3	IDENTITEIT	54
2.3.1	Vroeëre benadering tot identiteit	54
2.3.2	Resente benaderings, waaronder die postmoderne benadering, tot identiteit	56
2.3.3	Verband tussen kulturele identiteit en etnisiteit	60
2.4	GENDER	66
2.4.1	Historiese oorsig	66
2.4.1.1	Hoofstrome binne feministiese antropologie	67
2.4.2	Relevante temas vir hierdie studie	71
2.4.2.1	Gender, geslag en seksualiteit	71
2.4.2.2	Sosialisering, enkulturasie en gender	74
2.4.2.3	Genderrolle, status en genderhiërargie	76

2.5	SAMEVATTING	78
------------	--------------------	-----------

HOOFSTUK 3: AGTERGROND EN GESKIEDENIS VAN ORANIA

3.1	INLEIDING	81
3.2	ORANIA – DIE WATERWESEDORP	81
3.3	ORANIA – EERSTE VOLKSTAATDORP	83
3.3.1	Totstandkoming en beginjare	83
3.3.2	Visie en onderbou van die Oraniabeweging	86
3.3.2.1	Die Volkstaatgedagte	86
3.3.2.2	Lewensbeskouing en waardes	88
3.4	ORANIA - 'N SELFSTANDIGE AFRIKANER-GEMEENSKAP	89
3.4.1	Doelwitte en uitwaartse ontwikkeling	89
3.4.2	Bestuur van Orania	93
3.4.3	Identiteit van Orania-inwoners	95
3.4.4	Religie en kerklike lewe	104
3.4.5	Ekonomiese selfstandigheid	104
3.4.5.1	Selfwerkzaamheid	104
3.4.5.2	Ekonomiese organisasie en ontwikkeling	107
3.4.6	Skole-stelsels	110
3.4.7	Maatskaplike dienste	112
3.4.8	Ekologiese bestuur	114
3.4.9	Die bydrae van vroue	116
3.5	SAMEVATTING	119

HOOFSTUK 4: IDENTITEIT VAN VROUE VAN ORANIA

4.1	INLEIDING	121
4.2	VORMINGSJARE VAN DIE VROU (VOOR ORANIA)	121
4.2.1	Inleiding	121
4.2.2	Gesin van oorsprong	122
4.2.3	Skool, verenigings en politiek	135
4.2.4	Waardes en lewensuitkyk	139
4.3	VOLWASSE JARE	145
4.3.1	Inleiding	145
4.3.2	Beroep	146
4.3.3	Huwelik	148
4.3.4	Ouerskap	151
4.3.5	Sosiale lewe	155
4.3.6	Lewensbeskouing	157
4.4	LEWE IN ORANIA	161
4.4.1	Inleiding	161
4.4.2	Verhuising en aanpassing	161
4.4.2	Betrokkenheid en inskakeling	164
4.4.3	Rol van die vrou in Orania	167
4.5	IDENTITEIT	173
4.5.1	Inleiding	173
4.5.2	Openbare/sosiale identiteit	173
4.5.3	Private/persoonlike identiteit	180

4.6	SAMEVATTING	183
	HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING	187
	BIBLIOGRAFIE	191
	OPSOMMING	200
	SUMMARY	202
	LYS VAN KAARTE	
	Kaart 1: Ligging en uitleg van Orania.	11
	Kaart 2: Voorstelling van die beoogde volkstaatgebied.	12
	LYS VAN TABELLE	
	Tabel 1: Biografiese kenmerke van volwasse informante wat deelgeneem het aan die fokusgroep- en individuele onderhoude.	20
	LYS VAN FIGURE	
	Figuur 1: Geslagsverspreiding van die informante.	21
	Figuur 2: Uiteensetting van informante in die verskillende ouderdoms- groepe geselekteer vir in-diepte onderhoude.	27
	LYS VAN FOTOS	
	Foto 1: Die Volksskool Orania in Oranje geklee tydens die viering van Heldedag op 10 Oktober 2007.	98
	Foto 2: Koeksistermonument.	98
	Foto 3: 'n Beeld van die mansfiguur wat sy moue oprol in die beeldetuin.	99
	Foto 4: Die beeldetuin in Orania geleë op 'n koppie binne die dorp.	101
	Foto 5: 'n Bord in Orania wat bevestiging gee aan die feit dat Afrikaans die amptelike taal en medium van kommunikasie is.	102
	Foto 6: 'n Bord in Orania wat die selfwerkzaamheidsbeginsel in Orania bevestig.	105

Foto 7: 'n Goue plaat op die voetstuk van die standbeeld van die mansfiguur wat sy moue oprol wat die selfwerkzaamheidsbeginsel verduidelik.	106
Foto 8: 'n Bord wat die betaal van goedere met die plaaslike geldeenheid, die Ora, aanmoedig.	108
Foto 9: 'n Bord wat die beginsel van "koop in Orania" bevorder.	108
Foto 10: 'n Voorbeeld van herwinningshouers in Orania.	115

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 AGTERGROND TOT DIE STUDIE

Identiteitstudies is vandag 'n aktuele terrein van ondersoek in die kontemporêre studie van kultuur en het menigte uitvloeisels in veral studies rondom etnisiteit, klas, gender, ras, seksualiteit en sub-kulture (vgl. Brooker 1999:109). Die groeiende belangstelling kan onder andere toegeskryf word daaraan dat individue en groepe sedert die 1960's, regoor die wêreld, hulself in 'n sogenaamde identiteitskrisis bevind het (Outhwaite & Bottomore 1993:272).

Volgens Outhwaite en Bottomore (1993:271), is 'n faktor wat bygedra het tot die identiteitskrisis van individue en groepe die feit dat die gedeelde gemeenskap grootliks verdwyn het binne die moderne wêreld, met die gevolg dat die moderne individu nie 'n duidelike, vaste en samehangende beeld van haar¹ identiteit het nie. Vir sommige, het die moderne wêreld 'n toenemende sin van individualiteit en keuse uit 'n wyer reeks identiteite meegebring. Die individu is geneig om selfaktualisering na te streef; om 'n innerlike self te ontdek wat nie beperk word deur tradisie en kultuur nie. Ander skets die moderne wêreld egter weer as 'n kultuur van grootskaalse vervreemding: Verlies aan grense tussen die self en kultuur en die opkoms van die narsistiese persoonlikheid word beklemtoon, asook die belewing van fragmentasie en betekenisloosheid, gepaardgaande met 'n verlies aan die outoriteit van kultuur as gevolg van self-absorpsie en selfsug by die individu (Outhwaite & Bottomore 1993:271).

Ook in Suid-Afrika meen talle individue en groepe dat hulle in 'n sogenaamde identiteitskrisis is as gevolg van politieke hervorming. Die nuwe demokraties verkose regering beklemtoon onder andere die belangrikheid van 'n nuwe verenigde nasie wat in 'n spanningsverhouding staan teenoor die gegewe diversiteit van tale en etniese groeperinge in Suid-Afrika (Heaven, Stones,

¹ Aangesien hierdie studie handel oor vroue, sal daar deurgaans van die persoonlike voornaamwoorde 'haar' en 'sy' gebruik gemaak word.

Leickness & Le Roux 2000). Theron (2008:123) is byvoorbeeld van mening dat die "rasse-ideologie", soos toegepas deur die huidige regering, aanleiding gee tot die vervreemding van minderhede teenoor die staatbestel. Die Afrikaner is 'n voorbeeld van so 'n groep wat in 'n identiteitskrisis gedompel is en toenemende vervreemding tussen self en die huidige magsbestel ervaar.

Die aanloop tot die identiteitskrisis van die Afrikaner is in 'n groot mate teweeggebring deur die "politieke bomskok van magsverlies" in 1994, wat daartoe aanleiding gegee het dat die Afrikaner sy openbare stem verloor het (Rademeyer 2006). Theron (2008:123) verduidelik dat die verlies van Afrikaners se openbare stem en mag gelei het daartoe dat hulle hulself "toegespin het in 'n kokon van gemaksugtigheid en hulself stelselmatig aan die openbare lewe onttrek het". Hy meen verder dat die verlies van 'n openbare stem daartoe bygedra het dat slegs enkele Afrikanerleiers op die voorgrond getree het. Verder het sommige Afrikanerleiers, openbare persoonlikhede en ook organisasies stelselmatig hulself begin distansieer van die begrip Afrikaner en die meer omvattende begrippe Afrikaanssprekend en Afrikaans. Theron (2008:123) gaan voort: "enkele individue het selfs met uiterse politieke korrektheid en opportunisme uit hul Afrikanerskap bedank". Die slotsom waartoe die skrywer kom, is dat die Afrikaner tans "koersloos en leierloos dobber".

Gepaardgaande met bogenoemde faktore wat aanleiding gegee het tot die identiteitskrisis van die Afrikaner, vererger die huidige magsbestel en regeringsbeleid van Suid-Afrika die identiteitskrisis van die Afrikaner. Rademeyer (2006) het byvoorbeeld opgemerk dat die Afrikanergemeenskap 'n ontstellende mate van marginalisering en benadeling aan die hand van die regering beleef. Theron (2008) is ook van mening dat die Afrikaner al hoe meer deur regeringsbeleid uitgesluit word en dit selfs as 'n aanslag op die Afrikaner en Afrikaans beskou kan word.

Mnr. F.W. de Klerk het in 'n persverklaring in 2007 die volgende te sê gehad hieroor: "Afrikaans en Afrikaanssprekendes verdien nie die stief behandeling wat op so baie terreine ervaar word nie. Ek vind die stelselmatige erodering van Afrikaans se regte en aansprake, soos gevestig in die Grondwet, onaanvaarbaar" (Persverklaring deur mnr. F.W. de Klerk by die tweede Nasionale Afrikaanse Taalberaad van die Nasionale Forum vir Afrikaans 2007).

Marginalisering vind op drie terreine plaas. Eerstens is daar standpunte wat meen dat Afrikaans benadeel word. In die bogenoemde persverklaring (2007) het Mnr. De Klerk die opinie uitgespreek dat die kwessie van taal een van fundamentele regte was, waaroor konsensus bereik is tydens onderhandelinge voor en na 1994. Hy meen egter dat nie net die bepalings van die Grondwet dikwels omseil word nie, maar die gees waarin dit beding is, ook nie gestand gedoen word nie. "En dit is nie net Afrikaans wat nie voldoende erken word nie, maar ook al ons ander inheemse tale". Hy kom tot die slotsom dat: "Ondanks die Grondwet word Afrikaans in 'n al hoe minder mate gebruik in ons howe en binne Staatsverband. Afrikaans is onder druk by die SABC. Bloot die nuwe naam van die ou meertalige SAUK getuig van die wegbeweeg van taaldiversiteit. Afrikaans is onder ernstige druk in skole en die daling in die aantal enkelmedium Afrikaanse skole is dramaties en duur voort. Afrikaans is ook onder geweldige druk by universiteite, soos die ontwikkelinge van die afgelope paar jaar aan die Universiteit van Stellenbosch 'n klinkende voorbeeld van is"

(http://www.fwdklerk.org.za/download_docs/07%2002%2022%20perstaalberaad.pdf).

Ook Theron (2008:123) meen dat die taalreëlins wat in die Grondwet bevat is nie na behore nagekom word nie en dat die neiging sover was om 'n meertalige Suid-Afrika te verander na 'n Engels-eentalige land. Hy gebruik die aanslag op Afrikaans in die skoolopset as 'n voorbeeld: "Ons abdikeer ons Afrikaanse

tersiêre instellings sonder slag of stoot, ons dring nie aan op moedertaal-ondererrig nie, maar maak dit maklik deur ons kinders na Engelse privaatskole te stuur...”.

'n Tweede vorm van marginalisering is die onderdrukking wat die Afrikaner ervaar ten opsigte van sy identiteit, kultuur en geskiedenis. Theron (2008) meld die volgende voorbeelde: “Ons aanvaar gelate dat plek- en straatname met 'n Afrikaanse karakter eensydig verander...ons aanvaar die sillabusse op skool wat helde uit die “struggle” aan ons kinders opdis maar niks leer oor die Afrikaner se eie geskiedenis nie” (<http://www.afrikanerbond.org.za/index.php?pg+123>).

'n Derde vorm van marginalisering is die beperking van Afrikanergetalle in die openbare sektor, soos onder meer op die regsbank, in die staatsdiens, inkomstediens en poskantoor, as gevolg van die regeringsbeleid wat neerslag vind in regstellende aksie, sportkwotas en swart ekonomiese bemagtiging, onder die dekmantel van transformasie (Theron 2008:123).

Uit bogenoemde word dit dus duidelik dat Afrikaners hulself in 'n identiteitskrisis bevind in hoofsaak omdat hulle hul mag verloor het na 1994, maar ook omdat hulle skynbaar 'n onvermoë het om hierdie situasie te hanteer.

Behalwe die feit dat individue en groepe hulself in 'n sogenaamde identiteitskrisis bevind, het daar ook wêreldwyd veranderinge in die rol van vroue in die samelewing ingetree (De Lange e.a. 2000). Volgens Trauth (2002), het die rol van vroue in die Verenigde State van Amerika in die volgende opsigte verander:

- Meer vroue het universitêre en kollege opleiding en minder is uitsluitlik tuisteskeppers.
- Wetgewing het verander en bestaande wette wat handel oor seksuele teistering en huislike geweld word strenger toegepas.
- In die 1950's het 34% van vroue buite die huishouding gewerk, terwyl 60% van vroue vandag buite die huis werk.

- In 1979 het 'n vrou 68 sent verdien teenoor elke dollar wat 'n man verdien het; vandag is dit 82 sent.
- Al hoe meer vroue het tot die openbare sektor toegetree - dikwels in leierskapsposisies (http://www.txstate.edu/news/news_release/news_archive/2002/10/roleofwomen102102.html).

Ook in Suid-Afrika het die rol van vroue in die samelewing verander. Die tradisionele Suid-Afrikaanse samelewing kan as konvensioneel patriargaal beskryf word, met vroue in 'n ondergeskikte posisie. Die man was die een wat al die belangrike besluite, beide in die groter samelewing en binne die huishouding, geneem het. Die vrou se rol was primêr beperk tot moederskap en die huishouding en het gesentreer rondom kinders grootmaak en opvoed en omsien na die welstand, voeding en versorging van die gesin. Daar is nie van vroue verwag om hulself te bemoei met sake buite die huishouding nie – dit was die domein van die man. Blanke vroue is byvoorbeeld nie toegelaat om enige rol in politieke besluitneming te hê nie. Dit was eers in 1930 dat blanke vroue toegelaat is om te stem. Betrokkenheid by ekonomiese aktiwiteite buite die huishouding (in 'n poging om aan die basiese behoeftes van klere en voeding vir die gesin te voldoen) was aanvaarbaar, maar dit is nie gesien as "vroulik" nie (<http://www.sahistory.org.za/pages/governance-projects/womensstruggle/struggle1.htm>).

Die opkoms van 'n industriële ekonomie, die groei van dorpe en die ontwikkeling van die migrante arbeidsstelsel het egter in 'n groot mate daartoe bygedra dat hierdie voorskrifte ten opsigte van die rol van vroue begin verander het. 'n Groot faktor wat verder bygedra het tot die veranderde rol van vroue in Suid-Afrika is die feit dat daar vanaf 1994 op veral regeringsvlak nadruk geplaas is op die gelykberegting van vroue. Die eertydse president Nelson Mandela het tydens die opening van die Parlement in 1994 die belang hiervan so verwoord: "Freedom cannot be achieved unless women have been emancipated from all forms of oppression. Unless we see in visible and practical terms that the

condition of the women of our country has radically changed for the better, and that they have been empowered to intervene in all aspects of life as equals with any other member of society" (<http://www.cwc.ie/index.html>). Ook die opvolgende president, Thabo Mbeki, het klem gelê op die emansipasie van vroue in Suid-Afrika en sy besluit om vroue op regeringsvlak aan te stel as volg gemotiveer: "No government in South Africa could ever claim to represent the will of the people if it failed to address the central task of emancipation of women in all its elements, and that includes the government we are privileged to lead" (<http://www.sahistory.org.za/pages/governance-projects/womens-struggle/introduction.htm>).

Vandag vervul die vrou nie meer net haar tradisionele rol as moeder en tuisteskepper nie. Sy het ook 'n rol in die groter samelewing. Een van hierdie rolle sluit in vroue se bydrae in die ekonomiese sektor. Wetgewing het veral die emansipasie van vroue in die werksplek sterk aangespreek en Suid-Afrika het groot vordering gemaak in die bereiking van gendergelykheid in die werksplek. Drie en dertig persent van die posisies in die kabinet word byvoorbeeld gevul deur vroue. Navorsing het ook aan die lig gebring dat daar 'n toename was in die verteenwoordiging van vroue op rade en in sleutel uitvoerende en leierskapsposisies. Suid-Afrika het byvoorbeeld, in vergelyking met die res van die wêreld, die derde hoogste aantal besighede met vroue in senior besturende posisies (<http://www.sahistory.org.za/pages/governance-projects/womens-struggle/work-edu.htm>).

Behalwe vir die toename in gelykheid in die ekonomie, is daar ook 'n tendens dat al hoe meer vroue in die openbare lewe hulself laat geld en groot hoogtes bereik. Paynter (2004) maak melding van 'n paar invloedryke vroue:

- Patricia de Lille - leier van die Onafhanklike Demokrate: "outspoken leader of one of South Africa's newest political parties, the Independent

Democrats - she is a lone face in the tide of torrid male political competitors”.

- Natalie du Toit - 'n gestremde swemmer wat vir baie vroue 'n voorbeeld stel: “she has shown us that difficulties can indeed be overcome and goals can be achieved in the face of obstacles”.
- Nadine Gordimer - wenner van die 1991 Nobelprys in literatuur. “Ms. Gordimer's winning of this Prize, at a time when South Africa's future was unstable amidst political unrest, proved to be unifying and uplifting to all”.
- Miriam Makeba - Beroemde Suid-Afrikaanse sanger wat 'n sukses van haar loopbaan gemaak het tydens die apartheidsjare.
- Maria Ramos - Hoof Uitvoerende Beampte van Transnet en huidig die hoof van Absa Bank.
- Mamphela Ramphele – Antropoloog, voormalige vise-rektor by die Universiteit van Kaapstad en later 'n Suid-Afrikaanse verteenwoordiger by die Wêreldbank, asook politieke kommentator.

In die voorafgaande bespreking is aangetoon hoedat die vrou se tradisionele rol as moeder en tuisteskepper plek gemaak het vir invloedryke posisies op haas elke lewensterrein. Vakkundig is reeds heelwat navorsing oor hierdie wêreldwye tendens gedoen. Studies wat oor die vrou in Suid-Afrika gedoen is, sluit onder meer in: Buys (1981) se studie oor “Die rol van die Tlokwavrou in die ontwikkeling van Qwaqwa”; Butler se studie in 1989 oor “Afrikaner women and the creation of ethnicity in a small South Africa town 1902-1950”; Walker (1990) se studie oor “Women and gender in South Africa”; James (1999) se studie “Songs of the woman migrant: Performance and identity in South Africa”; en Ross se studie in 2003, met die titel “Bearing witness: Women and the Truth and Reconciliation Commission”. In die Suid-Afrikaanse konteks is daar nog ruimte vir veel meer navorsing oor die vrou – ook die Afrikanervrou.

Behalwe die vakkundige motiverings vir die noodsaaklikheid en relevansie van hierdie studie, was daar ook 'n interne behoefte, wat deur die gemeenskap van Orania geïdentifiseer is. Die behoefte was om 'n studie te onderneem wat

spesifiek sou fokus op die rol van vroue in Orania, aangesien vroue so 'n belangrike rol speel in die suksesvolle funksionering van Orania². Inligting was ook nodig met betrekking tot die behoeftes en aanpassing van vroue in Orania.

1.2 DOELSTELLING

1.2.1 Algemene doelstelling

Die algemene doel van hierdie studie is om 'n verkennende, beskrywende ondersoek na die inhoud van die identiteit van Afrikanervroue in Orania te doen, asook die onderhouding en bevordering van identiteit na te gaan.

1.2.2 Besondere doelwitte

Die voortspruitende doelwitte is:

- a) Om 'n literatuurondersoek te onderneem, waarin gefokus word op:
 - 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie van identiteit, gender en kultuur; asook
 - Die geskiedenis, visie, karakter en demografiese besonderhede van Orania.
- b) Om 'n empiriese ondersoek te onderneem, waarin gefokus word op:
 - Die kulturele konstruksie van vroue se identiteit soos voorgehou deur hulself en die gemeenskap.
 - Die betrokkenheid van vroue in die gemeenskapslewe van Orania, asook hul oortuiginge met betrekking tot hul Afrikanerskap/Oraniër Afrikanerskap ten einde die onderhouding en bevordering van vroue se identiteit in Orania te peil.

² Sien Hoofstuk 3, Paragraaf 3.4.9 vir 'n oorsigtelike bespreking van die bydrae van vroue in Orania.

1.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.3.1 Literatuurstudie

Verskeie bronne is geraadpleeg ter oriëntering en om as riglyn vir die studie te dien. Ten eerste is 'n literatuurstudie onderneem om 'n teoretiese raamwerk vir die studie van identiteit, gender en kultuur te vestig. Ten tweede is literatuur bestudeer ten einde die geskiedenis en agtergrond van Orania vas te stel. Derdens is 'n literatuurstudie onderneem om rigtinggewend te wees vir die empiriese ondersoek. Vervolgens word 'n kort uiteensetting van die verskillende tipes bronne wat geraadpleeg is, gegee.

1.3.1.1 Klassieke werke

Wat betref die opbou van 'n teoretiese raamwerk vir die studie van kultuur, identiteit en gender, is daar in 'n beperkte mate staatgemaak op klassieke antropologiese werke om 'n vakgetroue begrip van benaderings voor die 1980's te verkry. Hierdie klassieke werke het onder meer die volgende outeurs se werk ingesluit: Coertze (1979), Goffman (1959), Hallowell (1955), Lamphere (1987), Linton (1936), G.H. Mead (1962), M. Mead (1937), Mönnig (1980) en Moore (1988, 1994).

1.3.1.2 Boeke, vaktydskrifte en ensiklopedieë

Antropologiese boeke, tydskrifte en ensiklopedieë is geselekteer, wat veral die teoretiese tendense na die 1980's weerspieël. Die volgende bronne is onder meer bestudeer: Barret (1996), Borofsky (1994), Erchak (1992), Friedl (1975), Hannerz (1992), Haviland (1993), Mathews (2000) en Moore (1988).

Verder is werke geraadpleeg wat riglyne aanbied oor die aard van sosiale wetenskapsbeoefening en antropologiese navorsingsmetodologie en tegnieke. Hierdie boeke sluit in: Bernard (1995), LeCompte (1999) en Pelto (1970).

'n Aantal tydskrifartikels is geraadpleeg: Aggerwal (2000), Brumann (1999), De Beer (1998), Gower & Salm (1996) en Rollwagen (1986).

Laastens is uittreksels uit toonaangewende ensiklopedieë nuttig gevind. Barnard & Spencer (2002), Levinson & Ember (1996) en Ritzer (2005) is met vrug gebruik.

1.3.1.3 Publikasies uit Orania

Daar is veral van Orania publikasies gebruik gemaak ten einde die geskiedenis en agtergrond van Orania te bepaal. Die werk van Duplessis (1998) "*Orania – eerste volkstaatsdorp*" het byvoorbeeld heelwat oor die geskiedenis bevat. 'n Plaaslike publikasie, "*Voorgond*", wat deur die Orania Beweging uitgegee word en "*Orania in 'n neutdop*" – 'n inligtingstuk wat deur die dorpsraad aan besoekers en nuwe inwoners uitgegee word, het baie nuttige inligting oor die algemene bestuur en aktiwiteite op Orania verskaf. Die DVD, "*Orania-groeipunt van 'n Afrikaner volkstaat*" was eweneens van waarde om 'n oorsig te kry van Orania en te sien watter sake uit die burgers van die dorp se oogpunt belangrik is vir die bemaking van Orania.

1.3.2 Empiriese ondersoek


1.3.2.1 Plek van navorsing³

1.3.2.1.1 Ligging

Orania is geleë in die dorre en semi-woestynagtige gebied van die Karoo (Noord-Kaap Provinsie), teenaan die Oranjerivier, met Kimberley (± 160 km) en Bloemfontein (± 260 km) as die naaste stede. Kaart 1 bied 'n oriëntering ten opsigte van die ligging van die belangrikste plekke (bv. geboue, infrastruktuur en monumente) wat in Hoofstukke 1 en 3 genoem word. Soos gestel in Hoofstuk 3,


³ Volledige inligting oor die geskiedenis en agtergrond van Orania word in hoofstuk drie aangebied.

is dit die doelstelling van Orania om 'n volkstaatgebied vir Afrikaners daar te stel.
 Kaart 2 gee 'n voorstelling van die gebied wat gevisualiseer word.



Kaart 1: Ligging en uitleg van Orania

Kaart 2: Voorstelling van die beoogde volkstaatgebied.⁴



1.3.2.1.1 Demografiese besonderhede

- Samestelling van die populasie

Orania het ongeveer 462 heeltydse inwoners met 'n gemiddelde ouderdom van 38 jaar. Drie en vyftig persent van die inwoners is mans (Greeff 2005:14).

- Inkomsteverdeling

Meer as die helfte van die inwoners van Orania verdien minder as R 3 000 per maand, terwyl ongeveer 18 persone meer as R 7 000 per maand verdien (Greeff 2005:14). Orania het 'n hoë opgeleide en vaardige arbeidsmag, met

⁴ <http://strangemaps.files.wordpress.com/2006/11/volkstaat.gif>.

ongeveer 57% wat tersiêre opleiding ontvang het en ongeveer 9% met óf 'n doktrale óf 'n mediese graad (Steyn 2004:20).

- Infrastruktuur

Orania beslaan ongeveer 3000 hektaar, maar die plan is om die grondgebied steeds meer uit te brei. Onlangs is twee plase, Biesiesbult en Nooitgedacht, aangekoop deur Kambrolandskap Koöperatief.⁵ In 2000 het Vestergaard (2000) honderd twee en veertig huise en sewe en veertig bewoonde kleinhowes geïdentifiseer. Die woonbuurte bestaan uit Orania-Oos, Orania-Wes en Kleingeluk. Erwe in Orania-Oos en -Wes is tot 'n kwart hektaar groot en kan in meeste gevalle maklik onderverdeel word. In Kleingeluk is die erwe en huise egter baie kleiner (*Orania in 'n neutedop*). Die meeste huise is van goedkoop en voorafvervaardigde asbesmateriaal gebou. Nuwe huise word egter voortdurend gebou en sluit in: strooibaalhuise, steenhuise en houthuise. Sommige huiseienaars het die voorafvervaardigde asbeshuise met stene toegebou.

Besienswaardighede in Orania sluit onder andere in: die Verwoerd Gedenkversamelingsmuseum, die Orania Kultuurhistoriese Museum, die Koeksistermonument, Ierse Monument, die Monumentkoppie en die Strooibaalhuis in Kleingeluk.

Die ekonomie van Orania is hoofsaaklik op kleinskaalse kommersiële landboupraktyke gebaseer, wat tesame met ongeveer sestig sakeondernemings in 2004 werk aan sowat 217 werkers verskaf het (Steyn 2004:20). Besighede, sake-, handel- en dienste ondernemings sluit onder meer die volgende in: *Ann se handwerk*, *Anina boerdery en masjienerie*, *Anje strik juwele*, *Baden Baden* (elektrisiëns), *Bioplant en tuinsentrum* (struik en saailinge), *Chris Els rekenaardienste*, *Elimspruit kiste*, *Frans de Klerk*

⁵ Kambrolandskap Koöperatief is 'n private onderneming wat die twee plase aangekoop het met die doel om die grond te ontwikkel en te verkoop as deel van die Orania-projek. Die plaas Biesiesbult beslaan ongeveer 1 700 ha en die plaas Nooitgedacht 4 000 ha (Pienaar 2007).

finansiële dienste, Eureka supermark, Het steveltjie leerwinkel, Human trok en trekkers, Karooland elektronika, Kenweb oplossings (skoolonderrig), Kristen broers (ingenieurswerke), Kieliepensies (kleuterskool), Orania minimark, Orania hardeware, Ora vleismark, Orania motors, Orania Bestuursdienste, en die Wynhuis (Orania in 'n neutedop).

Mediese dienste sluit in 'n arbeidsterapeut, 'n tandarts, 'n kliniek en 'n oogkundige. Daar is ongeveer vyf gastehuse en herberge en 'n boskamp op die dorp (*Orania in 'n neutedop*). Twee skole, genaamd die CVO-skool en Volksskool Orania bied hoë gehalte onderrig aan die kinders van die dorp.

1.3.2.2 Toegang tot Orania

Schensul, Schensul en LeCompte (1999:76-77) lys die volgende ses stappe om toegang tot die navorsingseenheid te kry:

- Die navorser moet amptelike toestemming kry;
- Die navorser moet kontak maak met persone wat die navorsingskonteks ken;
- Plaaslike hekwagte moet geïdentifiseer word en oriënteringsonderhoude met hulle gevoer word;
- Waarneming op 'n afstand (dus om 'n toeskouer meer as 'n deelnemende waarnemer te wees) moet gedoen word;
- Bekendstellings aan die res van die gemeenskap moet via plaaslike hekwagte en sleutelinformante verkry word;
- Direkte betrokkenheid in die navorsingsgemeenskap moet bewerkstellig word met die hulp van hekwagte en sleutelinformante.

Met betrekking tot die navorsing in Orania, is die volgorde van die stappe nie nougeset gevolg nie. Onderhandelinge vir toegang tot Orania is vir die eerste keer begin op 15 Maart 2006. Tydens die eerste besoek, is 'n afspraak vooraf gemaak met die burgemeester van die dorp, Dr. Manie Opperman, met die doel

om die beoogde studie met hom te bespreek. Dit is ook as 'n goeie geleentheid gesien om kontak te maak met ander sleutelpersone wat die plaaslike opset ken.

In die gesprek met Dr. Opperman, het hy onder andere gemeld dat daar 'n behoefte in die gemeenskap is om meer omtrent die rol van vroue in Orania te wete te kom. Na die gesprek het hy my aan twee prominente vroue, wat al vir 'n hele aantal jare in Orania woonagtig is, voorgestel. In die informele gesprek met die vroue, is daar in die algemeen gepraat oor die funksionering van die dorp, die bydrae van vroue in die gemeenskap en oorsigtelik oor strukture en instellings in die dorp.

Die amptelike toestemming vir navorsing in Orania is op 12 Junie 2007 verkry tydens 'n dorpsraadvergadering in die Orania Beweging Ouditorium. Dr. Opperman het die verwelkomings hanteer en my aan al die lede van die komitee voorgestel. Hy het ook gereël dat vier vroue uit die gemeenskap die vergadering bywoon.

Tydens die vergadering is die oogmerke van die studie verduidelik. Verder is verduidelik watter navorsingsmetode gevolg sou word; my verwagtinge van die vroue; en wat die dorpenaars van my kan verwag. Die vroue wat by die vergadering teenwoordig was het gereël dat ons na die vergadering, oor 'n koppie koffie by die Afsaalkafee, mekaar beter kon leer ken. Dit was baie minder formeel en ek kon op my gemak gedagtes wissel met die vroue. Hulle het my hulle samewerking verseker en van die hulpbronne wat tot hulle beskikking is aangebied. Dit was ook 'n informele manier om meer oor die dorp se funksionering uit te vind en om my ten opsigte van die konteks te oriënteer. Na die koffie, was daar vir my 'n besigtigingstoer deur Orania gereël, wat ook meegehelp het om die uitleg van die dorp, belangrike bakens en infrastruktuur eerstehands te kon sien.

Met die verloop van die navorsing, was dit veral hierdie vier vroue wat tot 'n groot mate toegang tot ander vroue in die gemeenskap vergemaklik het. Ek kon byvoorbeeld by herhaalde geleenthede slegs afsprake met sommige individue kry deur te noem dat een van die vroue voorgestel het dat ek met hulle praat. Dit was ook hierdie vroue wat my later betrek het by projekte (bv. die Arbeidsbank).

1.3.2.3 Navorsingstegnieke

1.3.2.3.1 Fokusgroeponderhoude

Morgan (1997:2) skryf soos volg oor fokusgroeponderhoude: "As a form of qualitative research, focus groups are basically group interviews, although not in the sense of an alternation between a researcher's questions and research participants' responses. Instead, the reliance is on interaction within the group, based on topics that are supplied by the researcher who typically takes the role of a moderator. The hallmark of focus groups is their explicit use of group interaction to produce data and insights that would be less accessible without the interaction found in a group". Schensul, Schensul en LeCompte (1999:51) verduidelik dat fokusgroeponderhoude tot 'n meerdere of mindere mate deur die antropoloog/fasiliteerder gelei word en gebaseer word op die beginsel van oopende vrae. Die outeurs bevestig ook dat fokusgroeponderhoude interaktief is en daarom word lede aangemoedig om hulle opinies met die groep te deel. Hulle meen egter dat fokusgroeponderhoude beide formeel en informeel kan wees. Volgens Krueger en Casey (2000:4), is 'n fokusgroep 'n spesiale tipe groep in terme van doel, grootte, samestelling en prosedure wat tydens die onderhoude gevolg word. Groepbesprekings kan gebruik word vir meer as een doel: Om inligting oor 'n kulturele domein in te samel; om variasies in opinies of houdings oor 'n onderwerp te identifiseer; om eenvoudige numeriese data oor gerapporteerde ervarings in te samel; of om reaksie te kry op reeds ingesamelde data.

Gegewe hierdie beskrywings, was dit die doel om van fokusgroeponderhoude, as 'n kwalitatiewe navorsingstegniek, gebruik te maak om binne groepsverband data en insigte te bekom wat eerstens kon help om die navorser te oriënteer ten opsigte van die konteks, en tweedens om domeine te verken wat sou kon help om nuwe velde te identifiseer wat belangrik kon wees vir die in-diepte onderhoude met sleutelinformante. Daar is vooraf besluit dat die fokusgroepbesprekings beide formeel en informeel sou wees. Dit sou formeel wees in die sin dat vooraf uitgewerkte vrae die nodige struktuur verskaf en duidelike reëls gestel sou word om te verseker dat elke deelnemer 'n spreekbeurt kry. Die informele karakter het daarin gelê dat elke deelnemer die vrymoedigheid moes hê om deel te neem aan die bespreking.

In totaal is ses fokusgroeponderhoude gehou. Drie daarvan het bestaan uit 'n aantal mans en seuns (opgedeel in ouderdomsgroepe) en die ander drie onderhoude het bestaan uit 'n aantal vroue en dogters (ook opgedeel in ouderdomsgroepe). Die rede waarom daar besluit is om die mans en vroue apart te hou was na aanleiding van 'n uitspraak deur Morgan (1997:35), dat homogeniteit binne 'n groep meer vloeiende gesprekke teweegbring, asook die analise van onderhoude vergemaklik. Die feit dat sensitiewe genderkwessies aangeraak sou word, was 'n verdere motivering hiervoor.

Soos genoem, is die ses groepe verdeel in drie ouderdomsgroepe. Die eerste groep was almal skoliere tussen die ouderdom van 10-18 jaar; die tweede groep was tussen die ouderdom van 18-35 jaar; en die derde groep tussen die ouderdom van 40-70 jaar. Die feit dat die ouderdomme gestrek het van tienjariges tot sewentigjariges het meegebring dat unieke perspektiewe ten opsigte van die navorsingskonteks verkry kon word. Tog was daar 'n groter gaping tussen jonger en ouer lede van die ouderdomsgroep 40-70. Deels was dit as gevolg van belewenisse en rolle wat grootliks kon verskil (bv. die belewenis en rol van 'n grootouer en 'n bejaarde).

Die hoeveelheid deelnemers wat aanvanklik beoog is vir die fokusgroeponderhoude was vyftien per groep. Hierdie besluit is beïnvloed deur Stewart en Shamdasani (1990:57), wat meen dat fokusgroepe oor die algemeen uit 'n getal tussen ses en twaalf individue moet bestaan. Volgens die outeurs kan gesprekke met minder as ses individue in 'n groep tot min variasie lei en is twaalf mense in 'n groep weer te veel vir beheer deur die fasiliteerder. Hulle het egter aanbeveel dat meer persone aanvanklik genooi word na die fokusgroepe, aangesien sommige persone altyd onttrek. Hierdie blyk om 'n goeie besluit te gewees het, aangesien die hoogste getal deelnemers aan een van die fokusgroeponderhoude sewe was.

Deelnemers aan die fokusgroeponderhoude is met die hulp van een van die bekende sleutelinformante genader en sy het ook al die finale reëlins getref vir die onderhoude. Die keuse om haar te betrek, is grootliks gemotiveer deur haar kennis van die gemeenskap en omdat sy ook geweet het wanneer die mees geleë tyd sou wees om die onderhoude te voer. Deur haar bemiddeling, was meer mense geneë om deel te neem.

Drie fokusgroeponderhoude is gehou op 21 Junie 2007. Die eerste was van 9:00 tot 11:00, met vroue tussen die ouderdom van 18-35. Slegs vier vroue het egter vir die onderhoude opgedaag. Die tweede fokusgroeponderhoud was van 14:00 tot 16:00, met mans tussen die ouderdom van 40-70. Daar was ses mans wat deelgeneem het aan die bespreking. Die derde was van 19:00 tot 21:00, met mans tussen die ouderdom van 18-35 en het uit ses mans bestaan. Die vierde fokusgroepbespreking was op 22 Junie 2007 van 9:00 tot 11:00 en het uit ses vroue bestaan. Op 25 Junie 2007, is daar van 11:00 tot 13:00 met seuns (10-18 jaar) en van 14:00 tot 16:00 met die dogters (10-18 jaar) fokusgroeponderhoude gehou. Slegs vier seuns kon aan die fokusgroeponderhoude deelneem, en almal was van die Volksskool Orania. Sewe dogters het deelgeneem aan die onderhoude en was verteenwoordigend van al twee die skole en die tuisversorgingsgroep.

Uit hierdie rapportering is dit duidelik dat slegs 'n klein groepie inwoners van Orania aan die fokusgroeponderhoude deelgeneem het. Verder was die samestelling van die groepe van so aard dat dit net sekere belangegroepe van Orania verteenwoordig het. Die gevoel was dus dat die inhoud van die onderhoude nie verteenwoordigend was van die menings van die hele gemeenskap nie en dat dit die uiteindelijke bevindinge van die studie negatief kon beïnvloed. Gevolglik is daar besluit om 'n aantal individuele onderhoude te onderneem. Hierdie onderhoude het 'n onderhoudskedule gevolg wat aangesluit het by die onderwerpe wat in die fokusgroeponderhoude bespreek is. Persone wat geselekteer is vir die individuele onderhoude, moes meer verteenwoordigend wees van die verskillende ouderdomme, klasse, skole en die drie woonbuurte in Orania.

Vanaf 2 Julie tot en met 5 Julie 2007, is daar individuele onderhoude gehou met informante wat geselekteer is in terme van bogenoemde kriteria. Vier seuns (10-18), vyf vroue tussen die ouderdom van 18-35, een man tussen die ouderdom van 18-35 en onderskeidelik drie vroue en mans tussen die ouderdom van 40-70 het uiteindelik deel gevorm van die individuele onderhoude.

Die onderwerpe van ondervraging het veral op die volgende gefokus:

- 1) Gemeenskapslewe op Orania
- 2) Identiteit
 - Algemene opvoeding van kinders
- 3) Gender
 - Gender identiteit
 - Gender rolle
 - Gender status
 - Gender verhoudings

Soos genoem, moes die individuele onderhoude meer verteenwoordigend wees van die hele Orania. Om die groter verteenwoordiging wat meegebring is deur


die individuele onderhoude te illustreer, word Tabel 1 aangebied. Hierdie tabel bied 'n oorsig van die biografiese inligting van volwasse deelnemers om 'n illustrasie te gee van slegs een van die wyses waarop die individuele onderhoude meegehelp het om 'n verteenwoordigende beeld van Orania op te bou.

Tabel 1: Biografiese kenmerke van volwasse informante wat deelgeneem het aan die fokusgroep- en individuele onderhoude.

Biografiese kenmerke	Volwasse deelnemers aan individuele onderhoude	Volwasse deelnemers aan fokusgroeponderhoude
Huwelikstatus		
Ongetroud	1	4
Getroud	11	16
Geskei		2
Opleiding		
Sekondêre skoling (graad vyf tot agt)	1	0
Matriek	5	5
Tersiêre opleiding	5	11
Na-Graadse opleiding	0	6
Besig met tersiêre opleiding	1	0
Beroep		
Professionele beroep	2	2
Administratiewe beroep	0	2
Entrepreneur/sakeman	0	2
Ambag	3	2
Boer	0	4
Tuisteskepper met eie onderneming tuis	1	4
Tuisteskepper	5	2
Pensionaris	1	3
Rede vir verblyf in Orania		
Kon nie 'n huis in Hopetown kry	1	0
Man ontmoet in Orania	1	0
Veiligheid	3	1
Saam met ouers getrek	1	3
Gesinsoorweging	2	1
Rustigheid en stilte	2	5
Besigheid	0	2
Volkstaat-gedagte	3	10
Lid van 'n raad of vereniging in Orania		
Nee	11	6
Ja	1	16

Een en vyftig informante het aan die fokusgroeponderhoude en die individuele onderhoude deelgeneem. Figuur 1 is 'n voorstelling van die aantal mans en vroue wat deelgeneem het aan die onderhoude.

Figuur 1: Geslagsverspreiding van die informante



1.3.2.3.2 Deelnemende waarneming

Hardon *en ander* (1995:147) definieer waarneming as “'n tegniek wat die sistematiese seleksie, waarneming en neerskryf van gedrag en kenmerke van lewende wesens, objekte of verskynsels behels”. Ferraro (2001:385) definieer deelnemende waarneming as “'n veldwerkmethode waartydens die kulturele antropoloog saam met die mense wat bestudeer word, leef en hul alledaagse aktiwiteite waarneem”.

Gegewe die doelstelling van hierdie studie, was dit nie soseer die oogmerk om van deelnemende waarneming as 'n primêre navorsingstegniek gebruik te maak nie. Tog is daar besluit om op 'n beperkte wyse deelnemend waar te neem, in die lig van die voordele wat genoem word deur Ferraro (2001:91), dat deelnemende waarneming die kwaliteit van data wat ingesamel word verhoog en

die navorser die geleentheid bied om die reële kant van 'n kultuur te ontdek. Daar is hoofsaaklik deelgeneem aan sosiale aktiwiteite en belangrike vergaderings in die periode wat die individuele onderhoude en onderhoudvoering met die gekose sleutelinformante gevoer is. Voorbeelde van die aktiwiteite waaraan deelgeneem is, word vervolgens vermeld.

Soos reeds genoem in Paragraaf 1.3.2.2, het ek aan een van die Arbeidsbank sessies deelgeneem. Die Arbeidsbank is 'n groep vrywilligers wat periodiek hul arbeid gratis aanbied aan ander lede van die gemeenskap. Die werk wissel van huiswerk tot tuinwerk. Een van die Arbeidsbanksessies wat ek bygewoon het was om hulp te verleen aan 'n dame met haar tuinwerk. Daar was so ongeveer tien mense. Aan die begin was my taak, saam met drie ander, om klein takkies, doringe en blare te verwyder van lang takke wat afgesaag was. Hierdie takke is deur ander persone in die groep op die regte lengte afgesaag om 'n heining te bou. Daarna het ek en een van die vroue 'n bedding omgespit, droë blare ingewerk en wilde knoffel geplant. In die helfte van die werk is verversings aangebied en aan die einde van die aand se werk, is daar uit die Bybel geles en gebid.

Op 21 Julie 2007 het ek die gedenkdiens van wyle mevrou Anna Boshoff in die gemeenskapsaal van Orania bygewoon. Dit was opvallend hoe baie nie-Orania inwoners die gedenkdiens bygewoon het, waaronder die premier van die Noord-Kaap, Dipuo Peters. Iets wat baie skerp uitgestaan het, was die feit dat baie van die inwoners van Orania een of ander oranje kledingstuk aangetrek het – hetsy 'n serp, das of hemp.

Op 11 Augustus 2007 het ek 'n konferensie, aangebied deur die Orania Beweging, bygewoon, wat gehandel het rondom "Identiteitspolitiek: probleem of geleentheid?". Die konferensie is in drie subtemas ingedeel, naamlik "'n Suid-Afrika van selfrespekterende gemeenskappe: Is dit moontlik"; "Die politiek van identiteit: 'n Europese perspektief"; en "Afrikaneridentiteit, Orania en die politieke

werklikhede van Suid-Afrika". Weereens was daar net oranje vlae, hemde en dasse waar mens gekyk het. Dit was ook opvallend hoe baie inwoners van Orania, waaronder heelparty vroue en kinders, teenwoordig was.

Op Saterdag, 29 September 2007, was ek ook betrokke by 'n projek van die Bewarea,⁶ waartydens 'n groep Oraniërs bymekaar gekom het om voëlent langs die pad na die dorpskantoor en by die beeldetuin te verwyder. Daar was nie soveel mense nie, maar die wat daar was, was gewapen met snoeiskêre met kort en lang stele, klein sagies, groot sae, knyptange met lang stele, handskoene en hoede. Ek was by die groepie wat voëlent⁷ van die beeldetuin bome verwyder het. Ek moes egter eers leer wat die parasiet is en hoe dit lyk. Dit het 'n rukkie geneem om die verskil tussen voëlent en blare en bessies wat nie besmet is nie, te identifiseer.

Op 10 Oktober 2007, het ek die verrigtinge van die publieke vakansiedag, Helledag, in Orania bygewoon, wat gehou is by die gemeenskapsaal. Die verrigtinge het so ongeveer vyf uur die middag begin en is geopen met skriflesing en gebed. Daarna het elk van die twee skole 'n optrede gelewer. Volksskool Orania het gekonsentreer op die alombekende en kontroversiële liedjie van Bok van Blerk, genaamd "De La Rey". Die CVO-skool het weer van die liedjie "Die boer en sy roer" gebruik gemaak en dit vir die gehoor onder kitaarbegeleiding gesing. Later het van die mans en vroue wat betrokke is by volkspele 'n optrede gelewer. Die aand is afgesluit met sommige van die inwoners wat stokbrood, gerol om 'n stok of yster, oor die kole gaargemaak het en wors of vleis gebraai het.

Verder het ek nie net sosiale geleenthede bygewoon nie, maar ook ingesit op twee vergaderings. Die eerste was die Dorpsraadvergadering op 7 November

⁶ Sien Hoofstuk 3 (Paragraaf 3.4.8) vir 'n bespreking oor die Bewarea.

⁷ In die Dorpsnuus (Oktober 2007) verduidelik 'n artikel dat voëlent 'n parasiet is met rooi blomme en helderrooi en vlesige vrugte wat deur voëls versprei word. Hierdie parasiet bedreig gevestigde inheemse bome deurdat dit die bome so oortrek dat die takke verdor en die boom later doodgaan.

2007 . Die vergadering het grootliks oor sake aangaande die dorp se bestuur gegaan. Elke lid het terugvoer gegee oor sake wat sy of haar portefeulje aangaan. Probleme wat daar in die dorp is, is ook aangespreek en moontlike oplossings deur die lede aangebied. Die tweede vergadering wat ek bygewoon het was die Kleingeluk Gemeenskapskomiteevergadering op 8 November 2007. Die Kleingeluk Gemeenskapskomitee stel dit ten doel om op eie inisiatief die maatskaplike probleme in Kleingeluk aan te spreek. Dit is ook hierdie komitee wat die plan uitgedink, ontwikkel en uitgevoer het om 'n sentrum met uiteenlopende klein besighede in Kleingeluk op te rig. Baie van hierdie besighede is daarop gerig om die inwoners van Kleingeluk te bereik deur motiveringspraatjies en opleidingssessies.

1.3.2.3.3 In-diepte onderhoude

Volgens Schensul, Schensul en LeCompte (1999:121), verwys in-diepte onderhoude na die " exploration of any and all facets of a topic in detail". In hierdie geval, word die in-diepte onderhoude gekenmerk deur oop vrae wat die informant toegelaat het om vrae te beantwoord soos en hoe sy wil. Ruimte is gelaat vir vrae en soms ook die bespreking van onderwerpe wat afgedwaal het van die onderhoudskedule.

Die in-diepte onderhoude was in die vorm van lewensgeskiedenis, in die sin dat daar gefokus is op die lewensiklus van vroue⁸. Temas het byvoorbeeld primêr gefokus op kinderjare, tienerjare en volwassenheid. Verskeie bronne is geraadpleeg, wat gewys het op die problematiek, voordele en nadele verbonde aan die aantekening, interpretasie en aanbieding van die lewensgeskiedenis van geselekteerde informante.

Crane en Angrosino (1999:76-77) som byvoorbeeld die kritiek wat die versameling van lewensgeskiedenis al ontvang het, soos volg op:

- Dit is meer tydrowend as baie ander tegnieke van dataversameling;

⁸ Hierdie lewensgeskiedenis neem egter nie die postmodernistiese vorm aan nie.

- Gewoonlik is die aantal informante wat betrek word te laag om deeglik gedokumenteerte vertellings te verseker;
- Aangesien slegs 'n beperkte aantal lewensgeskiedenis van 'n groep opgeteken word, bied dit min geleentheid vir vergelyking en vir beoordeling van hoe verteenwoordigend 'n spesifieke lewensgeskiedenis is.

Pelto (1970:100) is ook van mening dat inligting wat verkry word uit lewensgeskiedenis moontlik nie verteenwoordigend is van 'n spesifieke groep nie. Die outeur motiveer hierdie stelling met die veronderstelling dat persone wat bereid is om vrywilliglik hulle lewensgeskiedenis te verhaal, atipiese lede van daardie groep is. Hy gaan voort en noem dat antropoloë gewoonlik dié informante uitkies wat buitengewoon welsprekend en sensitief is in hulle aanbieding van persoonlike en kulturele inligting. Die problematiek hiervan is dat lewensgeskiedenis dan eerder die uitsonderlike as die gemiddelde uitbeeld. Verder kan lewensgeskiedenis moontlik die ideële kant van kultuur uitbeeld eerder as die reële (Pelto 1970:97).

Ten spyte van bogenoemde kritiek en problematiek, het lewensgeskiedenis die voordeel dat, indien besonderhede van informante se lewe ontbloeit word, dit lig werp op belangrike kulturele aspekte. Soos wat 'n individu byvoorbeeld dinge wat haar lewe gevorm het herroep, interpreteer sy lewensgebeure en openbaar sodoende haar eie wêreldbeskouing, wat in noue verband staan met ander lede in die kultuur. Lewensgeskiedenis kan ook data insamel van die wyses waarop die individu aangepas het by die beperkings wat op hulle geplaas is deur kultuur en by gebeure wat in hulle lewens plaasgevind het (vgl. Crane & Angrosino 1999). Die punt is dus dat die klem nie op die individu val nie, maar op kultuur, aangesien die informant as 'n geïntegreerde lid van haar kulturele groep gesien word.

Die seleksie van informante is voorafgegaan deur afsprake met 'n paar dames waar die gesprekke in 'n algemene lig gehandel het oor Orania en sy vroue. Deelnemers aan die in-diepte onderhoude is uit hierdie dames geselekteer. Hulle is hoofsaaklik op grond van die volgende gekies: Gemaklike gesprekvoering; hul kennis oor Orania, beskikbaarheid vir die in-diepte onderhoude, hul posisie in die Orania gemeenskap (prominentheid) en hul ouderdom (bo 30 jaar en ten minste een informant in die ouderdomsgroepe 31-40, 41-50, 51-60, 61-70, 71-80 en 81-90).

Behalwe vir die vroue wat geselekteer is uit hierdie afsprake, is twee vroue wat deelgeneem het aan die fokusgroeponderhoude geselekteer. Beide van hulle was baie gemaklik tydens die fokusgroeponderhoude en het aktief deelgeneem aan die gesprekke. Beide van hulle het ook nie gekroom om hul mening te lug nie, al was dit dikwels teenstrydig met die meerderheid se sienings. Beide van die vroue het ook uitgestaan in die verskillende areas waar hulle woon.

Uiteindelik is nege vroue vir in-diepte onderhoude geselekteer. Hierdie onderhoude het gestrek vanaf middel September tot vroeg November 2007. Die onderhoude is in drie sessies van twee ure elk voltooi, maar sommige het langer geneem, soos byvoorbeeld vyf sessies met verskillende aantal ure vir elke sessie.

Die onderwerpe van ondervraging het veral op die volgende gefokus:

1) Kinderjare

- Plek waar grootgeword en beroep van ouers
- Gesinsverhoudings
- Politiek
- Dae, seisoene en spesiale geleenthede
- Ontspanning en vriendskap


2) Tienerjare

- Geslagsverhoudings

- Reëls in die huishouding
 - Lewensuitkyk
 - Skoling
- 3) volwassenheid
- Beroep
 - Huwelik
 - Die gesin
 - Vriendskappe en sosiale lewe
 - Orania
 - Filosofie en wêreldbeskouing

Figuur 2 gee 'n oorsig van die aantal informante in elke ouderdomsgroep.

Figuur 2: Uiteensetting van informante in die verskillende ouderdomsgroepe geselekteer vir in-diepte onderhoude.



1.3.3. Faktore wat die veldnavorsing beïnvloed het

1.3.3.1 Vooropgestelde persepsies van antropologiese veldnavorsing

Die uitdagings wat daar tydens die veldnavorsing ontstaan het, kan in twee kategorieë verdeel word: Eerstens die wisselende emosionele ervaringe wat ek beleef het tydens die veldnavorsing en tweedens die vooropgestelde persepsies wat inwoners van Orania rondom die studie gehad het. Die wisselende emosies waardeur ek gegaan het, is in 'n groot mate daardeur meegebring dat ek die opinie gehuldig het dat die veldnavorsing die maklikste en opwindendste deel van die navorsing sou wees. Ek het die siening gehad dat veldnavorsing 'n uiters aangename ervaring sou wees, sonder te veel uitdagings of probleme –

amptelike toestemming is immers toegestaan en daar was die versekering van die vier vroue, genoem in Paragraaf 1.3.2.2, om my te help waar hulle kan.

Ek het egter nie rekening gehou met die emosionele ervaringe van eensaamheid, frustrasie, moegheid en 'n gevoel van verlatenheid nie: "...ek is net pootuit en gedaan en môre begin ek weer tienuur met my onderhoude" (Dagboek aantekening, 3 Julie 2007); "Tog is ek eindeloos gefrustreerd en wil ek nou net huistoe gaan" (Dagboek aantekening, 4 Julie 2007); "Teen hierdie tyd is ek so uitgeput dat ek vroeg gaan slaap" (Dagboekinskrywing, 5 Julie 2007).

Gepaardgaande met die bogenoemde emosies, het ek ook nie rekening gehou met sommige van die onvoorsiene uitdagings wat na vore getree het nie. Een so uitdaging was die besluit om individuele onderhoude te voer nadat die fokusgroeponderhoude nie die nodige resultate opgelewer het nie. Dit was nie soseer die besluit om hierdie individuele onderhoude te voer nie, maar die proses wat daarmee gepaard gegaan het om die geskikte persone te identifiseer en dan hul instemming en samewerking tot deelname aan die onderhoude te verkry. Die proses om geskikte informante te soek, is byvoorbeeld op daardie stadium beïnvloed deur die skoolvakansie. Ek het nie in ag geneem dat dit sou meebring dat baie van die inwoners met vakansie sou gaan nie. Ter illustrasie kan hier verwys word na aantekening in my dagboek op 2 Julie 2007: "Die plan was om by elke sesde huis aan te klop en te hoor of daar 'n geskikte informant is wat bereid sou wees om 'n onderhoud aan my toe te staan. Die probleem is egter dat baie mense met vakansie is...Die mense wat ek noodgedwonge moes vra was die wat by die huis was en die wat bereid was om onderhoude te voer." Ook die proses betrokke by instemming en samewerking tot deelname aan die onderhoude het uitdagings gestel en soms die frustrasievlakke verhoog. Nie almal was altyd gewillig om deel te neem aan die onderhoude nie en sommiges was baie suspisiesus. 'n Dagboek aantekening van 3 en 4 Julie 2007 beskryf dit soos volg: "Daar was vandag mense wat geweier het dat ek onderhoude met hulle kinders voer, wat suspisiesus is teenoor my en my intensies..." en "Op

hierdie oomblik het ek baie gemengde gevoelens oor die sukses van hierdie dag. Twee van my gekose informante het besluit dat hulle nie bereid is om die onderhoude te doen nie. Een het verskoning kom vra en die ander een het net nie opgedaag nie. Ek het baie inwoners telefonies gekontak om afsprake te probeer reël, maar baie was nie bereid gewees om deel te neem nie...Daar is sewe onderhoude vir môre gereël, ek hoop net dit realiseer...".

Tweedens het vooropgestelde persepsies wat inwoners van Orania gehad het rondom die navorsing of oor my teenwoordigheid in Orania, dikwels die navorsing bemoeilik. Dit was nie soseer vooropgestelde persepsies rondom die beoogde antropologiese veldnavorsing of my persoon nie, maar vooropgestelde persepsies wat gevorm is uit vorige ondervindings met byvoorbeeld joernaliste, persone buite Orania, inwoners van omliggende dorpe en regeringslui. Inwoners van Orania is byvoorbeeld deur die jare nie altyd 'n regverdige of billike kans gegun om hulle kant van 'n storie te vertel nie. Of as hulle die kans gegun is, is die feite heel dikwels verdraai om 'n slegte beeld van Orania oor te dra. Dit het daartoe bygedra dat heelwat inwoners nie daarvoor kans gesien het om deel te neem aan die navorsing nie. Hulle het geen vertroue gehad in my as navorser nie en ook nie in die studie nie. Selfs al het hulle my die kans gegun om die doelstelling van die studie, sowel as die navorsingsmetodologie, te verduidelik en hulle te verseker dat alles konfidensieel hanteer sou word, het baie van die persone verkies om nie deel te neem aan die individuele onderhoude of die in-diepte onderhoude nie.

1.3.3.2 Etiese probleme met die veldnavorsing

Een van die faktore wat tydens antropologiese veldnavorsing oorweeg moet word, is etiese kwessies. Volgens Dobbert (1982:76), word hierdie etiese kwessies meegebring deur die feit dat etnografe en kwalitatiewe veldwerkers deur hulle navorsingstyl in nabye, altyd persoonlike en dikwels intieme, kontak met informante gebring word. Volgens die outeur bring hierdie voorreg wat informante toestaan aan die navorser sekere verpligtinge mee. Sy lys hierdie

verantwoordelikhede as volg: vertroulikheid, eerlikheid, verantwoordelikheid en "fair return" (wedersydse voordeel).

Vertroulikheid omvat onder meer anonimiteit van informante sowel as vertroulikheid van inligting (vgl. Dobbert 1982:77). Hierdie aspekte is voortdurend tydens die navorsing in gedagte gehou. Die identiteit van informante wat deelgeneem het aan die in-diepte onderhoude is byvoorbeeld beskerm deurdat van skuilname gebruik gemaak is. Demografiese besonderhede van die informante is ook aangepas in die aanbieding van die navorsinggegewens (Hoofstuk 4). Verder is vertroulikheid verseker tydens die fokusgroeponderhoude, sowel as die in-diepte onderhoude. Informante is byvoorbeeld van die begin af toestemming gevra om die verskillende besprekings en onderhoude op welke wyse ookal te dokumenteer om sodoende die kwaliteit van die navorsing te verhoog en te verbeter. Informante is egter die versekering gegee dat alle inligting en gesprekke hoogs vertroulik hanteer sou word.

Wat die konsep eerlikheid betref, noem Dobbert (1982:78) dat die navorser aan potensiële informante onder meer die volgende moet verduidelik: Die doel van die navorsing; die wyse waarop die navorsing uitgevoer sal word; en die voordele wat die navorsing vir die navorser inhou.

Opsommend kan daar genoem word dat daar deur die verloop van die navorsing seker gemaak is dat die informante die doel van die studie verstaan. Ek het byvoorbeeld 'n punt daarvan gemaak om, waar nodig, herhaaldelik die oogmerke van die studie in meer algemene terme te verduidelik deur te noem dat ek meer van die gemeenskapslewe van Orania te wete wil kom.

Wat die in-diepte onderhoude betref, is die doelstelling van die studie en die onderhoude soos volg verduidelik: "Ek is 'n Antropologie student aan die Universiteit van die Vrystaat, huidiglik besig met my meestersstudie oor die

identiteit van vroue in Orania. Die volgende in-diepte onderhoud, in die vorm van 'n lewensgeskiedenis, stel dit ten doel om data in te samel wat daarmee kan help om 'n regverdige en getroue beeld van die identiteit van vroue in Orania weer te gee. U deelname aan hierdie in-diepte onderhoud kan veral help om die volgende beter te verstaan: Gemeenskapslewe en vroue op Orania, die konstruksie van vroue se identiteit soos voorgehou deur hulself en die gemeenskap en die wyses waarop vroue hul identiteit verstaan, onderhou en bevorder gegewe die konteks van Orania”.

Die verloop van die onderhoude is verder aan die deelnemers verduidelik en daar is telkens aan die informante die geleentheid gegee om vrae te stel en om enige situasie rakende die navorsing wat vir hulle ongemaklik was onder my aandag te bring.

In terme van verantwoordelikheid, is daar tydens die veldnavorsing oorweging geskenk aan die moontlike gevolge wat die navorsing op informante sowel as inwoners van Orania mag hê. Een van die meganismes wat aangewend is, was om potensiële informante die keuse te laat of hulle wou deelneem aan die navorsing al dan nie.

Wedersydse voordeel is bereik in die sin dat die studie onderneem is vir die voltooiing van 'n magistergraad, maar dit is ook tot voordeel vir Orania. In Paragraaf 1.1 is daar byvoorbeeld genoem dat Orania 'n interne behoefte geïdentifiseer het, dat daar 'n studie in Orania onderneem moet word wat sou fokus op die rol van die vrou.

1.3.3.3 Kommunikasievoordele

Afrikaans is die amptelike taal en medium van kommunikasie in Orania en aangesien my eerste taal ook Afrikaans is, het dit nie net die verloop van die veldnavorsing in sekere opsigte vergemaklik nie, maar ook tyd bespaar. Die hele proses van veldnavorsing, soos byvoorbeeld die verkryging van toegang tot

Orania, die fokusgroeponderhoude, die onderhoude met sleutelinformante en die deelneming aan aktiwiteite, het dus deur die medium van Afrikaans plaasgevind.

Die feit dat my moederstaal Afrikaans is, het egter nie beteken dat alle kommunikasie seepglad verloop het nie. Die belangrikste kwessie waarop ek bedag moes wees was die feit dat inwoners van Orania oor die algemeen daarop roem dat hulle suiwer Afrikaans praat. Ek onthou een insident waar ek met een van die inwoners telefonies gepraat het en aan die einde van die gesprek afgesluit het met die groet, "bye." Sy verontwaardigde reaksie hierop was: "Ons praat nie so hier op Orania nie. Jy groet iemand deur te sê 'tot siens' of 'tata'". Nodeloos om te noem, het hierdie insident my opgeskerp om meer noukeurig op my taalgebruik te let en te dink voordat ek praat.

1.3.3.4 Die geslag, ouderdom, en beroep van die navorser

Aangesien die navorsing fokus op die identiteit van vroue in Orania, het die feit dat ek 'n vrou is oor die algemeen in my guns getel. Soos genoem in Paragraaf 1.3.2.3, is vroue die primêre informante in hierdie studie. In die onderhoude het die gesprekke dikwels oor sensitiewe en private onderwerpe gehandel, wat waarskynlik gemakliker met 'n vroue navorser bespreek kon word. Alhoewel my geslag tot my voordeel gestrek het, het dit met die verloop van die navorsing en veral in deelnemende waarneming (soos bespreek in Paragraaf 1.3.2.4) nie noemenswaardig tot my voordeel gestrek of teen my getel nie. Ek kon dus bloot as 'n navorser waarneem en deelneem aan die verskillende aktiwiteite.

Myns insiens het my ouderdom ook in my guns getel. In my onderhoude met die ouer dames het ek dikwels die gevoel gekry dat hulle van mening was dat ek nie sou kon verstaan of identifiseer met sommige aspekte van hulle lewensverhale nie. Hulle het gevolglik meer moeite gedoen om te verseker dat ek byvoorbeeld aspekte wat bespreek is binne konteks (bv. die depressiejare) sou verstaan. Dit het selfs in sommige gevalle daartoe gelei dat daar heeltemal van die oorspronklike vraag afgewyk is.

Bogenoemde stelling kan geïllustreer word deur as 'n voorbeeld een van die informante se antwoorde te ontleed op die vraag of sy as kind enige belangrike politieke gebeure kan onthou wat 'n groot invloed op haar lewe gehad het. Haar eerste reaksie was: "Ek weet net... ja, ek weet jy ken nie die Afrikaner-geskiedenis van daai tyd nie...". Tog het sy nie die gesprek verander of opgehou nie, maar eerder voortgegaan en probeer verduidelik met: "...die Afrikaner was baie arm in daai tyd en die Afrikaners het... amper nie genoeg geld gehad om oordentlik te bestaan nie, maar hulle het gehelp. Weet jy in ons Hoërskool het ons byvoorbeeld 'n pennielegging gehad vir die Reddingsdaadbond. Dit was vir Afrikaners wat so swaar gekry het dat hulle armblankes geword het. In die agterstrate van Johannesburg en oral... Ons het eintlik 'n verskriklike swaar, maar 'n interessante geskiedenis. Hoe ons opgestaan het uit die armoede na die Anglo-Boereoorlog...so, *julle jong geslag het geen idee van hoe swaar hierdie organisasies (bv. Sanlam, Volkskasbank) tot stand gekom het met arm mense se geldjies nie. Nou e...dis 'n era... 'n mens moet eintlik die geskiedenis lees om werklike insig te hê in die tyd waarin ons grootgeword het en hoeveel opofferinge daar was ter wille van die Afrikaner om hom uit die moeras opgelig te kry...*".

Die feit dat ek 'n voltydse student was, het in sommige gevalle in my guns getel, maar dit was ook 'n probleem in ander gevalle. Aan die positiewe kant, was ek in die oë van meeste Oraniërs slegs 'n student wat raad, leiding, beskerming en hulp nodig gehad het. Soos alreeds genoem, het betrokke rolspelers dit byvoorbeeld op hulleself geneem om prominente vroue in Orania aan my bekend te stel. Een van hierdie vroue het dit op haarself geneem om 'n lys van respondente, vir die onderskeie fokusgroeponderhoude, saam te stel. Sy het verder ook 'n lys van ongeveer vyftien vroue saamgestel wat vir die in-diepte onderhoude genader kon word. Die feit dat sy 'n prominente, sowel as geliefde figuur in die gemeenskap is, het die hele proses om geskikte kandidate (kriteria is bespreek in Paragraaf 1.3.2.3) vir die in-diepte onderhoude te verkry, vergemaklik. Ten eerste het dit toegang tot sommige vroue wat ek nie op my eie

sou kon bereik nie verseker, aangesien hulle haar oordeel vertrou het. Gevolglik het talle vroue deur die geharwar van werk, koskook, huistake, vergaderings en nog soveel meer, spesiaal tyd gemaak vir 'n afspraak met my. Ten tweede het dit, volgens my, 'n groot rol gespeel in die uiteindelijke sukses van die in-diepte onderhoude, aangesien ek en sommige van die vroue van die begin af 'n oop verhouding gehad het en gemaklik met mekaar kon praat.

Die feit dat ek 'n student was, het ook baie harte sag gemaak en my onkoste minder gemaak. Ek het byvoorbeeld nie enige rekeninge vereffen vir die lokaal waar die fokusgroeponderhoude gehou is nie. Alhoewel die lokaal onder ander omstandighede verhuur sou word, kon ek gratis en sonder enige steurnisse van al hulle fasiliteite gebruik maak. In 'n ander voorbeeld het ek nie enige verblyf onkoste gehad nie. Die belang van deelnemende navorsing is reeds in Paragraaf 1.3.2.3 bespreek en daarom was dit vir my nodig om vir 'n tyd lank in Orania te woon. Op daardie stadium was daar egter nie 'n geskikte persoon by wie ek kon gaan loseer nie. Die enigste oplossing was dus dat ek óf in 'n gastehuis óf in die Strooibaalhuis moes gaan bly. Uiteindelik het ek vir 'n week lank gratis in die Strooibaalhuis gebly.

Tog het die feit dat ek 'n student was (gekombineer met my ouderdom) die probleem geskep dat die studie deur sommige as 'n geleentheid gesien is om die ideële kant van die gemeenskap te oorbeklemtoon in 'n poging om die werklike kultuurpatroon of die aspekte wat as problematies beskou word, te verbloem. Soos reeds genoem in Paragraaf 1.3.2.1, was die fokusgroeponderhoude nie verteenwoordigend van die hele gemeenskap nie, omdat te veel prominente figure en meningsvormers van die gemeenskap deelgeneem het. My ouderdom het ook onderhoude beïnvloed. Dit was byvoorbeeld baie moeiliker om afsprake te reël of persone by die afsprake te hou. Ek het ook later uitgevind dat persone met wie ek vooraf 'n afspraak gereël het, die dorpskantoor gekontak het om meer omtrent my uit te vind en dat daar dan aan hierdie respondente voorgesê is wat om te antwoord en die beeld wat voorgehou moet word.

1.4 DEFINIËRING VAN KONSEPTE

1.4.1 Kultuur

Volgens Eriksen (2004:26), is die konsep kultuur binne antropologiese kringe een van die moeilikste terme om te definieer. Antropoloë stem byvoorbeeld saam dat sekere gemeenskaplike eienskappe geïdentifiseer kan word, maar dit is klaarblyklik onmoontlik om op 'n enkele definisie ooreen te kom. Nanda en Warms (2007:86) skryf hierdie tendens daaraan toe dat, ten opsigte van die fundamentele aspekte van kultuur, daar verskillende teoretiese denkrigtings bestaan.

Om hierdie rede was dit dus nodig om die konsep kultuur, soos in hierdie studie aangewend, te definieer, met inagneming van die gegewe oogmerke van die studie, sowel as die konteks waarin die ondersoek onderneem word. Enkele relevante definisies waarin die fundamentele aspekte van kultuur na vore kom, word vervolgens voorgehou.

Ember en Ember (2000:147) definieer kultuur as die aangeleerde gedrag, oortuigings, houdings, waardes, en ideale wat eie is aan 'n spesifieke sosiale groep. Haviland (1993:30) definieer kultuur as "a set of rules or standards shared by members of a society, which, when acted upon by the members, produce behavior that falls within a range of variation the members consider proper and acceptable". Kuper (1994:90) definieer kultuur as: "Learned, adapted symbolic behaviour, based on a full-fledged language, associated with technical inventiveness".

Uit hierdie omskrywings is daar 'n paar eienskappe van kultuur wat na vore tree, naamlik dat kultuur die geheel van menslike skeppings, binne 'n spesifieke sosiale groep is, wat insluit 'n waardesisteem, gedragskodes en materiële skeppinge. Hieruit is daar drie komponente van kultuur wat na vore tree,

naamlik: 'n gedragskomponent, 'n kognitiewe komponent en 'n materiële komponent.

Teen hierdie agtergrond, word kultuur in die konteks van hierdie studie gekonseptualiseer as 'n sisteem wat eie is aan 'n spesifieke sosiale groep, waar innerlike oortuigings, houdings, waardes en ideale, soos gedeel deur die groep, aangeleer word en tot uiting kom deur individue se gedrag en interaksies met ander (vgl. Ember & Ember 2000:147).

1.4.2 Identiteit

Vir die doeleindes van hierdie studie, word identiteit gedefinieer as die dinamiese proses waardeur 'n individu gevorm word en 'n besef kry van haarself deur sosialisering, voortdurende interaksie met ander, asook deur haar lewenservaringe oor tyd heen (vgl. Mathews 2000). Deur hierdie proses, vorm die persoon denkbeelde van haarself en definieer haarself in terme van sosiaal gekonstrueerde kategorieë, wat tipies is van die sosiale groep waartoe sy tuis voel. Terselfdertyd word die identiteit van 'n persoon gevorm deur individue binne die groep, sowel as deur die groter gemeenskap (vgl. Hall 1990:197). Daar is egter nie net 'n kollektiewe kant aan identiteit nie, maar ook 'n persoonlike kant, wat onder andere verwys na die individu se unieke individualiteit. Daarom word identiteit in hierdie geval gesien as 'n proses wat plaasvind binne die individu en op 'n manier wat onafhanklik is van die kollektiewe. Identiteit word samevattend gesien as 'n integrering tussen 'n innerlike en uiterlike ervaring, wat plaasvind binne 'n gegewe kulturele konteks (vgl. Smelser & Baltes 2001).

1.4.3 Gender

Geslag word gedefinieer as die biologiese verskille tussen mans en vroue, veral die sigbare verskille met betrekking tot eksterne genitalieë en so ook die verbandhoudende verskillende rolle van die twee geslagte in die

voortplantingsproses. Gender is die kulturele en sosiale definiëring van manlikheid en vroulikheid. Gender is dus die sosiale, kulturele en psigiese konstrakte wat verskillende gemeenskappe formuleer om die biologiese verskille van geslag, asook die gepaardgaande verwagte gedrag verbonde aan 'n bepaalde geslag, te verwoord (vgl. Nanda & Warms 2007:260).

1.5 UITLEG VAN HOOFSTUKKE

Hierdie verhandeling val in vyf hoofstukke uiteen. Hoofstuk 2 fokus op 'n teoretiese raamwerk soos weerspieël in 'n literatuuroorsig. Daaropvolgend word die agtergrond en geskiedenis van Orania aangebied in Hoofstuk 3. Die empiriese bevindinge word in Hoofstuk 4 uiteengesit, terwyl Hoofstuk 5 die sentrale gevolgtrekkings van die studie saamvat.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK – KULTUUR, IDENTITEIT EN GENDER

2.1 INLEIDING

Gegewe die algemene doelstelling van hierdie studie, om 'n verkennende, beskrywende ondersoek na die identiteit van vroue in Orania te doen en om meer spesifiek te fokus op die onderhouding en bevordering van hierdie vroue se identiteit, is dit die algemene doel van hierdie hoofstuk om 'n teoretiese verwysingsraamwerk voor te hou waarin die sentrale konsepte van kultuur, identiteit en gender belig word. Meer in besonder is die oogmerk om bepaalde teoretiese uitgangspunte met betrekking tot die genoemde konsepte in historiese perspektief aan te bied en te bespreek. Verder is dit die oogmerk om relevante temas binne elk van hierdie teoretiese domeine te bespreek.

Die feit dat die studie gaan oor die identiteit van vroue in Orania het 'n bepaalde invloed gehad op die keuse om besprekings aan te bied van die twee konsepte identiteit en gender. Die insluiting van die konsep kultuur is daardeur beïnvloed dat die kulturele omgewing waarin die vroue grootgeword het 'n omvattende invloed gehad het op die vorming van hulle identiteit, aangesien dit in terme van identiteit fokus op beide persoonlike en kollektiewe dimensies en nie net op kollektiewe dimensies soos etnisiteit nie. Die keuse van die konsep kultuur is verder daardeur beïnvloed dat 'n oogmerk van hierdie studie was om op temas soos die vroue se vrouwees en sosiale rolle binne die huwelik, gesin en gemeenskap te fokus, eerder as die vrou se etniese bindinge en alles wat emosioneel daarmee verband hou.

2.2 KULTUUR

2.2.1 Ouer antropologiese benaderings tot kultuur

Die konsep kultuur is vir die eerste keer teen die einde van die negentiende eeu deur antropoloë ontwikkel. Die eerste duidelike en omvattende definisie wat 'n

tipiese antropologiese karakter weerspieël, was die 1871-definisie van Edward Burnett Tylor. Hy het kultuur soos volg gedefinieer:

"Culture, or civilization,...is that complex whole which includes knowledge, belief, art, law, morals, custom, and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society" (soos aangehaal deur Haviland 1993:30).

Hierdie definisie het 'n belangrike bydrae gelewer tot die vestiging van 'n teoretiese raamwerk in antropologie, deurdat Tylor op 'n indirekte wyse sekere uitgangspunte gestel het met betrekking tot die aard van kultuur, naamlik: Dat kultuur aangeleer (*acquired*) word, 'n komplekse geheel (*complex whole*) vorm en gelykstaande is aan die konsep van beskawing (*civilization*).

Met die siening oor die aangeleerde aard van kultuur het Tylor die fokus geplaas op die aspekte van die mens se gedrag wat in sosiale verband ("*as a member of society*") aangeleer word. Volgens Miller en Weitz (1979:301-302), het hy die standpunt gestel dat biologiese faktore soos die drang om te eet nie die fokus van antropoloë werd is nie, maar eerder die aangeleerde aard van die wyses waarop die biologiese kant van die mens uitgedruk word. Die tweede sleutelwoord, "*complex whole*", het vir Tylor die betekenis van geïntegreerdheid ingehou. Hy het voorgestel dat alle kulturele eienskappe in verhouding staan tot mekaar.⁹ Die grootte van 'n groep staan byvoorbeeld in 'n komplekse verhouding tot 'n groep se wyses om voedsel te verkry, en/of verwantskapspraktyke en/of ander sosiale rangskikkings, soos byvoorbeeld die hiërgiesse struktuur van 'n groep. Met die derde sleutelwoord, "*civilization*", het Tylor die konsep kultuur gelyk gestel aan die idee van beskawing en die standpunt gestel dat alle kulture vanaf eenvoudige na meer komplekse vorme ontwikkel (vgl. Miller & Weitz 1979:301-302).

⁹ Die standpunt dat kulturele eienskappe 'n komplekse eenheid vorm was die voorloper tot die latere siening dat kultuur 'n geïntegreerde sisteem van verwante elemente is (Miller en Weitz 1979:302).

In teenstelling met die universele kultuurdefinisie van Tylor, het die Amerikaanse antropoloog Franz Boas verkies om kultuur volgens die partikuliere aard daarvan te definieer. Hierdie benadering tot kultuur het hoofsaaklik voortgevloei uit die Historiese partikularistiese benadering, soos dit vanaf ongeveer 1900 tot 1940 in die VSA genoem is. Die hoofdoel van die benadering was om op 'n spesifieke kultuur te fokus om veral die historiese ontwikkeling van daardie kultuurgroep te ontdek. Dit word as partikularisties beskryf, omdat nadruk geplaas is op die feit dat elke kultuur 'n unieke verlede het wat in eie reg bestudeer behoort te word (vgl. Garbarino 1983:48; Peoples & Bailey 2000:55). Boas het kultuur as volg gedefinieer:

"Culture embraces all the manifestations of social habits of a community, the reactions of the individual as affected by the habit of the group in which he lives, and the products of human activities as determined by these habits" (soos aangehaal deur Brumann 1999:3).

Een van Boas se studente, Margaret Mead, bevestig ook die partikuliere siening van kultuur:

"A culture... can mean the forms of traditional behaviour which are characteristic of a given society, or of a group of societies, or of a certain race, or of a certain area, or of a certain period of time" (1937:17).

Sommige Suid-Afrikaanse antropoloë het soortgelyke sienings van kultuur gehuldig en het onder ander geskryf: "Alle volke het hulle kultuur, sowel Boesman as Griek, en soveel volke as daar is, soveel kulture is daar" (Mönnig 1980:34). In die genoemde kultuurdefinisies word nadruk geplaas op die bestaan van verskeidenheid kulture, eerder as op een universele kultuur. Brumann (1999:5) noem verder dat die kultuurbeskouing van die partikulariste veral die diakroniese samehangende aard van kultuur beklemtoon het.¹⁰ Die

¹⁰ Nie alle antropoloë uit hierdie tradisie was eenstemmig met betrekking tot hierdie aangeleentheid nie. Kroeber, Benedict en Mead het byvoorbeeld 'n besondere geïntegreerde idee van kultuur voorgestel terwyl ander, waaronder Lowie en Radin, na kultuur verwys het as

argument was dat die partikuliere kultuur, onder invloed van kultuurkontak en eie innovasie, oor tyd verander en daarom was dit nodig om die historiese ontwikkeling van 'n spesifieke kultuur te ondersoek.

Ongeveer dieselfde tyd as wat Historiese partikularisme 'n dominante teoretiese raamwerk in die V.S.A. was, was daar 'n ander benadering tot kultuur in Brittanje, genaamd die Sosiale en Biologiese Funksionalisme. Volgens Goldschmidt (1996:10), het die Funksionalisme, in teenstelling met die "spekulerende" en historiese standpunte van die evolusioniste en diffisioniste, hul ten doel gestel om 'n a-historiese studie van sosiale instellings te maak. Die uitgangspunt was dat alle kulturele kenmerke van 'n spesifieke groep verduidelik kan word in terme van die funksies wat dit verrig. Funksionaliste soos Malinowski (Biologiese Funksionalisme) en Radcliffe-Brown (Strukturele Funksionalisme) het van 'n organiese model gebruik gemaak en kultuur benader as 'n funksioneel geïntegreerde sisteem, waar elke instelling 'n funksie het en onderling ondersteunend is om 'n gesonde sosiale orde te handhaaf (Borofsky 1994:244; Miller & Weitz 1979:321). Volgens Borofsky (1994:244) is hierdie sosiale orde gewoonlik gedefinieer in terme van stabiliteit, integrasie en kontinuïteit.

Na die 1960's is daar grootliks wegbeweeg van die strewe om Antropologie as 'n wetenskap van partikuliere kulture en samelewings te vestig, wat so tipies van die Historiese partikuliere en Funksionaliste was. As gevolg van onder andere nuwe navorsingsmetodes soos die emic/etic benadering, het die fokus in kultuurstudies toenemend verskuif om plek te maak vir die individu se siening en interpretasie. Verder word die tydperk na 1960 tot ongeveer 1980 gekenmerk deur die ontwikkeling van 'n verskeidenheid benaderings tot kultuur. Die benaderings tot kultuur word breedweg geklassifiseer in diegene wat kultuur vanuit 'n ideële raamwerk bestudeer het en diegene wat 'n materialistiese definiëring beklemtoon het (vgl. Winthrop 1991:55).

"shreds and patches" en hulle navorsing gekonsentreer het op diversiteit en individue (Brumann 1999:5).

Drie verskillende benaderings is kenmerkend van die ideële raamwerk, naamlik: etnowetenskap (later die Kognitiewe benadering), strukturalisme en simbolisme. Volgens Winthrop (1991:55), het die drie teorieë die benadering van kultuur as bestaande uit konkrete voorwerpe of gedrag verwerp en kultuur benader as 'n mentale sisteem deur òf te fokus op kultuur as 'n sisteem van idees, òf as 'n struktuur van simbole. Etnowetenskap het, veral onder leiding van Ward Goodenough, ontwikkel met die uitgangspunt dat kultuur bestaan in die denke van sy kultuurdraers (vgl. Garbarino 1977:82). Hiervolgens is kultuur gedefinieer as sisteme van kennis, met nadruk op dit wat individue moet weet of glo om aanvaarbare gedrag binne 'n spesifieke groep te openbaar (Miller & Weitz 1979:311).

Strukturalisme het onder leiding van Lèvi-Straus in Frankryk ontwikkel. Hy het empiriese, positivistiese benaderings tot kultuur verwerp en het, geïnspireer deur linguistiek, klem gelê op die kognitiewe strukture wat sosiale gedrag onderlê. Soos taal gestruktureer word deur basiese eenhede (fone en fonenne), is daar ook universele "kodes" in die menslike brein, waarvolgens kultuur gestruktureer word. Kulturele verskille word veroorsaak deurdat kognitiewe kodes aangepas word by spesifieke omgewings en geskiedenis. Tog was die argument dat alle kulture basies dieselfde kognitiewe struktuur deel. Met hierdie standpunt het Lèvi-Straus veral 'n bydrae gelewer tot ons begrip van die simboliese aspekte van kultuur, waaronder mites (vgl. Barrett 1996:145; Ferraro 2001:70; Nanda & Warms 2004:397).

Simboliese antropologie word grotendeels geassosieer met Clifford Geertz en Victor Turner. Hierdie benadering tot kultuur lê klem op die uniekheid en individualiteit van elke kultuur. Elke kultuur het byvoorbeeld unieke wyses van doen, 'n wêreldbeskouing, waardes en so meer. Selfs al sou twee kulture oënskynlik dieselfde aard aanneem, dui nadere ondersoeke daarop dat die betekenis wat 'n gegewe groep kultuurlede heg aan byvoorbeeld gedrag, voorwerpe en konsepte verskillend is. Volgens simboliese antropoloë het sosiale

gedrag 'n simboliese komponent in die sin dat gedrag en optredes sin moet maak aan ander. Dus bestaan kultuur uit sosiaal gevestigde strukture van betekenis en lê die taak van die navorser daarin om die simbole en betekenis te ondersoek deur uit te vind hoe hierdie simbole ontwikkel, gestruktureer en gebruik word (Peoples & Bailey 2000:63). Kultuur, volgens 'n simboliese benadering, word as volg gedefinieer:

“an historically transmitted pattern of meaning embodied in symbols, a system of inherited conceptions expressed in symbolic forms by means of which men communicate, perpetuate, and develop their knowledge about and attitudes towards life” (Lett 1987:114).

Kulturele materialisme word onder andere geassosieer met Marvin Harris en is gebaseer op die uitgangspunt dat kultuur basies die aanpassings is wat die mens binne 'n gegewe fisiese omgewing maak. Volgens hierdie benadering, is die primêre taak van antropoloë om ondersoek in te stel na die wyses waarop kultuurpraktyke verband hou met die fisiese, tegnologiese en ekonomiese aspekte van die omgewing (Nanda & Warms 2004:397). Materialistiese definisies van kultuur sien soos volg daaruit:

“A culture is made up of the energy systems, the objective and specific artifacts, the organizations of social and political relations, the modes of thought, the ideologies, and the total range of customary behaviors that are transmitted from one generation to another by a social group and that enable it to maintain life in a particular habitat” (Cohen 1969:56).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar tot ongeveer 1980 verskillende definisies van kultuur gevind word, maar dat almal kultuur voorstel as relatief koherent, homogeen en gebonde.¹¹ Vir Brumann (1999:5), kan hierdie tendens nie alleenlik aan spesifieke teoretiese aannames toegeskryf word nie, maar ook

¹¹ Die gebondenheid van kultuur was gegrond op die algemene aanname dat daar onderskeidende patrone van kennis, waardes en gedrag is wat lede van 'n groep deel en wat in teenstelling gestaan het tot die van ander groepe (Mathews 2000:3).

aan die aannames wat implisiet was in etnografieë.¹² Dit is, volgens Thornton (1988:27), 'n direkte gevolg daarvan dat die ouer benaderings in antropologie op eksotiese en geïsoleerde gemeenskappe gefokus het met implisiete aannames dat kultuur geografies begrens word, uniek is, en homogeen in die sin dat individuele variasie as onbelangrik beskou is.

2.2.2 Benaderings tot kultuur na 1980

Die tydperk na die 1980's word gekenmerk deur die postmoderne beweging in antropologie, wat die aard van antropologie se navorsing en uitgangspunte begin bevraagteken het (Ferraro 2000:75). Postmodernisme, soos uiteengesit deur Barrett (1996) en Ferraro (2000:75-76), het veral die volgende sake aangespreek:

- a) Postmodernisme het protes aangeteken teen antropologiese outoriteit wat voor die 1980's gegrond was op die aanname dat nie-Westerse lande nie daartoe instaat is om hulle eie stem te laat hoor nie. Postmodernisme het dit baie duidelik gestel dat dit arrogant was van "wetenskaplike" antropoloë om beskrywings, interpretasie en betekenis te gee aan ander kulture.
- b) Postmodernisme het hernude nadruk geplaas op die konsep relativisme, wat gepaard gegaan het met die doelstelling om verskillende eerdere as ooreenkomste te ondersoek.
- c) Die beweging het verder ook kritiek gelewer op vroeë etnografiese werke en eerder dialoog en polivokaliteit vooropgestel. Dit is beklemtoon dat 'n etnografiese werk gekenmerk moet word deur veelvoudige outeurs, wat insluit die stem van die antropoloog as interpreteerder, beskrywer en analis, sowel as die stemme van informante. Die noodsaaklikheid hiervan spruit daaruit voort dat etnografiese werke subjektief van aard is, aangesien dit deur die ervaringe en agtergrond van die etnograaf beïnvloed word. Etnografieë is voorgestel as literêre teks, wat onder

¹² Soos byvoorbeeld "The Pedi" (Mönnig 1967) en "The Bantu-Speaking Tribes of South Africa" (Schapera 1937) (vgl. Thornton 1988:22).

andere ook geanaliseer moet word in terme van literêre kritiek.

- d) Postmodernisme het daartoe aanleiding gegee dat daar wegbeweeg is van "groot" en allesomvattende teorieë en veralgemenings en klem te plaas op die partikuliere en unieke, wat gekenmerk word deur fragmentasie, onvolledigheid en onsamehangendheid. Teoretiese benaderings het ontoepaslik geword vir die ontsluiting van die sosiale realiteit omdat dit kultuur gesien het as gebonde, homogeen, stabiel en gestruktureerd, terwyl die sosiale realiteit eerder gekenmerk word deur veranderlikheid, teenstrydigheid, konflik en individuele keuses.

Die feit dat die sosiale realiteit gekenmerk word deur bogenoemde word deur Hannerz (1989:1) verduidelik in terme daarvan dat die kulture wat deur antropoloë beskryf is, as gebonde plaaslike entiteite toenemend bymekaar betrokke geraak het in 'n "globale ekumene," of wêreld van toenemende kulturele integrasie en uitruiling. Hierdie tendens het ontstaan deur onder meer modernisasie en globalisering. Modernisasie het na die Tweede Wêreldoorlog onder andere aanleiding gegee tot tegnologiese ontwikkeling, landboukundige ontwikkeling, industrialisasie en verstedeliking. 'n Direkte gevolg hiervan is dat individue van verskillende kulture in gereelde kontak kom met mekaar en op die lange duur 'n 'eenvormige' lewenstyl begin ontwikkel het (vgl. Haviland 1993:420).

Globale veranderinge, soos byvoorbeeld die uitbreiding van die massakommunikasiemedia en die toenemende mobiliteit van mense en goedere, het 'n massiewe globale vloei van mense, kapitaal en idees laat plaasvind. Hierdie globale veranderinge het daartoe aanleiding gegee dat 'n algemene tipe gemeenskap regoor die wêreld geïdentifiseer kan word.¹³ Hannerz (1992:4-5) beskryf hierdie gemeenskap as volg: "It is a society with a far-reaching division of labor, which is at the same time a division of knowledge; in this way categories

¹³ Hiermee word nie geïmpliseer dat daar 'n globale homogene kultuur bestaan nie, maar eerder dat hierdie tipe gemeenskap wydverspreid voorkom en kenmerkend is van die gefragmenteerde postmoderne wêreld.

of specialists are formed and always at the same time a matching category of laymen. It is a society where the state constitutes one framework for social life and the flow of meaning, and where culture is also in part commoditized, thus organized by the market. Formal education through schooling is widespread if not universal in this society, and literacy and electronic media play a part in shaping and channeling culture. The people here are a mixture of the sedentary and the somewhat footloose. Mathews brei uit op bogenoemde en noem dat die mens van vandag in 'n wêreld leef waar die individu keuses uitoefen oor die kultuurelemente wat aantreklik is. Hy stel dit soos volg: "Cultures... are like the dishes on a table. You just pick up what you like" (2000:4).

'n Kultuur kan dus nie meer gesien word as iets wat 'n groep, in teenstelling met 'n ander groep, in 'n begrensde geografiese area deel nie. Terme soos Japannese, Amerikaanse of selfs Chinese kultuur kan dus nie betekenisvol en op 'n afbakende wyse in 'n wetenskaplike verband gebruik word nie. Metodologies en teoreties moes benaderings tot kultuur na die 1980's dus heelwat uitbrei ter verrekening van die sosiale werklikheid.

Hannerz (1992) meen dat benaderings tot kultuur analitiese diepte in die beskrywings van kulture moet fasiliteer en as gids gebruik kan word in die ontleding van byvoorbeeld bogenoemde komplekse gemeenskap. Hiervolgens stel hy voor dat daar, met die klem op betekenis, aandag geskenk moet word aan drie dimensies van kultuur, naamlik idees en denkwyses, vorme van eksternalisering en distribusie van kultuur. Die eerste dimensie, idees en denkwyses, moet volgens hom fokus op die mentale entiteite en prosesse van kulturele betekenis. Die tweede dimensie, vorme van eksternalisering, moet aandag skenk aan die verskillende wyses waardeur betekenis openbaar gemaak word. In die derde dimensie, sosiale distribusie, moet daar gekyk word na die wyses waardeur kollektiewe betekenis en die eksterne vorme van hierdie betekenis versprei word binne en buite 'n gegewe gemeenskap (Hannerz 1992:7).

Rollwagen (1986:102) is van mening dat die grootste uitdaging vir antropoloë in die studie van die mens en die verskeidenheid omstandighede waarin die mens hom bevind, daarin lê om 'n geïntegreerde perspektief te behou wat steeds kan help om die verhoudings tussen individue, asook die sosiale strukture waarin hulle bestaan, te begryp. Die navolging van die geïntegreerde perspektief moet lei tot die volgende: verduidelikings van die verskille en ooreenkomste in idees en gedrag tussen individue; verslag oor die verskille en ooreenkomste tussen verskillende sosiale strukture; begrip vir die geografiese en historiese diversiteit van groepe mense; en 'n ondersoek na die verhouding tussen groepe mense van verskillende tipes sosiale strukture, asook die verhouding tussen groepe binne 'n spesifieke sosiale struktuur, maar met wisselende toegang tot mag (hoe mag ookal gedefinieer word).¹⁴

Rollwagen (1986:102) stel voor dat kultuur gesien moet word as 'n proses wat geskep word deur interaksies tussen individue. Sy argument is dat elke individu betrokke is by talryke verhoudings met ander individue en dat mense wat voortdurend en oor 'n tydperk met mekaar kommunikeer, gedeelde sisteme van idees en gedrag skep wat slegs vir hulle betekenisvol is. Die kompleksiteit van die begrip en gedrag wat hulle deel, onderskei hulle op hierdie wyse van ander groepe. Elke individu is egter ook gelyktydig 'n deelnemer in talryke "kultuursisteme".¹⁵ Kultuursisteme kan so klein wees dat dit net tussen twee individue bestaan, of so groot dat biljoene individue regoor die wêreld deur gedeelde waardes van musiek, religie, wetenskap en so meer saamgesnoer word (Rollwagen 1986:102).

Thornton (1988:26) argumenteer in dieselfde trant dat daar geen sin daarin is om te redeneer oor die definisie van kultuur nie, maar om eerder te fokus op dit wat

¹⁴ Thornton (1988:23) maan dat die ongelyke verspreiding van rykdom en mag een van die faktore is wat die perspektief van die waarnemer bepaal en dat dit presies is wat vroeëre konsepte van kultuur nagelaat het om te oorweeg.

¹⁵ Rollwagen (1986) maak gebruik van die term 'kulturele sisteme' eerder as 'kulture,' aangesien 'kulturele sisteme' nie 'n noodwendige of natuurlike verhouding tot die konsep 'samelewing' het nie.

kultuur doen en die wyses waarop dit gedoen word. Een ding wat kultuur, volgens Thornton (1988:26), doen, is dat dit die grense van klas, etnisiteit, ras, gender, buurt, generasie en gebied skep. Grense word byna onbewustelik geskep en onderhou deur die proses van sosialisering, waardeur die rituele en gewoontes van spraak, houdings en denke geïnternaliseer word tot so 'n mate dat dit onbewustelik nagevolg word. Hierdie grense word ervaar as iets wat werklik en permanent is. Die bestaan van grense en die feit dat dit deur kultuur gevorm word, veroorsaak vir Thornton (1988:27) 'n paradoks: Grense skei individue en groepe, maar dit bestaan slegs indien die groepe wat die skeiding bewerkstellig, saamstem oor die kriteria waarvolgens die grense getrek word. Kulture kan dus geen natuurlike grense hê nie, maar slegs dit wat mense (antropoloë, sowel as ander) konstrueer. Die samestelling van sekere elemente as 'n kultuur kan slegs min of meer waar wees (vgl. Brumann 1999).

Mathews (2000:1) stel voor dat kultuur benader moet word as die inligting en identiteit wat beskikbaar is vanaf 'n globale kulturele supermark. Vir hom het kultuur 'n saak van persoonlike smaak geword in die opsig dat individue keuses uitoefen rondom hulle kulturele identiteit. Individue kies byvoorbeeld die musiek waarvan hulle hou; eet die kos waarvan hulle hou; en kies selfs die godsdienste wat hulle wil beoefen. Hy noem egter dat hierdie keuse nie absoluut vry is nie, aangesien dit beïnvloed en gekondisioneer word deur die individu se ouderdom, klas, geslag, inkomstevlak, en nasionaliteit.

Samevattend kan dit genoem word dat die postmoderne beweging in antropologie groot veranderinge op teoretiese en metodologiese vlak teweeggebring het en dat benaderings tot kultuur na die 1980's heelwat anders daar uitsien. Na die 1980's was die boodskap duidelik dat kultuur gekenmerk word deur fragmentasie, onvolledigheid en onsamehangendheid as gevolg daarvan dat individue keuses maak en toegang daartoe beheer. Hierdie tendens is, soos genoem, teweeggebring deur die prosesse van modernisering en globalisering, wat daartoe aanleiding gegee het dat gebonde entiteite toenemend

bymekaar betrokke geraak het.

2.2.3 Uitgangspunte met betrekking tot kultuur soos relevant vir die onderhawige studie

2.2.3.1 Inleiding

Met inagneming van bogenoemde uiteensetting, is dit die doel van hierdie afdeling om sekere uitgangspunte met betrekking tot kultuur, soos relevant vir die onderhawige studie, uiteen te sit. Dit is veral nodig in die lig daarvan dat verskillende omskrywinge van kultuur bestaan. Ten eerste is dit die oogmerk van die hieropvolgende bespreking om die leser te herinner aan die definisie van kultuur (Paragraaf 1.4.1) en tweedens word uitgangspunte rakende die aard van kultuur uiteen gesit. In die bespreking sal klem ook op die volgende temas val: individu versus groep-verhouding, asook groepsbestaan en groepsgrense.

2.2.3.2 Definisie van kultuur

In Paragraaf 1.4.1 is kultuur gekonseptualiseer as die geheel van menslike skeppinge, soos dit binne 'n spesifieke sosiale groep tot stand kom (waaronder 'n waardesisteem, gedragkode en materiële skeppinge). Drie komponente van kultuur is uitgelig, naamlik 'n gedragskomponent, 'n kognitiewe komponent en 'n materiële komponent.

Hierdie definisie is grootliks beïnvloed deur Ember en Ember (2000:147), Haviland (1993:30) en Kuper (1994:90) se definisies van kultuur (Paragraaf 1.4.1), wat elk een of twee van die drie komponente in hul onderskeie definisies beklemtoon het. Hierdie definisie verskil van die pre-1980's in die sin dat kultuur nie as 'n partikuliere en unieke kenmerk van 'n spesifieke groep (wat 'n kultuur deel en in 'n spesifieke geografiese area woon) gesien word nie. Hierdie definisie verskil ook van die na-1980 sieninge van kultuur, in die sin daarvan dat kultuur gesien word as kenmerke wat eie is aan 'n spesifieke sosiale groep waar innerlike oortuigings, houdings, waardes en ideale, soos gedeel deur die groep,

aangeleer word en tot uiting kom deur individue se gedrag en interaksies met ander. Die eie hou egter nie by implikasie die betekenis van eksklusiwiteit in nie.

2.2.3.3 Die aard van kultuur

Die eerste uitgangspunt rakende die aard van kultuur is dat dit aangeleer word deur die proses van enkulturasie. Haviland (1993:34) definieer enkulturasie as die proses waardeur kultuur van een generasie na die volgende oorgedra word. Hiervolgens is die uitgangspunt dat elke aspek van kultuur aangeleer word; selfs die mees basiese menslike aktiwiteite soos eet en slaap, deur daarin te groei as kind tot volwassene (vgl. Nanda & Warms 2007:88). Haviland (1993:35) gebruik die voorbeeld en argumenteer dat meeste diere eet en drink wanneer hulle honger of dors is. Die mens, aan die ander kant, eet en drink op sekere kultureel-voorgeskrewe tye en word gewoonlik honger sodra daardie tye aanbreek. Die punt is egter dat die mens sy kultuur moet aanleer en dit is 'n proses wat deur die lewensiklus van die mens voortduur. Die mens word dus van jongs af gesosialiseer as iemand met 'n gedragswyse wat inpas by die groep.

'n Tweede uitgangspunt is dat kultuur gedeel word. Volgens Haviland (1993:30) is kultuur 'n stel gedeelde ideale, waardes en standaarde van gedrag wat die aksies van individue verstaanbaar en voorspelbaar maak. Die navorser se uitgangspunt is dat kultuur net tot op 'n sekere vlak gedeel word. Die eerste argument ter staving van hierdie standpunt is dat individuele gedrag binne 'n groep nie altyd ooreenstem met kulturele verwagtinge nie. Dit wat 'n persoon byvoorbeeld doen en sê hy doen is nie altyd dieselfde nie. 'n Tweede argument is dat deelname binne 'n gegewe kultuur nie gelyk is nie, aangesien individue verskil in hulle kennis, begrip en oortuiging van kultuur.

'n Derde uitgangspunt is dat kultuur dinamies van aard is, deels omdat dit in aanpassing moet voorsien. Dit beteken dat kultuur gesien word teen 'n bepaalde historiese agtergrond en dat dit in die hede, soos in die verlede, voortdurend

verander. Dit is nie net die verandering wat spruit uit eksterne omgewingsverandering of kulturele beïnvloeding wat hier ter sprake is nie. Verandering spruit voort uit die menslike aard om te wil verander en te verbeter. Die ontwikkeling van kultuur vind plaas as 'n proses van aanpassing by die omgewing, wat insluit die natuurlike omgewing en die menslike omgewing. Deur middel van kultuur as 'n aanpassingsmeganisme, is die mens daartoe in staat om by verskillende omgewings aan te pas. In hierdie sin word kultuur soms gesien as 'n buffer tussen die mens en sy omgewing. Dit beteken egter nie dat die geografiese omgewing 'n dwingende invloed op kultuurvorming uitoefen nie. Dit plaas slegs beperkinge op sy ontwikkeling en bied moontlikhede in terme van materiaal. Binne hierdie beperkinge en moontlikhede is dit die menslike aard wat die ontwikkeling van kultuur bepaal. Kulturele ontwikkeling vind dus ook plaas binne die menslike omgewing, en moet inpas en aanpas by die draers daarvan (vgl. Mönnig 1980:35).

Die vierde, en laaste uitgangspunt rakende die aard van kultuur is dat dit relatief geïntegreerd is. Mönnig (1980:36) noem dat kultuur in totaal een geïntegreerde funksionele geheel vorm. Vir hom kan elke onderdeel slegs tot uiting kom in samewerking met die geheel. Verandering in een onderdeel lei dikwels tot verandering in die ander onderdele en dus in die geheel.

2.2.3.4 Die individu versus groep verhouding

Vir die doeleindes van hierdie bespreking is die argument dat kultuur die betekenis is wat individue skep en met ander individue deel en dat die betekenis 'n vormende invloed het op die individu. Hannerz stel byvoorbeeld dat: " Culture... is the meanings which people create and which create people, as members of societies" (1992:3).

Vier uitgangspunte spruit hieruit voort: Die eerste is dat die lokus van kultuurbetekenis aangetref word in gedeelde openbare handeling en objekte. Hannerz (1992:3) stel dit so: "to study culture is to study ideas, experiences,

feelings, as well as the external forms that such internalities take as they are made public, available to the senses and thus truly social".

Die tweede uitgangspunt is dat die individu kultuur skep. Hannerz (1992:14-17) beskryf byvoorbeeld die individu as 'n akteur wat as deel van 'n netwerk van akteurs konstant besig is om kultuur te skep, te onderhou, daaroor te reflekteer, te eksperimenteer, te argumenteer en oor te dra. Hierdie proses vind plaas in groepsverband, wanneer die individu private denke in die openbaar uitdruk. Die aksies van 'n individu, alleen of in groepsverband, het 'n belangrike invloed op die vorming en transformasie van kultuur (Kottak 2006:278).

'n Derde uitgangspunt is dat die individu beperk en gevorm word deur kultuur. Hannerz (1992:14) noem in hierdie verband dat: "As people make their contributions to that flow, they are themselves becoming constructed as individuals and social beings...In a process both cumulative and interactive, people make indications to one another about...what is suitable conduct and what are desirable goals in life, and how to relate to other human beings and to the material world."

'n Vierde uitgangspunt is dat kultuur en die individu mekaar nie meer eksklusief definieer nie. In die verlede was die uitgangspunt dat die studie van kultuur voldoende is om akkurate beskrywings te gee van die draers daarvan. Die argument was byvoorbeeld dat die individu 'n produk is van haar kultuur, deurdad sy gebore word in die kultuur en eenvoudig in die bestaande patroon inpas. Die feit dat kultuur ook deur die aksies en keuses van individue gedra word en dat die individu kultuur manipuleer om gewenste uitkomstes te lewer is dus van minder belang. 'n Individu gebruik byvoorbeeld haar kultuur aktief en op 'n kreatiewe wyse eerder as om kulturele tradisies of reëls blindelings na te volg. Individue leer, interpreteer en manipuleer byvoorbeeld kulturele reëls op verskillende wyses of plaas nadruk op die tipe reëls wat hulle belange die beste pas (vgl. Kottak 2006:278).

2.2.3.5 Groepsbestaan en groepsgrense

Gegewe die gedeelde aard van kultuur, is die eerste uitgangspunt in hierdie gedeelte dat 'n individu 'n groepsmens is en dat kultuur geopenbaar word binne groepsverband. Een van die talle definisies wat die kwessie van groepsbestaan aanraak, stel dit so:

"society refers both to a general aspect of the human condition – we are all necessarily social creatures, and therefore depend on society in order to live as humans and to specific groups of people living together in particular ways (Barnard & Spencer 2006:514).

Hierdie definisie raak 'n belangrike punt aan wat ooreenstem met die uitgangspunt dat die mens 'n sosiale wese is, afhanklik van groepbestaan om as mens te kan bestaan.

'n Tweede uitgangspunt van hierdie bespreking is dat kultuur grense skep. Soos genoem deur Thornton (1988) in Paragraaf 2.2.2, word grense byna onbewustelik geskep en bevat dit gewoontes van spraak, houdings en denke wat geïnternaliseer word. Hierdie grense kan op twee verskillende vlakke gevind word, naamlik binne kultuur en buite kultuur. Grense binne kultuur word byvoorbeeld geskep op grond van klas, gender, ouderdom en inkomste, om net 'n paar te noem. Kultuur kan byvoorbeeld grense van geslag op grond van biologiese verskille tussen mans en vroue binne 'n gemeenskap skep. Kultuur kan ook gendergrense skep deur die inhoudgewing aan manlikheid en vroulikheid binne daardie gemeenskap. Hierdie grense bepaal weer aspekte soos gedrag, rol en status van vroue en mans (Nanda & Warms 2007:260).

Grense buite kultuur word geskep deurdat kultuur grense tussen verskillende sosiale groepe en gemeenskappe oprig. As 'n voorbeeld, kan daar gekyk word na etniese groepe wat hulleself op grond van, onder andere, gemeenskaplike geskiedenis onderskei. Mönnig (1980:38) noem dat kultuur en die

onderskeidende gedrag en denke wat met bogenoemde gepaard gaan, vanself lei tot 'n groepsidentiteit, tot 'n ons/hulle verdeling. Hy noem verder dat identiteitsgrense vir so 'n groep belangrik is. Kriteria vir die bepaling van lidmaatskap en metodes om hierdie lidmaatskap aan die lede van die groep kenbaar te maak en vir die uitsluiting van nie-lede, word gevorm en voorgestel aan ander.

2.3 IDENTITEIT

2.3.1 Vroeëre benadering tot identiteit

Die antropologiese benadering tot identiteit is grootliks beïnvloed deur 'n aantal perspektiewe rondom identiteit vanuit ander dissiplines, veral die van sosiologie en sielkunde. Die vroeë benaderings tot identiteit is byvoorbeeld gedomineer deur sielkundige persoonlikheidsteorieë wat identiteit gelykgestel het aan die ontwikkeling van persoonlikheid.

Robbins (1973:1201) onderskei drie modelle of perspektiewe wat die vroeë benadering tot identiteit in antropologie karakteriseer, naamlik die welstandsmodel, interaksiemodel en die wêreldbeskouingsmodel. Die welstandsmodel het veral onder invloed van die psigoloë Erik Erikson en Carl Rogers 'n wye invloed op antropologiese werke gehad. Nadruk is geplaas op die verband tussen identiteit en die aangepaste of wan-aangepaste persoonlikheid. Erikson het onder andere die ontwikkeling van 'n aangepaste persoonlikheid gelykgestel aan die suksesvolle oorbrugging van agt psigo-sosiale ontwikkelingsfases. Elkeen van hierdie agt ontwikkelingsfases word gedefinieer deur 'n identiteitskrisis wat die individu moet oorbrug om sodoende 'n samehangende beeld van die self te kan vorm. Erikson het dus die konstruering van identiteit gesien as 'n proses wat plaasvind binne die individu. Tog het hy ook voorsiening gemaak daarvoor dat identiteit beïnvloed word deur die groter kultuur waaraan die individu behoort (Popenoe, Boulton & Cunningham 1998:87).

Die interaksie-model word veral geassosieer met die werke van George Herbert Mead en Erving Goffman. Hierdie model wys op die belangrikheid daarvan dat 'n persoon se selfkonsep haar interaksie met ander beïnvloed en bepaal. Hiervolgens word identiteit gelykgestel aan sosiaal gekonstrueerde kategorieë, wat gepaardgaan met regte en pligte. Identiteit word deur die sosiale konteks aangebied, onderhou en getransformeer (vgl. Goffman 1959; Outhwaite & Bottomore 1993). Kenmerkend van bogenoemde modelle is dat beide die welstands- en interaksie-model dit ten doel stel om die innerlike met die uiterlike te verbind en klem daarop te lê dat definiëring van die self saamhang met die wyse waarop die gemeenskap mens en lewe konseptualiseer.

Volgens Robbins (1973:1201), is die wêreldbeskouingsmodel die sterkste in die antropologie gewortel en word dit veral geassosieer met die antropologiese werke van Goodenough, Wallace, Redfield en Hallowell. Al hierdie outeurs het die standpunt gehuldig dat die mens, net soos wat hy 'n beeld van die wêreld het, ook 'n beeld van homself het. Volgens Hallowell (1955:75) leer die mens in die verloop van ontogeniese ontwikkeling om homself as 'n objek van ander objekte te onderskei. Net soos individue verskil in hul lewens- en wêreldbeskouings, is daar 'n verskil in hul idees met betrekking tot die aard van die self. 'n Individue se selfbeeld en interpretasie van ervarings kan ook nie geskei word van die gegewe samelewing waaraan sy behoort nie.

Robbins (1973:1203) toon aan dat vroeë antropoloë in hul navorsing die konsep identiteit aan die sielsbegrip verbind het. Ondersoeke wat te doen gehad het met die sielsbegrip het egter gefokus op religie en toorkuns eerder as die kulturele inhoud van die mens se selfbeeld (vgl. Hallowell 1955:77). Die feit dat die begrip "self" nie voor die 1950's algemeen gebruik is nie, is nie toevallig nie. Die uitgangspunt was dat die selfbeeld van 'n individu nie enige aandag verdien het nie. Teen die 1950's het antropoloë al hoe meer gefokus op die verhouding tussen kulturele veranderlikes, die psigologiese struktuur van die individu en onderskeidende gedrag. Antropoloë het verder ook gefokus op die "self" as 'n

navorsingsonderwerp (Hallowell 1955:77). Tog was die "self" as 'n teoretiese en analitiese konsep vir 'n groot deel van die twintigste eeu baie min bestudeer: persoonlikheid was die term wat gebruik is in die konteks waar die "self" vanaf die 1990's gebruik is (Erchak 1992:8).

Antropologiese werke tussen die 1950's en die 1970's het van die standpunt uitgegaan dat kultuur 'n vormende invloed het op die self en dat kulturele inhoud 'n belangrike invloed het op psigologiese strukture en prosesse. Werke in hierdie tyd het veral gefokus op temas soos die komponente van identiteit en identiteitsprosesse binne 'n gegewe kultuur. In laasgenoemde verband is veral aandag geskenk aan identiteitsvorming en verandering, die invloed van kultuurverandering op identiteit en die stryd om identiteit te handhaaf en te bevestig, wat onder andere ook die vraag na identiteitsgrense en -merkers aan die orde gestel het (vgl. Robbins 1973).

2.3.2 Resente benaderings, waaronder die postmoderne benadering, tot identiteit

Tot en met die 1970's het die antropologiese benadering tot identiteit 'n duidelike en ondubbelsinnige fokus gehad op die handhawing van die self, wat gedrag en handeling gemotiveer het. Die self, persoon en identiteit is gesien as min of meer sinonieme begrippe. In die laaste dekades van die twintigste eeu het dié eenvoudige siening plek gemaak vir die postmoderne beweging se beklemtoning van mag, agentskap en die opkoms van wat genoem word identiteitspolitiek (Smelser & Baltes 2001:7154). Hierdie tendense het daartoe aanleiding gegee dat identiteit nie meer gesien word as eenvormige skakeling tussen innerlike ervaring en uiterlike erkenning, of as die bereiking van 'n spesifieke ontwikkelingsfase nie.

Vir die uiteindelijke doel om 'n bespreking te bied oor die resente benaderings in antropologie tot identiteit, word daar in hierdie gedeelte eerstens gefokus op die afbakening van die begrip identiteit tot drie begrippe, naamlik self, persoon en

individualiteit (vgl. Poole 1994). Dit is veral nodig omdat daar in die literatuur aansienlik verwarring is rondom die betekenisinhoud van die begrippe en omdat dit selfs deur sommige as sinonieme gebruik word (Poole 1994:841). Voordat daar dus oorgegaan kan word na besprekings oor die resente benaderings van identiteit, is dit nodig om 'n duidelike onderskeid tussen die drie begrippe te tref. Vir hierdie doel word daar op die publikasie van Poole (1994) gefokus, aangesien hy daarop gedui het dat dit moontlik is om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die begrippe self, persoon en individualiteit. Hy maak egter gebruik van die begrippe selfheid (*selfhood*), persoonheid (*personhood*) en individualiteit (*individuality*) as drie dimensies van die konsep identiteit. Vervolgens sal daar oorsigtelik op hierdie drie begrippe gefokus word.

a) Die persoon

Volgens Poole (1994:842), verwys persoonheid na die kulturele vorme en sosiale kragte wat op die individu inwerk om 'n publieke teenwoordigheidsin te bewerk. Kortliks word 'n persoon gekategoriseer op grond van sosiale eienskappe en bevoegdhede en word dit deur 'n bepaalde kultuur geskep, bepaal en omvorm. Dit beteken eerstens dat 'n sosiale posisie of rol aan die persoon toegeken word. Die posisie of rol word gewoonlik bepaal op grond van onder meer ouderdom, geslag, posisie in die gesin en linie, huweliksluiting en ouerskap. Tweedens is daar bepaalde verantwoordelikhede wat aan die sosiale posisies en rolle verbind word. Op hierdie wyse word die mens beperk in sy keuses en moet sy verantwoording doen aan haar samelewing.

b) Die self

Poole definieer die konsep "self" as volg: "The self refers to the perceiving and experiencing ego as it is known to himself or herself" (1994:843). Hiervolgens beleef die individu haarself as 'n onderskeidende "iemand" deur die verloop van haar lewe. George Mead (1962) het byvoorbeeld gesê dat die term self na twee aspekte verwys wat deur twee woorde uit die Engelse woordeskat geïllustreer

word: "Me" verwys na die terugvoer wat ander aan 'n individu oor haarself gee, terwyl "I" verwys na die subjek of outeur van bepaalde gevoelens, motiverings en gedrag. Poole (1994:843) kom tot die gevolgtrekking dat die self, hoewel sy haar innerlike wese ken, altyd onderworpe is aan die persepsies en interpretasie van ander.

c) Individualiteit

Die konsep "individualiteit" word deur Poole (1994:845) gedefinieer as die geïndividualiseerde konstruering van uniekheid binne 'n gegewe kulturele opset. Elke mens het 'n onderskeidende persepsie van die self wat sy deur die verloop van haar lewe gevorm het.

Behalwe die noodsaaklikheid daarvan om 'n onderskeid tussen bogenoemde drie begrippe te tref, is dit ook nodig om te fokus op die invloed wat postmodernisme op benaderings van identiteit gehad het. Die invloed van postmodernisme word eerstens daarin gevind dat individue in die postmoderne wêreld behoort aan verskeie sosiale netwerke en groepe. Hierdie tendens beïnvloed die vorming van identiteit, aangesien selfdefiniëring beïnvloed word deur hierdie sosiale netwerke en groepe. Verder word individue vandag blootgestel aan 'n verskeidenheid keuses wat bydra tot die opbou van identiteit, soos byvoorbeeld die keuse van beroep wat sy wil beklee, die geografiese area waar sy wil woon en die tipe lewenstyl wat sy wil volg (Smelser & Baltes 2001:7163). Hieruit word dit duidelik dat identiteit vandag gekenmerk word deur fragmentasie, alhoewel Mathews (2000:12) meen dat, onderliggend aan hierdie fragmentasie, daar steeds 'n universele basis tot identiteit is. Die individu is dus beide interafhanklik en onafhanklik, losstaande, maar tog 'n deel van ander individue. Die individu word hiervolgens universeel saamgestel deur herinneringe uit die verlede sowel as toekomstige verwagtinge wat gebonde is aan die voortdurend veranderende hede. Identiteit definieer steeds die morele uitkyk van elke individu, in die sin dat individue daartoe in staat is om dit wat vir hulle belangrik is, te bepaal. Die verskil is egter dat 'n individu kan word wat sy wil word, aangesien die toekoms

van individue nie meer hoofsaaklik deur toegeskrewe status in 'n samelewing beheer word nie. Politieke vryheid, opvoeding en ekonomiese ontwikkeling het individue daartoe in staat gestel om tot op 'n punt verantwoordelik te wees vir hulle eie toekoms (Smelser & Baltes 2001:7164).

Giles en Middleton (1999:31) verstaan identiteit enersyds as 'n private denkbeeld van die self, wat bewuste en onbewuste gevoelens, rasionele en irrasionele motiverings, persoonlike oortuigings en waardes insluit, en andersyds as 'n sosiale konstruksie waarbinne gevoelens en motiverings ervaar word. In die verloop van die lewensiklus van die mens, word 'n verskeidenheid van moontlike sosiale posisies aan die individu voorgehou en vorm deel van die mens se ervaring wat byvoorbeeld voortspruit uit die werksomgewing, gesin, seksualiteit, kultuur en ontspanning.

Die belangrikste uitvloeisel van postmodernisme is dat identiteit en gepaardgaande formulerings hierrondom vandag bestaan uit teenstrydighede. Formulerings van identiteit is byvoorbeeld fisies maar ook innerlik, openbaar en tog privaat, direk sigbaar maar ook onkenbaar, universeel en ook besonder. Verder word algemeen aanvaar dat daar meer as een tipe self is, naamlik die werklike self, ideale self, self as agent en self as objek. Kennis rondom die self word op veelvuldige wyses verkry, soos byvoorbeeld die vyf wyses genoem deur Smelser en Baltes (2001:7156), naamlik

- a) Die *ekologiese self*, die ek soos omvorm deur die fisiese omgewing.
- b) Die *interpersoonlike self*, soos ervaar deur emosionele kommunikasie en die wyse waarop die individu optree tydens spesifieke interaksies.
- c) Die *verlengde self*, gebaseer op herinneringe en verwagtinge. Die "ek" wat sekere dinge in die verlede gedoen het en wat dit moontlik weer in die toekoms kan doen.
- d) Die *private self*, ervaar as die bewustheid van die self wat verborge is vir ander persone.

- e) Die *konsepsuele* self, die rykheid van konsepte waaruit die individu, volgens haar oortuiging, bestaan. Volgens Ritzer (2005:390), is kennis rondom die konsepsuele self gegrond op en voortspruitend uit sosiale rolle, soos die van 'n polisieman, dokter, moeder, of breë sosiale kategorieë van gender, ras, etniese en nasionale affiliasies.

Samevattend kan daar genoem word dat die pre-postmoderne benaderings tot identiteit 'n duidelike en ondubbelsinnige fokus gehad het. Identiteit is gesien as 'n eenvormige skakeling tussen innerlike ervaring en uiterlike erkenning, of as die bereiking van 'n spesifieke ontwikkelingsfase. Onder die postmoderne invloed is daar besef dat identiteit enersyds te doen het met 'n private denkbeeld van die self en andersyds met 'n sosiale konstruksie binne die konteks van verskeie sosiale netwerke en groepe en individuele keuses. Daar is toenemend besef dat die drie begrippe self, persoon en individualiteit, onderskeidende dimensies van identiteit uitmaak en dat dit belangrik is om op al drie te fokus.

Hierdie studie word in 'n mate beïnvloed deur postmodernisme, in die sin dat dit in ag geneem word dat die individu van vandag blootgestel word en behoort aan 'n verskeidenheid sosiale netwerke en groepe. Die individu maak in 'n groot mate keuses (uit dit wat voorgehou en aangebied word deur onder andere die massamedia) en is baie meer aktief in die vorming van haar eie identiteit. Verder nog word dit in ag geneem dat hierdie faktore 'n invloed het op beide die private en die sosiale konstruksie van 'n individu se identiteit. Tog, dit ten spyte, word 'n individu beperk deur die kulturele groep waaraan sy behoort.

2.3.3 Verband tussen kulturele identiteit en etnisiteit

In hierdie gedeelte is die fokus op 'n uitgebreide bespreking van die konsep etnisiteit met die oogmerk om hieruit 'n vergelyking te tref tussen kulturele identiteit en etnisiteit. 'n Verder oogmerk is om te motiveer waarom kulturele identiteit eerder as etnisiteit in hierdie studie as fokus gekies is. Die intellektuele geskiedenis van die konsep "etnisiteit" is, volgens Barnard en Spencer

(2006:190), relatief kort. Voor die 1970's het antropoloë oor die algemeen min belangstelling getoon in die navorsing van etnisiteit. Die gevolg hiervan was dat antropologiese literatuur feitlik geen melding daarvan gemaak het nie en dat antropologiese handboeke geen definisies daarvan gegee het nie.¹⁶ Sedert die 1970's het die konsep etnisiteit belangriker geword in antropologiese kringe, deels as 'n reaksie op veranderende postkoloniale toestande en deels onder invloed van aktivisme onder etniese minderheidsgroepe in baie industriële samelewings. Teorieë van etnisiteit is uitgebrei en die fokus is geplaas op verskynsels soos byvoorbeeld sosiale en politieke verandering, identiteitsvorming, sosiale konflik, rasseverhoudings, nasiebou en assimilasië (Barnard & Spencer 2006:190).

Etnisiteit is in die een en twintigste eeu een van die belangrike fokusgebiede in antropologiese navorsing. Hoewel daar soms hewige argumente rondom die aard van die onderwerp en die geskikste teoretiese raamwerke gevoer word, is daar tog algemene akkoord dat etnisiteit in wese te doen het met groepsklassifisering en groepsverhoudings. In hierdie sin verwys etnisiteit na die verhoudings tussen lede van groepe wat hulleself definieer, en deur ander beskou word, as 'n onderskeidende sosiale groep (vgl. Eriksen 2002:4). Dis egter moeilik om etnisiteit te definieer sonder om oorweging te skenk aan die teoretiese benaderings daartoe. Drie teoretiese raamwerke word in antropologiese studies oor etnisiteit onderskei, naamlik: die primordiale, die instrumentele en die opponerende benadering (De Beer 1998). Inleidend tot 'n bespreking van hierdie drie benaderings sal daar eerstens drie definisies aangebied word wat die onderskeie uitgangspunte van elk van hierdie benaderings beklemtoon.

Coertze (1979:63) definieer etnisiteit aan die hand van die primordiale benadering as:

¹⁶ Volgens Winthrop (1991:94) was die enigste uitsondering die nasionale karakterstudies van die Amerikaanse psigologiese antropologie wat in die 1940's gewild was.

“'n Groep mense van albei geslagte en van alle ouderdomme wat oor 'n lang tydperk (dit wil sê met insluiting van 'n deel van hulle voorsate en heengegane geslagte) saamgewoon het, sodat hulle in ooreenstemming met hulle geestes- en fisieke krag en onderhewig aan faktore wat in tyd (histories) en in ruimte (geografies) op hulle ingewerk het, 'n eie onderskeidende kultuurpatroon (gemeenskaplike eenheidslewendegestalte in sy totale omvang) totstand gebring het, sodat ook hulle hulleself op grond daarvan as 'n afsonderlike entiteit teenoor ander dergelike entiteite voel en sien, terwyl hulle hulleself onderling ook nouer verbonde voel. Vir die lede van so 'n etnos is 'n bepaalde grondgebied ook hulle tuiste: Dus 'n vaderland, 'n moederland, 'n tuisland.”

Sharp (1988:80) definieer etnisiteit aan die hand van die instrumentele benadering as:

“the pursuit of political goals – the acquisition or maintenance of power, the mobilization of a following – through the idiom of cultural commonness and difference”.

Eriksen (2002:12) definieer etnisiteit aan die hand van die oponerende benadering as:

“an aspect of social relationship between agents who consider themselves as culturally distinctive from members of other groups with whom they have a minimum of regular interaction”.

Uit bogenoemde definisie van Coertze (1979), is dit duidelik dat die primordiale benadering klem lê op die kulturele, sowel as emosionele faktore wat etnisiteit onderlê. Etnisiteit word as 'n natuurlike en basiese samelewingsvorm gesien wat gekenmerk word deur gedeelde afkoms, 'n eie geskiedenis, taal, godsdiens en kultuur as die eienskappe wat 'n etniese groep identifiseer. In die vorming van etniese identiteit en groepsaanhorigheid, word kultuur as die enigste unieke etniese eienskap beskou. Die ander nie-unieke eienskappe word in wisselende

mate met kultuur gekombineer. 'n Latere verfyning van hierdie benadering het aangevoer dat etnisiteit kognitief saamgestel word omdat die individue subjektief en emosioneel 'n keuse maak om tot 'n bepaalde groep te behoort (vgl. De Beer 1998; Nel 1991:12). Kritiek teen hierdie benadering is egter dat 'n etniese groep nie 'n "intrinsieke grond en bestaansreg/waarde" in sigself het nie en dat daar dus nie basiese eienskappe bestaan, met behulp waarvan 'n etniese groep geïdentifiseer of bestudeer kan word nie (vgl. Nel 1991:12; Sharp 1988:81).

Die kritiek het gelei tot die instrumentele benadering wat die uitgangspunt huldig dat die ontstaan van 'n etniese groep en etniese bewustheid die resultaat is van byvoorbeeld ekonomiese en sosiale faktore. In die stryd om skaars hulpbronne, of met die oog daarop om politieke mag te bekom, groepeer 'n etniese groep om die ekonomiese en politieke belange van die groep te bevorder (Nel 1991:12). 'n Verdere belangrike uitgangspunt van hierdie benadering is die oortuiging van die individu dat sy deel is van 'n groep wat kultureel uniek is en daarom deel aan 'n gemeenskaplike band. Dit gaan dus nie oor die werklike bestaan van kulturele uniekheid nie, maar eerder oor die oortuiging van kulturele uniekheid.

In toepassing van die instrumentele benadering het Posel (in Sharp 1988:81) daarop gewys dat die Afrikaner as groep gebind is deur gedeelde waardes en oortuigings. Hierdie waardes en oortuigings het beginsels daargestel, "according to which the moral and social meaning of apartheid policies was interpreted and justified, and the identity of white subjects was constituted. Political, economic, social, cultural and sexual segregation were cast as divinely ordained, historically vindicated and the foundation of a just and harmonious society." Verder is hy daarvan oortuig dat die mobilisering van die Afrikaner in hierdie tyd as instrument gedien het om hulpbronne of politieke mag te bekom, met die uitsluitlike doel om die Afrikaner se ekonomiese en politieke belange te bevorder: "Being white' meant being socially and culturally distinct, politically and economically privileged and physically segregated from those who were not" (Posel in Sharp 1988:81).

Die derde benadering, naamlik die opponerende benadering, streef daarna om 'n sintese teweeg te bring tussen die twee eersgenoemde benaderings. Voorstanders van hierdie benadering argumenteer dat die affektiewe/emosionele komponent, wat voorgestel word deur die primordiale benadering, onontbeerlik is vir enige manifestering van etniese identiteit. So 'n manifestering van etniese bewussyn gebeur nie willens en wetens nie, maar word voortgebring deur spesifieke omstandighede, soos byvoorbeeld wanneer 'n groep se identiteit bedreig word. 'n Etniese bewussyn word dus bewustelik gemobiliseer om sekere doeleindes te bereik (instrumentele benadering) (De Beer 1998). Volgens De Beer (1998), impliseer dit dat etnisiteit somtyds latent teenwoordig is en slegs opvlam wanneer 'n etniese groep bedreig word of wanneer die lede hulself mobiliseer om spesifieke doelwitte te bereik. Die manifestering van identiteit kan verander, afhangende van die merker of fokus wat die beste moontlikheid tot sukses in 'n spesifieke situasie bied.¹⁷

Uit die voorafgaande bespreking rondom identiteit en etnisiteit is dit duidelik dat daar ooreenkomste is tussen die twee konsepte. Uit 'n vergelyking tussen identiteit en etnisiteit, kom die volgende aan die lig: Die eerste ooreenkoms tussen kulturele identiteit en etnisiteit is dat beide nadruk plaas op groepsaanhorigheid en die invloed van kultuur. Die groepsaanhorigheid betrokke by etnisiteit kom tot stand wanneer die individu identifiseer met 'n bepaalde sosiale groep – dit wil sê sy ervaar “*n gevoel van behoort aan*”. In hierdie proses word sekere ander groepe/individue uitgesluit, as 'n direkte gevolg van hierdie affiliasie. 'n Individu bind haarself dus aan 'n etniese groep en deel ooreenkomstig sekere kulturele elemente soos opvattinge, waardes, gebruike en norme op grond van 'n gedeelde agtergrond (vgl. Kottak 2006:290). Groepsaanhorigheid deur kulturele identiteit is geleë daarin dat daar 'n kollektiewe kant is aan identiteit wat die individu se beeld van haarself beïnvloed. Hiervolgens word die self voortdurend gekondisioneer deur interaksie met ander

¹⁷ Hierdie merkers kan wissel tussen kulturele aspekte soos herkoms, taal, godsdiens en musiek (De Beer 1998).

(vgl. Mathews 2000). 'n Individu se belewenis van identiteit vind dus plaas binne 'n spesifieke gemeenskap en op 'n spesifieke tyd. Die wyses waarop 'n individu optree en haarself ervaar word gevorm deur die sosiale omgewing, asook deur haar verhouding met ander (Giles & Middleton 1999:37).

Om die invloed van etnisiteit en identiteit op die individu te verduidelik, kan taal as 'n voorbeeld gebruik word. In die geval van etnisiteit, sal Afrikaans byna outomaties as een van die merkers gebruik word om etniese grense te stel en aan die individu 'n basis bied om met 'n spesifieke etniese groep te identifiseer. Afrikaans speel egter ook 'n rol in die vorming van die kulturele identiteit van 'n individu. Eerstens leer die individu die taal aan deur die enkulturasie-proses. Die persoon bekom 'n woordeskate en uitsprake wat kenmerkend van 'n gesin en streek is en sodoende 'n sosiale posisie aan haar gee. Terselfdertyd beskik die individu oor 'n persoonlike taalvermoë en miskien 'n skryftalent wat uniek aan haar is.

'n Tweede punt van vergelyking is die klem op kultuur by beide die konsepte wat voortspruit uit die gedagte dat lede van 'n etniese groep hulleself definieer as anders en uniek op grond van sekere kulturele elemente wat eie is aan daardie bepaalde etniese groep (Kottak 2006:290). Die invloed van kultuur op kulturele identiteit is egter baie meer omvattend, aangesien die individu as totale mens (persoonlik en sosiaal) gevorm word. Die verskeidenheid van kulturele posisies (byvoorbeeld kind, jongmens, ouer, volwassene of bejaarde) waaraan die individu deel het, is byvoorbeeld 'n illustrasie van die omvang.

Die redes waarom daar in hierdie studie voorkeur gegee word aan kulturele identiteit is die volgende: Ten eerste is die begrip kulturele identiteit meer omvattend, aangesien kulturele identiteit fokus op persoonlike en kollektiewe dimensies, terwyl etniese identiteit hoofsaaklik die kollektiewe aard van identiteit beklemtoon. Vanweë die feit dat kulturele identiteit beide persoonlike en sosiale dimensies aanspreek, is die uitgangspunt dat kulturele identiteit vroeër en langer

reeds by kinders vasgelê word. Die proses van sosialisering gee daarom 'n dieperliggende identiteit aan die mens wat altyd 'n bepalende krag in die individu se lewe is. Etnisiteit aan die ander kant verteenwoordig 'n doelbewuste keuse. In moderne samelewings is etniese affiliasie merendeels latent teenwoordig en sal dit slegs opvlam wanneer die groep bedreig voel of lede hulself mobiliseer om 'n spesifieke ekonomiese of politieke doel te bereik (vgl. De Beer 1998).

Ten tweede word voorkeur aan kulturele identiteit gegee aangesien dit die doelstelling van die studie is om hoofsaaklik op vroue van Orania te fokus. Hierdie beklemtoning verskuif die teoretiese aandag van die etniese na die studieterrein van gender. Analities is dit moontlik om vroue se kulturele identiteit - dit wil sê haar vrouwees en sosiale rolle binne die huwelik, gesin en gemeenskap - te skei van etniese bindinge en alles wat emosioneel daarmee verband hou. Daarmee word egter nie ontken dat, veral in die geval van Orania, die vroue se etniese affiliasie nie ook 'n invloed kan hê op hoe hulle hul vrouwees beleef nie.

2.4 GENDER

2.4.1 Historiese oorsig

Antropologie het vir jare bekend gestaan as 'n dissipline waarin 'n hele aantal vroue praktiseerders, waaronder Margaret Mead en Ruth Benedict, bekendheid verwerf het (Levinson & Ember 1996:488). Feministiese antropologie het egter as 'n studieterrein met gemeenskaplike uitgangspunte en groeiende navorsingsliteratuur, eers in die mid-1970's in kulturele antropologie te voorskyn getree, met die publikasies "*Women, Culture, and Society*" (Rosaldo en Lamphere 1974) en "*Toward an Anthropology of Women*" (Reiter 1975).¹⁸ Volgens Levinson en Ember (1996:488), het hierdie nuwe veld gegroei tesame met die verskuiwing van feministe se aandag vanaf kritiek op die androsentriese

¹⁸ Feministiese antropologie het volgens Moore (1988:187) uit die 'antropologie van vroue' van die 1970's ontwikkel.

vooordeel binne antropologiese kringe tot meer partikularistiese en historiese gegronde studies wat gender in die sentrum van analise geplaas het. Volgens Moore (1988:187) lê die grootste bydrae van feministiese antropologie tot die dissipline in die ontwikkeling van teorieë oor genderidentiteit en die kulturele konstruksie van gender. 'n Verdere belangrike bydrae van feministiese antropologie is geleë in die herdefiniëring van die konvensionele klassifisering van veldwerk, kultuur en die self, wat daartoe gelei het dat die metodologiese en epistemologiese weë van antropologie aansienlik gewysig is (Aggarwal 2000:19).

2.4.1.1 Hoofstrome binne feministiese antropologie

Feministiese antropologie het aan die begin van die 1970's in sy eerste fase (1972-1976) bekend gestaan en ontwikkel uit die antropologie van vroue. Die antropologie van vroue beweging het standpunt ingeneem teen manlike vooroordeel en die feit dat vroue en hul aktiwiteite as studie-onderwerpe binne die dissipline afgeskeep is. Daar is geglo dat 'n antropologie van vroue deur vrouwenavorsers die vooroordele van 'n manlik-gedomineerde dissipline sou uitwis en dat die verskuiwing van etnografieë na ervaringsgebaseerde narratiewe meer outentieke diskoerse oor vroue sou bied (Aggarwal 2000:17).

In 'n poging om kruis-kulturele verduidelikings te gee aangaande die status van vroue, het hierdie vroeë stroom die standpunt gehuldig dat vroue se onderdrukking universeel is (Lamphere 1987:17). In hulle soeke na teoretiese raamwerke om genderongelykheid te bestudeer, het feministiese antropoloë gedurende die 1970's hulself gewend tot die vroeëre werke van vroue antropoloë. Hulle het gevind dat vroue antropoloë soos Alice Fletcher, Cox Stevenson, Elsie Clew Parsons, Ruth Landes, Gladys Reichard en Ruth Benedict voor die 1970's reeds verskeie lewensgeskiedenis en etnografieë oor vroue onderneem het en dat hierdie werke gewissel het van eenvoudige beskrywings oor die vrou (as deel van die holistiese beskrywing van kulture) tot studies wat gepoog het om genderstereotipes verkeerd te bewys (Aggarwal 2000:17; Visweswaran 1997:601-602). Alice Fletcher en Cox Stevenson het

byvoorbeeld ekstensiewe etnografiese werke oor die genderrolle van Amerikaanse Inheemse vroue en kinders gelewer. Elsie Clews Parson het weer deur haar etnografiese werke die patriargale stelsel op die voorgrond geplaas en geslagsongelykheid ondersoek deur te fokus op die wyse waarop vroue in verskillende samelewings behandel is. Hulle het ook gevind dat Margaret Mead, met haar etnografiese werke, *"Coming of age in Samoa"* (1928) en *"Sex and Temperament in Three Societies"* (1935), alreeds vroeër 'n onderskeid getref het tussen biologiese geslag en sosiale genderrolle (Visweswaran 1997:601).

Hierdie werke van die vroeë feministiese antropoloë het 'n analise van geslagsasimmetrie voorgehou ter verduideliking van die universele onderdrukking van vroue. Hulle het veral gefokus op temas soos sosiale struktuur, kultuur en sosialisering, ter verduideliking van die universele onderdrukking van vroue (Levinson & Ember (1996:489). Die argument was dat die onderdrukking van vroue nie die produk van die natuur is nie, maar eerder die produk van 'n aantal sosiale faktore. Dit is byvoorbeeld die sosiale en kultureel gedefinieerde rol as moeder (as die een wat geboorte skenk en die primêre versorger en opvoeder is) wat die basis vir onderdrukking sou voorsien. Beide Rosaldo en Ortner se analyses het teoretiese digotomieë soos privaat/publiek, natuur/kultuur, en manlik/vroulik as 'n lens gebruik om onderdrukking te ondersoek (Levinson & Ember 1996:489; Smelser & Baltes 2001).

Later het 'n hele aantal feministiese antropoloë die standpunt dat vroue universeel onderdruk word, asook die bruikbaarheid van teenstellings soos privaat/publiek en natuur/kultuur begin bevraagteken (Levinson & Ember 1996:489). Alice Schlegel en Jean Briggs het byvoorbeeld geargumenteer dat vroue- en mansrolle in baie versamelaarsgemeenskappe komplementêrend en gelyk is. Ander het voorgestel dat die teenstelling tussen publiek/privaat nie in alle kulture voorkom nie. Verder was die argument dat die digotomieë in

werklikheid 'n Westerse kategorisering met 'n eiesoortige ontwikkeling binne die Westerse geskiedenis weerspieël (Levinson & Ember 1996:489).

Die aanvang van die tweede fase (1976-1981) word daardeur gekenmerk dat sommige van die idees wat in die eerste fase geformuleer is, verder uitgebou is om verskillende gemeenskappe te vergelyk (Lamphere 1987:18). Verder is daar begin fokus op man/vrou verhoudings eerder as net op die status van vroue. Die klem van navorsing in die tweede stroom het dus verskuif vanaf die 'studie van vroue' na die 'studie van gender' (Moore 1988:11). Met die verskuiwing het nuwe benaderings en terreine van teoretiese ondersoeke na vore gekom. Gender is byvoorbeeld in hierdie stroom gesien as die fundamentele lens van feministiese analise en nie net as nog 'n veranderlike in die holistiese beskrywing van kulture nie (Aggarwal 2000:17). Gender is hoofsaaklik in universele verband verstaan, met die gevolg dat die idee van 'n universele susterskap na vore getree het met die aanname dat vroue reg oor die wêreld dieselfde ervarings deel (Aggarwal 2000; Visweswarren 1997:594). Vrae rondom die universele onderdrukking van vroue het minder belangrik geword, ten gunste van die vestiging van raamwerke wat dit ten doel gehad het om uiteenlopende vrouerolle binne spesifieke gemeenskappe te ondersoek en om meer gesofistikeerde wyses te vind om gemeenskappe met mekaar te vergelyk. Drie benaderings is volgens Lamphere (1987) kenmerkend van hierdie fase, naamlik:

- a) Marxistiese benaderings wat die verhoudings tussen mans en vroue verduidelik het in terme van produksie en reproduksie (byvoorbeeld Karen Sacks);
- b) Modelle van genderverhoudings soos dit in die huwelik na vore kom (byvoorbeeld Rosaldo en Collier); en
- c) Modelle wat gefokus het op prestige hiërargieë as die sentrale punt van analise (byvoorbeeld Ortner en Whitehead) (Lamphere 1987:18).

Die derde fase, vanaf ongeveer 1980, word hoofsaaklik gekenmerk deur kritiek teen die aanname van universele susterskap (Aggarwal 2000:18). Die impak

van ras, klas en seksuele oriëntasie was onder andere deur hierdie aanname geïgnoreer. Daar is besef dat veranderlikes wel tot verskillende strukturele en kulturele beperkinge lei in die lewe van vroue en hul ervarings as vroue (Levinson & Ember 1996:491). Die bevinding was dus dat gender nie as 'n vanselfsprekende realiteit gesien kan word nie, maar dat dit bestudeer moet word met verrekening van die sosiale, politieke en ideologiese konteks, sowel as teen die agtergrond van historiese sosiale, kulturele en ekonomiese perspektiewe (Smelser & Baltes 2001:5916).

'n Verdere standpunt wat deur die derde stroom gehuldig word, is dat geslag, en nie net gender nie, 'n kulturele konstruksie is. Hierdie standpunt is daarop gebaseer dat geslag en gender as sogenaamde universele begrippe, net soos die binêre kategorieë natuur/kultuur en publieke/private, nie toepaslik is in kruiskulturele navorsing nie, omdat biologiese liggame, fisiologiese prosesse en liggaamsdele dikwels nie betekenis het buite die kulturele konstruksies daarvan nie. Daar is dus geredeneer dat seksuele omgang en menslike voortplanting nie net fisiologiese prosesse is nie, maar ook sosiale aktiwiteite (Moore 1988:187).

Verder was daar 'n groeiende tendens in die derde stroom om vroue te sien as aktiewe agente, eerder as passiewe pionne in manlik-gedomineerde strukture; om oorweging te skenk aan die strategieë wat vroue gebruik om binne die heersende realiteit van hulle lewens en samelewing die toestande te manipuleer en daarbinne te werk; en die besef dat om uitsluitlik te fokus op die vrou as eggenoot en moeder, lei tot die oorbeklemtoning van die beperkinge van vroue se mag en sfeer van optrede (Mukhopadhyay & Higgins 1988:462).

Teen die 1990's het feministiese antropologie meer divers geraak - nie net in terme van teoretiese perspektiewe nie, maar ook in terme van die stemme en ervarings wat verteenwoordig is. Baie van die kritiek en veranderinge in feministiese antropologie tydens die laat 1980's het plaasgevind as gevolg van die dialoog onder en tussen feministe en post-moderniste. Die debat rondom

postmodernisme het feministe bewus gemaak van die koloniale erfenis van die dissipline, van hulle posisie as Westerse, wit en oor die algemeen middelklas waarnemers, asook van die problematiek daaraan verbonde om die ondersoekgroep as objekte, eerder as subjekte en medewerkers, te hanteer (Levinson & Ember 1996:491).

Vervolgens is daar in die derde stroom gefokus op 'n onderskeidende epistemologie, 'n uitgesproke etiek, 'n anti-positivistiese benadering en op kwalitatiewe metodes, waarvan lewensgeskiedenis die belangrikste tegniek uitmaak (vgl. Barret 1996:164-165). Navorsing is gekenmerk deur samewerking en dialoog, waar navorsers hul eie subjektiewe ervaring van onderdrukking deel gemaak het van die navorsingsprojekte. Die etiek waarop feministiese antropologie aanspraak gemaak het, was die bemagtiging van vroue en om onderdrukking uit te skakel (Barret 1996:164). Neutraliteit, selfs al was dit moontlik om dit te bereik, is verwerp, aangesien feministiese navorsing die belange van die vrou vooropstel. Die beeld van 'n geordende wêreld, afkomstig van die positivisme en die logiese modelle wat gebruik is in die verlede, is vervang deur onvolledige en gefragmenteerde etnografieë. Kwalitatiewe navorsing wat empatie, subjektiwiteit en dialoog beklemtoon, het die navorser toegelaat om meer van die binnewêreld van die vrou te verstaan. Lewensgeskiedenis-optekening is veral aangewend om die invloed van institusionele en historiese kragte, soos deur individue ervaar, te ondersoek (Barret 1996:164).

2.4.2 Relevante temas vir hierdie studie

2.4.2.1 Gender, geslag en seksualiteit

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking is die vraag watter temas uit die feministiese antropologie relevant is vir hierdie studie. Die temas geslag, gender en seksualiteit is sekerlik die mees sentrale idees wat die feministiese beweging tot die antropologie bygedra het. In hierdie studie word geslag gesien as die

biologiese verskille tussen mans en vroue, veral die sigbare verskille met betrekking tot genitalieë, gelaatstrekke en fisiese bou. Gender word gedefinieer as 'n kulturele konstruksie wat 'n gemeenskap skep om betekenis te gee aan biologiese en fisiese verskille (vgl. Nanda & Warms 2007:260).¹⁹ Seksualiteit hou verband met die biologiese, psigologiese en kulturele faktore wat saamspan om 'n individu as manlik of vroulik te tipeer (vgl. Barfield 1997:422).

Moore (1994:815) huldig die standpunt dat die begrip van geslag, net soos die genderkonsep, binne 'n bepaalde kulturele opset betekenis kry en onderworpe is aan interpretasie en herinterpretasie in die konteks van spesifieke diskoerse. Betsy Lucal (1999:786) illustreer hierdie standpunt deur haar beskrywing van die wyse waarop haar fisiese bou en gelaatstrekke, in haar kulturele opset, as manlik geïnterpreteer word. Sy beskryf haarself as: "I am six feet tall and large boned. I have had short hair for most of my life... I do not shave or otherwise remove hair from my body (e.g. no eyebrow plucking)...My only jewellery is a class ring, a "men's" watch (my wrists are too large for a "woman's" watch)...I prefer baggy clothes, so the fact that I have "womanly" breasts often is not obvious (I do not wear a bra)...". As gevolg van hierdie fisiese eienskappe word sy oor die algemeen hanteer asof sy 'n man is: "I sometimes conclude, based on our interactions, that they think I am a man". Alhoewel hierdie 'n ekstreme voorbeeld is dien dit tog in die doel om daarop te dui dat begrippe van geslag ook kultureel beïnvloed word.

Die wyses waarop daar in 'n spesifieke samelewing gedink word oor geslag en die kulturele inhoud wat daaraan gegee word is sentraal tot hierdie studie, want alhoewel die kategorie vroulik in meeste gevalle 'n biologiese gegewe is, word die inhoud wat geheg word aan hierdie veranderlike, kultureel voorgeskryf. Hierdie kulturele inhoud word aangeleer tydens die kinderjare en vorm 'n essensiële kern van persoonlike identiteit (deurdat die vrou identifiseer en sin uitmaak van haar identiteit as eers 'n dogter en daarna 'n vrou) en het 'n invloed

¹⁹ Vergelyk paragraaf 1.4.3 in hoofstuk 1.

op die vorming van identiteit (die kulturele verwagtinge van wat dit behels om 'n man of 'n vrou in 'n bepaalde gemeenskap te wees).²⁰

Gender beïnvloed die vorming van identiteit deurdat 'n jong dogter geleidelik subjektiewe bewustheid van self en persoon bekom. Gondon en Stern (1993:384) noem in hierdie verband dat genderidentiteit gevorm word wanneer betekenisvolle fisiese en hormonale veranderinge tydens puberteit plaasvind. In die proses probeer dogters om die implikasies van geslagsdifferensiasie te peil en hulself as vroulik te bevestig. Hierdie fisiese ryppwordingsproses gaan gepaard met nuwe gepaste gedrag wat aangeleer moet word en sosiale verwagtinge van ander lede binne 'n gegewe groep.

Erchak (1992:61) noem dat die vorming van genderkategorieë die duidelikste voorkom en meer intens is in die proses van wat hy noem sekondêre sosialisering tydens puberteit. Sekondêre sosialisering hou vir hom 'n inisiasieproses in wat behels "any commencing, or an induction into society. The acquisition of physiological secondary sex characteristics, along with gender typed behaviors and roles, ...marks the beginning of adulthood, specially... womanhood and the ending of childhood. The novice adults are also being inducted into society as citizens with full rights and duties".

'n Voorbeeld van gedrag wat verband hou met geslag word aangetref in die Verenigde State waar daar in die verlede neergekyk is op aggressiewe gedrag van die vrou in die werksopset, terwyl aggressiewe en kompeterende gedrag deur mans aanvaarbaar was (Erchak 1992:56). 'n Verdere voorbeeld is die gepaste gedrag wat gekoppel was aan die "volksmoeder" ideaal van die Afrikanervrou na 1902. Hierdie "volksmoeder" ideaal het 'n model voorgeskryf van die gedrag van Afrikanervroue. Van der Watt (1996:75) noem dat die fokus

²⁰ Moore (1994:36) maak byvoorbeeld daarvan melding dat as dit kom by die antropologiese studie van identiteit dit belangrik is om op beide gender en identiteit te fokus aangesien konsepte rondom die persoon en die self verbind is aan gender. Gender vorm byvoorbeeld 'n kritieke veranderlike in die raamwerk van self-identiteit en is 'n essensiële kern van persoonlike identiteit.

geplaas is op die volgende kenmerkende gedrag: "Sedelikheid, passiwiteit in tye van swaarkry, deugdelike versorging en beskerming van kinders en 'n bron van krag en inspirasie vir die verslane nasie (Afrikaners)".

Hierdie "volksmoeder" ideaal het egter ook sekere verwagtinge aan die Afrikanervrou gestel naamlik 'n uitsluitlike rol as vrou en moeder (beide binne die huishouding en vir die "volk"). Van der Watt (1996:76) noem byvoorbeeld dat daar 'n assosiasie gevind word tussen Afrikanervroue van daardie tyd en "babas, kinders en die sieke en brose".

Sentraal tot 'n kultuur se konstruksie van geslag is altyd 'n verwysing na seksualiteit – die tipering van manlikheid en vroulikheid - wat volgens Nanda en Warms (2007:266) 'n kombinasie uitmaak van identiteit en erotiese aktiwiteite, gebruike en begeertes. Kulturele sienings van seksualiteit is in die verlede gebruik om verskillende genderideologieë te ondersteun waarin die sosiale beheer oor vroue se seksualiteit sentraal is (Nanda & Warms 2007:266). Hierdie beheer het onder andere die vorm aangeneem van die uitsluiting van vroue; kulturele nadruk op eer en skaamte (wat verwant is aan vroulike seksualiteit); en beheer deur mans, die staat of georganiseerde religie oor aspekte van die huwelik, egskeiding, owerspel en aborsie. Beheer word ook oor vroue uitgeoefen deur mediese/wetenskaplike definisies oor dit wat as 'n normale of patologiese samestelling van vroue liggaamlike prosesse en seksualiteit gesien word (Nanda & Warms 2007:266).

2.4.2.2 Sosialisering, enkulturasie en gender

In paragraaf 2.4.2.1 is daar 'n bespreking aangebied oor die wyse waarop gender die vorming van identiteit beïnvloed en genderidentiteit tydens die fisiese rypwordingsjare aangeleer word. Besprekings in hierdie gedeelte is meer omvattend aangesien daar spesifiek gekyk word na sosialiserings- en enkulturasie metodes wat bydra tot die vestiging van genderidentiteit. Sosialisering word volgens Poole (1994:831) gedefinieer as die stel verwagtinge

wat aan die mens gestel word deur 'n bepaalde gemeenskap om aanvaarbaar vir die sosiale groep te wees. Enkulturasie word gedefinieer as die aanleerproses binne 'n unieke kultuur. Beide hierdie prosesse is vervleg met mekaar, maar is tog analities skeibaar. Vir doeleindes van hierdie studie word hierdie twee begrippe egter as sinonieme van mekaar gebruik.

Sosialisering van genderidentiteit word grootliks beïnvloed deur kinderopvoedingspraktyke. In kulture waar sosialisering sterk klem plaas op genderverskille word seuns byvoorbeeld onder druk geplaas deur hulle ouers om meer aggressief op te tree terwyl daar van meisies verwag word om meer verantwoordelik, gehoorsaam en versorgend te wees. Leer vind plaas deur subtiele meganismes soos die uitdeel van werkies; die aanmoediging van sekere speletjies; die rowwe of sagte hantering van 'n kind deur ouers; die tipe aandag wat 'n ouer aan 'n kind gee; of die tyd wat 'n kind spandeer in verskillende omgewings wat verskillende tipe gedrag voorskryf (Levinson & Ember 1996:521).

Die aanleer van gepaste gedrag deur middel van gender-gebaseerde werk is volgens Gondon en Stern (1993:385) een van die effektiefste wyses waardeur jongmense genderrolle aanleer. Die uitvoering van sekere take vorm die sosiale gedrag van jong meisies en seuns. Eerstens, omdat die spesifieke gedrag wat vereis word in die uitvoering van sekere toegeskrewe take oorgedra word na ander gedragsdomeine. Die jongmeisie wat byvoorbeeld die verantwoordelikheid gegee is om haar jonger broers en susters te versorg, is meer versorgend in die algemeen in al haar sosiale interaksies. Tweedens, die jong persoon aan wie sekere take toegeskryf is, sal waarskynlik identifiseer met en die gedrag van die spesifieke volwassene navolg (Gewoonlik die ouer wat van dieselfde geslag is as die jong kind). Derdens, jongmense aan wie gender-gepaste take toegeskryf word kan moontlik optree volgens die verwagtinge van hulle ouers en ander volwassenes (Gondon en Stern 1993:385).

2.4.2.3 Genderrolle, status en genderhiërargie

Die belangstelling van antropoloë in manlike oorheersing en vroue se onderdrukking het daartoe gelei dat antropologie in die laaste drie dekades gefokus het op genderrolle, die status van vroue en op genderhiërargie (Levinson & Ember 1996; Moore 1988; Mukhapadhyay & Higgins 1988; Nanda & Warms 2007:272). Studies het veral die volgende ondersoek: betekenisvolheid van vroue se rolle as moeders, susters, eggenote en dogters; vroue se ekonomiese bydraes; vroue se rolle in die skepping van simboliese en kollektiewe wêreld binne die konteks van ideologieë van manlike oorheersing; die bronne van vroue se mag en invloed en die ontwikkeling van vroue se identiteit (Nanda & Warms 2007:272).

Vir doeleindes van hierdie studie word genderrolle gedefinieer as die kulturele verwagtinge wat daar op mans en vroue in 'n spesifieke samelewing geplaas word en wat volgens Nanda en Warms (2007:273) die sogenaamde "natuurlike" vermoëns van mans en vroue beklemtoon. So word sekere beroepe, verskille in temperament en persoonlikheid, gepaste gedrag en houdings van mans en vroue teenoor hulleself en ander aan gender verbind. In hoogs gestratifiseerde kapitalistiese samelewings van die negentiende eeu, soos die van Victoriaanse Europa en die Verenigde State, het die vrou haarself byvoorbeeld in die huishoudelike omgewing bevind, terwyl die man homself in die openbare wêreld bevind het. In die huishoudelike omgewing was vroue veronderstel om hulself besig te hou met huislike take, om hulle seksualiteit te onderdruk, om kinders te baar en om 'n ondergeskikte en afhanklike rol te aanvaar. In baie nie-Westerse samelewings was die situasie egter heeltemal anders aangesien die huishoudelike omgewing, familie, ekonomie en politiek nie maklik skeibaar was nie. Die private/publieke digotomiteit was dus nie van toepassing op baie nie-Westerse lande nie (Nanda & Warms 2007:273).

Status verwys oor die algemeen na 'n individu se sosiale posisie of rang binne 'n gegewe groep (Ritzer 2005:794). Elke kultuur gee 'n bepaalde inhoud aan die

posisie van manlik of vroulik en bepaal die aard van hul onderlinge verhouding, asook hul paslike gedrag. Heelwat studies word gevind wat daarop dui dat die status van vroue in baie samelewings laer as die van mans is. Moore (1988) het byvoorbeeld in haar navorsing onder die Marakwet van Kenia gevind dat mans 'n dominante posisie vir hulleself toeëien en vroue in 'n ondergeskikte, juridies minderjarige posisie plaas. Marakwet-mans sê byvoorbeeld van vroue: "vroue is soos kinders, hulle praat voor hulle dink". Net so het Levine (1979:8) bevind dat Gusii-vroue in Oos-Afrika tradisioneel 'n ondergeskikte posisie tot die man gehad het. Vroue is gesien as moreel en emosioneel onvolwasse, onverantwoordelik en nie daartoe instaat om gesonde oordeel aan die dag te lê nie. Hiervolgens is hulle nie toegelaat om eiendom te besit nie of om enige ander wettige verantwoordelikheid te dra of enige oordeel te gebruik in sake van belang nie.

'n Belangrike faktor wat bydrae tot vroue se status is die mate waartoe vroue die verspreiding en uitruiling van goedere en dienste buite die huishoudelike omgewing beheer. Die argument is kortliks dat mans in jag- en versamelaarskulture beheer uitgeoefen het oor die verspreiding van vleis binne die gemeenskap en dat dit meer mag en status aan hulle toegeskryf het as aan vroue. In akkerboukulture het mans die woudgebiede vir nuwe lande skoongemaak en daarom was hulle in 'n posisie om beheer uit te oefen oor die toewysing van grond wat mans weereens in 'n posisie van mag geplaas het. In kulture waar vroue beheer oor hulpbronne buite die huislike sfeer gehad het (soos in sommige Wes-Afrika kulture), was hulle status drasties hoër (Nanda & Warms 2007:273). Die Ibo-vrou, in die ooste van Nigerië, verkoop byvoorbeeld produkte soos rissies, palmolie, broodvrugte en verskeie gekookte kossoorte. Die vroue wat uit handel rykdom verkry kan haar welvaart gebruik om vir haar man sekere eretitels te verkry. Hulle kan selfs, in gevalle waar hulle baie welaf is, dieselfde tipe titels verkry (Friedl 1975:54).

Genderhiërargie dui op "The ways in which gendered activities and attributes are differentially valued and related to the distribution of resources, prestige and

power in a society" (Nanda & Warms 2007:273). Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik dat genderrolle en genderhiërargie verband hou met mekaar aangesien toegang tot materiële hulpbronne, mag, aansien en outonomieit bepaal word deur wat 'n individue doen of toegelaat word om te doen binne 'n gemeenskap.

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n teoretiese verwysingsraamwerk voorgehou waarin die konsepte kultuur, identiteit en gender belig is. Die keuse op laasgenoemde twee konsepte het veral voortgespruit uit die onderwerp van die studie, naamlik: Die identiteit van vroue in Orania. Die motivering agter die keuse om te fokus op die konsep kultuur, eerder as op etnisiteit, was veral gemotiveer deur die meer omvattende aard van die konsep kultuur. Kultuur omvat byvoorbeeld sosiale, sowel as persoonlike dimensies van identiteit en binne die konteks van die kultuurkonsep kon daar uitsluitlik gefokus word op aspekte gemoeid met vroues, sowel as die sosiale rol van die vrou.

In besonder was dit die oogmerk om bepaalde teoretiese uitgangspunte, met betrekking tot genoemde drie konsepte, in historiese perspektief aan te bied en te bespreek. Bespreking wat te doen gehad het met die konsepte het eerstens gefokus op teoretiese uitgangspunte voor die 1980's en tweedens op uitgangspunte na die 1980's. Enersyds om die postmoderne invloed op die genoemde konsepte in oorweging te bring en andersyds om verbandhoudende teoretiese standpunte uit te lig. Deur hierdie besprekings is relevante temas, binne elk van die genoemde konsepte, geïdentifiseer wat 'n invloed kon hê op die aanbieding van die empiriese bevindinge.

Ouer antropologiese benaderings het kultuur gedefinieer volgens die partikuliere aard daarvan. In hierdie sin het kultuur die betekenis ingehou van 'n kulturele groep wat eksklusiewe unieke kenmerke deel in 'n spesifieke geografiese area. Die postmoderne invloed op hierdie vroeëre benadering tot kultuur het daartoe

aanleiding gegee dat kultuur na die 1980's gekenmerk is deur onder meer fragmentasie, onvolledigheid en onsamehangendheid. Hierdie tendens is teweeggebring deur modernisering en globalisering wat daartoe aanleiding gegee het dat kulturele groepe toenemend bymekaar betrokke geraak het. Beide die bogenoemde het uiteindelik 'n invloed gehad op die konsepsualisering van kultuur. Die definisie van kultuur wat aangebied is het steeds die unieke kenmerke van 'n sosiale groep beklemtoon, maar hierdie kenmerke behoort nie eksklusief aan 'n bepaalde groep nie.

Relevante temas wat deur hierdie besprekings uitgelig is, het veral te doen gehad met die aard van kultuur; die individu se plek en rol in die skepping van kulturele betekenis, asook die invloed van kultuur op die individu; en die openbaring van kultuur in groepsverband. Binne die aangeleerde en relatief gedeelde aard van kultuur skep die individu betekenis wat gedeel word met ander individue. Hierdie betekenis het ook 'n vormende invloed op die individu. Hierdie gedeelde kultuur is nie homogeen en ten volle geïntegreerd nie, omdat die individu nie volledige toegang tot die algehele kultuur het nie.

Vroeëre antropologies benaderings tot identiteit is grootliks beïnvloed deur sielkundige persoonlikheidsteorieë wat gefokus het op die ontwikkeling van persoonlikheid. Hierdie benaderings het 'n duidelike en ondubbelsinnige fokus gehad op die eenvormige skakeling tussen innerlike ervaring en uiterlike erkenning, of op die suksesvolle bereiking van 'n spesifieke ontwikkelingsfase. Op teoretiese vlak is begrippe van die self, persoon en identiteit nie geskei nie en as sinonieme gebruik. Onder die postmoderne invloed het hierdie eenvoudige siening plek gemaak vir die private denkbeeld van die self, maar ook die sosiale konstruksie van identiteit in die konteks van verskeie sosiale netwerke en groepe en individuele keuses. Die klem het ook al hoe meer verskuif na drie onderliggende dimensies van identiteit, naamlik self, persoon en individualiteit. Alhoewel die postmoderne invloed op identiteitsteorieë in ag geneem is, is dit steeds duidelik gestel dat kultuur 'n beperkende invloed op die individu het.

Uitgangspunte wat voortgespruit het uit bogenoemde teoretiese raamwerk het daarop gedui dat die sosiale dimensie van 'n individu se kulturele identiteit beïnvloed word binne groepsverband. Die self word voortdurend gekondisioneer deur interaksie met ander binne 'n spesifieke gemeenskap. Ook die wyses waarop 'n individu optree en haarself ervaar word gevorm deur die sosiale omgewing, asook deur haar verhouding met ander. Daar is egter nie net 'n sosiale kant aan identiteit nie, maar ook 'n persoonlike kant wat binne hierdie kulturele konteks gestalte kry. Die persoonlike kant van die identiteit van 'n individu verwys onder andere na die unieke individualiteit van 'n individu.

Teoretiese besprekings van die genderkonsep het onder meer gefokus op die vestiging van feministiese antropologie as 'n studieterrein, sowel as die verskuiwings wat plaasgevind het binne die drie fases van feministiese antropologie. Hierdie verskuiwings het veral te doen gehad met kritiek teen die androsentiese vooroordeel in antropologiese kringe tot studies wat gender in die sentrum van analise geplaas het. Deur hierdie proses is teorieë oor genderidentiteit en die kulturele konstruksie van gender ontwikkel.

Uitgangspunte wat uit bogenoemde besprekings voortgespruit het, het daarop gedui dat 'n persoon se identiteit gekoppel is aan die kulturele betekenis wat 'n gemeenskap gee aan biologiese en fisies verskille – dit wil sê konsepte rondom die "persoon" en die "self" is verbind aan gender. Gender vorm byvoorbeeld 'n kritieke veranderlike in die raamwerk van self-identiteit en is 'n essensiële kern van persoonlike identiteit. Genderidentiteit word gevorm tydens die rypwordingsjare van 'n individu deur die proses enkulturasie. Hierdie identiteit gaan gepaard met genderrolle, status en genderhierargie.

HOOFSTUK 3: GESKIEDENIS EN AGTERGROND VAN ORANIA²¹

3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk stel dit ten doel om 'n historiese oorsig en agtergrond van Orania, sowel as die dorp en groeipunt van die Afrikaner volkstaatiee te gee. Dit behels besondere aandag aan die aanvanklike ontstaan en ontwikkeling van Orania as 'n waterwesedorp; die latere koop en ontwikkeling van Orania as die eerste groeipunt van 'n Afrikanervolkstaat; en 'n beskrywing van die bestaande strukture, instellings, verenigings en selfbeskikkingspilare binne Orania wat in geheel tot die instandhouding van 'n selfstandige Afrikanergemeenskap bydra. Die bespreking val uiteen in drie onderskeidende maar verbandhoudende onderwerpe, naamlik: Orania – die waterwesedorp, Orania – die eerste volkstaattedorp en Orania - 'n selfstandige Afrikanergemeenskap.

Hierdie hoofstuk is baie meer uitgebrei as die deursnee oorsigte van 'n navorsingskonteks, omdat die dorp veel meer is as net 'n geografiese plek waar navorsing oor vroue gedoen is. Die navorsingsvraag in hoofstuk een gaan oor die identiteit van vroue in Orania, wat impliseer dat die plek/dorp/gemeenskap 'n sentrale invloed in die vorming en bevestiging van identiteit is.

3.2. ORANIA - DIE WATERWESEDORP

Orania het in 1963 tot stand gekom as deel van 'n multi-miljoenrand watervoorsieningsprojek wat, volgens Duplessis (1998), sou insluit die bou van die HF Verwoerddam (huidiglik die Garietdam), die PK le Rouxdam (tans die Vanderkloofdam), die Oranje-Visrivier-tonnel, die Vanderkloofbesproeiingskanale (waar Orania figureer) en later ook die Torguydam, wat nooit gebou is nie. In hierdie tyd het Dr. HF Verwoerd die gebied gesien as deel van "'n hartland van 'n toekomstige Afrikanerstaat" (Duplessis 1998:7).

²¹ Hierdie hoofstuk word hoofsaaklik saamgevat uit die werk van Andreas Duplessis, 1998 *Orania – eerste volkstaattedorp*. Die rede hiervoor is dat die boek geskryf is met die bydrae van persone wat in die beginjare van Orania self betrokke was in die opbou van die dorp tot waar dit vandag is.

Reg vanaf die begin was die gedagte om die bouers van die kanale uit die Vanderkloofdam in 'n aparte waterwesedorp te vestig - óf in Hopetown óf Petrusville. Aangesien die inwoners van Hopetown hierteen gekant was, het die destydse Minister van Landbou en Waterwese, mnr. P.K. le Roux, na raadplegings besluit om Orania te bou waar dit vandag is - halfpad tussen Petrusville en Vanderkloof in die ooste en Hopetown in die weste. Bouwerk is deur die Departement Waterwese se eie spanne aangepak en teen 1963 het die kanaalbouers en administratiewe personeel begin intrek. In 1964 is die plaas Vluytjieskraal deur die Departement Waterwese aangekoop vir die bou van 'n kanaalstelsel op die suidelike oewer van die Oranjerivier. Teen 1965 is die huidige Orania saam met vyf ander konstruksiekampe as 'n volledige dorp ontwikkel en teen die einde van daardie jaar het daar reeds 56 gesinne gewoon. In daardie stadium is daar na Orania as Vluytjieskraal verwys – die naam van die plaas waarop die dorpie gevestig is. Die naam Orania is eers heelwat later aan die dorp toegeken nadat 'n kompetisie vir die naam deur die inwonende ingenieur, Norman Landsdell (Pienaar 2007:57)²², uitgeskryf is.

Die waterwesedorp het uit twee dele bestaan: Orania wat aan weerskante van die teerpad tussen Vanderkloof/Petrusville en Hopetown geleë is en Grootgewaagd (vandag Kleingeluk), die Kleurlingarea. Die dorpie het 470h beslaan met 150 woonhuise, 'n gemeenskapsaal, skoolgeboue, 'n groot swembad en 60h landbougrond. 'n Skool, poskantoor, gastehuis en 'n regeringswinkel is ook vir die gerief van die inwoners opgerig. Daarby is 'n rugbyveld, tennis- en muurbalbane gebou (Pienaar 2007:58).

In 1976 is die eerste fase van die projek voltooi en teen 1989 het die projek tot 'n einde gekom en is alle personeel, behalwe 'n groepie kleurlingwerkers wat in Grootgewaagd agtergebly het, na ander projekte verplaas. Orania het hierna

²² 'n Heel gepaste naam in die lig daarvan dat Orania teen die oewer van die Oranjerivier geleë is.

stelselmatig in 'n spookdorpie verander en daarmee saam het die era van Orania as 'n waterwesedorp tot 'n einde gekom.

3.3 ORANIA – EERSTE VOLKSTAATDORP

3.3.1 Totstandkoming en beginjare

Nadat Waterwese vir langer as twintig jaar by Orania betrokke was, is die dorp in Julie 1990 per tender te koop aangebied deur 'n advertensie wat in die Landbouweekblad verskyn het. Die tender van 'n mnr Jacques Pretorius van Johannesburg is aanvaar. Volgens Duplessis (1998:16), het die nuwe eienaar van Orania beoog om die dorp in 'n vakansieoord te omskep. Voor 31 Januarie 1991, die afsnydatum waarop die verkoopsprys van R1 050 000 betaal moes word, het sy prokureur egter die Afrikanervryheidstigting (Avstig) gekontak, wat vroeër ook in Orania belang gestel het.

Hierdie belangstelling het daaruit voortgespruit dat die Afrikanervryheidstigting (Avstig) teen 1988 tot die besef gekom het dat 'n swart meerderheidsregering in Suid-Afrika 'n onafwendbare ontwikkeling was. Avstig het as oplossing vir die Afrikaner se voortbestaan, vryheid en behoud van kultuur en identiteit die argument gevoer dat die Afrikaner homself in 'n aparte volkstaat moet vestig waar hulle in relatiewe vryheid hulle eie sake kan behartig met die oog op selfbeskikking. Die feit dat konkrete planne vir 'n volkstaat in die westelike gedeeltes van die Noord-Kaap²³ beoog is en dat Orania op daardie stadium te koop aangebied is, het daartoe gelei dat die dorp geïdentifiseer is as die eerste

²³ Tydens 'n SABRA-kongres in 1980, is die Oranjerivier-gebied in die Noord-Kaap as een van die moontlike volkstaat groeipunte aangedui. In Afrikaner-geledere was daar egter verdeeldheid oor hierdie besluit, aangesien gebiede soos die Oos-Transvaal, die Transvaalse Bosveld, die Suid-Kaap en die Pretoria omgewing as meer gewilde groeipunte gesien is. Toe die Afrikanervryheidstigting (Avstig) in 1988 in die lewe geroep is, het hulle, sowel as die Afrikaner Volkswag se hoofbestuur, hulle steun aan die Oranjerivier-gebied gegee en konkrete planne vir 'n volkstaat in die westelike gedeeltes van die Noord-Kaap voorgelê (vgl. Pienaar 2007; Vestergard 2000:79). Sien Figuur 1.3 in Hoofstuk een vir 'n voorstelling van die volkstaat-gebied wat in die Noord-Kaap geïdentifiseer is.

groeipunt van 'n toekomstige volkstaat vir Afrikaners (vgl. De Beer 2006:105; Pienaar 2007).

Prof. C.W.H. Boshoff, Prof. J.J. Henning en Mnr. A. van Dyk het met hulle onderhandelinge om die dorp te koop begin en hiermee saam het A. Duplessis en Anna Boshoff 'n lys van nagenoeg vyftienhonderd Avstigondersteuners of – belangstellendes gefynkam. Moontlike Orania-belangstellendes is geskakel en genooi om een of meer aandele-eenhede teen vyf en twintig duisend rand elk in die projek op te neem. Orania is vir 'n tweede keer verkoop, hierdie keer aan Avstig, in die vorm van die nuut gestigte liggaam Orania Bestuursdienste (OBD), vir 1,5 miljoen rand. Op 11 April 1991 is die dorp weer oopgestel vir bewoning, maar slegs vir blankes. Die gekleurdes wat nog in Grootgewaagd woonagtig was, is onder protes verwyder²⁴, en dit sou voortaan as Kleingeluk bekendstaan. Op 13 April 1991 is Orania amptelik deur OBD tydens 'n openbare vergadering op die oewers van die Oranjerivier aan Afrikaners bekendgestel. Die verkoop van die huise, wat baie vervalte was, en gedienste erwe waarvan die huise afgebreek was, het onmiddellik begin. In daardie stadium was daar negentig wonings in die hoofdorp en sestig in die vroeëre Grootgewaagd.²⁵

Volgens Duplessis (1998:19), het die Staat in Augustus 1991 die plaas aangrensend aan Orania – naamlik Vluytjieskraal 272 - op 'n veiling te koop aangebied. Prof. Boshoff en Dr. Willie Schoeman het die veiling namens OBD bygewoon en die plaas is vir vierhonderd en tagtig duisend rand gekoop. Toestemming is in 1994 van die Staat verkry om die plaas in kleiner eenhede te verdeel. Hierdie grond is deur 'n filiaalmaatskappy van die OBD, Vluytjieskraal 272 Edms. Bpk., as deel van die Oraniaplan "...aan kopers wat dieselfde beginsels onderskryf" het, verkoop.

²⁴ Duplessis (1998:16) vertel hoe Thys (op daardie stadium die opsigter wat deur Mnr. Pretorius aangestel is) 'n 'ultimatum' aan die gekleurdes gestel het en die hulp van die AWB (Afrikaner Weerstandsbeweging) ingeroep het.

²⁵ Woonhuise in die hoofdorp is tussen R 25 000 en R 40 000 verkoop, bouversele vir R 600 stuk en die huise in Kleingeluk is vir R 10 000 stuk verkoop (Pienaar 2007:74).

Gedurende die eerste paar jaar het OBD as die ontwikkelingsmaatskappy opgetree en die bestuur van die dorp waargeneem. 'n Direksie is uit die eerste kopers aangewys, 'n administratiewe kantoor is gevestig en daar is met diensverskaffing begin. Die dorp is in 'n aandeelblok omskep en die Vluytjieskraal Aandeelblok Bpk. (VAB) is in die lewe geroep om die bestuur, herstel en onderhoud van die infrastruktuur oor te neem. Alles in Orania, naamlik woonhuise, skole, kerke, asook ander geboue en elektriese, water- en rioolstelsels, moes herstel word of van nuuts af geïnstalleer word. Die herstelwerk is deur die OBD gedra uit fondse wat hulle uit die verkoop van eiendom verkry het.²⁶ Een van die grootste uitdagings in die beginjare was om 'n besproeiingstelsel te ontwikkel wat aan die 400 ha besproeiingsgrond standhoudende water kon voorsien. 'n Besproeiingsingenieur, Ben Syfferdt, het die uitleg beplan, naamlik veertig eenhede van 10 ha elk, waaraan vir elk ten minste 6 ha besproeiingswater met druk van drie bar verskaf is. Bouwerk is in 1995 begin en die hele waterskema is uitsluitlik met behulp van eie arbeid op 19 Oktober 1996 voltooi (Pienaar 2007:59-60).

Op 20 Augustus 1992 het die eerste dorpsraadverkiesing plaasgevind. Altesaam vier en sestig inwoners het op daardie stadium hul huise of erwe afbetaal en het gevolglik gekwalifiseer as aandeelhouers van Vluytjieskraal Aandeelblokmaatskappy – en dus ook as kiesers. Die eerste dorpsraad het bestaan uit 'n burgemeester, 'n onderburgermeester, 'n sekretaris, ses ander lede en twee nie-aandeelhouers (Pienaar 2007:60). In Januarie 1993 het daar heelwat dorpspolitieke verwikkelinge op Orania ingetree. Daar was byvoorbeeld meningsverskille oor die toelating van sogenaamde volksvreemdes op die dorp, die permitstelsel vir sakemanne en onderhandeling oor die daarstelling van 'n volkstaat. Dit het tot onenigheid binne die dorpsraad gelei, wat uitgeloop het op die ontbinding van die dorpsraad en die stigting van 'n Orania-volkstaatsbeweging (OV) op 23 Februarie 1993, en 'n dorpsraadverkiesing op 20 Maart 1993.

²⁶ Die kostes wat aan diensverskaffing verbonde was, is jaarliks met ongeveer R 200 000 deur die OBD gesubsidieer (Pienaar 2007:59-60)..

Persone wat in hierdie tyd na Orania getrek het, het dit om drieërlei redes gedoen: 'n Oortuiging dat 'n volkstaat vir die Afrikaner die enigste lewensvatbare voorstel vir 'n vreedsame oplossing vir die huidige Suid-Afrikaanse probleem en die vestiging van 'n eie onafhanklike staat sou wees; migrering om die "swart verdringing" in stede en dorpe te ontsnap; en die verarming en werkloosheid van Afrikaners vanweë die ekonomiese krisis (Duplessis 1998:23).²⁷

Soos reeds genoem, het Dr. HF Verwoerd die grondgebied in die Noord-Kaap gesien as 'n toekomstige volkstaat vir Afrikaners. Hoewel Verwoerd nie 'n populêre karakter in die post-apartheid Suid-Afrika is nie, word sy nalatenskap in Orania lewendig gehou. Daar is byvoorbeeld 'n standbeeld en 'n museum van hom, en die meeste inwoners, veral intelligentsia, sien hom as 'n wonderlike filosoof, staatsman en leier. Behalwe die ideologiese en filosofiese konneksie met Verwoerd, is daar ook 'n persoonlik verbintenis. Betsie Verwoerd, sy weduwee, was vir die laaste jare van haar lewe woonagtig op Orania. So ook was hulle dogter, Anna Boshoff, wat getroud was met Prof. C.W. Boshoff, woonagtig in Orania tot en met haar dood in 2007. Sommige van hulle kinders woon ook tans op Orania, onder hulle Carel Boshoff (iv) (Vestergard 2000:83).

3.3.2 Visie en onderbou van die Oraniabeweging

3.3.2.1 Die Volkstaatgedagte

Soos genoem in paragraaf 3.3.1, is Orania aangekoop met die doel dat die dorp sal dien as die eerste groeipunt van 'n Afrikanervolkstaat in die westelike gedeeltes van die Noord-Kaap. Die motiverings wat genoem is aangaande die belang van 'n Afrikanervolkstaat, sluit in dat die volkstaat moes dien as oplossing vir die Afrikaner se voortbestaan, vryheid en behoud van kultuur en identiteit. Volgens Pienaar (2007:30), spruit die gedagte van 'n Afrikanervolkstaat voort uit

²⁷ Volgens 'n berig in Die Afrikaner, het vyftig gesinne deur die jare uit Orania getrek as gevolg daarvan dat hulle 'n verkeerde beeld van Orania gehad het. Soos Danie van Rensburg se brief aan Die Volksblad (1999:8) dit duidelik stel: "sommige gesinne het Orania verlaat aangesien hulle na Orania getrek het met die idee dat Orania 'n apartheidsdorp is en hulle nie besef het hoe belangrik volkselfwerkzaamheid vir die bereiking van vryheid is nie".

Afrikanernasionalisme, wat deur die geskiedenis klem daarop gelê het dat slegs deur selfbeskikking in 'n eie etnies-homogene gebied, Afrikanerstatus en identiteit beskerm en verseker kan word. Daardeur kon verhoed word dat etniese groepe die Afrikaner oorheers, aangesien hulle andersins slegs as 'n minderheidsgroep beskou sou word.

In samehang met bogenoemde, noem Boshoff (1992:39) dat die Orania-projek as 'n herlewingsbeweging van stapel gestuur is, met die oogmerk om die Afrikanergemeenskap ekonomies, sosiaal en kultureel op te hef, aangesien daar by baie Afrikaners oor 'n lang tyd die strewe was na die behoud van 'n eie identiteit en 'n kultuurgemeenskap wat apart kan funksioneer. Pienaar som die oogmerke as volg op: "Om verlore vryheid te herstel aan die hand van die republikeinse ideaal; selfwerkzaamheid deur "volkseie" arbeid; die stigting van 'n Christelike Afrikanergemeenskap en die oprigting van die Orania-beweging wat Afrikaners lands- en wêreldwyd moet saamsnoer en inlig" (2007:66).

Die oogmerk om 'n Christelike Afrikanergemeenskap te stig, spruit voort uit die begeerte om te verseker dat Afrikaners hulself kan assosieer met 'n gemeenskaplike geografiese gebied, 'n gemeenskaplike kultuur en geskiedenis, 'n groepsnaam en 'n gevoel van 'n groepsidentiteit, gedeelde simbole en die gebruik van slegs een taal, naamlik Afrikaans (Pienaar 2007:65). Vestergard (2000:115) noem dat Orania nie probeer om die apartheidsorde te hervestig met die volkstaattedagte nie, maar eerder om ou waardes soos Calvinisme, nasionalisme en die idee van ras in 'n nuwe konteks behoue te laat bly. Boshoff²⁸(in Duplessis 1998:38) stel dit as volg: "Dit is nie gerig op die isolering van die Afrikaner van die res van Afrika of sy buurstate nie; dit is nie die etnosentriese vrees of haat vir vreemde volke nie. Dit is slegs 'n wil om oor die hele lyn, van die gesin tot die staat by sy eie instelling tot eer van God te leef".

Sy volkstaat-visie is op drie pilare gegrond:

²⁸ Vanweë Prof. Boshoff se bydrae in die koop van Orania en sy persoonlike verbintenis tot die Verwoerdfilosofie waarop Orania berus, is dit toepaslik om in meer besonderhede in te gaan op sy toekomsvisie vir 'n volkstaat.

Eerstens 'n eie gebied wat kan voldoen aan die beginsels van haalbaarheid en volhoubaarheid. Daar moet vir ten minste drie groot stede van 300 000 tot 500 000 inwoners elk voorsiening gemaak word. Een hiervan moet geleë wees aan die Oranjerivier, waar Orania naastenby figureer; een in die omgewing van Calvinia, waar die Doringrivier benut kan word, en een aan die Weskus, met die Olifantsrivier as waterbron. Tweedens moet die Afrikaner self sy kundigheid, vaardighede en tegnologiese ingesteldheid opskerp en ontwikkel. Groot nywerhede, 'n universiteit, teknikons en skole moet vir 'n eerste wêreld ekonomie en –samelewing sorg. Derdens moet die volkstaat bande na buite smee. Die volkstaat moet Afrikavriendelik ingestel wees en haar kundigheid en tegnologie moet aan die kontinent beskikbaar gestel word. Sy moet deel wees van 'n Suider-Afrikaanse ekonomiese gemeenskap met handelsbande met Europa, die Ooste en die res van die weste (Boshoff in Duplessis 1998:60).

3.3.2.2 Lewensbeskouing en waardes

Die wysgerige onderbou van Orania en die volkstaatgedagte berus op drie vlakke, naamlik sy instellings, sy lewens- en wêreldbeskouings, en geloofsoopvattinge. Die kerk, die gesin, die skool en die staat is van die instellings wat genoem word om die kenmerke van die Afrikaner se taal, tradisies en geskiedenis te dra. Van al die instellings in Orania, is die staat as die hoogste en finale uitdrukking, aangesien dit “die gesin, die reg van godsdienst, die skool, ekonomiese instellings, die taal, die gemeenskapslede, die volksbodem en die volkseie” moet beskerm.

Onder die oppervlakte van hierdie instellings is die norme en waardes²⁹ – “die volk se geloofsoortuigings en sy lewens- en wêreldbeskouing” wat al die ander vlakke vorm en bepaal. Hierdie geloofsoortuigings word gevind in die Bybel as Woord van God (Boshoff in Duplessis 1998:38).

²⁹ Waardes hou vir Boshoff die dinge in wat oor die eeue in die geskiedenis van die Afrikanervolk kosbaar geword het, en norme bevat die meetinstrumente waaraan mense se optredes, handel en wandel gemeet word (Duplessis 1998:38).

Hierdie wysgerige onderbou van Orania word in sy grondwet as volg saamgevat: Paragraaf drie van die grondwet bepaal: "Ons onderneem om, in gelowige erkentlikheid aan God, die Afrikaanse taal, kultuur, tradisies, opvoeding van ons kinders en lewens- en wêreldbeskouing van die Boere-Afrikanervolk te alle tye te onderskryf, te beskerm, uit te leef en te bevorder".

As voorbeeld, noem Pienaar (2007:63) dat hierdie wysgerige onderbou geopenbaar word deur die hoë waarde wat daarop geplaas word dat almal mekaar moet groet, dat alle vergaderings met gebed geopen moet word, dat Sondaghandel ontmoedig moet word, dat diegene wat in nood verkeer ondersteun moet word, dat die gesin die belangrikste kerneenheid in die dorp is, en dat die beoefening van huisgodsdienste aangemoedig word.

3.4 ORANIA - 'N SELFSTANDIGE AFRIKANERGEMEENSKAP

3.4.1 Doelwitte en uitwaartse ontwikkeling

In 2007 het die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR)³⁰ in 'n verklaring van voorneme die vroeëre oogmerke herbevestig en ook uitgebrei. Die oogmerke wat die OVR uiteengesit het strek oor vyf jaar en fokus op drie vlakke, naamlik ekonomiese, maatskaplik-kulturele en politieke vlak. Dit spruit voort uit samesprekings wat op 3 Julie 2007 gehou is met die Noord-Kaapse Premier Dipuo Peters. Die twee partye het gesamentlik ooreengekom op 'n onderhandelingsproses rondom die verwesenliking van Orania se strewe na selfbeskikking binne die raamwerk van die land se grondwet (Potgieter 2007:14-16).

Die verklaring van voorneme gee weereens uitdrukking aan Orania se strewe om 'n Afrikanergebied in die Noord-Kaap te ontwikkel, met die oog op selfbeskikking vir Afrikaners binne hierdie gebied. Hierdie strewe is ontwikkel binne die

³⁰ Die OVR is Orania se munisipale regeringsliggaam en is tans verantwoordelik vir die plaaslike bestuur van Orania (Potgieter 2007:15).

bepalings van die grondwet en is gebaseer op 'n akkoord wat aanvanklik met die ANC aangegaan is en later met die regering bevestig is.³¹

Die OVR het in sy verklaring van voorneme op ekonomiese selfstandigheid gefokus, met die volgende voornemens:

- "a) Om binne die Orania-gebied sover moontlik te groei tot ekonomiese onafhanklikheid, veral ten opsigte van sy inwoners se behoeftes aan lewensmiddele;
- b) Om in die proses ook 'n bydrae te maak tot die voortbestaan en welvaart van Suid-Afrikaners buite die Orania-gebied;
- c) Om die grondgebied van Orania uit te brei tot die optimum grootte vir die volhoubare ekonomiese vestiging van die grootste moontlike getal Afrikaners, sonder om ander Suid-Afrikaners in die proses te benadeel;
- d) Om in hierdie proses ten volle gebruik te maak van die potensiaal van die Oranjerivier se westelike besproeiingsgebied en die aanliggende noordwestelike gedeelte van die Noord-Kaap Provinsie;
- e) Om alle ekonomiese aktiwiteit op 'n ekologies-volhoubare wyse in harmonie

³¹ Op 23 April 1994 is 'n dokument onderteken met die titel "Accord on Afrikaner self-determination between the Freedom Front, the African National Congress and the South African Government/National Party". Die akkoord is deur verteenwoordigers van al drie partye onderteken. Die volgende artikel is in die grondwet van 1996 opgeneem om uitdrukking te gee aan grondwetlike beginsel nommer 34: "**Self-determination Section 235:** The right of the South African people as a whole to self-determination as manifested in this Constitution, does not preclude, within the framework of this right, recognition of the notion of the right self-determination of any community sharing a common cultural and language heritage, within a territorial entity in the Republic or in any other way determined by national legislation" (aangehaal in Potgieter 2007:14). Op 4 Junie 1998, het Mnr. Vali Moosa (Minister van omgewingsake en toerisme) die volgende stelling in die Nasionale Vergadering gemaak: "The pursuit on the part of the Freedom Front and other Afrikaners to strive towards the development of a particular region in the country (the North West corridor) as a home for Afrikaner culture and language within the framework of the Constitution and the Bill of Rights is, in governments view indeed a legitimate pursuit" (aangehaal in Potgieter 2007:14). Gedurende 2001, tydens 'n ontmoeting tussen President Mbeki en Dr. Pieter Mulder, leier van die VF Plus, het die president herbevestig dat hyself sowel as die ANC steeds verbind is tot die gees en inhoud van die getekende "Akkoord oor Afrikanerselfbeskikking van 1994". Die president het dit op 11 Mei 2007 weereens bevestig in 'n amptelike onderhoud met die Vryheidsfront Plus in Kaapstad (Potgieter 2007:15).

met die natuur te bedryf;

- f) Om te streef na die ontwikkeling en volhoubare benutting van hernubare natuurlike energiebronne;
- g) Om Afrikanerondernemings, Afrikanerkapitaal, en Afrikanerarbeid te monster vir doeleindes van ekonomiese ontwikkeling;
- h) Om openbare fondse te bekom, veral vir die ontwikkeling van infrastruktuur in die Orania-gebied, vir sover alle Suid-Afrikaners op sulke befondsing geregtig is en sonder beperkende voorwaardes met betrekking tot Orania se beginsels en uitgangspunte" (aangehaal in Verklaring van voorneme 2007:2).

Op maatskaplike-kulturele gebied, het die OVR sy voornemens as volg verklaar:

- "a) Om die Afrikaners in die Orania-gebied saam te snoer tot 'n gemeenskap waarin alle bedrywighede gekombineer is in 'n gemeenskapseconomie, sodat onderlinge ekonomiese en maatskaplike ondersteuning aangewend word om 'n kultuurryke, veilige en sinvolle lewe vir almal moontlik te maak;
- b) Om, in die besonder, lewensomstandighede in die Orania-gebied te ontwikkel, waarbinne ekonomies aktiewe Afrikaners wat deur maatreëls en omstandighede in Suid-Afrika selfs na die buiteland uitgestoot en verarm word, deur ondernemerskap en arbeid 'n sinvolle bestaan kan voer;
- c) Om fasiliteite vir primêre, sekondêre, en tersiêre onderwys en opleiding, akademies sowel as tegnies, binne die Orania-gebied daar te stel en te ontwikkel, wat gebou is op die beginsels en uitgangspunte van Orania, toegespits is op die eise van tyd en omstandighede en volgens standarde wat wêreldwyd erkenning geniet;
- d) Om die kultuurgoedere van die Afrikanervolk aktief te bewaar en te ontwikkel, 'n bolwerk te vorm vir die handhawing en ontwikkeling van die Afrikaanse taal en om samewerking te gee aan ander Afrikanerinstellings wat dieselfde doelwitte nastreef;
- e) Om die gemeenskap se veiligheid, in al sy vorme, te verseker deur die Orania grondgebied te beheer" (aangehaal uit Verklaring van voorneme

2007:2).

Op politieke gebied, verklaar die OVR sy voornemens as volg:

- "a) Om met steeds groter vasberadenheid aan te dring op selfbeskikking vir Afrikaner in 'n eie geografiese gebied, met die huidige Orania-gebied as basis en kernpunt en in hierdie verband begrip en samewerking te soek en te bevorder by almal wat, regstreeks of onregstreeks, 'n bydrae daartoe kan maak;
- b) Om in onderhandelings met die regering gebruik te maak van alle grondwetlike bepalings wat toepaslik mag wees op die selfbeskikkingsreg van Afrikaners, asook van staande ooreengekome akkoorde met die regering;
- c) Om steun vir sy planne te werf onder alle inwoners van Suid-Afrika en spesifiek onder Afrikaners, terwyl Afrikaners aangemoedig word om die uitbreiding en ontwikkeling van die Orania-gebied nie alleen met simpatie en fondse te ondersteun nie, maar om ook fisiese ondersteuning te gee deur die oprigting van onderneming en vestiging in die gebied;
- d) Om die toekoms van die Afrikanervolk nie met die regering alleen op te neem nie, maar ook met die internasionale gemeenskap en veral met organisasies vir die regte van minderheidsgroepe in Suid-Afrika en wêreldwyd;
- e) Om voort te gaan om die de facto erkenning wat Orania alreeds op plaaslike bestuursvlak geniet, uit te oefen en langs grondwetlike weë verder uit te brei;
- f) Om die regering se begrip en ondersteuning te verkry vir Afrikanerbemagtiging in die Orania-gebied" (aangehaal uit Verklaring van voorneme 2007:2).

Bogenoemde oogmerke is uiteengesit ter doelstelling daarvan om 'n selfstandige gemeenskap te verseker. Potgieter (2006:4) stel dit as volg: "Orania is bedoel om selfstandig te wees. Dit is die kern van sy bestaansrede". Hierdie

selfstandigheid stel as visier politieke selfstandigheid in die vorm van 'n uiteindelijke selfstandige grondgebied vir Afrikaners in die Noord-Kaap en gemeenskapsselfstandigheid in 'n breë sin. Die ekonomie, die maatskaplike terrein, die onderwys en ander lewensterreine vorm die totale omgewing wat tot die grootste mate van selfstandigheid moet groei.

3.4.2 Bestuur van Orania

Die dorp se sake word behartig deur 'n direksie van sewe en 'n bestuurder wat bygestaan word deur 'n administratiewe korps van sewe en tegniese personeel wat uit ses lede bestaan. Sommige van hierdie persone is deelyds in diens. Die direksie (dorpsraad) kies jaarliks uit eie geledere 'n voorsitter, wat dieselfde funksies as 'n burgemeester vervul, en 'n dagbestuur. Elke direksielid moet 'n aantal portefeuljes behartig. Portefeuljes sluit in finansies, ekonomiese ontwikkeling, veiligheid, maatskaplike werke, sport, onderwys en ontwikkeling, en instandhouding van die infrastruktuur in Orania. Direksielede word op die jaarlikse vergadering van aandeelhouers afwisselend per geslote stembrief vir drie jaar gekies (vgl. De Beer 2006; Duplessis s.j.; Voorgrond 2006:6).

Soos munisipaliteite, sorg die dorpsraad vir elektrisiteit, drink- en tuinwater, en sanitasie vir die aandeelblokke (erwe). Die paaie, strate, sypaadjies en sportgeriewe soos die swembad, tennisbane, rugbyveld en atletiekbaan word deur die dorpsraad onderhou. 'n Biblioteekdiens word gebied en die dorpsraad

het ook verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van die kultuurhistoriese museum (Orania in 'n neutedop s.j.; Voorgrond 2006:6).

Een van die belangrikste take wat die bestuur van die dorp moet behartig, is die keuring van nuwe inwoners. Alle voornemende inwoners moet 'n keuringsproses ondergaan om sodoende inwoner status te verkry. Nuwe inwoners moet 'n oriënteringskursus bywoon, met die doel om nuwe intrekkers bekend te stel aan

Orania. Daar word ook van nuwe inwoners verwag om 'n akte van verbintenis met Orania te onderteken.

Partypolitiek is volgens Opperman (2004) nie belangrik in Orania nie, aangesien dit nie 'n rol speel in die dorpsraad en ander instellings nie. Tog vind 'n mens 'n kantoor vir beide die Vryheidsfront Plus (VF) en die Demokratiese Party (DP) in Orania. Die VF was tot en met 2006 die enigste party met 'n kantoor in Orania (De Beer 2006; Vestergard 2000).

Die bestuur van die dorp word verder gekenmerk deur 'n mediasie- en arbitrasieproses wat aan Oraniërs die moontlikheid bied om geskille intern te besleg. Die proses is soos volg:

- a) Alle nuwe intrekkers teken 'n onderneming dat hulle toestem daartoe dat onderlinge dispute vir mediasie en arbitrasie verwys kan word.
- b) Nadat 'n inwoner 'n dispuut verklaar het deur 'n skriftelike kennisgewing aan die ander party af te lewer, word 'n mediator tussen die partye aangewys.
- c) Indien die dispuut nie na veertien dae deur mediasie bygelê kon word nie, word die dispuut verwys vir arbitrasie.
- d) Die party wat die dispuut verklaar het, nomineer drie persone uit 'n lys van minstens vyf, wat jaarliks tydens die aandeelhoudersvergadering aangewys word.
- e) Die opponerende party kies een van drie persone wat die klaer aangewys het. Hierdie persoon is die arbiter in die saak, en sy/haar uitspraak is bindend en finaal.
- f) Die arbiter is geregtig om kundiges by die arbitrasieproses te betrek.
- g) Die arbiter is geregtig om 'n kostebevel te maak.
- h) Geen regsverteenwoordigers mag die partye tydens hierdie proses bystaan of verteenwoordig nie (vgl. Voorgrond 2006:8).

Wat Orania se posisie en funksionering binne die Noord-Kaapse Wetgewing betref, noem De Beer (2006) dat Orania nie 'n geproklameerde dorp is nie. Vir Orania gaan dit ook nie daaroor om polities of op die gebied van plaaslike bestuur selfstandig te raak nie, maar om uiteindelik 'n selfstandige grondgebied vir Afrikaners in die Noord-Kaap te bekom (Voorgrond 2006:4). Een tree in hierdie rigting is om Orania se plaaslike bestuursselfstandigheid wetlik erken te kry in die vorm van 'n klein selfstandige munisipaliteit. Op hierdie stadium beklee Orania egter 'n relatief selfstandige status op munisipale vlak nadat die dorp sy insluiting by die Thembelihe munisipaliteit³² (wat die dorpe Hopetown en Strydenburg insluit) beveg het deur beroep te doen op die hooggeregshof. Die dryfveer hieragter was om te voorkom dat die munisipale regeringsliggaam, naamlik die Verteenwoordigende Oorgangsraad, onregmatig verbind word deur inlywing by Thembelihe. Die hooggeregshof het op 4 Desember 2000 beslis dat Orania se Oorgangsraad moet voortbestaan totdat Orania en die regering ooreengekom het oor die dorp se munisipale status (Potgieter 2007:15). Met die proklamering van Thembelihe, was Orania dus nie gelys saam met die ander dorpe nie. Daar is ook 'n beleid van nie-inmenging wat oor die jare deur die Noord-Kaap regering, die Pixley Ka Seme distriksmunisipaliteit en die plaaslike munisipaliteit van Thembelihle gevolg is.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die plaaslike bestuur van Orania nie losstaande van die Noord-Kaap Provinsie en omliggende munisipaliteite funksioneer nie. Daar is byvoorbeeld herhaalde pogings aan die kant van Orania gewees om saam te werk met omliggende plaaslike munisipaliteite, sowel as die distriksmunisipaliteit Pixley Ka Seme (Potgieter 2007:15).

3.4.3 Identiteit van Orania inwoners

Identifikasie en bewustelike assosiasie in Orania hou, volgens De Beer (2006), verband met die geskiedenis en veranderde omstandighede van die Afrikaner en

³² Dit was tydens die munisipale verkiesing van Desember 2000, waar 'n groot aantal munisipaliteite afgebaken is.

is gebaseer op “primordiale waardes van assosiasie met ‘n geografiese gebied; ‘n gedeelde kultuur en geskiedenis; ‘n groepsnaam en gevoelens van groepsidentiteit; gedeelde simbole; en ‘n gedeelde taal” (vgl. Opperman 2004). Hierdie elemente laat Orania toe om binne die bepalings van die grondwet van 1996³³ die argument te voer dat Afrikaners ‘n groep in eie reg is, en daarom selfregering in die vorm van ‘n volkstaat kan eis.

- **Naam**

Na aanleiding van die feit dat identifikasie en bewustelike assosiasie in Orania verband hou met die geskiedenis en veranderde omstandighede van die Afrikaner, beskou en beskryf inwoners van Orania hulleself as onderskeidelik Afrikaners, Boere, Boere-Afrikaners of as Oraniërs (vgl. De Beer 2006). Volgens Vestergard (2000) verkies die inwoners dat hulle “Boere-Afrikaners” genoem word, alhoewel hulle hulself net as Afrikaners sien indien daar van ‘n “Afrikanerkultuur” en “Afrikaneridentiteit” gepraat word. Teenstrydig hiermee is die opname van Opperman (2004), wat daarop dui dat tagtig persent van die inwoners van Orania hulleself Oraniërs noem, terwyl slegs agtien persent van die inwoners na hulself as Boere-Afrikaners verwys.

- **Genetiese herkoms**

‘n Belangrike komponent in die gebruik met betrekking tot Afrikaneridentiteit is dat dit verband hou met die uitsluiting van anderskleurige Afrikaanssprekendes. Volgens Vestergard (2000:91), beteken die begrip “Boere-Afrikaner” dat identiteit as Afrikaner nie net op kulturele aspekte gebaseer is nie, maar ook op genetiese afkoms. In hierdie konteks, het velkleur dus steeds ‘n beduidende invloed op Afrikaneridentifikasie, alhoewel die kriterium nie algemeen genoem word nie en beslis nie in die offisiële definiëring van die Afrikaneridentiteit in Orania gestel word nie (De Beer 2006; Vestergard 2000:94). Vestergard (2000:94) verduidelik

³³ Sien paragraaf 3.4.1 vir die aanhaling van grondwetlike beginsel nommer 34 in die grondwet van 1996.

verder dat dit in werklikheid nie oor velkleur as sodanig gaan nie, maar eerder oor dit wat velkleur verteenwoordig. Swart, in hierdie geval, word nie in die eerste plek verstaan in terme van pigmentasie nie, maar eerder in terme van die historiese, politieke en kulturele konstruksie van hierdie kategorie.

- **Ons-hulle antitese**


Afrikaneridentiteit in Orania word egter ook deur uniekheid/andersheid gekenmerk. Onderskeid word byvoorbeeld getref tussen die wit Afrikaanssprekende inwoners van Orania en wit Afrikaanssprekendes in die res van Suid-Afrika (Opperman 2004). Die opname van Opperman (2004) het die persepsies van "ons" en "hulle" getoets deur aan inwoners van Orania die vraag te stel of hulle dieselfde is as Afrikaners wat elders in Suid-Afrika woon. Negentig persent van die respondente het hulleself as anders gesien. Motiverings het onder andere die volgende ingesluit: "Ons is meer konserwatief, veral in terme van kleredrag; ons het beter dissipline vir ons kinders en ons kinders is baie meer ontspanne; almal groet mekaar; daar is meer religieuse fundamentaliste onder ons; ons is fisies baie sterker; ons is nie so materialisties nie; ons het meer en groter gesinne; en ons het 'n ideaal. Afrikaners buite Orania word in hierdie verband beskryf as "Afrikaners wat nie bewus is van hulle eie kultuur nie" of "wat mettertyd sal leer dat die enigste oplossing vir hulle as Afrikaners 'n volkstaat is" (Vestergard 2000:91).

- **Simbole**

Een van die kulturele merkers wat in Orania gebruik word om Afrikaneridentiteit in Orania aan te dui en die andersheid van Oraniëridentiteit uit te druk, is simbole. Hierdie simboliese merkers in Orania is gebou op eienskappe en aktiwiteite wat vroeë Afrikanerskap in die res van Suid-Afrika gekenmerk het, maar die simbole is aangepas in die nuwe konteks van Orania (Vestergard 2000). Simbole wat in Orania gebruik word, sluit in:

- a) Oranje is die offisiële kleur van die dorp en word volgens Opperman (2004) tydens kulturele feeste en krisistye, soos byvoorbeeld die laaste munisipale verkiesing in 2000, toe 'n wetlike dispuut plaasgevind het oor die munisipale status van Orania, gedra.

Foto 1: Die Volksskool Orania in Oranje geklee tydens die viering van Helderdag op 10 Oktober 2007.




- b) Die vryheidsvlag van die Z.A.R en 'n eie dorpsvlag in oranje, blou en wit, met die figuur van 'n man wat sy moue oprol.
- c) Die koeksistermonument dien as 'n simbool van die bekwaamheid en uithouvermoë van die Afrikanervrou (vgl. Beangstrom 2003:6);

Foto 2: Koeksistermonument



- d) Die mansfiguur wat sy moue oprol word ook in eie reg (apart van die vlag) as simbool benut. Dit simboliseer een van die belangrikste steunpilare tot selfbeskikking, genaamd selfwerkzaamheid;

Foto 3: 'n Beeld van die mansfiguur wat sy moue oprol in die beeldetuin.



- e) Die Ora (plaaslike geldeenheid). Ora staan vir die terme onafhanklik, raar en anders. Die Ora is op 29 April 2004 in die gemeenskapsaal bekendgestel as die amptelike geldeenheid van Orania. Dit bestaan uit vier note: Ora 10, Ora 20, Ora 50 en Ora 100 (Frontnuus 2004:12). Die illustrasies op die note verteenwoordig ook belangrike idees:

Die tien Ora beeld elemente uit die Afrikaner se geskiedenis uit wat ook vir Oraniërs simboliese waarde het. Racheltjie de Beer is byvoorbeeld die toonbeeld van die vasberadenheid van Afrikanervoorstate. Aan die deursettingsvermoë van veral die vrou tydens die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en vandag word sodoende hulde gebring. Die Namakwalandse madeliefie, 'n inheemse blom van hierdie gebied, verskyn ook op hierdie noot (Frontnuus 2004:12).

Die tema van die twintig Ora is die kunste. Die seun karakter, Trompie, is gekies om doelgerigtheid uit te beeld. Pierneef se kameeldoringbome is inheems aan die streek (Frontnuus 2004:12).

Die vyftig Ora beeld geloof en gesinsverbondenheid uit. Die afbeelding van 'n dogtertjie wat lees is een van vier loodglaspaneel wat Mevrouw Elly Holm aan mevrou Betsie Verwoerd geskenk het. Die voorsate van die Nooitgedachters, hier afgebeeld, word vereër vir hul rol tydens die Vryheidsoorloë (Frontnuus 2004:12).

Die sentrale strewe na selfwerkzaamheid word op die honderd Ora uitgebeeld. Die mansfiguur wat sy moue oprol simboliseer die gemeenskap van Orania se strewe om deur selfwerkzaamheid 'n pad na vryheid te baan. Die ratse steenbok en kanniedood aalwyn tipeer ook Orania (Frontnuus 2004:12).

- f) In die beeldetuin is daar beelde van belangrike leiers in die Afrikanergeskiedenis. Hierdie beelde sluit onder meer die beeld van Hendrik Verwoerd en Paul Kruger in. Volgens Vestergard (2000:101), verteenwoordig die Verwoerdstandbeeld die waardes waarrondom die identiteit van Orania gebou is.

Foto 4: Die beeldetuin in Orania, geleë op 'n koppie binne die dorp.



- g) Die nuwe Suid-Afrikaanse volkslied word nie erken as die amptelike volkslied van Orania nie. Die Stem, die amptelike volkslied van Suid-Afrika voor 1994, word gebruik as die volkslied van Orania (vgl. Vestergard 2000:101).

- h) Afrikaans is die amptelike taal en medium van kommunikasie in kerke, skole, vergaderings en offisiële korrespondensie (vgl. De Beer 2006; Vestergard 2000:101).

Foto 5: 'n Bord in Orania wat bevestig dat Afrikaans die amptelike taal en medium van kommunikasie is.



- **Geskiedenis**

Benewens genoemde simbole, word sekere vakansiedae in Orania herdenk om belangrike gebeure in die Afrikanergeskiedenis in herinnering te roep (Volksblad 2003:2). De Beer (2006) noem dat hierdie vakansiedae simbolies is van die Afrikaner se stryd om oorlewing en sy strewe om vryheid en onafhanklikheid van Brittanje. Die volgende kulturele vakansiedae word in Orania herdenk: Majubadag (27 Februarie), Stigtingsdag (6 April), Bittereinderdag (31 Mei), Taaldag (14 Augustus), Helledag (10 Oktober) en Geloftedag (16 Desember) (Greeff 2005:14). Majubadag herdenk die dag wat die Britse magte verslaan is aan die einde van die eerste Vryheidsoorlog op 27 Februarie 1881; Stigtingsdag, die dag waarop die vestiging van Jan van Riebeeck en Europese koloniste 'n verversingstasie vir die Oos Indiese Kompanjie aan die Kaap gevier word; Bittereinderdag herdenk die onderhandelinge wat die tweede Vryheidsoorlog in 1902 beëindig het; Met Taaldag word die *Vereniging Van Regte Vir Afrikaners*, 'n

beweging wat geveg het vir die taalregte van Afrikaners tydens Britse beheer in die Kaap en Natal herdenk; Helledag herdenk die geboortedag van die laaste president van die Zuid Afrikaanse Republiek, Paul Kruger; Geloftedag simboliseer die dag wat aan God gewy word ter danksegging van die Afrikaner se oorwinning by die slag van Bloedrivier tydens die Groot Trek in 1838 (De Beer 2006).

Belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Christendom is eweneens belangrik. Hierdie dae sluit in: Goeie Vrydag, Paasmaandag en Hemelvaart.

- **Kultuurraad**

Orania het ook sy eie kultuurraad, genaamd 'Oker'. Volgens Duplessis (1998:49), het Oker in Januarie 1997 begin funksioneer as 'n maatskappy sonder winsbejag. Dit beteken dat winste nie aan aandeelhouers uitbetaal word nie, maar teruggeploeg word om die volkstaatideaal te bevorder. Oker is in die lewe geroep met die doel om die uitvoerende kunste in Orania te bevorder en onderrig in verband met kultuuraangeleenthede in Afrikaans aan te bied. Die kultuurraad het tot dusver klem gelê op musiekonderrig (koperblaas, klavier, blokfluit, kitaar), musiekteorie vir volwassenes en skoliere, olieverfskilder vir volwassenes, kuns en kunsgeskiedenis vir laerskoolleerlinge en loodglaswerk vir volwassenes. Oker het ook in sy eerste jaar (1997) 'n aantal musiekkonserte en kunsuitstallings in en om Orania, asook die Oker-Afrikaanse Skryfskool aangebied, waar leerlinge in die joernalistiek en fiksie touwys gemaak is (Duplessis 1998:49).

Oker het sy eie blaasorkes, koperblaaskwartet en blokfluitensemble, wat gereeld konserte aanbied (Duplessis 1998:50). 'n Artikel in Frontnuus (2004:16) beskryf die Oker projekte as volg: "Orania staan nie terug as dit by kultuur kom nie. Daar is 'n wye verskeidenheid om van te kies: Ballet, kunsklasse, koor en 'n leserskring. Daar is selfs 'n dans- en skaakklub". Volgens Vestergard

(2000:101), is Oker een van die belangrikste instellings in Orania se poging tot gemeenskapsbou.

3.4.4 Religie en kerklike lewe

Talle van die kerke en kerkgenootskappe wat in die res van Suid-Afrika bestaan, word ook op Orania gevind – meestal as onderafdelings van gemeentes buite Orania. Ten tye van die navorsing was daar nege denominasies, by name die Afrikaanse Protestante Kerk, wat 'n eie gemeente het, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, ook met 'n eie gemeente, die Apostoliese Geloofsending (wat die sterkste verteenwoordig word onder die charismatiese of Pinksterkerke), die Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Sewedagse Adventiste, die Christelike Gereformeerde Kerk, die Isrealvisie/Verbondsvolk en die Dogters van Sion (vgl. Duplessis 1998; Pienaar 2007:79).

3.4.5 Ekonomiese selfstandigheid

3.4.5.1 Selfwerkzaamheid

'n Verdere kenmerk van Orania wat bespreking vereis is die beginsel van selfwerkzaamheid. Soos genoem in paragraaf 3.4.1, was een van die oogmerke met die stigting van Orania selfwerkzaamheid deur "volkseie-arbeid". 'n Voorwaarde vir lidmaatskap in Orania is dus selfwerkzaamheid en "volkseie-arbeid". Die klem wat op hierdie beginsel geplaas word vind sy oorsprong in die argument dat dit juis vreemde arbeid is wat die Afrikaner in 'n staat van magteloosheid gedompel het. Boshoff (in Duplessis 1998:60) stel in hierdie verband dat die proses van magsoorname sy oorsprong vind met die verpolitiserings van swart arbeid. Dus kan die Afrikaner in Orania nie weer van vreemde arbeid afhanklik word nie, aangesien dit daartoe kan lei dat nie-Afrikaners ook lidmaatskap eis.

Jooste som die belangrikheid van selfwerksaamheid as volg op:

“As long as dependence in economic and other spheres continues, the degree of self-determination that can be achieved will be too limited to be of any significance... State formation depends on the will of Afrikaners to free themselves from entwinement through sacrifice, not by moving to another developed country, but by moving to their own land where development has to be brought about through their own labour” (2002:72-73).

Die beginsel van selfwerksaamheid is so belangrik dat dit opgeneem is in die konstitusie van Orania, wat alle voornemende inwoners moet onderteken voordat hulle daar kom woon (vgl. Vestergard 2000:80). In die grondwet van Orania word die beginsel van selfwerksaamheid soos volg uiteengesit: “Ons onderneem om slegs van volkseie arbeid gebruik te maak en selfwerksaamheid binne en buite Orania te bevorder”. In die akte van verbintenis met die gemeenskap van Orania word die beginsel van selfwerksaamheid as volg onderteken: “Die beginsel van volkseie arbeid word streng in Orania gehandhaaf en is een van die belangrikste beleidsaspekte waarop ons strewe na selfstandigheid berus”.

Foto 6: 'n Bord in Orania wat die selfwerksaamheidsbeginsel in Orania bevestig.



Foto 7: 'n Goue plaat op die voetstuk van die standbeeld van die mansfiguur wat sy moue oprol wat die selfwerksaamheidsbeginsel verduidelik.



Volgens een inwoner van Orania, hou selfwerksaamheid vir hom die volgende belang in:

"Wanneer 'n mens werk, sweet jy en wanneer daardie sweet op die grond drup wil jy hê dat daardie grond aan jou moet behoort. Dit is waarom ons vir onself moet werk, en nie dieselfde foute as in die verlede maak nie. Ons het geleer vanuit daardie foute" (vgl. Vestergard 2000:80).

Greeff (2005:14) stel egter die vraag of die gedagte van selfdoen nie 'n meerderwaardige houding oordra wat grens aan rassisme nie. Hierop antwoord een inwoner as volg:

“Ons probeer iets positief doen. Ons wil nie op die negatiewe konsentreer nie. Ons wil die regte en omstandighede bevorder van die vir wie ons verantwoordelik is. As ons 'n keuse moet maak tussen mense wat vir ons kom werk, dan kies ons, ons eie mense. Ons wil egter nie ons vuilwerk deur mense van ander kulture laat doen nie, ons wil dit self doen. As ons rioolstelsel verstop raak, dan maak ons dit self reg. Die mense wat die strate skoonmaak en die vullis wegry, is ook ons eie mense. Ons beweeg dalk net nader aan dit wat in die res van die wereld gebeur. Net soos enige kultuurgroep die reg het om sy eie mense aan te stel, soos inderdaad in die res van die wêreld gebeur, wil ons dit ook graag hê” (Greeff 2005:14).

3.4.5.2 Ekonomiese organisasie en ontwikkeling

Orania se ontwikkelingsmaatskappy, Orania Bestuursdienste (OBD), het in die beginjare die leiding in ekonomiese ontwikkeling in Orania geneem. Teen 2006 was daar reeds drie gevestigde ekonomiese instellings, genaamd die Orania Sakekamer, die Orania Spaar en Krediet Koöperatief (OSK) en Orania Groeikrag, om leiding op hierdie gebied te neem. Die Orania Sakekamer behartig die meer as 60 besighede in Orania se belange en dit was ook hierdie instelling wat die inisiatief vir die Ora-projek geneem het (Voorgrond 2006:10). Een van die belangrikste voordele van 'n eie geldeenheid is dat dit die gemeenskap se gevoel van 'n eie identiteit bevorder. Dit bevorder ook die gemeenskap se selfvertroue om projekte self aan te pak – projekte wat die gemeenskap voorheen gedink het onmoontlik is (Frontnuus 2004:12). 'n Verdere voordeel van die Ora-projek is dat 'n eie geldstelsel inwoners motiveer om in Orania self die nodige produkte te koop en om van plaaslike dienste gebruik te maak, aangesien verskeie ondernemings in Orania vyf persent afslag gee aan inwoners wat die Ora as betaalmiddel gebruik. Pienaar (2007) noem in hierdie

verband dat “gemeenskapsbemaatiging en gemeenskapsselfstandigheid belangrike begrippe in Orania is en sodoende word inwoners aangemoedig om plaaslik gelewerde produkte te koop” (2007:69).

Foto 8: ‘n Bord wat die betaal van goedere met die plaaslike geldeenheid, die Ora, aanmoedig.



Foto 9: ‘n Bord wat die beginsel van “koop in Orania” bevorder.



Die tweede ekonomiese instelling, OSK, lewer ‘n groot verskeidenheid bankdienste aan die inwoners van Orania en hanteer ook die uitreiking van die Ora. Hierdie instelling funksioneer meer spesifiek om kapitaal in die dorp te hou en om finansiële steun aan besighede en ander instellings te verskaf. Die derde instelling, genaamd Orania Groeikrag, koördineer die ekonomiese ontwikkelinge van Orania. Hulle hanteer verder ook navrae oor beleggings en die aankoop van eiendom (Voorgond 2006:10).

Kenmerkend van Orania is die entrepreneurskap wat deur veral jongmense aan die dag gelê word. Daar is verskeie voorbeelde hiervan: ‘n Jong goudsmid het, nadat sy haar vakleerlingskap vir ‘n jaar voltooi het, haar eie werkswinkel in Orania begin. Sy het ook Wiskundeklasse gegee. ‘n Jong getroude paartjie is die eienaars van die Voorspoed-melkery, wat melk, botter en feta-kaas aan

Orania verskaf. 'n Jong man, wat as agtienjarige op Orania begin werk het, het 'n vragmotoronderneming begin en bedryf ook sy eie lusernmakery. Die eienaar van die "Kieliepensies" het haar eie kleuterskool begin en versorg daaglik vyftien kleuters. Die Orania Minimark se eienaar het as agtienjarige na Orania gekom, en die "perdekapelaan" van Orania het perde afgerig, gerehabiliteer, rylasse aangebied, en later die minimark gekoop. Die Kontreiwinkel se eienaar het haar graad elf jaar verwerf en toe op Orania kom woon, waar sy ook 'n balletskool gestig het (Pienaar 2007:69).

Soos genoem in paragraaf 1.3.2.3.1, word die ekonomie van Orania hoofsaaklik op landbou gebaseer, wat tesame met ongeveer sestig ondernemings in 2004, werk aan ongeveer 217 werkers verskaf het. Orania se gunstige klimaat en voldoende besproeiingswater het hoë potensiaal vir landbouontwikkeling. Die somerreënval en gemiddelde temperatuur wat wissel van 30°C tot 38°C, is ideale weer vir die verbouing van vele gewasse in Orania. Die vernaamste sektore is pekanneutverbouing en graan- en veevoerverbouing (Frontnuus 2004:16) Volgens Steyn (2004:60), is daar vanaf 1994 tot en met 2004 ongeveer 20 000 pekanneutbome aangeplant, met 'n produksie ter waarde van meer as R 8 000 000 in 2004.

Bogenoemde instellings en strukture dra nie net by tot 'n gesonde en selfstandige ekonomie nie, maar bied ook ondersteuning aan die voorneme om "binne die Orania-gebied sover moontlik te groei tot ekonomiese selfstandigheid".³⁴ Die ekonomiese selfstandigheid van Orania word as volg beskryf:

"Orania is a model of self-sustaining rural development. If there could be a dozen Orania-type settlements in the Northwest and Eastern Cape, they would make a serious dent in rural poverty in South Africa" (Van Zyl Slabbert 2006:112).

³⁴ Sien paragraaf 3.4.1 (Doelwitte en uitwaartse ontwikkeling) vir 'n uitgebreide bespreking van die OVR se verklaring van voorneme ten opsigte van ekonomiese selfstandigheid.

“Die ekonomiese werking van Orania is ‘n voorbeeld van selfhelp deur ‘n klein gemeenskap” (Reynolds 2002).

In ‘n onlangse vergelyking van die ekonomiese ontwikkeling tussen Philippolis (‘n plattelandse dorpie wat finansiële steun van die regering se Plaaslike Ontwikkelingsplan ontvang) en Orania, is laasgenoemde baie beter daaraan toe wat ekonomiese selfstandigheid betref. Steyn het na aanleiding van hierdie vergelyking tot die slotsom gekom dat:

“Two different paradigms work in these two towns. In Orania self-help within a Christian Nationalist Worldview is the driving force, while in Phillippolis depending on government or other institutions like the University of the Free State are the initiators to start projects...In Orania highly skilled people initiate projects. They do it with their own money and are responsible to make it work. In Phillippolis on the other hand... managing skills are clearly needed because without good financial planning the capital for continuous purchasing of essential material might terminate a project” (2004:62).

3.4.6 Skole-stelsels

In Orania word onderwys as ‘n belangrike pilaar in die vestiging van Afrikaner vryheid beskou. In die lig hiervan is die Orania Koördinerende Onderwysraad (OKO) gestig om alle onderwysaktiwiteite te koördineer. Die afgelope dekade is daar hard gewerk aan ‘n haalbare onderwysstelsel vir Orania. Op 4 Junie 1991 is die eerste skool, Volksskool Orania, met meneer Julian Visser as die eerste skoolhoof, begin (Pienaar 2007:60).

Orania het in die aanvangsjare by tye ernstige probleme in die onderwys ondervind, omdat daar met ‘n nuwe onderwysbedeling begin is, wat praktiese probleme en botsende standpunte ingehou het. Baie ouers het byvoorbeeld gesukkel om sowat driehonderd rand per kind of gesin skoolgeld te betaal. Op

sy beurt kon die Volksskool Orania dit nie bekostig om kinders te akkommodeer wat nie meewerk in multi-media-selfwerkzaamheidsonderrig nie. Gevolglik moes daar besluit word of die Volksskool Orania sou voortgaan met sy stelsel, of na konvensionele onderwys moes oorslaan (Duplessis 1998:23).

Uiteindelik is daar in Januarie 1993 oorgegaan tot die stigting van 'n CVO-skool (Christelike Volkseie Onderwys), waar onderrig op konvensionele metodes gebou is. Die CVO-skool het met sowat twintig kinders begin. 'n Derde skool, Hoërskool Orania, met sowat veertig leerlinge, wat tot nagenoeg sestig aangegroei het, is later gestig. Dit het Volksskool Orania met 'n skamele ses kinders gelaat, wat geleidelik weer tot dertig gestyg het. Hierdie gebeure het gelei tot die uiteindelijke sluit van die Hoërskool Orania in Junie 1997. Daarna het die CVO-skool en Volksskool Orania (beide primêre en sekondêre skole) die twee skole van Orania geword - elk met 'n eiesoortige stempel (Duplessis 1998).

Die CVO-skool volg tradisionele onderwysmetodes, met die doel om kinders in 'n skoolopset met 'n Christelike en volkseie aard en karakter op te voed; om hulle in te lei in die kennis, vermoëns en vaardighede wat hulle as volwassenes sal benodig; om as verlengstuk van die ouerhuis aan hul karakters te bou en om die gevolge van die nuwe Suid-Afrika te minimaliseer deur selfwerkzaamheid en ondernemerskap te kweek (Duplessis 1998:62). Die skool spits hom in die stadium toe op akademiese onderrig van graad een tot nege en afstandsonderrig vanaf graad tien tot twaalf. Die tegniese komponent word egter uitgebrei en verskeie leerders het reeds op N1 vlak hulle Elektronika en Motorvakteorie eksamens afgelê.

Die Volksskool Orania, aan die ander kant, is 'n privaatskool waar selfwerkonderwys nagevors en ontwikkel word (Pienaar 2007:70). Onderwysvakke word by hierdie skool in rekenaarprogramme verpak en 'n unieke rekenaargesteunde Kenweb (Kennis op die webtuiste) onderwysstelsel

word reeds vanaf graad een gevolg.³⁵ Leerlinge ontvang vir elke vak 'n doelwitvel wat die jaar se werk in dertig weke indeel. Aan die begin van die werkweek, beplan die leerling watter vakke hy op watter dae afhandel, en begin dan werk. Die doelwitvel dui aan watter bladsye van die handboek bestudeer moet word en ook met watter rekenaarprogram die leerling sy kennis van die bepaalde bladsy kan toets. Nadat 'n leerling tagtig persent vir 'n toets behaal het, kan sy die volgende taak aanpak. Wanneer die leerling vasval en die werk nie verstaan nie, is die onderwyser daar om op 'n individuele basis te help. Leerlinge laat elke stukkie werk deur die onderwyser afteken.

'n Ander vorm van onderrig in Orania is afstandsonderrig. Kenweb is al wêreldwyd bekend vir sy pionierswerk op die gebied van afstandsonderrig. Ouers wat tuisonderrig verkies, gee voorkeur aan die Kenweb-stelsel, met sy Christelik- en Afrikaansgerigte onderbou. Kenweb is 'n uiters moderne en gesofistikeerde elektroniese infrastruktuur, wat in staat is om enige plek in die wêreld onderwys van Graad 0 tot Graad 12 aan te bied.

3.4.7 Maatskaplike dienste

Die Orania Maatskaplike Raad (OMR), 'n artikel 21-maatskappy wat by die Nasionale Maatskaplike Raad geregistreer is, het uit 'n klein omgee-groep ontwikkel en bied 'n geordende struktuur vir omgee-aksies in Orania. Die OMR gee veral aandag aan die beywering van 'n gesonde gemeenskapslewe. Die doelstellings wat onder andere nagestreef word is: "Bestaansbeveiliging, gesinsbou, jeugsorg, die bestryding van skadelike gedragsvorme, asook voorkomende en opbouende aksies in die vorm van gemeenskapsontwikkeling" (http://www.orania.co.za/dienste_maat_raad.asp). Terblanche (2008) noem verder dat die ORM die identifisering van persone in die gemeenskap wat hulp benodig, asook die verskaffing van berading behartig. 'n Voltydse maatskaplike

³⁵ Hierdie stelsel is ten volle op Orania ontwikkel deur 'n oud-onderwyser, André van der Berg (Pienaar 2007).

werker is in 2006 vir die eerste keer aangestel en word uit eie fondse gefinansier (Voorgrond:2006:10).

Een van die omgee-aksies van die maatskaplike raad is die Elim-projek. Duplessis (1998:24) beskryf Elim as: "Een van daardie inspirerende ondernemings wat op Orania bestaan...wat op sy beurt probeer om soveel mense as moontlik geldelik en andersins by Orania betrokke te kry". 'n Hoofdoel van Elim is om Afrikanerseuns wat nie 'n heenkome het nie as werkers vir Orania te werf, opleiding vir hulle te gee, na hulle welsyn om te sien en aan hulle geskikte verblyf en ontspanning te verskaf (Duplessis 1998:24; Versluis 2000:4).

'n Verdere projek waarby die maatskaplike raad betrokke is, is die projek Koningskinders. Hierdie projek word deur sekere gemeentes van die Gereformeerde Kerk buite Orania bedryf. Ondersoeke na Orania as basis is geïnisieer met die oogmerk om kinders vanuit ontwrigte huislike omstandighede 'n beter toekoms te bied, veral deur middel van 'n gesonde huislike opset, opleiding en werkverskaffing (http://www.oria.co.za/dienste_maat_raad.asp).

As deel van sy maatskaplike dienste, is daar 'n Helpsaamfonds in 2005 gestig om ondersteuning te bied aan Afrikaners wat 'n behoefte het aan huisvesting en werkseleenthede (http://www.oria.co.za/dienste_maat_raad.asp). Die Helpsaamfonds beywer hom dus vir die werwing van donasies vir maatskaplike sorg en welsyn op Orania (Terblanche 2008).

Daar word egter ook na die bejaardes op Orania omgesien. Die Tuisverplegingsvereniging sien byvoorbeeld om na die siekes en bejaardes by hulle huise (Terblanche 2008).

3.4.8 Ekologiese bestuur

Die Perma-kultuurbeginsel, naamlik die benutting van hulpbronne op so 'n wyse dat die harmonie met die natuurlike omgewing nie versteur word nie, word in Orania gevolg.³⁶ Om hierdie Perma-kultuurbeginsel ten volle te ontwikkel is Orania in 2005 deur die Departement van Toerisme, Omgewing en Bewaring geregistreer as 'n bewarea (Van Zyl 2007:10). Elkeen wat dus grond in Orania besit, huur of op 'n ander wyse benut, is 'n lid van die bewarea en het 'n verantwoordelikheid om die omgewing te bewaar. Die Orania Vluytjieskraal Bewarea is vanaf sy stigting betrokke gewees by heelparty projekte soos byvoorbeeld erosiebestryding, die geleidelike vervanging van uitheemse bome deur volwasse inheemse bome, voorligting en hulp met betrekking tot probleemdiere soos ape, bobbejane, muishonde, slange en so meer, sowel as inligting en raad aangaande omgewingsvriendelike maniere om plaas te bestry.

Een van die belangrikste projekte van die bewarea-komitee was om 'n herwinningsbank te ontwikkel. Hierdie gedagte het voortgespruit uit die droom om die dorp se stortingssterrein te vervang met 'n omgewingsvriendelike en volhoubare herwinningsbank. 'n Nuwe terrein is doelbewus gekies om in die openbare oog te wees, sodat die sigbaarheid van die terrein tot verantwoordelike afvalbeheer kan lei en gemeenskapsbetrokkenheid bevorder. Afgeskermdde hokke is so gebou dat dit oos front. Die rede hiervoor was dat die westewind nie materiaal uit die hokke sou waai nie. Vir die persone betrokke by hierdie projek was dit baie belangrik dat die plantegroei van die terrein nie versteur moes word nie. Bome is ook aangeplant om die terrein te verfraai, en toiletgeriewe is aangebring.

'n Bydrae tot die sukses van die herwinningsbank is dat inwoners self hulle afval by die huis moes skei. Inligtingstukke is in die dorp versprei waarin verduidelik is dat papier, plastiek, glas, metaal en onherwinbare materiaal tuis geskei moes

³⁶ Sien paragraaf 3.4.1 onder die OVR se verklaring van voorneme rakende ekonomiese selfstandigheid.

word en in aparte houters beskikbaar gestel moes word vir insameling. Op 1 Augustus 2006 het al die beplanning op aksies uitgeloop en is geskeide afval vir die eerste keer versamel. Tans skei amper negentig persent van die inwoners hulle afval tuis (Voorgrond 2007:6-7).

Die feit dat inwoners hulle huisafval in vyf verskillende houters moet plaas, het 'n behoefte laat ontstaan vir eenvormige ouers. Frans de Klerk het die inisiatief geneem en 'n oorspronklike vullishouer ontwerp wat voorsiening maak vir die vyf verskillende kategorieë afval. Dit is 'n staalkonstruksie met vyf plastiekhouters. Die houer word ingeplant en is so ontwerp dat 'n plant bo-op geplant kan word. Verskeie van hierdie houters word in die dorp gesien (Voorgrond 2007:8).

Foto 10: 'n Voorbeeld van herwinningshouters in Orania.



Nog 'n verskynsel wat algemeen in Orania voorkom is kiepkoepele. Kiepkoepele is ligte, verskuifbare hoenderhokke sonder 'n bodem, met voldoende beskutting vir hoenders en 'n plek waar eiers maklik verwyder en kos en water gegee kan word. Kiepkoepele word deur boere gebruik wat hulle grond vir landbou doeleindes wil voorberei. Die Kiepkoepele staan vir twee weke op 'n stuk grond. Die grond word dan deur hoenders losgewoel en terselfdertyd bemes. Hulle werk organiese materiaal in die grond in en teen die tyd dat die

kiepkoepel na 'n ander deel van die grond geskuif word, is daardie stukkies grond gereed vir aanplanting (Strydom 2007:5).

Orania spog ook met vlermuishotelle wat oral opgerig is. Vir Oraniërs is vlermuise uiters nuttig in die sin dat hulle 'n waardevolle bydrae lewer in die beheer van ongewenste insekte. Gevolglik is daar besluit om aan hulle behoeftes te voldoen deur vir hulle "hotelle" op te rig, wat ook verseker dat die diere nie 'n steurnis is nie. Om dieselfde rede is daar ook uilhotelle in Orania opgerig, aangesien nie eens muisgif muise so goed kan beheer soos uile nie (Strydom 2007:5).

Verskillende tipes sonstowe word gereeld in Orania-tuine opgemerk. Oraniërs maak gebruik van sonenergie om van vrugtekoeke tot bredies gaar te maak. 'n Sonkragstelsel, met 'n omsetter om elektrisiteit aan 'n huishouding te verskaf, is ook reeds in werking. Die benutting van sonwaterverwarmers is ook 'n toenemende verskynsel (Strydom 2007:5).

3.4.9 Die bydrae van vroue

Wat is die bydrae van vroue tot Orania? Ten spyte daarvan dat daar omtrent geen navorsing oor die onderwerp gedoen is nie, is daar 'n algemene gevoel dat vroue 'n belangrike bydrae gelewer het, en nog steeds lewer, in Orania se stryd om politieke onafhanklikheid. Feris (2004:21) noem byvoorbeeld dat vroue 'n belangrike rol gespeel het in Orania, net soos wat hulle generasies gelede ook gedoen het tydens die Anglo-Boereoorlog. Die bydrae van vroue strek vanaf die ontwikkeling van die koeksistermonument, tot die vestiging van die dorp se onderwysstelsel en die feit dat die dorp van dag tot dag vlot bestuur word.

Geen bespreking rondom die bydrae van vroue in Orania sal volledig wees as daar nie melding gemaak word van mevrou Betsie Verwoerd nie. Vir baie inwoners was en bly sy 'n "simbool van Afrikaner vryheid" (vgl. Mordant 1999:21). Ook mevrou Anna Boshoff word beskou as een van die prominente

vrouefigure in Orania. Tot en met haar afsterwe in 2007, was sy nie net die bobaas koeksisterbakster van Orania nie, maar ook die skoolhoof van die Volksskool Orania. Sy het veral 'n belangrike bydrae gelewer in die vestiging van die skool met sy unieke onderrigmedium (vgl. Feris 2004:21).³⁷ Sy word in 'n huldeblyk beskryf as: "...by uitstek 'n gemeenskapsmens en sal onthou word vir die tallose inisiatiewe wat afgestem was op die behoud en herwinnig van die Afrikaner se vryheid" (Voorgrond 2007:11). Nog 'n vrou wat 'n prominente figuur in Orania is, is mejuffrou Madeleine Winterbach. Sy was die eerste vrou wat in die verkiesing van 15 Oktober 1996 tot dorpsraadlid verkies is, met die portefeulje Maatskaplike ontwikkeling (vgl. Duplessis 1998: bylae een).

Teenoor die positiewe beeld van vroue in Orania is daar buitestaanders wat die opinie huldig dat vroue in Orania onderdruk word. Die Premier van die Noord-Kaap, Diputo Peters, het byvoorbeeld die volgende uitspraak gelewer: "Orania praat met trots oor die koeksistermonument wat vir vroue opgerig is. Die monument is opgerig omdat vroue baie geld vir hul gemeenskap insamel deur die bakwerk wat hulle doen". Sy gaan voort: "Maar dit is al erkenning wat vroue daar kry. Hulle word steeds tot die kombuis verban. Hulle moet na die mans kyk en sorg dat hulle kos het. Die mans besluit wat met die geld gedoen moet word wat hulle insamel" (Cronje 2005:4).

Carel Boshoff het hierop gereageer en die uitlating van die Premier as "ongegronde" bestempel. Hy argumenteer as volg: "Haar uitlating hou nie rekening met die sentrale rol wat vroue toegeken word in die Afrikaanse literatuur nie. Dit is net eenvoudig nie waar nie". ..."elke jaar nog dien 'n vroulike raadslid in Orania se dorpsraad. En dit is nie omdat sy kan koekies bak nie. Die vrou lewer in hul eie reg 'n bydrae tot die ontwikkeling en geldelike bestuur van die

³⁷ Die onderbou van hierdie skool word in paragraaf 3.4.6 bespreek, en daarom sal daar nie in hierdie gedeelte daarop ingegaan word nie. In paragraaf 3.2 is daar verder ook reeds genoem dat mevrou Boshoff betrokke was en 'n bydrae gelewer het in die aankoopproses van Orania deur Avstig in 1991.

gemeenskap. Op Orania gaan ons nie om politieke redes 'politiek korrek' wees nie."

In 'n artikel in die publikasie Voorgrond (2007:4), vra die skrywer, Madeleine Winterbach: "Is Orania 'n mannewêreld?" Aan die einde van haar artikel kom sy tot die slotsom: "Die vrou van Orania laat haarself wel geld in die openbare lewe, in instellings van verskeie aard – as besigheidsvrou, as huisvrou en gesinsversorger en as enkel mens, in haar andersoortigheid teenoor die man met sy eiesoortigheid, aanvullend tot mekaar maar in gelykwaardigheid". Sy gaan voort met: "Daar is onbeperkte moontlikhede vir die vrou in Orania om met inisiatief en harde werk haar gawes te ontwikkel en bruikbaar te stel aan die gemeenskap. Die juwelierskuns onder vroue het sodanig uitgebrei dat 'n gilde gevorm is en produkte van gehalte gelewer word; gebak en handwerk word gelewer om te verkoop; gastehuse word bestuur; skilderkuns word beoefen...hulle doen hulle deel op onderwysgebied; kliniekdienste word in eie reg voorsien; hulle vorm die noodsaaklike onderbou by instellings as kantoorklerke en winkelassistente...dit is verder die vroue van Orania wat binne die raamwerk van selfwerkzaamheid, openbare skoonmaakdienste onderneem, asook as huishulpe by gesinne optree...op kerklike gebied het sommige gemeentes aktiewe vrouegroepe, wat onder andere na gemeentelede en andere uitreik wat sorg benodig. Die vroue in Orania is inderdaad 'n onmisbare deel van die kwalitatiewe aard en onderbou van die gemeenskap" (Winterbach 2007:4-5).

Sakevroue in Orania is nie 'n rariteit nie, maar eerder die norm. Daar is byvoorbeeld vroue aan stuur van sake in: Burke videos, Krummels bakkerij, La Femme (haarkappersalon), Kieliepensies (kleuterskool), Die Kontreiwinkel, Roelien de Klerk juwele, Ou Melkplaas, Hansie en Grietjie (spysenieringsbedryf), Karoo Pekans, Letsi vere en dons, om maar net 'n paar te noem (Voorgrond 2007:10).

3.5 SAMEVATTING

Die doel van die hoofstuk was om die leser te oriënteer ten opsigte van die navorsingskonteks en beeld van die dorp Orania. Drie temas is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer, naamlik Orania – die waterwesedorp, Orania – die eerste volkstaatsdorp en Orania – 'n selfstandige Afrikanergemeenskap.

Orania het aanvanklik ontstaan en ontwikkel as 'n waterwesedorp tydens die daargestelling van die Oranjerivierwaterprojek. Ontwikkelinge in die eens waterwesedorp het in 1963 begin toe die eerste werkers en administratiewe personeel ingetrek het. Teen 1965 het Orania as 'n volledige dorp bestaan, waar ongeveer ses en vyftig huisgesinne gewoon het. 'n Volledige infrastruktuur wat onder andere 150 huise, 'n swembad, 'n gemeenskapsaal, skole en 'n regeringswinkel ingesluit het, is ontwikkel. Teen 1989 het die waterweseprojek egter tot 'n einde gekom en is werkers oorgeplaas na ander projekte.

Orania is in 1991 te koop aangebied aan Avstig deur die prokureur van Jacques Pretorius. Die aanloop tot die koop van Orania spruit voort uit die feit dat Avstig dit in 1988 ten doel gestel het om 'n volkstaat vir Afrikaners in die westelike gedeeltes van die Noord-Kaap te vestig. Die feit dat Orania in daardie stadium te koop aangebied is, het daartoe gelei dat Orania geïdentifiseer is as die eerste groeipunt vir 'n toekomstige volkstaat. Die dorp Orania is gekoop en op 13 April 1991 amptelik aan Afrikaners bekendgestel. Die aangrensende plaas, Vluytjieskraal 272, is in Augustus 1991 op 'n veiling aangekoop deur Orania Bestuursdienste. Na die aankoping is die vervalle infrastruktuur opgebou en herstel en nuwe projekte in die verband is aangepak. Hierdie taak is opgeneem deur OBD, wat ook die dorp op daardie stadium bestuur het. Op 20 Augustus 1992 het die eerste dorpsraadverkiezing plaasgevind.

Oogmerke vir die bestaan en ontwikkeling van Orania as die eerste groeipunt vir 'n volkstaat vir Afrikaners is van stapel gestuur om die Afrikaner se voortbestaan, vryheid en behoud van kultuur en identiteit te verseker deur selfbeskikking in 'n

eie grondgebied. Oogmerke vir die ontwikkeling van Orania behels die volgende: Om verlore vryheid te herstel aan die hand van die republikeinse ideaal; selfwerksaamheid deur "volkseie-arbeid"; die stigting van 'n Christelike Afrikanergemeenskap en die oprigting van die Orania-beweging, wat Afrikaners nasionaal en wêreldwyd moet saamsnoer en inlig. Die onderbou van Orania en die volkstaat rus op twee pilare, naamlik instellings soos die kerk, gesin en Staat, wat die Afrikanergeskiedenis, taal en tradisies moet weerspieël) en sy geloofsopvatting, wat gevind word in 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Orania word na vyftien jaar beskou as 'n selfstandige Afrikanergemeenskap met gevestigde strukture, instellings en verenigings. Selfstandigheid in Orania hou verband met die volgende: onafhanklike bestuur (hoewel die mate van onafhanklikheid nog nie na wense is nie); 'n duidelike identiteit en andersheid wat meeste inwoners kenmerk; lewendige kerklike lewe; ekonomiese selfversorging; unieke pasgemaakte skolestelsels; ondersteunende maatskaplike strukture; en 'n verantwoordelike ekologiese bestuur van die omgewing.

Aangesien hierdie studie dit ten doel stel om te fokus op die identiteit van vroue in Orania, is daar in hierdie afdeling plek gemaak vir 'n bespreking rondom die bydrae van vroue in Orania. Vroue het byvoorbeeld in die verlede, sowel as in die hede, 'n belangrike bydrae gelewer in die vestiging van Orania as 'n selfstandige gemeenskap. Hierdie bydrae strek vanaf die strewe om politieke onafhanklikheid, tot die ontwikkeling van die koeksistermonument, tot die vestiging van die dorp se onderwysstelsel en die feit dat die dorp van dag tot dag vlot bestuur word.

HOOFSTUK 4: IDENTITEIT VAN VROUE VAN ORANIA

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk stel dit ten doel om die bevindinge van die empiriese ondersoek uiteen te sit en te bespreek. Die doel hiervan is om uiteindelik aan die leser 'n samevattende bespreking aan te bied aangaande die identiteit van vroue in Orania. Verdere doelwitte binne hierdie doelstelling is: Die kulturele konstruksie van die vroue se identiteit soos verwoord deur hulself en die gemeenskap; die betrokkenheid van die vroue in die gemeenskapslewe van Orania, asook hul oortuiginge met betrekking tot hul Afrikanerskap/Oraniër-Afrikanerskap ten einde die onderhouding en bevordering van die vroue se identiteit in Orania te bepaal. Die hoofstuk verdeel in vier aparte maar verbandhoudende temas, naamlik vormingsjare van die vrou (voor Orania); volwasse jare; lewe in Orania; en identiteit.

4.2 VORMINGSJARE VAN DIE VROU (VOOR ORANIA)

4.2.1 Inleiding

Die algemene doelstelling van hierdie gedeelte is om op aspekte van die vormingsjare van die vrou te fokus, sowel as die bepalende invloed hiervan op die kulturele konstruksie van die vroue se identiteit. As sulks sal daar eerstens op die onderwerp gesin van oorsprong gefokus word om ondersoek in te stel na aspekte soos die plek waar die vroue gebore is; die omgewing waar die vroue grootgeword het; die gesinstuktuur waarvan die vroue 'n deel gevorm het, gesinsverhoudings; en ontspanning en vriendskappe wat 'n bydrae gelewer het tot die vroue se identiteit. Tweedens sal daar op die skool, verenigings en politiek gefokus word om sodoende 'n beeld te kry van eksterne invloede wat 'n vormende bydrae gelewer het op haar identiteit. Derdens sal daar gekyk word na die waardes en lewensfilosofieë waaraan die vrou as kind blootgestel is, en wat sy aangeleer het wat 'n integrale en vormende uitwerking gehad het op die vroue se kulturele identiteit as volwassene.

4.2.2 Gesin van oorsprong

Tydens die fokusgroeponderhoude het verskeie van die informante Orania en sy mense as volg beskryf: *Orania en sy mense is uniek; Uiteenlopend – 'n interessante gemeenskap wat uit verskillende mense, uit verskillende dele van die land, uit verskillende sosiale groeperinge en verskillende kwalifikasies en vaardighede bestaan.* Die betekenis en die implikasie van hierdie woorde het egter eers duidelik geword tydens die in-diepte onderhoude wat met die nege gekose sleutelinformante (vroue) gevoer is.³⁸ Dit het duidelik geword dat die vroue nie net vanaf regoor en uit verskillende dele van die land kom nie, maar dat die gesinne waarin die vroue grootgeword het 'n unieke karakter aan elkeen van hierdie vroue se lewensverhale gegee het. Die besondere inhoud van hierdie verhale is verder versterk deur generasie, klas en afkoms.³⁹

Die vroue is, met die uitsondering van Lapie⁴⁰, wat in die Noord-Kaap gebore is, afkomstig van verskillende dele van Suid-Afrika. Anaat is byvoorbeeld gebore op 'n plaas in die vroeëre Transvaal⁴¹, terwyl Marie weer in Kaapstad gebore is.

Gepaardgaande hiermee is daar uiteenlopendheid rondom die omgewings waar die vroue grootgeword het. Vier van die informante (Anaat, Lapie, Dollie en Johanna) het op 'n plaas of 'n kleinhoewe grootgeword, terwyl vyf (Marie, Lientjie, Ams, Hettie en Emmerentia) van die informante in 'n dorp of stadsgebied grootgeword het. Faktore soos byvoorbeeld generasie en klas het bygedra tot die unieke karakter van die grootwordplek.

³⁸ Sien Paragraaf 1.3.2.3.3 (In-diepte onderhoude) vir 'n bespreking oor die seleksie van die vroue.

³⁹ Vir doeleindes van hierdie studie, hou die begrippe "generasie", "klas" en "afkoms" die volgende betekenis in: generasie - 'n geslag wat ongeveer dieselfde tyd gebore is en die gaping wat daar bestaan tussen 'n vorige geslag en die wat daarop volg; klas - die sosiale posisie van 'n persoon wat gebaseer is op beroep, inkomste en aansien in die gemeenskap; en afkoms - die genealogiese plasing van 'n individu binne 'n verwantskapsgroep.

⁴⁰ In hierdie hoofstuk sal daar van skuilname gebruik gemaak word om te verwys na die nege vroue met wie in-diepte onderhoude gevoer is.

⁴¹ In hierdie hoofstuk word gegewens beprek uit 'n ouer bedeling. Plekname sal dus nie noodwendig ooreenstem met huidige name van dorpe en stede nie. Daar sal ook later van standers in plaas van grade in die skoolopset melding gemaak word.

Ter illustrasie van die uiteenlopendheid van die verskillende omgewings en die invloed van generasie en klas, word daar na die voorbeeld van twee vroue wat op 'n plaas grootgeword het, gekyk. Alhoewel beide op 'n plaas grootgeword het, het die tyd waarin elkeen grootgeword het andersoortige ervaringe en belewenisse meegebring. Anaat het byvoorbeeld grootgeword op 'n plaas in die afloop van die Anglo-Boereoorlog. Sy onthou byvoorbeeld hoe haar ouers die plaashuis en kuddes wat tydens die oorlog vernietig is van voor af moes opbou. Aanvanklik was die beplanning om die plaashuis en kuddes so vinnig moontlik te herstel en gevolglik het die plaashuis nie werklik enige geriewe gehad nie. Later jare is daar egter ekstra slaapkamers, 'n stoorkamer en 'n badkamer aangebou. Daar is ook eers later water aangelê tot by die huis. As deel van hierdie tipe leefstyl, onthou sy hoe hulle water in emmers moes aandra vanaf 'n windpomp wat nie te ver van die plaashuis af gestaan het nie. Verder nog het sy tot en met standaard ses in 'n plaasskool onderrig ontvang. Gesinne het oor die algemeen ook nie 'n motor gehad nie en sy onthou byvoorbeeld hoe dit hulle twee en 'n half uur geneem het om met 'n perdekar vanaf die plaas in te ry dorp toe. Wanneer dit nagmaal was, het hulle ook as een van die baie ander Afrikanergesinne vir die naweek uitgespan op die kerkplein en in 'n ossewa geslaap.

Dollie, aan die ander kant, het weer in 'n era grootgeword waar lewensomstandighede vir die Afrikaner baie geriefliker was. Sy het byvoorbeeld die plaashuis as volg beskryf: *Dit was nie jou tipiese plaashuis nie. Dit was 'n moderne huis met byvoorbeeld elektrisiteit en 'n televisie.* Op laerskool is sy met 'n skoolbus skool toe geneem en sy het die geleentheid gehad om een keer 'n week balletklasse by te woon.

Die geriefliker lewensomstandighede waarin Dollie grootgeword het kan ondermeer daaraan toegeskryf word dat die Afrikaner, soos alle blankes, gedeel het in die ekonomiese groei van Suid-Afrika sedert 1933; die suksesvolle etniese mobilisasie van die Afrikaner in 1948, wat vir die Afrikaner politieke mag en/of staatsbegunstiging besorg het; Afrikanerkapitaal in Afrikanersake-ondernemings

belê is; en opvoedkundige fasiliteite wat vir Afrikaners vanaf 1948 verbeter is (Maritz 2004:56). Hierdie handelinge het, volgens Maritz (2004:56), daartoe aanleiding gegee dat daar reeds in 1969 die waarneming gemaak kon word dat Afrikaners welvarend geraak het.

Wat was die Afrikaner se ekonomiese posisie voor 1969 en watter faktore het daarop ingewerk? Voor 1870 "was die Afrikanernasie feitlik geheel en al 'n volk van boere" (Cronje 1945:). Landbou en veeteelt was tot op daardie stadium (1870) nog absoluut oorheersend in die nasionale produksiestelsel van Suid-Afrika en die Afrikaner het 'n groot deel van hierdie sektor uitgemaak. Schumann (1945:444) beskryf byvoorbeeld die Afrikanerboer van daardie tyd en die invloed wat boerdery op die Afrikaner se ekonomiese posisie gehad het, as volg: "Hy was die ondernemer, die entrepreneur wat oorspronklik die land skoon en bewoonbaar vir homself gemaak het, en later, as gevestigde boer, as werkgewer en grondbewerker, rigting gegee het aan die grootste deel van die land se opbrengs. En selfs in ander bedryfstakke, in die transportwese, die bankwese en die verwerkende nywerheid het hy 'n aansienlike aandeel gehad. Maar die land en die grond was eintlik sy tuiste. Vir hom was die boerdery nie in die eerste plek 'n middel om geld te verdien nie, maar die draer van sy huisgesin en van 'n hele leefwyse".

Vanaf 1870 het die sosiale en ekonomiese struktuur van Suid-Afrika verander, wat volgens Schumann (1945:444) daartoe bygedra het dat die Afrikaner nie die leiding en entrepreneurskap behou het nie. Na die 1870's het Suid-Afrika vinnig in 'n meer kapitalistiese mynbouekonomie verander en in 1910 het landbou en veeteelt slegs drie en twintig persent bygedra tot die waarde van nasionale produksie. Verdere veranderinge wat gevolg het, was: Die spoorweg het die ossewa verplaas; die groot imperiale banke het die plek ingeneem van die plaaslike distriksbanke; fabrieke het vinnig begin uitbrei; en geskoolde werkers moes feitlik uitsluitlik ingevoer word. Hierdie ondernemings is opgebou en

bestuur deur vreemde Europese kolonialiste. Die pionierboere en hulle nakomelinge kon nie aan die vereistes wat hiervoor nodig was voldoen nie⁴².

Aangesien boerdery maar 'n drie en twintig persent bydrae gemaak het tot nasionale produksie, moes dit toenemend as 'n besigheid beskou word. Dit het daartoe gelei dat kapitaal geleen moes word vir plaasverbeterings, wat tot te veel skuld en uiteindelik bankrotskap gelei het (Schumann 1945:444). 'n Verdere faktor wat bygedra het tot die verlies van die Afrikaner se leiding in die ekonomiese sektor van Suid-Afrika, was die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Die Afrikaner moes homself ekonomies heropbou in die lang na-oorlogse depressie (1903-1909). Plase en veekuddes moes van voor af herstel en opgebou word. Geld moes dikwels hiervoor geleen word en so het die Afrikanerboer skuld gehad wat afgewerk moes word. Die oorgrote meerderheid boere kon hierdie verbande nie afwerk nie en is bankrot verklaar. Baie van hierdie boere is dus geforseer om hulle plase te verlaat. Schumann (1945:444) som hierdie plaasverlatings soos volg op: "Die plaasverlating moet vir 'n groot [so nie die grootste] gedeelte gesien word in samehang met en as uitvloeisel van die ontsettende landelike verarming van ons boerebevolking. Hierdie verarming het dit vir 'n groot gedeelte van ons boerebevolking op die plase onhoudbaar gemaak met die gevolg dat hulle na die stede as't ware hul toevlug geneem het, hopende dat hulle daar 'n beter heenkome sal vind". Baie van hierdie boere en hulle gesinne het sodoende deel geword van die arm blanke groepe wat dikwels na die stede migreer het. Die boer moes noodgedwonge in die stad 'n ander beroep beklee en hulself van onder af opwerk in die mynondernemings, industrieë, spoorweë en die handel (Schumann 1945:444).

Hierdie groot getalle Afrikaners wat noodgedwonge moes verstedelik, het gou vooruitgang na hoër betaalde poste gemaak (vanaf 1910 tot ongeveer 1939),

⁴² Schumann (1945:444) noem byvoorbeeld dat die opbou en bestuur van hierdie ondernemings, behalwe kapitaal, besigheids- en tegniese kennis, organisasievermoë, mensekennis, noukeurige berekening van inkomste en uitgawes en in 'n sekere mate van hardheid en geslepenheid vereis het.

maar in die besigheidsektor het die Afrikaner, met enkele uitsonderinge, 'n ondergeskikte posisie beklee: *Hy is die geskoolde of semi-geskoolde en dikwels ook die ongeskoolde werker, maar nie die kapitaalbesitter of ondernemer of bestuurder nie*. Die Afrikaner se ekonomiese posisie het dus nie, vanaf 1910 tot en met ongeveer 1939, veel verbeter nie. Alhoewel dit met sommige Afrikaners beter gegaan het in die stad, meen Cronje (1945:312) dat die stad vir verreweg die meeste Afrikaners, wat hul toevlug daarheen geneem het, geen uitkoms gebring het nie en dat die meeste van hulle in die stad verdere verarming en sosiale ellende tegemoet gegaan het.

Na 1933 het Suid-Afrika egter 'n groot ekonomiese oplewing beleef, wat gepaard gegaan het met 'n ongekende spekulاسie in goudmynaandele; 'n merkwaardige styging in grondpryse; 'n styging in staats- en spoorweginkomste; en 'n buitengewone uitbreiding in kredietinstellings (vgl. Schumann 1945:449). Hierdie ekonomiese oplewing het onteenseglik 'n invloed gehad op die Afrikaner, in die sin dat hulle lewensomstandighede in die stedelike gebied verbeter het.

In 1948, met die bewindsoorname van die Nasionale Party, het die Afrikaner op onder meer ekonomiese gebied leierskap teruggekry. Dit het die Afrikaner daartoe instaat gestel om beheer oor sy eie sake oor te neem en ekonomies welvarend te word.

Wat was die ekonomiese posisie/klas van die gesin waarin vroue grootgeword het? Die tipe beroep wat elk van die onderskeie vroue se vaders beklee het, sowel as die tyd waarin hierdie beroepe beoefen is, is 'n aanduiding van die ekonomiese posisie/klas van die gesinne. Die vroue het as kinders deel gevorm van huishoudings waar drie van die vroue se vaders geboer het. Anaat se vader het, soos reeds genoem, 'n boerdery behartig in die dekade na die Anglo-Boereoorlog. Miskien kan sy sukses (behoud van sy grond) daaraan toegeskryf word dat, benewens sy boerdery, hy ook 'n besighheidsman, 'n leke onderwyser en 'n leke prediker was. Lapie se vader het 'n boerdery om en by in die 1930's

begin behartig. Ook hy was nie net 'n boer nie, maar ook 'n besigheidsman in die sin dat hy die eienaar van 'n klein kafee was. Dit kon daartoe bygedra het dat die gesin hulself in 'n welaf posisie bevind het. Sy onthou byvoorbeeld dat hulle een van die eerste gesinne was, in hulle omgewing, wat 'n motor kon bekostig. Soos genoem, het Dollie in 'n huisgesin grootgeword waar omstandighede vir die Afrikaner geriefliker was en as sulks kom sy uit 'n huis wat as welaf beskryf kan word.

Vyf van die ander vroue se vaders het òf 'n professionele òf 'n klerklike beroep beklee. Twee was besigheidsmanne (onderskeidelik in die laat 1950's en 1960's), twee was predikante in die Anglikaanse kerk (1900's) en die Neder-Duits Gereformeerde kerk (1950's) en een was 'n bankamptenaar (1920's). Johanna se vader was 'n diesel en petrol werktuigkundige en later 'n paneelklopper (1970's). Vanweë hierdie beroepe wat die vroue se vaders beklee het, ongeag die tydvak waarin hulle hierdie beroepe beklee het, kan die aanname gemaak word dat die onderskeie huisgesinne 'n gemaklike lewe gelei het.

Alhoewel daar genoem is dat daar duidelike verskille is rondom die agtergrond van die gesinsopset waarin die vroue grootgeword het, is daar ook sekere ooreenkomste wat getref kan word. Oor die algemeen kom die vroue byvoorbeeld uit wat genoem kan word 'n tipiese Afrikanergesin. Alvorens daar oorgegaan word na besprekings oor die kenmerke van hierdie tipiese Afrikanergesin, is dit nodig om die tradisionele plek, aard en wese van die Afrikanergesin te bespreek.

Die tradisionele plek van die Afrikanergesin lê vir Cronje (1945:309) daarin dat die huisgesin tradisioneel die karakter en kultuur van die Afrikaner bepaal het. Anders gestel, die Afrikanergesin was die skepper en voortplanter van die Afrikanerkultuur. Dit het voortgespruit uit die feit dat die meerderheid Afrikaners, tot en met ongeveer 1870, boere was in geslote landelike areas. In hierdie

landelike afsondering, was dit net die plaas met sy huisgesin. Die plaas was dikwels ver van die naaste dorp geleë en daar was groot afstande tussen aangrensende plaashuise. Daarmee saam was die kommunikasiestelsel op daardie stadium onderontwikkeld. Gesinne het dus weinig kontak met ander gesinne gehad. Onder hierdie omstandighede het die huisgesin en die lewe binne familieverband vorm gekry in so 'n mate dat dit beslag gegee het aan die Afrikanerkarakter van die breëre gemeenskap.

Die aard en wese van die tradisionele Afrikanergesin word deur Cronje (1945:322) saamgevat. Eerstens was die landelike Afrikanerhuisgesin 'n gesagsgemeenskap. In die gesin was die vader die hoogste gesagsdraer. Hy het met ander woorde aan die hoof van 'n bepaalde gesagsordening gestaan, wat bepaal het dat die vrou onder die gesag van haar man funksioneer. Die vader se woord was wet en wat hy vir sy huisgesin gereël het, durf niemand in twyfel getrek het nie; veral nie sy kinders nie. Verder was die vader gesien as: "die beliggaming van geestelike waardes, streng konserwatisme, die innerlike kultuur, geestelike adel, godsdienstigheid, sedelikheid, volkstrots, rassebewussyn, vryheidsliefde, strydvaardigheid en wat daar ook al mooi en goed in die karakter van die Afrikaner was" (Cronje 1945:325).

Die vrou is binne hierdie gesagsgemeenskap met teenstrydige kwaliteite voorgehou: Aan die een kant was sy sterk, met 'n veggees en uithouvermoë, maar aan die ander kant het sy eienskappe soos weerloosheid, delikaatheid en verfyndheid besit. Sy was die vrou aan wie God die taak toevertrou het om Afrikanerkinders groot te maak en om die jonger geslag met die liefde vir hulle taal en kultuur te inspireer. Die ideale vrou sou ook haar volk, net soos 'n moeder haar kind, koester (vgl. Maritz 2004:11-12). Daarom het die moeder ten opsigte van haar kinders ook 'n posisie van gesag bekleed, maar nie op dieselfde vlak as die vader nie. 'n Verdere eienskap van die gesagsgemeenskap was dat die houding van kinders teenoor hulle ouers gekenmerk is deur eerbied en ontsag. Kinders het byvoorbeeld nooit hulle ouers op die persoonlike

voornaamwoord "jy" aangespreek nie. Cronje (1945:322) is van mening dat hierdie agting wat 'n jonger persoon vir 'n ouer persoon moet hê, en dat 'n ouer persoon met respek behandel moet word, die grondslag van die wêreldbeskouing van die Afrikaner is.

Ten tweede was die huisgesin 'n lotsgemeenskap. Soos Cronje (1945:322) dit opsom: "al die lief en leed van die plaas- en pionierslewe het die gesinslede saam meegemaak en verduur". Hierdie lotsverbondenheid is ook in die breëre familielewe aangetref.

'n Derde kenmerk was dat die huisgesin 'n godsdienstige eenheid was. Cronje (1945:330) stel dit so: "Dit was die huisgesin met sy Bybel wat in daardie dae die vernaamste draer van die Christelike godsdiens in Suid-Afrika was".⁴³ Dit was ook hierdie godsdienstige aard van die gesin wat die patriargale aard van die gesin en familie⁴⁴ en ook die eerbiedige en onderdanige houding van kinders teenoor hulle ouers (die vyfde gebod in die Bybel wat lees: "eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee" – Eksodus 20:12) regverdig en aangemoedig het. As voorbeeld van hoe belangrik godsdiens vir die Afrikaner was, verduidelik Cronje (1945:330) dat die dag begin is met huisgodsdienste en dat alle etes begin en geëindig het met 'n tafelgebed. In dié vroeë jare was daar net enkele kerke, maar boere het nietemin ver gereis en gereeld dienste bygewoon. Die meerderheid het egter gesukkel vanweë die groot afstande en daarom het hulle net een of twee keer per jaar die Nagmaal bygewoon. Dan het kerkisasie en aanneming ook gewoonlik plaasgevind (Cronje 1945:331).

⁴³ Hierdie godsdiens van die Afrikaner was op Calvinisme gegrond (vgl. Maritz 2004).

⁴⁴ Die ondergeskikte posisie van die vrou is byvoorbeeld verduidelik deur die Bybelvers, Genesis 3:16: "Na jou man sal jy hunker en hy sal oor jou heers" (aangehaal deur Cronje 1945:220). Maritz (2004:8) sien manlike outoriteit en vroulike onderdanigheid as die uitvloeisel van hierdie goddelike opdrag. Sy meen dat hierdie instelling só diep verskans was, dat dit deur die geskiedenis van die Afrikaner in die politiek, sosiale en ekonomiese lewe verweef is.

'n Vierde kenmerk van die vroeë Afrikaner is jeugdige huwelike en die groot getal kinders wat 'n egpaar gehad het. Cronje (1945:337) skryf die groot getal kinders daaraan toe dat egpare getrou wou wees aan 'n opdrag in die Bybel, naamlik: "Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde en bewerk dit" (Genesis 1:28). 'n Groot huisgesin was dus 'n bevel van God en kinders is gesien as 'n seëning van Bo.

'n Vyfde kenmerk van die huisgesin was die getroude Afrikanervrou, wat as tuisteskepper by die huis arbeidsaam moes wees. Die lewensomstandighede van die Afrikaner voor die 1870's het dit wel in die hand gewerk, maar dit is ook van haar verwag om nie ledig te wees nie. Sy was byvoorbeeld die kleremaker van die gesin; het seep gekook met gannaasloog; en van die hardevet van diere het sy kerse gemaak (Cronje 1945:320).

Nieteenstaande die tyd wat verloop het sedert die vroeë Afrikaners en die vormingsjare van die informante, is daar raakpunte tussen die twee groepe. Oorsigtelik beskou, word die volgende ooreenstemmende kenmerke by die informante aangetref: Patriargale dominansie (bv. die man as hoof van die huisgesin, besluitneming deur die man, en die man as broodwinner van die gesin), vroue wat nie 'n beroep buite die huishouding beklee het nadat hulle getroud is nie, groot gesinne, hegte gesins- en familiebande en 'n stabiele gesinsopset.

Die sentrale rol van die vader in die gesin word geïllustreer daarin dat ses van die vroue as deel van hulle gesinne tydens hulle kinderjare van een dorp na 'n ander verhuis het. Dit is nie soseer die feit dat daar verhuis is nie, maar eerder die feit dat die besluit geneem is op grond van vereistes wat gestel is deur die vader se beroep. Dit sluit aan by die tendens waar daar in die verlede groot klem gelê is op die Afrikanerman se posisie as die hoof van die huishouding en broodwinner van die gesin. As verdere voorbeeld van die man se posisie as hoof van die huishouding, onthou Hettie hoe sy in matriek haar laaste pakslae

gekry het by haar pa. Sy het verduidelik dat haar pa nie gehou het van die manier waarop sy met haar ma gepraat het nie. Ook Dollie en Ams beskryf hulle pa's as mense wat baie streng was. Behalwe vir die feit dat Ams se pa baie streng was, onthou sy dat sy groot ontsag vir hom gehad het. Haar pa het haar net twee keer in sy lewe 'n loesing gegee, maar as hy oor sy bril na haar gekyk het, het sy vir drie weke daarna sleg gevoel. Volgens haar het hy hiermee baie meer bereik as haar ma, wat hulle behoorlik pak gegee het. Ams het verder ook 'n geleentheid onthou waar haar broer met een eksamen baie sleg gedoen het en hoe haar ma haar pa aangesê het om hom te straf.

Die meeste informante se moeders het nie 'n beroep buite die huishouding beklee nadat hulle getroud is nie en indien hulle wel 'n beroep beklee het, was dit nadat hulle kinders 'n relatief onafhanklike ouderdom bereik het. Vyf van die moeders het byvoorbeeld nooit buite die huis gewerk nie, terwyl vier van die informante se ma's wel 'n beroep buite die huishouding beklee het; twee van hulle terwyl die kinders nog klein was en die ander twee toe die kinders ouer was. Een van hierdie informante se ma's het egter net met tye gewerk en ook seker gemaak dat dit 'n halfdagpos was, sodat sy in die middae tyd saam met haar kinders kon bestee. Hierdie tendens kan voortspruit uit die tradisionele plek van die vrou in die huishouding as gevolg van die Afrikaner se lewensomstandighede, maar dit kan volgens my eerder toegeskryf word aan die Afrikanervroue se leuse voor die 1900's: "Die vrou se plek is haar huis" (Maritz 2004:2). Tog, hierdie uitgangspunt is dieperliggend en word vir Maritz (2004:58) onderlê deur Calvinisme, sowel as 'n middelklas-waardesisteem, waarvolgens werkende moeders afgekeur is. Hierdie denke kon 'n invloed gehad het op die moeders van die informante se keuse om nie 'n beroep te beoefen nadat hulle getroud is nie. Enkele voorbeelde kan ook genoem word van meganismes waardeur die vrou op subtile wyse in die huislike omgewing gehou is. Maritz (2004:31) maak byvoorbeeld melding van Afrikanernasionaliste wat Afrikanervroue na die 1940's, wat om verskeie redes noodgedwonge as fabriekwerksters in diens geneem is, geviktimiseer het. Hierdie vroue het ook vir

lae lone gewerk en onder uiters haglike omstandighede. Dit kan moontlik gesien word as wyses waarop vroue ontmoedig is om 'n beroep te beoefen.

Wat die gesinstruktuur betref, was dit opmerklik dat die vroue oor die algemeen deel gevorm het van 'n groot gesin. Nie een van hulle was byvoorbeeld 'n enkelkind nie. Anaat was een van ses kinders, Ams een van vyf kinders, Hettie ook een van vyf kinders en Dollie een van vier kinders. Uit die onderhoude het dit verder duidelik geword dat daar oor die algemeen 'n sekere status en verantwoordelikheid daaraan verbonde was om die oudste kind in die gesin te wees⁴⁵. Uit die belewenis van die oudste kind, was dit egter as 'n nadeel gesien. Anaat het vertel dat sy van mening is dat die oudste kind swaarder kry as die ander kinders en dat hulle baie meer verantwoordelikhede het. Johanna was ook van mening dat om die oudste te wees baie nadele inhou. Volgens haar moes sy die voorbeeld vir al die ander kinders stel. Die vroue wat nie die oudste kind was nie, wou oor die algemeen graag die oudste gewees het, aangesien daar volgens hulle sekere voordele aan hierdie posisie is. Marie het byvoorbeeld erken dat sy graag die oudste sou wou gewees het. Volgens haar het sy in haar jonger dae gedink haar pa is baie gehag aan haar ouer broer. As haar ouers uitgegaan het, het hulle altyd vir haar broer die verantwoordelike taak gegee om na die ander te kyk. Dan het haar broer vir haar gesê dat sy vir daardie aand die oudste kon wees. Sy het dan al die verantwoordelikhede en die rol wat daarmee gepaard gegaan het, baie geniet. Lientjie onthou hoe sy haar posisie as middelkind as 'n nadeel ervaar het. As kind het sy gedink haar ouers kyk met ander oë na haar as na haar oudste suster. 'n Prominente gebeurtenis wat vir haar uitstaan is die tyd toe sy agt of nege jaar oud was en masels gekry het. Sy onthou hoe lekker dit vir haar was om siek te wees, omdat sy die een was wat al die aandag gekry het.

⁴⁵ Hierdie bevinding stem ooreen met Cronje (1945:327) se opsomming dat daar in Afrikanergeleedere groot klem geplaas is op die gesag van iemand met 'n hoër ouderdom. Jonger broers en susters was byvoorbeeld aan die ouer broers en susters gehoorsaamheid verskuldig. Hiermee saam het die persoon wat 'n hoër ouderdom gehad het, sekere verantwoordelikhede gehad.

Die vroue het deel gevorm van groot gesinne en het hegte bande met onderskeidelik hulle ouers en broers of susters gehad, en nog steeds het in sommige gevalle. Dollie beskryf byvoorbeeld die verhouding wat sy met haar ouers het as besonders en verduidelik dat sy verknog is aan haar ouers, veral haar ma. Ook Hettie onthou hoe haar ma haar bondgenoot was tussen vier broers in die huis. Marie beskryf die verhouding wat sy met haar pa gehad het met die woorde: *Hy was altyd daar gewees*. Dollie beskryf die verhouding wat sy met haar pa gehad het as: *Hy kon enige iets wat verkeerd gegaan het regmaak*. Die vroue het oor die algemeen hegte bande met hul broers en susters gehad. Anaat onthou byvoorbeeld hoe sy en haar broers saam gespeel het en ervaringe gedeel het. Sy het saam met die seuns 'n fees gehou wat 'n kerkdiens en nagmaal ingesluit het. Hulle het ook soms vir dooie diere 'n begrafnis gehou. Sy onthou ook hoe al die kinders in die winter om die koolstoof gesit het, melk daarop warm gemaak het en dan gekyk het wie dit die vinnigste kan drink. Ams onthou weer hoe haar ouer broer haar aan die een kant geboelie het en dit duidelik gemaak het dat hy die sê het, maar dat hy aan die ander kant ook baie beskermend teenoor haar was. Hulle is byvoorbeeld op 'n paar geleenthede uitgevang vir stoutighede wat hulle aangevang het en dan het hy alleen *die pak gevat*. Hy het haar egter ná die tyd baie goed laat verstaan dat, as hulle ouers dit ooit sou uitvind, sy by hom in die 'moeilikeheid' sou wees.

Behalwe die hegte gesinsverhoudings, het die vroue ook hegte verhoudings met hulle grootouers gehad. Dollie vertel dat haar grootouers 'n belangrike invloed op haar opvoeding gehad het. Marie het weer vertel van haar oma Jane wat by hulle in die huis gebly het. Sy moes haar kamer (*die mooiste en beste kamer*) aan haar oma afstaan, maar sy was nooit ontevrede of ongelukkig hieroor nie. Sy het dit inteendeel verskriklik geniet dat haar oma by hulle aan huis gebly het. Johanna beskryf die verhouding wat hulle as kinders met hulle grootouers gehad het so: *hulle het diep spore in ons lewens getrap*. Hettie beskryf haar verhouding wat sy met haar een oma gehad het as baie geheg. Sy het vertel hoedat haar oma 'n plaasvervanger was vir haar ma as sy tydens haar studentejare huistoe

verlang het. Die vroue het oor die algemeen spesiale herinneringe van tye wat hulle met hulle grootouers gedeel het en wat 'n groot invloed op hulle lewens gehad het. Johanna onthou byvoorbeeld hoe haar grootouers se teenwoordigheid in hulle lewe hulle beskermend laat grootword het. Haar ouma het saam met haar deur die winkels geloop toe sy gesoek het na benodigdhede vir haar matriekafskeid en haar oupa het hulle altyd by die skool kom haal. Verhale uit die grootouers se lewens word ook met warmte onthou. Meeste van die tyd het hierdie verhale gehandel oor die swaar en arm tye waardeur hulle grootouers gegaan het. Anaat onthou geleenthede waar hulle as kinders aan haar ouma se *lippe gehang het* tydens haar vertellinge van haar dae in 'n konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog. Marie het weer vertel van haar ouma wat op dertig jaar getroud is met 'n man wat sy beskryf het as *jolig, vrygewig en onbesonne*. Hy het ook sy geld op dobbel uitgegee. Haar ouma is later van hom geskei – iets wat ongewoond was vir daardie tyd.

'n Verdere kenmerk van die gesinsverhoudings van die vroue is die hegte familiebande wat selfs verlangse familie ingesluit het. Agt van die vroue se ouers het byvoorbeeld gereeld in verbinding gebly met verlangse familie. Hettie se pa het die siening gehad van *familie is familie*. Hy was ook altyd die een wat tydens vakansies verlangse familie opgesoek het. Marie se pa was weer voortdurend in kontak met selfs sy stieffamilie wat in Engeland gewoon het, veral met een van sy stiefbroers se kinders. Die hegtheid van familiebande is versterk deurdat die familie gereeld bymekaar gekom het. Hierdie bymekaarkom-geleenthede het gewissel van familie re-unies tot spesiale geleenthede, soos byvoorbeeld Kersfees. Twee van die vroue se familie het by hulle op die plaas kom kuier, terwyl die sewe ander vroue in wisselende mate gereeld by familie besoek afgelê het.

'n Verdere ooreenkoms wat opgemerk is, is die feit dat die gesin van oorsprong 'n gevoel van veiligheid en stabiliteit aan die vroue as kinders gebied het. Selfs die vroue wat op skool vir lang tye nie in hul ouerhuis gewoon het nie, het ook die

stabiliteit ervaar. Vyf van die informante was op kosskool. Een van hierdie informante het ook as kind vir 'n ruk lank by haar ouma gewoon. Die rede hiervoor was dat die familie bekommerd was oor haar ouma se gesondheid en as die oudste kleindogter het sy gevoel dat dit haar plig was om na haar ouma om te sien.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die vroue se gesin van oorsprong in 'n groot mate kenmerke deel met die tradisionele gesinstruktuur van die Afrikaner. Dit hou by implikasie die betekenis in dat die gesin die meganisme was waardeur die vroue se Afrikaneridentiteit gevorm is. Behalwe vir die vorming van die vroue se Afrikaneridentiteit, het die gesin van oorsprong ook die sosiale posisies van die man en die vrou in gesinsverband bevestig. Dit het duidelik geword dat die man beskou is as die hoof van die huishouding, as die broodwinner en as die besluitnemer. Daarteenoor het die moeders van informante hulself in die huislike opset bevind en na hulle afhanklike kinders omgesien.

4.2.3 Skool, verenigings en politiek⁴⁶

Daar word van die standpunt uitgegaan dat die skool, verenigings en politiek 'n invloed gehad het op die vorming en onderhouding van die vroue se Afrikaneridentiteit. Hierdie drie onderwerpe het verder ook 'n invloed op die vorming en onderhouding van die persoonlike identiteit van die vroue.

Vanaf 1948 tot ongeveer 1996 was onderrig in Suid-Afrika beïnvloed deur die filosofie van nasionalisme. Botha (2009) skryf soos volg hieroor: "Ons skole was in hart en murg Christelik-nasionaal, want die wese van ons onderwys en opvoeding was Christelik-nasionaal georiënteerd". Die invloed van hierdie tipe onderrig beskryf hy as: "In ons Afrikaanse skole het ons jong Afrikaners gekweek wat bewus was van hul Christelike agtergrond en trots was op hul nasionale herkoms".

⁴⁶ Die konsep politiek hou vir doeleindes van hierdie bespreking die betekenis in van politieke gesprekke en gebeure wat 'n invloed gehad het op die vorming van die vroue as volwassenes.

'n Kenmerkende tendens was byvoorbeeld dat vyf halfuur-periodes per week aan primêre skole en twee periodes in die hoërskole afgestaan is aan Bybelonderrig.

Ses van die informante het onderrig ontvang in hierdie tipe skole, met 'n Christeliek-nasionale onderbou. Die drie ouer dames het egter onderrig ontvang in die tyd wat Suid-Afrika 'n Unie was. Dit wil dus voorkom asof skoolopvoeding 'n invloed gehad het op die bevestiging van Afrikaneridentiteit, veral omdat die Afrikanerbewys op daardie tydstip op sy felste was.

Verenigings soos die Die Voortrekkers het ook 'n belangrike plek gehad in die vorming en onderhouding van die vroue se Afrikaneridentiteit. Daar hoef byvoorbeeld net gekyk te word na die doelstellings⁴⁷ van Die Voortrekkers om te beseef dat die Afrikaner hoog op die agenda van Die Voortrekkers is. Hiermee saam is ook voorgeskrewe gedragskodes en denkwyses aan Afrikanerkinders en volwassenes oorgedra.

Dit is opmerklik dat die vroue in verskillende tipes skole onderrig ontvang het. Twee van die vroue was in 'n handelskool, een in 'n Engelse kerkskool vir meisies, een in 'n Afrikaanse meisieskool, een in 'n kollege waar sy standerd nege en matriek voltooi het en die ander vier in gemengde Afrikaans-medium skole. Dit is opvallend dat die drie ouer dames (70-85 jaar) groot bewondering gehad het en opgekyk het na elkeen van hulle onderwysers. Gewoonlik was dit 'n onderwyser wat Afrikaans gegee het en by die kinders, met voordrag van Afrikaanse poësie en letterkunde, 'n liefde vir die taal gevestig het. Die ses

⁴⁷ "Om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voortspruit, uit te leef;

Om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe;

Om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar;

Om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem dit wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;

Om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar;

Om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel; en

Om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel".

(<http://www.voortrekkers.org.za/Algemeen/doelstellings.htm>).

jonger vroue was baie meer krities teenoor onderwysers en het 'n duidelike onderskeid gemaak tussen onderwysers waarvan hulle gehou het en diegene wat onaanvaarbaar was. Onderwysers waarvan hulle gehou het, het die volgende kwaliteite gehad: Liefde vir die vak wat hulle aangebied het; kon met kinders werk; leerlinge kon met hulle identifiseer; hulle kon luister en verstaan; en hulle het 'n goeie voorbeeld gestel. Onderwysers waarvan hulle nie gehou het nie, was mense wat nie regtig wou skoolgee nie; wat nie klas kon gee nie; of wat gedink het hulle is beter as ander.

Die vroue was betrokke by verskillende sportsoorte en skoolaktiwiteite. Omstandighede en geleenthede wat verband hou met generasie, klas en afkoms het egter 'n invloed gehad op die deelname aan skoolaktiwiteite en sportsoorte. Anaat, soos reeds genoem, kom uit 'n relatief arm Afrikanergesin as gevolg van die swak ekonomiese omstandighede na die Anglo-Boereoorlog, en kon byvoorbeeld net aan atletiek en korfbal deelneem. Sy wou bitter graag tennis speel, maar kon dit nie oor haar hart kry om vir haar ouers te vra om vir haar die nodige toerusting aan te koop nie, aangesien sy geweet het dat daar eenvoudig net nie geld daarvoor was nie. Verder het sy as tienerjarige nooit aan verenigings soos CSV, KJA, Voortrekkers of Landsdiens behoort nie, aangesien daar in daardie tyd en op haar tuisdorp nie sulke verenigings bestaan het nie. Sy het wel deelgeneem aan debatsaande, waar daar gedebateer is oor *volksake*. In haar volwasse jare het sy by beide die CSV en KJA aangesluit.

Lientjie, wat ongeveer dieselfde ouderdom is as Anaat en ook uit 'n Afikanerhuis kom, se omstandighede en geleenthede het haar toegelaat om deel te neem aan tennis, hokkie en atletiek. Haar pa was 'n bankamptenaar en dus in die posisie om vir haar al die nodige toerusting vir hierdie sportsoorte te koop. Verder nog was sy in 'n bekende Afrikaanse meisieskool met meer geleenthede om aan sportsoorte te kon deelneem. Sy het ook op skool aan die Voortrekkers behoort, CSV-kampe bygewoon, eenkeer per kwartaal volkspele gedoen en af en toe aan debatsaande deelgeneem.

Marie kom uit 'n Engelse gesin en was in 'n Engelse kosskool. Sy het aan tennis, hokkie en krieket deelgeneem. Uit die aard van die saak, het sy nooit as 'n tiener deelgeneem aan skoolaktiwiteite soos Voortrekkers, CSV, KJA en Landsdiens nie, aangesien sy in 'n Engelse skool was. Sy het egter as student CSV kampe bygewoon en in hierdie tyd was sy ook 'n Voortrekker offisier.

Lapie, wat tien jaar jonger is as bogenoemde vroue, het weer nie al die geleenthede gehad wat bogenoemde vroue gehad het nie. Sy kon byvoorbeeld net tydens pouses aan netbal deelneem en aan atletiekbyeenkomste indien dit in skooltyd was. Hulle het op 'n plaas gewoon en sy moes elke dag met die bus skool toe ry. Die bus het direk na skool weer teruggery, met die gevolg dat sy nooit in die middag die geleentheid gehad het om aan enige ander sportgeleenthede of skoolaktiwiteite deel te neem nie.

Met betrekking tot die vyf jonger vroue, is dit duidelik dat hulle baie meer geleenthede gehad het en dat hulle omstandighede so was dat hulle aan 'n verskeidenheid sportsoorte en skoolaktiwiteite blootgestel was. Sportsoorte waaraan hulle deelgeneem het, het nie verskil van die ouer dames nie en het nog steeds ingesluit netbal, atletiek, hokkie en tennis. Al vyf vroue het, waar dit op skool aangebied is, ook behoort aan ten minste twee van die verenigings wat beskikbaar was (CSV, KJA, Voortrekkers, debat en Landsdiens).

Die betekenis en waarde wat sport vir die vroue ingehou het is uiteenlopend, maar oor die algemeen het dit 'n invloed gehad op die vorming van hulle persoonlike identiteit. Vir Lientjie was die waarde van sport daarin geleë dat dit iets was waarin sy goed kon doen en erkenning voor kon kry. Die waarde en betekenis van lidmaatskap aan verenigings soos Voortrekkers, CSV, KJA en debat is oor die algemeen beskryf in terme van 'n Christelike bewusmaking en herlewing, sowel as 'n groter bewustheid van hulle Afrikanerskap.

In die algemeen het die vroue grootgeword in huishoudings waar daar oor politiek gepraat is. Lientjie stel dit as volg: *Daardie tyd was dit so dat 'n mens daaroor gepraat het.* Alhoewel die vroue in sommige gevalle nie soseer deelgeneem het aan die politieke besprekings nie, het dit 'n bewustheid van politieke sake by hulle gekweek. Soos te verstane, verskil die politieke besprekings egter van generasie tot generasie. Anaat onthou byvoorbeeld politieke gesprekke wat te doen gehad het met die opheffing van die Afrikaner uit sy armoede en besprekings rondom Afrikanerleiers soos generaal Hertzog en generaal Smuts. Gesprekke oor generaal Hertzog het gedraai rondom hoe baie hy vir die Afrikaanse taal gedoen het. Hettie onthou weer gesprekke oor die grensoorloë, in die sewentiger- en tagtigerjare, toe jongmans moes gaan veg.

Die feit dat die vroue baie bewus was van politieke sake, het daartoe aanleiding gegee dat sommige politieke gebeure 'n blywende indruk op hulle lewens gemaak het. Ams onthou byvoorbeeld die tyd toe Dr. Verwoerd vermoor is en hoe ontsteld en hartseer volwassenes daaroor was. As kind was dit vir haar baie ontstellend, aangesien sy nie geweet het of verstaan het waarom dit gaan nie. Lientjie onthou weer toe sy as sesjarige dogtertjie die honderdjarige herdenking van die Groot Trek in 1938 ervaar het. 'n Wa het in elke streek by al die dorpie aangegaan en twee spore op 'n stuk nat sement afgedruk. Hierdie onvergeetlike ervaring is afgesluit met die liedjie "Hoor jy die magtige dreuning...". Die gevolg van hierdie gebeurtenis op haar lewe som sy as volg op: *"'n Draaipunt in my lewe ten opsigte van 'n ontwaking oor my Afrikanerskap"*. Hettie het weer in die tyd van die grensoorloë en die *rooi gevaar* gevoel dat as jongmans op die grens moet gaan veg, sy ook haar deel moes doen. Die uiteinde was dat sy vir een jaar by die weermag aangesluit het vir vrywillige diensplig.

4.2.4 Waardes en lewensuitkyk

In die voorafgaande gedeeltes het die klem geval op sommige van die instellings, verenigings en politieke gebeure wat 'n invloed gehad het op die vorming van die vroue se identiteit. In hierdie gedeelte word die fokus geplaas op die tipes

waardes⁴⁸ wat die vroue geleer het en die invloed daarvan op hul lewensuitkyk. Soos reeds genoem in Paragraaf 4.2.2, het die vroue hegte verhoudings gehad met hulle grootouers. Dit is dus nie vreemd dat die vroue se waardes en in sommige gevalle hulle lewensuitkyk tot 'n groot mate gevorm en beïnvloed is deur die teenwoordigheid van hulle onderskeie grootouers in hulle lewens nie. Meeste van die vroue het groot lewenslesse by hulle grootouers geleer wat in die algemeen gebaseer is op Christelike waardes⁴⁹ soos eerlikheid, verantwoordelikeheidsin, pligsbesef, mededeelsaamheid, medemenslikheid en dankbaarheid; die waarde en belang van familie en gesin; en belangrike persoonlikheidskwaliteite soos byvoorbeeld netheid, humor, wilskrag en *dat die lewe na elke krisis aangaan*.

Die lewenslesse rondom Christelike waardes en die waarde van familie en gesin wat die vroue van hulle grootouers geleer het, is bevestig en versterk deur hulle ouers. Kenmerkend van 'n Sondag was byvoorbeeld 'n kerkdiens wat óf bygewoon is, óf oor die radio geluister is, of dat huisgodsdienste gehou is. Gepaardgaande hiermee was 'n ongeskrewe reël dat vroue vir die geleentheid, in welke vorm ookal, in 'n rok geklee sou wees en indien sy kerk toe gegaan het, is handskoene en 'n hoed ook gedra. Later is daar afgesien van handskoene en hoede, maar die vroue was steeds nie toegelaat om met 'n langbroek kerk toe te gaan nie. Anaat onthou byvoorbeeld hoe hulle as kinders tien uur op 'n Sondag, klaar gebad en netjies aangetrek (ma en dogters in hulle rokke en kappies), in die voorhuis as gesin bymekaar gekom het. Haar pa, netjies aangetrek met das en baadjie, was dan al lankal wakker en besig om voor te berei vir die huisgodsdienste wat hy self gelei het. Tydens hierdie byeenkoms het haar pa vir hulle uit die Bybel geles en daarmee saam het hulle die geloofsbelydenis opgesê en Nederlandse Halleluja-liedere, Psalms en Gesange gesing.

⁴⁸ Ember en Ember (2000:155) definieer waardes as: "The standards or rules about what is acceptable behaviour".

⁴⁹ Sien Paragraaf 4.2.2 vir die bespreking oor die waarde van godsdienste vir die Afrikaner.

'n Sondag het vir die vroue die betekenis van 'n gesinsdag in die sin dat alles in gesinsverband gedoen is. Daar is byvoorbeeld as gesin saam aan tafel middagete genuttig. Dollie onthou ook hoe hulle gesin Sondagmiddae rondgery en by vriende en familie gaan kuier het. Stilte en rustigheid is 'n verdere kenmerk van Sondae, met ouers wat in die middag na ete gaan slaap het. Sommige van die vroue is as kinders toegelaat om dan saam met vriende te speel, terwyl ander dit nie kon doen nie. Die vroue onthou ook baie goed dat daar op Sondae nie enige vorm van werk wat in die week gedoen moes word, soos naaldwerk, wasgoed was, stryk of huisskoonmaak, gedoen is nie.

Selfs geleenthede soos Paasnaweek, Kersfees en Nuwejaar is, alhoewel verskillend, altyd in familie- of gesinsverband gevier. Die wyse waarop elkeen van hierdie geleenthede gevier is, is egter weereens beïnvloed deur generasie, klas en agtergrond. Ongeag die verskille, was almal dit eens dat die Christelike sy van Kersfees en Paasnaweek beklemtoon is en dat die gesin dikwels as deel van 'n groter familie saam kerk bygewoon het.

In die meeste gevalle het die vroue se ouers ook deur middel van volksfeeste⁵⁰ Christelike waardes en die waarde van die gesin versterk en bevestig. Oor die algemeen kan die vroue (vyf van die informante) geleenthede onthou waar hulle as kinders saam met hulle ouers volksfeeste bygewoon het. Christelike waardes is bevestig deurdat elkeen van hierdie geleenthede gepaardgegaan het met 'n kerkdienste of skriflesing en gebed. Die waarde van familie is versterk deurdat hulle as gesin saam na hierdie volksfeeste gegaan en ook aan die aktiwiteite deelgeneem het. Lapie beskryf haar herinnering aan Geloftefees met die volgende woorde: *As gesin was dit vir ons baie belangrik gewees om Geloftefees by te woon en al wat ek kan onthou is die Christelike aspek van die fees en dat ons kinders baie lekker gespeel het.* Volksfeeste het egter ook 'n verdere doel gehad in die sin dat dit 'n bewustheid van hulle Afrikanerskap by

⁵⁰ Soos bespreek in Paragraaf 3.4.3, heg Orania steeds 'n hoë waarde aan volksfeeste, en sommige neem selfs die vorm aan van vakansiedae wat belangrike gebeure in die Afrikanergeskiedenis verteenwoordig.

hierdie vroue laat ontstaan het. Hettie noem byvoorbeeld dat volksfeeste by haar 'n bewustheid van die geskiedenis en die volk waaraan sy behoort, geskep het. Sy het ook geleer dat dit iets is wat die Afrikaner doen en dat dit belangrik is om tradisies te handhaaf.

Benewens bogenoemde meganismes waarmee die vroue se grootouers en hulle ouers sekere waardes aan hulle oorgedra en versterk het, het die vroue se ouers sekere reëls laat geld. 'n Mens sou kon redeneer dat hierdie reëls sekere waardes by die vroue gevestig het en 'n invloed gehad het op hulle uiteindelijke lewensuitkyk. Om die vroue as kinders te beskerm, onthou Anaat dat hulle nooit uit die huis mag gegaan het alvorens hulle nie hul ouers in die saak geken het nie. Hulle moes ook voor sonder by die huis wees. Marie moes voor tien uur in die aande by die huis wees en haar ouers wou voortdurend weet waar sy was en wanneer sy by die huis sou wees. Lapie se ouers het weer groter klem daarop gelê dat sy nooit uitlokkend moes wees teenoor die teenoorgestelde geslag nie en dat sy altyd beleef teenoor ouer mense moes wees. Dollie se ouers het raad gegee rondom vriendskappe en hoedat sy versigtig moes wees wie sy as vriende kies en altyd na haar verstand moes luister.

Daar was ook algemene reëls in die huishouding wat daarop gemik was om die huishouding vlot te laat verloop. Een van die wyses waarop die huishouding georganiseer was, was dat kinders sekere take gehad het wat hulle moes doen. Dit was egter nie net die feit dat hulle take gehad het nie, maar ook hóé dit uitgevoer moes word. Dollie onthou byvoorbeeld dat *as take toegesê is, was dit 'n vaste ding*. Anaat onthou weer hoe haar ma daarop aangedring het dat hulle die take wat aan hulle uitgedeel is, netjies en ordentlik moes doen. Sy onthou 'n paar geleenthede waar sy so haastig was om haar werk klaar te doen om buite te kon gaan speel, dat sy dit half gedoen het. Die gevolg was dat sy dit van voor af moes doen en so het sy nooit by speel uitgekom nie.

Die omvang van die take en die verantwoordelikheid wat met elk van hierdie take gepaard gegaan het, het egter verskil. Ams onthou byvoorbeeld hoe sy vanaf standaard vyf die verantwoordelike taak gehad het om vakansietye kos te kook, wasgoed te was en huis skoon te maak. As deel van hierdie take moes sy ook na haar broer en suster kyk, terwyl beide haar ouers gewerk het. Die ander vroue het weer klein takies in die huishouding gekry, wat van vrou tot vrou verskil het, maar wat oor die algemeen ingesluit het: afstof, eie kamer skoonmaak, eiers uithaal, skoene politoer, eie bed opmaak, skottelgoed was, tee en koffie vir kuiergaste maak, tafel dek en afdek en troeteldiere versorg. Die reëls rondom take in die huishouding en die uitvoering van hierdie take het 'n dubbele doel gedien: Eerstens om sekere waardes soos verantwoordelikheid, pligsbesef en netheid aan te leer en tweedens om die vroue die geskikte genderrolle aan te leer.

Tydens die vroue se tienerjare is nuwe reëls ingebring, veral ten opsigte van geslagsverhoudings. Die meerderheid vroue is byvoorbeeld eers op ongeveer agtienjarige ouderdom toegelaat om met 'n seun of jong man te kuier. Hierdie feit het vir my uiters streng geklink. Tog het die ouer dames beweer dat daar nie vasgestelde reëls rondom geslagsverhoudings gevolg is nie. Hulle het byvoorbeeld gesprekke hieroor begin met: *Hulle was nooit voorskriftelik gewees nie; daar was geen reëls nie; dit was nie vir hulle nodig gewees om reëls neer te lê nie.*

By die jonger dames blyk dit dat daar meer spesifieke reëls rondom geslagsverhoudings gegeld het. Lapie mag byvoorbeeld nie met 'n seun uitgegaan het voordat sy sestien was nie. Johanna mag ook nooit met 'n spesifieke seun uitgegaan het nie. Sy moes as deel van 'n bondel uitgegaan het en tien uur by die huis gewees het. Vir Ams was daar ook streng reëls neergelê wat daartoe gelei het dat seunsvriende net vriende gebly het. Vir Dollie was daar nooit werklike reëls neergelê nie, maar die boodskap van haar ouers was: *Moet nooit iets doen wat jy nie voor ons sal doen nie.* 'n Moontlike verduideliking vir

die feit dat vaste reëls rondom geslagsverhouding neergelê is, lê daarin dat daar al hoe meer skoolaktiwiteite, soos byvoorbeeld sokkies was, waarheen dogters deur seuns genooi is.

Spesiale en ongewone gebeure het eweneens 'n groot invloed op die vroue gehad. Meestal het hierdie gebeure gehandel oor die swaar tye wat hulle deurgemaak het as gevolg van 'n siekte in die gesin/familie of as gevolg van 'n familielid of vriend se dood. Lapie beskryf haar ouma se afsterwe in hulle huis as 'n baie traumatiese gebeurtenis in haar lewe. Sy het vir baie lank daarna nog nagmerries gekry. Anaat het weer teruggedink aan die tyd wat haar jonger suster polio gekry het en in Pretoria in 'n hospitaal in kwarantyn geplaas is. Haar ouers was heeltyd by die hospitaal en sy moes na die jonger kinders omsien. Johanna onthou die dood van haar skoolvriend. Hulle het as kinders besluit dat hulle eendag sou trou. Die invloed wat dit op haar gehad het, was dat sy haar hele lewe en haar toekoms van voor af moes beplan.

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die vroue se familie en gesin 'n groot invloed gehad het op hulle lewensbeskouing as volwassenes. Daar het egter ook invloede van buite die gesinskring op die lewensuitkyk van die vroue ingespeel. Soos reeds bespreek in Paragraaf 4.2.3, het die ouer dames groot bewondering gehad vir sommige van hul onderwysers terwyl die ander vroue opgekyk het na iemand in die gesin of familie, of 'n openbare figuur soos byvoorbeeld filmakteurs en sangers. Anaat beskryf byvoorbeeld haar ouers as *positiewe persoonlikhede* in haar lewe. Sy verduidelik dat sy altyd onveilig gevoel het as haar pa nie by die huis was nie. Lapie het weer vertel van haar Afrikaanse onderwyser wat hom so ingeleef het in gedigte en prosa en by haar 'n liefde vir die Afrikaanse taal ontwikkel het.

Die vroue is ook blootgestel aan wat getipeer kan word as vroulike eienskappe en karaktereienskappe tydens hul kinderjare. Vir Dollie was die persoon vir wie sy as jongmeisie die grootste bewondering gehad het, haar ma. Haar ma was vir

haar 'n mooi vrou wat altyd goed versorg gelyk het. Haar ma wou ook altyd almal help. Ook Hettie beskou haar ma as haar rolmodel en die eienskap wat vir haar die meeste uitgestaan het, is: *Sy is die een wat my moes mens maak.* Anaat onthou weer hoedat haar ma altyd besig was met haar hande. Johanna het groot bewondering vir vroue soos Cher en Tina Turner. As motivering, het sy verduidelik dat dit vroue is wat 'n *harde klap van die lewe gekry het*, maar deursettingsvermoë gehad het om aan te gaan en bo uit te kom. Sy het ook groot bewondering vir Oprah Winfrey, by wie elke mens, volgens haar, baie kan leer juis omdat sy elke dag vir 'n uur en 'n half lees ten spyte van haar besige skedule.

Oorsigtelik beskou staan die volgende sake uit met betrekking tot die totstandkoming van 'n Afrikanerbewustheid by sommige van die vroue; die hoë waarde wat aan gesin/familie geheg is; en die vestiging van Christelike waardes. Hierdie vormingsjare het verder ook 'n boodskap oorgedra en bevestiging gegee aan die rol en posisie van die vrou in die gemeenskap. Hierdie posisie en rol sluit ondermeer in: 'n vrou se verantwoordelikhede, gepaste gedrag, sowel as vroulike kwaliteite en persoonlikheidseienskappe. Soos wat dit verder duidelik sal word in Paragraaf 4.3.6, het die waardes wat die vroue as kinders aangeleer het, sowel as die gebeure wat 'n invloed gehad het op hulle lewensuitkyk, uiteindelik ook inhoud gegee aan hulle lewensbeskouinge as volwassenes. Dit het veral hulle sieninge omtrent hul Afrikanerskap, die huwelik, ouerskap, en menseverhoudinge geraak.

4.3 VOLWASSE JARE

4.3.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word daar op die volwasse jare van informante gefokus, met die doel om sekere temas wat met die vroue se identiteit verband hou, uit te lig. Daarom is besluit om op die onderwerpe beroep, huwelik, ouerskap, vriendskappe sosiale lewe, en lewensbeskouing te fokus. Al hierdie onderwerpe

kan gesien word as hoogtepunte in die lewensverhale van die vroue en beeld sekere kante van die vroue se identiteit uit (persoonlik en sosiaal).

4.3.2 Beroep

Kenmerkend van elkeen van die nege vroue, is dat hulle tersiêre opleiding in een of ander rigting ontvang het. Oor die algemeen kan die beroepskeuses van die vroue beskryf word as tradisionele beroepe wat Afrikanervroue deur die geskiedenis bekleed het. Hulle het byvoorbeeld óf 'n maatskaplike werker, óf 'n onderwyseres óf 'n sekretaresse geword. Een van die uitsonderings is Ams, wat op 'n beroep in die SAPD besluit het. Hierdie besluit is uitsonderlik, aangesien dit op daardie stadium nie as 'n geskikte beroep vir 'n vrou gesien is nie.

Oor die algemeen het die vroue se gesin van oorsprong 'n belangrike bydrae gelewer in die vroue se keuses van 'n spesifieke beroep. In sommige gevalle het een of albei van hulle ouers die vroue help besluit op 'n beroep en in ander gevalle het die vroue hulle keuses gemaak op grond van familieledes wat in 'n spesifieke rigting gekwalifiseerd was. Tog wil dit ook voorkom of die samelewing 'n groot invloed gehad het op die tipe beroep wat die vroue se ouers aan hulle voorgestel het of waarop die vroue besluit het. Anaat se keuse op 'n beroep is byvoorbeeld beïnvloed daardeur dat daar in die veertigerjare *nie 'n wye verskeidenheid van beroepe was waaruit 'n vrou kon kies nie*. *'n Vrou het óf vir die staat [as sekretaresse] gaan werk, óf 'n verpleegster, óf 'n onderwyseres geword*. Johanna onthou weer tydens haar tienerjare dat sy 'n natuurbewaarder wou word, maar dat haar ma haar ontmoedig het op grond daarvan dat *dit nie 'n beroep vir 'n vrou is nie*. Sy het uiteindelik 'n kleuterskoolonderwyseres geword.

As gevolg van die bogenoemde tendens, was die vroue se gesinne gelukkig met hul beroepskeuses. Selfs Ams, wat op 'n ongewone beroep vir daardie tyd (ongeveer die laat sewentigerjare) besluit het, het die goedkeuring van haar ouers gehad. Dit was eintlik haar pa se idee dat sy 'n beroep in die SAPD moes volg. Sy was die een wat aanvanklik teëgestribbel het, aangesien dit vir haar 'n

ongewone werk vir 'n vrou was. Sy wou egter nie haar ouers teleurstel nie en het besluit om vir keuring te gaan. Lientjie se ma was nie gelukkig met haar dogter se keuse om haarself as 'n maatskaplike werker te kwalifiseer nie. Haar ma het die indruk gehad dat sy nie 'n gelukkige mens was nie en dat sy haarself deur middel van haar beroepskeuse wou vind. Tog het sy haar nie deur haar ma laat beïnvloed nie en het as 'n maatskaplike werker gekwalifiseer. Hettie het weer, alhoewel sy haar as onderwyseres bekwaam en skoolgehou het, haarself vir een jaar vrywillige diens in die weermag aangemeld en daarna ook tot en met haar aftrede 'n pos in die weermag beklee. Die feit dat sy hierdie beroep beklee het, het gemengde reaksies van haar familie ontlok, waarvan die meeste afkeurend was. Tog, soos reeds genoem in Paragraaf 4.2.3, het die politieke gebeure van die sewentiger- en tagtigerjare 'n groot invloed op haar gehad en het sy uit pligsbesef gevoel om ook 'n bydrae te maak.

Dit is opvallend dat elkeen van hierdie vroue nie bloot opleiding ontvang het nie, maar dat hulle ook aktief in die beroepe gewerk het, selfs al was dit in sommige gevalle net tot nadat hulle getroud was. Uitstaande is die feit dat slegs twee van die vroue wat moeders is, 'n beroep beklee het terwyl hulle kinders nog afhanklik was van hulle. Die ander vier vroue het hulle beroepe hervat nadat hulle kinders 'n relatief onafhanklike ouderdom bereik het, of indien hulle kinders saam met hulle kon gaan tydens werksure. Emmerentia het byvoorbeeld gewag totdat haar twee oudste kinders skoolgaande ouderdom bereik het voordat sy haar beroep hervat het. Haar jongste was egter nog baie jonk toe sy die eienaar geword het van 'n algemene winkel. Hy het dan gewoonlik bedags saam met haar winkel toe gegaan. Dollie het ook nie 'n formele beroep beklee terwyl haar twee oudstes klein was nie. Sy het wel van die huis af haar eie kleuterskool/speelgroepie begin. Hierdie speelgroepie het sy vir ongeveer vyf jaar behartig voordat die gesin na Orania verhuis het. In Orania het sy later 'n pos aanvaar buite die huis, hoofsaaklik omdat dit finansieel swaar gegaan het met die gesin. Met die geboorte van haar jongste kind, het sy egter nie opgehou

werk nie. Die omstandighede in Orania het dit wel vir haar makliker gemaak om haar dogtertjie saam te neem werk toe, indien dit nodig was.

'n Uitsonderlike kenmerk van Orania is die feit dat, soos in Dollie se geval, vroue die geleentheid gebied word om 'n bydrae te maak deur die kennis en vaardighede te gebruik waarvoor hulle opgelei is. Hettie, wat onderwys studeer het, maar net een jaar klas gegee het, het byvoorbeeld in Orania die geleentheid gekry om weer skool te hou. Self die vrouens wat afgetree was, het leemtes in Orania [bv. Maatskaplike dienste] gevul en sodoende die geleentheid gekry om waardevolle kennis en vaardighede te gebruik.

4.3.3 Huwelik

Sewe van die informante was ten tye van die onderhoude getroud. Hierdie huwelike het die goedkeuring van die informante se ouers weggedra. Die vroue het egter genoem dat, indien hulle ouers nie die huwelike sou goedkeur nie, hulle waarskynlik nie met hulle onderskeie huwelike sou voortgaan nie. Die ander twee informante het nooit getrou nie. Dié twee vroue is onderskeidelik twee en tagtig jaar en sewe en sewentig jaar oud. Beide van hulle het tot en met hulle aftrede 'n suksesvolle beroep beklee, as 'n sekretaresse in die staatsdiens en as 'n maatskaplike werker. As 'n mens in ag neem in watter tydgees hulle grootgeword het, is hulle ongetroude status beslis ongewoon.

Slegs twee van die vroue bevind hulle in 'n tweede huwelik. Die een, omdat haar eerste man oorlede is in 'n tref-en-trap-ongeluk en die ander omdat sy noodgedwonge vir haar eie veiligheid van haar eerste man geskei het. Sy en haar eerste man het mekaar nie te lank geken voordat hulle getroud is nie. Twee jaar na die huweliksluiting is hulle geskei, want toe haar ouers bewus word daarvan dat hy haar mishandel, het hulle daarop aangedring dat sy moet skei.

Dit is opmerklik dat die vroue oor die algemeen op 'n redelike jong ouderdom (in hul vroeë twintigs) getroud is. Marie en Lapie is getroud toe hulle een en twintig

jaar oud was; Ams en Johanna was twee en twintig jaar oud; Emmerentia was vyf en twintig jaar oud; en Dollie was ses en twintig jaar oud. Die uitsondering op die reël is Hettie, wat eers laat in haar lewe (in haar veertigs) vir die eerste keer getroud is met 'n man wat sy in Orania ontmoet het.

Bogenoemde inligting gee 'n algemene oorsig van die huwelikstatus van die informanté, maar die doel is ook om op aspekte van die vrou se identiteit, soos deur die huwelik weerspieël, te fokus. Met hierdie oogmerk in gedagte, word aandag gegee aan die belang van die huwelik, sowel as die rol van die vrou binne die huwelik. Tydens 'n simposium, "Die vrou in politiek", wat in 1974 deur die Nasionale Vroueklub van die parlement gehou is, het die skryfster Alba Bouwer die volgende stelling gemaak omtrent die belang van die huwelik onder Afrikaners: "Ons boeremense glo nog gelukkig in die huwelik as instelling".

Vir die nege informante is die huwelik 'n belangrike instelling: *Die huwelik is nie uitgedien nie; dit is die antwoord as jy 'n sinvolle verhouding wil hê; ek glo aan die huwelik.* Hiermee saam het die vroue sekere oortuiginge rondom die huwelik, soos volg gestel: *Die huwelik is 'n verbintenis aan God; die huwelik is onontbindbaar; as jy iemand vind wat spesiaal is, sal die huwelik hou tot die dood.* Die feit dat slegs twee van die informante hulself in 'n tweede huwelik bevind, bevestig die krag van die verbintenis, asook die oortuiging dat dit 'n ooreenkoms met goddelike sanksie is en daarom nie verbreek mag word nie.

Tydens die genoemde simposium, het Alba Bouwer ook klem geplaas op die organisasie van die huwelik: "...en ons aanvaar dat die man die hoof van die huishouding moet wees, omdat dit fisiologies, sielkundig, ekonomies en prakties natuurlik is". Gegewe die struktuur van die gesin van oorsprong, waar die informante se vaders die hoof van die huishouding was, is die verwagting dan ook gewees dat die huwelik van die informante op hierdie beginsel gegrond sou wees. Tydens die in-diepte onderhoude is die beginsel egter nie so sterk beklemtoon nie. Daar kan wel sekere afleidings gemaak word uit die verhale van

die vroue. Dollie noem byvoorbeeld dat die huwelik daartoe aanleiding gegee het dat sy gevoel het dat sy baie van haarself moes gee en dat sy moes *leer om die minste te wees*. Vir haar was dit makliker om getroud te wees toe sy ook haar beroep kon beoefen. Johanna moes weer met haar tweede huwelik voorsiening maak vir haar man, wat byvoorbeeld nie 'n *mense mens* is nie en nie graag so gereeld saam met ander mense kuier nie, terwyl sy wel 'n sosiale mens is.

Die beginsel van die man as die hoof van die huishouding is baie sterker beklemtoon tydens die fokusgroeponderhoude (mans 18 – 35 jaar): *Die man is die hoof van die huis, maar hy hoef nie te oordonder nie. Besluite word gewoonlik saam geneem, maar aan die einde van die dag is dit die man se verantwoordelikheid om as die hoof van die huis op te tree. Ons is grootgemaak en het dit geërf om die leier te wees. Die man se hoofdoel is om sy vrou en kinders te versorg. 'n Goeie man stel sy familie eerste. 'n Vrou moet op haar man kan staatmaak.*

Ook die rol van die man as besluitnemer is baie meer prominent gestel tydens die onderskeie fokusgroeponderhoude: *Ons praat saam tot op die punt waar ek die besluit moet neem. Man en vrou moet mekaar ken, maar aan die einde van die dag moet die man die besluit neem. Daar moet 'n dominante persoon in die huishouding wees, anders sal daar net geen besluit geneem word nie. Dit kom daarop neer dat die man die besluit moet neem, nie omdat hy 'n man is of beter is nie, maar as gevolg van 'n Christelike fondasie. Ons vra mekaar se mening en kom dan tot 'n vergelyk, maar as dit 'n groot besluit is, is die finale besluit die man s'n. Soos in die meeste Afrikaanse huise. Bespreek belangrike besluite, maar die man neem die besluit. Jy doen dit uit respek en omdat dit reg is.*

Volgens Maritz (2004:48) is dit inderdaad die geval dat mans in Afrikanerhuise die hoof is, maar beklemtoon: "in dieselfde huise het die vrou genoeg

seggenskap om nie onderdruk te voel nie, solank die buitewêreld sien dat die kroon op die man se hoof is”.

4.3.4 Ouerskap

Drie van die informante, waarvan twee ongetroud is, het geen kinders nie. Die ander ses informante het almal een of meer kinders. Die grootte van hul gesinne is egter nie vergelykbaar met die groot gesinne van oorsprong wat die vroue as kinders geken het nie. Lapie (twee aangenome kinders), Emmerentia, Dollie en Johanna het almal drie kinders, terwyl Ams net een seun en Marie sewe kinders het. Die feit dat Marie sewe kinders het, kan moontlik toegeskryf word aan die ouderdomsgaping tussen haar en die ander vroue. In die laat 1940's, toe sy en haar man sewe kinders gehad het, was dit nie ongewoon nie.

Die meeste vroue het vanweë ekonomiese toestande gesinsbeplanning toegepas deur veral in die begin van hul huwelike een of ander voorbehoedmiddel te gebruik. 'n Gevolg hiervan was dat Dollie en haar man drie jaar moes wag voordat hul eerste seun gebore is. Ook Ams en haar man het vier jaar gewag voordat hulle hul eerste seun gehad het (alhoewel hulle vir drie van die vier jaar gesukkel het om swanger te raak).

Al die vroue was baie opgewonde nadat hulle uitgevind het dat hulle swanger was en het vreeslik uitgesien na die koms van hul eersteling. Hierdie opgewondenheid kan verduidelik word met Johanna se woorde: *...kinders is 'n geskenk van God*⁵¹. Aan die ander kant kon hierdie opgewondenheid deur die ophef, opgewondenheid en blydschap van familie, vriende en kennisse aangemoedig gewees het. Dollie onthou byvoorbeeld hoedat hulle, kort nadat hulle van die swangerskap uitgevind het, die nuus saam met haar man se werkskollegas gevier het.

⁵¹ Hierdie woorde stem ooreen met die bespreking in Paragraaf 4.2.2, waar dit genoem is dat kinders in die tradisionele Afrikanergesin gesien is as 'n seëning van Bo.

'n Verdere verduideliking vir die opgewondenheid kan daaraan toegeskryf word dat die groter gemeenskap, sowel as die vrou, moederskap as een van die vrou se grootste en belangrikste prestasies sien. Drie van die vroue het byvoorbeeld aangedui dat moederskap een van dié belangrikste prestasies is wat hulle bereik het. Selfs die ander drie vroue, wat hul hoogtepunte voorhou in terme van dit wat hulle bereik het, sien hulle kinders óf as 'n bron van krag óf as dit wat hulle die meeste bevrediging verskaf het. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat moederskap 'n belangrike faset is van die vroue se ervaring en belewenis van vrouwees.

Gegewe die feit dat moederskap vir elkeen van die vroue groot waarde en betekenis inhou, veral met betrekking tot hulle vrouwees, is dit nodig om aandag te gee aan die vroue se belewenisse en ervaringe as moeders. In die eerste plek, het moederskap onteenseglik 'n verandering meegebring in die wyse waarop die vroue hul sosiale posisie ervaar en beleef (in terme van haar status, rol, plig en verantwoordelikheid) en in die tweede plek het hierdie belewenisse en ervaringe inligting rondom persoonlike identiteitsaspekte van die vroue uitgelig.

Die grootste verandering wat moederskap vir sommige van die vroue meegebring het, was die feit dat vier van hulle hulself skielik in die huislike omgewing bevind het en beperk was deur hulle rol as primêre versorgers en opvoeders van hulle kinders⁵². Marie het byvoorbeeld 'n beroep beklee voordat sy moeder geword het en sy het ook heel dikwels saam met haar man projekte aangepak. Na die geboorte van haar eerste kind, het haar beroep verander na die van moeder: *...dit was my werk*. As gevolg van haar werk as primêre versorger en opvoeder van hulle kinders, kon sy nie meer saam met haar man aan projekte deelneem nie. Dit het meegebring dat sy heel dikwels gefrustreerd was. Hierdie frustrasie was nie noodwendig die gevolg van die feit dat sy haar in

⁵² Soos genoem in Paragraaf 4.3.3, het slegs twee van die vroue voortgegaan met hulle onderskeie beroepe na die geboorte/aanneming van hulle kinders. Twee ander vroue het, met hul eerste twee kinders, maar nie na die geboorte van die jongste nie, gewag totdat hulle kinders skoolgaande ouderdom bereik het voordat hulle weer begin werk het. Die laaste twee vroue het nie weer 'n beroep buite die huishouding beklee na die geboorte van hulle kinders nie.

die huislike omgewing bevind het nie, maar eerder dat sy gevoel het dat sy nie haar *verstand kon gebruik nie*. Ook vir Emmerentia was dit nie soseer die huislike omgewing nie, maar die feit dat sy moes aanvaar en ook daarby berus dat sy vir 'n wyle van haar eie lewensverwagtinge moes prysgee. Vir Dollie was die grootste verandering die besef en aanvaarding dat, *as jy kinders het, is jy die minste*.

Verdere faktore wat 'n invloed het op die vroue se ervarings as moeders, is die uitdagings waarvoor hulle heel dikwels te staan gekom het. Male sonder tal was hierdie uitdagings gebaseer op 'n gevoel van onbevoegdheid of 'n gebrek aan kennis. Dollie noem byvoorbeeld dat sy onbevoeg voel wanneer haar tienerseun haar sekere vrae vra: *'n Seun in sy tienerjare vra vrae wat jy nie altyd weet wat die antwoorde op hierdie vrae moet wees nie*. Johanna twyfel weer en vra haarself soms die vraag af of sy al die *regte dinge* doen in die opvoeding van haar kinders. Vir Marie was dit die gebrek aan kennis wat daartoe aanleiding gegee het dat sy haar kinders almal dieselfde grootgemaak het en nie waarde gegee het aan elke individuele persoonlikheid nie.

Vir Lapie, wat 'n werkende moeder was, was die grootste uitdaging die hantering van haar kinders se siektes. Eerstens omdat sy gewerk het en hulle by 'n versorger gelaat het en tweedens was dit vir haar baie erg as sy hulle pyn en ongemak moes beleef.

Verdere uitdagings het weer te doen met wat beskryf kan word as die vroue se eie tekortkominge. Dollie noem byvoorbeeld: *Ek sou minder streng met my oudste seun gewees het en ek sou minder vir altwee seuns gesê het 'wag, mamma is besig'*. Emmerentia noem dat sy weer baie geduldiger en meer liefderyk moes wees, en ook meer tyd saam met haar kinders moes deurgebring het.

Hierdie veranderings en uitdagings ten spyt, het al ses informante groter klem geplaas op die belonings van moederskap: *Dit is lekker as ander mense sê jy het oulike kinders; die oudste se dankbaarheid vir alles wat jy doen, die middelste een wat elke aand 'n soentjie en 'n drukkie moet kry en die jongste wat elke oggend by my kom lê; om gesonde en intelligente kinders te hê; as hulle vir jou sê hulle is lief vir jou; as ek vandag na sy lewe kyk is dit wonderlik – kan partykeer nie glo dat dit my kind is nie; en die moeite wat hulle doen noudat hulle volwassenes is.*

Van belang is ook die kultuurinhoud wat die vroue aan hulle kinders wou oordra. Van die waardes wat hulle sterk oor gevoel het, handel rondom die belangrikheid van die gesin en familie. Net soos in die vroue se eie kinderjare, word Kersfees en Nuwe Jaar gekenmerk deur die samesyn van familie.

Van die vroue het egter ook binne die huisgesin met nuwe tradisies begin, wat hoofsaaklik daarop gemik is om die gesinslede dinge saam te laat doen. Johanna som dit soos volg op: *Hierdeur wil ek hulle leer om aan mekaar iets te gee. Dit gaan oor saamwees. Oor dinge wat jy kan saam doen.* Dollie het genoem dat hulle groot waarde heg aan 'n gebruik wat hulle in Orania begin het, naamlik om Sondae na kerk rustig, gewoonlik buitenshuis, 'n koppie koffie of tee en koek te geniet.

Die vroue beskou kinders se bydrae en hulp in die huishouding as uiters belangrik. Al die kinders het gevolglik sekere take in die huishouding. In vergelyking met die vormingsjare van die vroue, is die taakverdeling minder op geslag gebaseer. Die take vir meisies en seuns behels die volgende: Eie beddens opmaak, vuil klere in die wasgoedmandjie gooi, skottelgoedwas en versorging van troeteldiere.

Algemene reëls wat in die huishouding geld is óf gebaseer daarop om die kinders se veiligheid te verseker (*mag nie in 'n vreemde motor klim nie; huistoe-*

kom-tye; ouers moet weet waar hulle is; moet etenstye by die huis wees) óf is gebaseer op die reël van geslagsverhoudings ('n seun wat hul dogter wil uitneem moet haar by die huis kom oplaai; moet nooit 'n vrou misbruik nie; hulle moet weet daar is verskille tussen mans en vroue) óf is gebaseer op wat as gepaste gedrag gesien word (behandel ouer mense met respek; kuier nie in week by maats; pligsgetrouheid in die doen van huiswerk; lees elke aand Bybel).

Moederskap het vir elkeen van die vroue 'n unieke ervaring van vrouwees meegebring. Ten spyte van die veranderings en uitdagings waarvoor hulle te staan gekom het, het moederskap ook sekere belonings ingehou. Hul identiteit as vrou is ook hierdeur geraak. Aan die een kant is die sosiale kant van haar identiteit versterk deur die erkenning van familie, vriende en kennis met die prestasie van moederwees. Aan die ander kant het moederskap 'n unieke belewenis en ervaring van vrouwees meegebring wat meer geleë is in die persoonlike dimensie van die vrou se identiteit.

4.3.5 Sosiale lewe

Voordat hulle na Orania verhuis het, is dit opmerklik dat die vroue by heelwat sosiale en kulturele aktiwiteite (byvoorbeeld politieke en kerklike aktiwiteite) betrokke was. Die vroue het egter oor die algemeen nie in prominente bestuursposisies gedien nie, maar was eerder net toehoorders of met reëlins gemoeid. Die mate van betrokkenheid ten opsigte van politieke en kulturele aktiwiteite wissel, maar al die vroue was op kerklike vlak betrokke. Meeste van die vroue was egter in ondersteunende rolle. Marie was byvoorbeeld 'n lid van die sustersvereniging van haar kerk, terwyl Lapie, Johanna en Dollie gereeld gehelp het met bazaars en funksies by die kerk. Ams het sterker as leier op kerklike gebied na vore getree. Sy was nie net leier van 'n selgroep nie, maar het ook op 'n stadium as koördineerder van 'n program wat gefokus het op die mens se identiteit in Jesus opgetree. Redes waarom die vroue op kerklike gebied uitgestyg het, sluit onder meer in: *'n Mens is nie 'n dooie lid nie; dit het in*

my persoonlike lewe baie beteken om betrokke te wees; en dit is lekker om ander mense te help.

Bogenoemde tendens stem ooreen met Maritz (2004:61) se beskrywing van die Afrikanervrou se betrokkenheid op kerklike gebied deur die geskiedenis: “‘n Vroulike lidmaat in ‘n kerklike vrouevereniging kan leiding neem, toon aangee. Sy kan daar belangrike werk doen, maar in die gemeente as sodanig het sy geen seggenskap nie”. As verduideliking hiervoor het Maritz (2004:61) beweer dat die kerk op Bybelse gronde nie die vrou in ‘n leiersposisie wou plaas nie.

Op politieke gebied het die meerderheid van die vroue (veral die jonger vroue) ook ‘n lae profiel gehandhaaf deur die bywoning van vergaderings, betrokkenheid by reëlins van politieke aktiwiteite, of deur te stem⁵³. Dollie beskryf die vlak van haar politieke betrokkenheid voordat sy na Orania verhuis het, as dat sy ‘n politieke vergadering van die Herstigde Nasionale Party bygewoon het in 1994 en op ‘n stadium gestem het. Marie het ook gemeen haar betrokkenheid by politieke aktiwiteite was hoofsaaklik om te stem en as motivering gestel dat *‘n mens dit verskuldig is teenoor jou land*. Lientjie was meer polities aktief as sekretaresse by die Konserwatiewe Party (KP). In hierdie hoedanigheid moes sy onder andere stemme vir die KP werf. Ams was die sterkste betrokke in politieke verband, omdat sy by die bestuursvergaderings en streeksvergaderings van die “African Congress/Democratic Party” in Kaapstad betrokke was.

Die vroue se relatiewe lae vlak van betrokkenheid herinner aan ‘n uitspraak van Dr. N. Diederichs (destydse minister van finansies) in 1972 tydens ‘n simposium, “Die vrou in politiek”: “Die man het te doen met die meer verstandelike, die man het te doen met die meer uiterlike van die volk. En u het te doen met die meer

⁵³ Hierdie tendens stem ooreen met die opmerking van Jan van Rooyen in 1972, waar hy die vrou se politieke bydrae beskryf as: “Gaan kyk maar hoe die verkiesingskantore van alle partye vol vroue sit wat met adresse, kaartjies, korrespondensie ens. besig is...Die vroue help die geld vir organisasies insamel en maak die kos en koffie” (aangehaal deur Maritz 2004).

innerlike, die waardes, die onsienlike, die gevoelsmatige, die intuïtiewe wat in die politiek nodig is". Hy het voortgegaan deur te sê dat, indien die vrou haarself in politiek wil begewe: ..."Moet sy nie daarin gaan sit soos 'n man nie, die werk doen wat 'n man doen nie, maar dat sy dit met die kenmerkende eienskappe en kwaliteite wat 'n vrou alleen besit, doen". Omdat politiek na sy mening vuil is, was hy bekommerd dat, indien die vrou die taak van die man in die politiek wil verrig, sy haar vroulikheid sou verloor en gevolglik ook die gevoelsvermoë en die intuïtiewe wat eintlik haar bydrae op politieke terrein moet wees.

Dit wil voorkom of die ouer dames meer intensief betrokke op kulturele terrein was en ook meer prominente plekke ingeneem het in die stigting of die besluitnemingsproses van aktiwiteite wat kultureel van aard was. Lientjie het byvoorbeeld 'n tak van die Afrikanervolkswag in Pietermaritzburg gestig. Die doel van die Afrikanervolkswag was vir haar om die mense bymekaar te kry om deel te neem aan feesvieringe wat te doen gehad het met die Afrikaner. Marie was weer van die begin af 'n lid van die Afrikaner-vroue-kenkrag gewees. Hierdie vereniging was daarop gerig om vroue te bemagtig deur kennis. Volgens haar, het die waarde van die vereniging veral gelê in die besprekings wat vroue wou inlig oor die geskiedenis, kultuur en politieke aangeleenthede van die Afrikaner. Haar motivering vir deelname aan die vereniging was omdat sy glo dat vroue 'n bydrae maak tot hulle onderskeie samelewings deur kennis te versprei.

4.3.6 Lewensbeskouing

In antropologie word wêreldbeskouing verstaan as die denkraamwerke waarvolgens die mens haar werklikheid en gebeure vertolk, vervolgens haarself voorstel, asook die verhouding met die omgewing voorstel. Die mens maak van kultuur gebruik om hierdie werklikheid, gebeure en ervarings van hulle alledaagse wêreld te konstrueer. Schultz en Lavenda (1990:189) omskryf wêreldbeskouing as: "Die omvattende prentjie van die werklikheid geskep deur lede van kulture". Seymour-Smith (1990:291) definieer wêreldbeskouing as: "die

stelsel van waardes, houdings en gelowe wat deur 'n spesifieke groep gehandhaaf word". Gebaseer op hierdie algemene formulering, is sekere lewensbeskoulike temas wat deur die vroue gedeel word, geïdentifiseer.

Een so 'n wêreldbeskoulike tema handel rondom religieuse oortuiging. Soos genoem in Paragraaf 4.2.4, was Christenskap een van die belangrike sake wat tydens die vroue se vormingsjare by hulle vasgelê is. Dit blyk ook 'n belangrike faset van hul lewensbeskouing tydens hulle volwasse jare te wees. Al die vroue het byvoorbeeld aangedui dat hul Christenskap 'n belangrike deel uitmaak van hulle identiteit. Ses van die vroue het dit omvattend gestel dat die Here 'n belangrike krag in hulle lewens is. Tog was Christenskap vir die ander drie vroue nie minder belangrik nie. Christenskap was een van die dinge in hulle lewens wat hulle die meeste plesier en bevrediging verskaf het⁵⁴.

Verbandhoudend met hul Christenskap, is eienskappe beklemtoon ten opsigte van hul verhouding met die Goddelike (vertikale) en ook hul verhouding met ander (horisontale). Die mens-goddelike verhouding kan geïllustreer word deur onder meer die hoë agting van die vroue vir die huwelik⁵⁵ en moederskap⁵⁶. Kenmerkend van hierdie verhouding is die belang van gebede: *Ek doen niks alvorens ek nie daaroor gebid het nie; gebed word verbasend dikwels beantwoord en soms is die antwoord néé; gebed met kanker en ek het gesond geword; word altyd beantwoord – partykeer beter as waarop ek gehoop het; ek kan in opregtheid sê dat my gebede al vele kere definitief verhoor is; 'n mens wag partykeer lank dat jou gebede verhoor word en ander kere is die antwoord op 'n ander plek as wat jy gedink het.* Die mens-goddelike verhouding is ook sentraal in die lewensfilosofie: *Strewe werklik waar na jou Christenskap en leef dan soos wat Christus dit sou wou hê; alles wat jy doen, moet jy meet aan die*

⁵⁴ Hierdie kan 'n moontlike verduideliking wees vir die vroue se betrokkenheid op kerklike gebied, soos bespreek in beide Paragraaf 4.3.5 en Paragraaf 4.4.2.

⁵⁵ Sien bespreking in Paragraaf 4.3.3.

⁵⁶ Vergelyk Johanna se verduideliking dat kinders geskenke is van God in Paragraaf 4.3.4.

Woord van God; my Christelike geloof in Jesus Christus en dat hy my verlosser is.

Die Christelike sy is ook in hul verhoudings met ander (naasteliefde) beklemtoon: *Dit is die tweede gebod in die Bybel; jy moet jou naaste so liefhê soos jouself; jy moet respek en agting vir ander hê; werk doelbewus daaraan om 'n persoon in sy andersheid te verdra; naasteliefde is die enkele belangrikste ding in die wêreld – geloof gaan ten einde, hoop sterf, maar die liefde gaan altyd aan; jy moet respek vir jouself en ander hê en jouself nie hoër ag as ander nie – ons is almal skeppings van God; liefde – selfs vir die wat dit nie verdien nie.*

Voortspruitend uit die vroue se Christenskap is hul hoë agting vir Bybelse waardes: *'n Mens moenie outydse waardes weggooi nie; dit is belangrik dat jy uitvind wat jou waardes is soos wat dit saamgevat is in die Bybel; 'n belangrike aspek is egter ook dat 'n mens hierdie waardes oordra deur jou gedrag - as jy besluit het wat jou waardes is, moet jy dit toepas; 'n mens moet vroeg bepaal wat jou waardes is en daarby bly.* Hierdie waardes sluit in: Eerlikheid; getrouheid aan self; om nie te steel nie; verantwoordelikheid; betroubaarheid; lojaliteit; en liefde.

Algemene waardes wat verband hou met persoonlikheidseienskappe is ook uitgelig. Dollie beskryf haar lewensfilosofie as volg: *As jy iets doen, doen dit ordentlik. As jy dit half doen, hoekom los jy dit nie eerder nie?* Emmerentia het ook genoem dat dit vir haar belangrik is dat jy alles wat jy doen, goed moet doen en hierdie woorde beklemtoon met: *Wat jy saai sal jy maai.* Hettie het gesê: *Moenie sit en wag nie – jy moet self dinge laat gebeur.* Ams het dit soos volg gestel: *Dit gaan nie oor wat met jou gebeur nie, maar eerder oor jou gesindheid oor wat met jou gebeur het wat bepaal hoe jy anderkant uitkom.*

Op 'n vraag van wat hulle as hul grootste en belangrikste prestasie sal beskou, het die vroue moederskap en om deel te wees van 'n gesin uitgelig. Vir Ams is

dit haar rol as moeder, maar ook as vrou wat kan uitreik na die gemeenskap, haar grootste prestasie. Dit is die dinge wat haar die meeste vreugde verskaf het en iets wat geld nie kan koop nie. Emmerentia het haar belangrikste prestasie soos volg opgesom: *Om deel te wees van 'n gelukkige gesin. As jy nie dit het nie, kan jy die meeste geld hê, maar jy gaan nie gelukkig wees nie.*

Vir die ander vroue het hul grootste prestasie verband gehou met hulle beroep of doelwitte wat hulle onder moeilike omstandighede en met baie opofferinge bereik het. Dollie het byvoorbeeld gevoel dat die navolg van haar beroep haar grootste prestasie is. Slegs deur haar werk het sy 'n gevoel van selftevredenheid ervaar. Sy voel skuldig as sy nie werk nie aangesien sy in haar oë *lyf wegsteek*. Vir Anaat was die twee boeke wat sy gepubliseer het, haar grootste prestasie. Veral omdat hierdie boeke vir haar stukke van die geskiedenis en kultuur van die Afrikaner bevat. Marie se prestasie is die feit dat sy binne twaalf maande haar meestersgraad behaal het, getroud is en ook swanger geraak het. Vir Hettie was dit om vir vyf jaar die eienaar van 'n winkel te wees, veral omdat dit heeltemal teen haar persoonlikheid is om binne hierdie elke-dag-dieselfde-roetine-en-omgewing effektief te kon funksioneer.

Onderliggend tot die vroue se wêreldbeskouing is hul sieninge omtrent hulle Afrikanerskap en ook hul Oraniër-Afrikanerskap. Dit is reeds genoem dat 'n Afrikaneridentiteit op verskeie wyses by die vroue gevorm is as kinders. Die belang en waarde wat die vroue heg aan hul Afrikaneridentiteit word bevestig deur die feit dat die vroue, óf in gesinsverband óf alleen, na Orania verhuis het; dat hulle vir etlike jare al in Orania woon; en deur hul hoë vlak van betrokkenheid in die gemeenskap. Hul beskouinge van Orania moet dus binne hierdie raamwerk verstaan word: *Orania bied 'n uitkoms vir die Boerevolk om sy kultuur, taal, geskiedenis en godsdiens te beskerm; Orania is die plek waar ons vir ons kinders 'n stukkie van die Boerevolk bêre; mense wat daarmee begin het, het hulle lewens opgeoffer om dit 'n sukses te maak - ons moenie dit ligtelik weggee*

nie; Orania is 'n oplossing wat kan werk; Orania is 'n nuwe begin en Oraniërs is 'n mutasie van die Afrikaners; Oraniërs weet wie hulle is – jy is “pro” iets.

4.4 LEWE IN ORANIA

4.4.1 Inleiding

In die voorafgaande paragrawe is daar gefokus op die vormingsjare van die vroue binne die gesin van oorsprong en op ervarings (onder meer die huwelik en ouerskap) wat 'n invloed gehad het op die vroue as volwassenes. Hierdie fases van die vroue se lewe het 'n onteenseglike invloed gehad op hulle identiteit en bepaal in 'n groot mate hulle belewenis van Orania. As sulks, is die primêre oogmerk van hierdie gedeelte om lewe in Orania te bespreek soos dit deur vroue beleef word. Hierdie belewenis word in 'n meerdere mate bepaal deur hul motivering waarom hulle na Orania verhuis het en hoe goed hulle by die daaglikse aktiwiteite betrokke is.

4.4.2 Verhuising en aanpassing

Die vroue waarmee in-diepte onderhoude gevoer is, behalwe vir Ams en Johanna wat onderskeidelik twee en drie jaar in Orania woon, is vir 'n hele aantal jare al woonagtig in Orania. Anaat was byvoorbeeld die sesde inwoner wat haarself in Orania gevestig het en sy woon al vir sewentien jaar daar. Ander vroue wat al vir 'n hele aantal jare in Orania woon is: Lientjie (sestien jaar), Dollie (tien jaar) Lapie (nege jaar) en Marie (agttien jaar).

Die wyse waarop die besluit om na Orania te verhuis gemaak is, kan in twee kategorieë verdeel word. Vier van die nege vroue was op die stadium wat hulle die besluit geneem het, nie getroud nie en drie van hulle het ook nie kinders gehad wat die besluitneming kon beïnvloed het nie. Die ander vyf informante moes egter die besluit om te verhuis binne gesinsverband bespreek en die voordele sowel as die nadele vir elkeen binne die gesin teen mekaar opweeg. Daar is wel 'n verband tussen hierdie twee groepe, in die sin dat elkeen van die

vroue 'n belangrike bydrae gelewer het in die besluitnemingsproses. Die laasgenoemde groep vroue het byvoorbeeld nie uit blote plig as eggenote en moeder hul mans na Orania gevolg nie. Hulle was net so opgewonde en het uitgesien na die nuwe omgewing. Ams was byvoorbeeld die een in die gesin wat tydens hulle verblyf in die buiteland vir die eerste keer deur die internet van Orania te hore gekom het en wou onmiddellik meer omtrent die dorp uitvind. Sy het deur middel van e-posse met skakelpersone in Orania in verbinding getree en nadat sy en haar man die besluit geneem het, het sy al die nodige reëlins getref vir die verhuising.

Van verdere belang in hierdie gedeelte is die onderliggende redes wat die vroue gemotiveer het om uiteindelik te verhuis. Die redes wat aangebied is kan in twee groepe verdeel word: Die drie ouer dames (Anaat, Marie en Lientjie) se redes om na Orania te verhuis kan teruggevoer word na hul ondersteuning van die volkstaat-gedagte. Hulle was op een of ander wyse van die begin af betrokke by Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA) se voorstelling van 'n aparte volkstaat vir Afrikaners in die Noord-Kaap. Anaat was byvoorbeeld vir 'n ruk lank 'n lid van SABRA en is as sodanig ingelig oor SABRA se voorstelling en planne om 'n volkstaat vir die Afrikaner in die Noord-Kaap te vestig. Sy was verder oortuig daarvan dat die voorgestelde Noord-Kaap area as groeipunt van die volkstaat-gedagte kon dien. Ook Lientjie was betrokke by SABRA en die strewe en doelstelling van die Volkswag het haar aangespreek en vir haar na een van die sinvolste oplossings geklink. Die besluit van hierdie vroue (twee ongetroud en een getroud) om hulself in Orania te vestig, kan dus gesien word as die verwesenliking van 'n lewensideaal.

Die ander ses vroue se redes om na Orania te verhuis is ooreenstemmend in die opsig dat dit nie enigsins gemotiveer is deur die volkstaat-gedagte nie. Hulle het die volgende redes aangevoer: Die veiligheid van die dorp, geleenthede om eie besighede op die been te bring, om naby familie te wees en omdat hulle van die dorp en dit wat die dorp hulle kon bied, gehou het. Lapie en haar man het,

alhoewel hulle eers in 1999 na Orania verhuis het, al vanaf 1997 eiendom in Orania besit en dikwels naweke of vakansies daar deurgebring. Deur die hele proses het die dorp op hulle gegroei en hulle het net eenvoudig van Orania en die veiligheid en rustigheid wat die dorp hulle gebied het, begin hou. Dollie en haar gesin het weer, voordat hulle na Orania verhuis het, gereeld by haar skoonouers in Orania gaan kuier gedurende vakansies. Tydens hierdie kuiers, het hulle verlief geraak op die dorp en later verskonings begin soek om na Orania te trek. Een van die verskonings wat hulle aan kon dink was "om naby familie te wees."

'n Kenmerkende reaksie van sommige familie, vriende en kennisse by die aanhoor van die vroue se besluit om na Orania te verhuis, was eers skok en daarna bekommernis of teenkanting. Hierdie negatiewe reaksie was hoofsaaklik gebaseer op die swak beeld wat familie, vriende en kennisse gehad het van die dorp.

Wat betref die aanpassing van die vroue by Orania, is daar gemengde uitsprake. Vir die meerderheid (sewe van die vroue) was dit 'n moeilike aanpassing. Faktore wat aanpassing moeilik gemaak het, sluit onder meer in: Die warm klimaat van Orania, aanpassing en inskakeling by die gemeenskap en sy inwoners en die ontbreking van geriewe soos onder meer 'n algemene handelaar, klerewinkels, en hardeware winkels in die beginjare van Orania. Johanna beskryf byvoorbeeld haar aanpassing in Orania as baie moeilik, veral omdat sy in Kleingeluk gebly het en die mense vir haar nie dieselfde siening, waardes en lewensuitkyk gehad het as die waaraan sy gewoond was nie. Verder het sy gevoel dat die behandeling van Kleingeluk se mense onregverdig was. Dollie beskryf haar moeilike aanpassing as volg: *Die eerste weke was vir my lekker gewees totdat die eerste teëspoed ons getref het. Ek het baie gewonder en getwyfel of ons die regte keuse gemaak het, veral toe dit finansieel begin knyp het. Dit het op almal van ons ingewerk. Almal van ons moes hierdie paadjie saam stap.*

Vir die ander twee vroue, Marie en Lapie, was dit 'n makliker aanpassing. Beide van die vroue was byvoorbeeld reeds bevriend met inwoners van Orania - Marie as gevolg van haar en haar man se betrokkenheid by SABRA en Lapie as gevolg van die naweke en vakansies wat hul gesin in Orania deurgebring het. Wat die aanpassing egter vir Marie nog makliker gemaak het, is dat sy haar hele lewe lank die "selfwerkzaamheidsbeginsel" in haar huis toegepas het. Sy was 'n huisvrou en sy het alle huistake self gedoen.

4.4.2 Betrokkenheid en inskakeling

Tydens die fokusgroeponderhoude het die informante dit duidelik gestel dat Orania 'n pioniersgemeenskap is en as sulks is dit 'n doelstelling dat inwoners by 'n verskeidenheid van aktiwiteite, verenigings, komitees en rade betrokke moet raak. Een van die informante het dit as volg gestel: *Die dorp vereis van jou om uit te spring en te doen wat jou hart voel om te doen om te kan oorleef, maar nie net om te oorleef nie. Jy rig byvoorbeeld netbal af, want daar is niemand anders wat dit kan doen nie en alhoewel jy geen geld ontvang nie, is dit jou bydrae tot die ontwikkeling van die kinders.* Motiverings wat aangebied is vir die informante se betrokkenheid by die dorp het oor die algemeen die volgende ingesluit: *Ons wil graag hê dat Orania moet groei en vorentoe gaan; Orania klim onder jou vel in; alles wat jy insit kry jy terug en as jy deur Orania ry, sien jy by elke projek jou betrokkenheid sowel as die mense wat daarby betrokke was; en vroue moes aanpas en dinge leer wat hulle nog nooit vantevore gedoen het nie, as gevolg van die feit dat hulle 'n verantwoordelikheid het teenoor die gemeenskap en omdat dit 'n klein gemeenskap is.*

Gegewe hierdie reaksie van inwoners, was die verwagting dat die vroue met wie in-diepte onderhoude gevoer is beslis by aktiwiteite, verenigings, komitees en rade (met ander woorde op politieke, kerklike of kulturele vlak) betrokke sou wees. Hierdie sou met die algemene oogmerke van betrokkenheid instemming wees, aangesien, soos reeds gemeld in Paragraaf 4.3.5, die vroue voor hulle

vestiging in Orania op verskeie gebiede in hulle onderskeie gemeenskappe betrokke was, alhoewel nie altyd so sigbaar nie.

Wat die vroue se betrokkenheid in Orania 'n andersoortige kenmerk gee, is die prominente plekke wat hulle vul. In die volgende besprekings sal bogenoemde tendens uitgelig en duidelik word soos wat die vroue se betrokkenheid op ondermeer kerklike, kulturele en politieke gebied bespreek word.

Alhoewel die meerderheid vroue voor Orania op kerklike gebied betrokke was (sien bespreking in Paragraaf 4.3.5), het die vroue meer klem geplaas op hulle betrokkenheid op kerklike gebied in Orania. Elkeen van die vroue was, op een of ander wyse, betrokke op kerklike gebied - al was dit dan net deur kerkdienste wat op Sondag bygewoon is. Vier van die vroue het aangedui dat hulle net as lidmate by hulle onderskeie gemeentes ingeskakel is. Die ander vyf informante was egter in verskillende mates meer betrokke by die kerk, in die sin dat hulle óf 'n diaken/ouderling was, óf betrokke was by 'n bybelstudiegroep of op 'n kerklike komitee gedien het. Die groot waarde wat geheg word aan kerklike betrokkenheid is in ooreenstemming met die bespreking in Paragraaf 3.3.2.2, waar klem geplaas is op godsdiens as een van die wysgerige pilare van Orania.

Net soos op kerklike gebied, het die meerderheid vroue (agt) aangedui dat hulle op kulturele gebied betrokke is. Hierdie tendens is ietwat teenstrydig met die bevindinge in Paragraaf 4.3.5, wat dit duidelik gestel het dat dit eerder die ouer dames was wat op kulturele gebied meer intensief betrokke was en prominente plekke ingeneem het. Die jonger vroue was nie voor hulle vestiging in Orania noemenswaardig op kulturele gebied betrokke nie. Rondom die vroue se betrokkenheid op kulturele gebied in Orania, kon daar nie 'n onderskeid getref word tussen die generasies nie. Uitstaande is die prominente plekke wat vyf van die agt vroue ingeneem het by kulturele aktiwiteite. Sommige vroue het byvoorbeeld hulle eie projekte begin - die skryf en afrig van dramas; organisering van die Kaalvoetvrouekonsert en medewerker aan die

totstandkoming van die Koeksistermonument. Ander het aangedui dat hulle lede is van 'n raad, vereniging of komitee – hetsy die Geloftefeeskomitee of die Bewarea-komitee. Alhoewel van die vroue nie sulke prominente plekke ingeneem het nie lewer hulle ook 'n belangrike bydrae op kulturele gebied deur by gevestigde projekte betrokke te wees.

Op politieke⁵⁷ gebied, het die meerderheid vroue hulle betrokkenheid beskryf aan die hand daarvan dat hulle 'n lid is van 'n party; dat hulle stem; dat hulle deelneem aan besprekings; en dat hulle ingelees is oor sekere onderwerpe. Slegs drie van die informante het aangedui dat hulle in leiersposisies staan. Die instansies waarop hulle diens gelewer het, het die Dorpsraad, Burgerraadkomitee, Veiligheidskomitee, Welsynskomitee en die Werkgewerskomitee ingesluit.

Behalwe vir die feit dat die vroue prominente plekke ingeneem het, is dit opvallend dat die meerderheid op meer dan een gebied betrokke was. Een van die vroue is byvoorbeeld op kerklike gebied 'n leidster van 'n bybelstudiegroep en is betrokke by die jaarlikse basaar van die kerk (bak, kook of verkoop). Op politieke gebied, werk sy aktief op die Burgerraad en die Hospitaalraad. Op kulturele gebied, het sy meegehelp aan die H.F. Verwoerd gedenkversameling.

Die redes wat die vroue aangebied het ter verduideliking van hulle betrokkenheid by hierdie aktiwiteite, verenigings, komitees en rade was oor die algemeen omdat hulle gemeen het dat dit hulle plig is. Een van die vroue het dit so gestel: *dit is my diens aan medevolksgenote*. Tog was daar ook 'n element van persoonlike oortuiging en genoegdoening om aan hierdie aktiwiteite deel te hê. Dit is 'n bevredigende ervaring om deel van besluitnemingsprosesse in die dorp se sake te wees en om sake aan te spreek wat hulle na aan die hart lê.

⁵⁷ In die konteks van hierdie studie, dui die begrip "politiek" nie op party politiek nie, maar eerder op strukture en sake wat gemoeid is met die bestuur van Orania.

4.4.3 Rol van die vrou in Orania

In die voorafgaande gedeeltes, is daar gefokus op die vrou se belewenis van Orania in terme van hulle verhuising en aanpassing en ook hulle betrokkenheid en inskakeling by Orania. Uit hierdie besprekings het dit duidelik geword dat die vroue verskriklik daarna uitgesien het om te verhuis, maar ook dat hierdie verhuisingsproses gepaard gegaan het met onder meer teenkantiing van familie, vriende en kennisse; opofferings om te verhuis; en aanpassing by 'n totale nuwe omgewing. Dit het ook duidelik geword dat een van die aanpassings wat die vrou moes maak, gesentreerd was rondom hulle betrokkenheid en inskakeling by heelwat projekte en aktiwiteit in die gemeenskap. Aangesien die vroue, voor hulle verhuising na Orania, wel in hulle onderskeie gemeenskappe betrokke was, was die aanpassing nie soseer gegrond op die verwagting om betrokke te wees nie. Hierdie aanpassing kan eerder verduidelik word aan die hand daarvan dat die vroue by uiteenlopende projekte, aktiwiteite, rade en verenigings (op politieke, kerklike en kulturele vlak) betrokke geraak het en heel dikwels ook leierskapsposisies beklee het.

Bogenoemde besprekings skiet egter daarin tekort dat dit nie 'n in-diepte bespreking bied van die vrou se belewing van die gemeenskapslewe nie, maar ook dat dit nie sake omtrent die rol van die vrou in Orania aanspreek nie. Voordat die onderwerp "die rol van die vrou in Orania" aangebied word, is dit nodig om 'n samevattende bespreking aan te bied aangaande informante van beide die fokusgroeponderhoude en die in-diepte onderhoude, se belewenis van Orania. Die rede hiervoor is dat hierdie belewenis 'n weerspieëling, sowel as motiverings, kan bied vir die gedrag, eienskappe en rol van die vrou in Orania. Die onderwerp "belewenis van Orania" kan uiteengesit word in twee verbandhoudende temas, genaamd: Die algemene belewenis van Orania deur die oë van 'n man en die belewenis van Orania as 'n vrou.

Gegewens wat saamgevat is uit die fokusgroeponderhoude, met die onderskeie mansgroepe, het daarop gedui dat hulle belewenis van Orania hoofsaaklik

gesentreerd is rondom en beïnvloed word binne die konteks van die volkstaatieaal: *Orania is 'n wegspringplek vir Afrikaner selfbeskikking; Ons is 'n groep Afrikaners wat 'n strewe deel; Ons is net soos ander - ons het net 'n ideaal wat ons saambind en wat ons anders maak as ander plekke.* Die feit dat die mans se belewenis van Orania grotendeels binne die raamwerk van die volkstaatieaal val, kan aan die hand van die volgende uitsprake verduidelik word: *Mans het die ding (Orania-projek) begin en vroue gaan dit deurdra; Mans het die langtermyn visie en vroue voer dit uit; Mans doen die groot goed; Hulle is visioenêr en probeer altyd in die toekoms inkyk.*

Binne die konteks van hierdie volkstaatieaal is die mans dit eens dat: *Inwoners van Orania besig is om hulle eie identiteit op te bou, wat verskil van die algemene Afrikaneridentiteit.* Gegewe hierdie agtergrond, beskryf die mans die gemeenskapslewe in Orania as uniek en andersoortig: *Selfwerkzaamheid en selfdiensname maak dit anders as ander plekke; Inwoners is meer konserwatief, sterker, harder werkers, en finansieel nie so ryk nie; Gemeenskap het groter samehorigheid - as iemand byvoorbeeld teen die gemeenskap gaan en konflik veroorsaak, word daardie persoon geïsoleer en hy/sy besluit dan gewoonlik self om die dorp te verlaat; Die mate van kundigheid wat in Orania saamgetrek is, is bogenormaal - meer as in ander plattelandse dorpie; Vroue doen werk wat hulle nog nooit gedoen het nie.*

Behalwe vir bogenoemde, kan interpretasies gemaak word oor die man se belewenis van Orania deur te fokus op aspekte wat mans aan buitestaanders beklemtoon in hulle vertellings van Orania. Hierdie aspekte gaan onder meer oor inwoners se betrokkenheid in die dorp: *Sodra jy as inwoner betrokke raak, kry jou werk nie klaar nie; Daar is egter net 'n klein groepie betrokke, maar hulle is by baie aktiwiteite betrokke; Daar is te veel aktiwiteite, maar jy moet betrokke wees om dit te ervaar.*

Verdere aspekte wat beklemtoon word in hierdie vertelling handel hoofsaaklik oor sake gemoeid met die onderbou van die dorp: *Inwoners is baie godsdienstig en woon gereeld kerk by; Daar is 'n sterk projek konsensus onder sommige inwoners en dit is dit wat Orania so sterk maak, veral omdat daar so baie energie losgelaat word; Orania is baie veilig en mense kan vrylik beweeg; Dit het 'n invloed op die vorming van kinders en ander gemeenskapslede; Mense word aan kundigheid en ervaring blootgestel; 'n Mooi eienskap van die dorp is dat een se leed die ander se leed is en die een se vreugde die ander se vreugde.*

Dit is dan nie verbasend, gegewe die bogenoemde uitsprake, dat die man te doen het met die visioenêre beplanning van die volkstaasideaal en die vrou met die uitvoer van hierdie planne, dat die onderskeie vroue wat aan die fokusgroeponderhoude deelgeneem het se belewenis van Orania grotendeels gebaseer is op hulle betrokkenheid in die dorp nie. Tydens die fokusgroeponderhoude het die vroue Orania en sy gemeenskapslede as volg beskryf: *Dit is 'n dorpie wat rustig lyk, maar onder die oppervlakte is dinge glad nie so rustig nie; Jy is altyd besig en jy het altyd baie dinge om te doen; Jy word amper ingesluk as jy betrokke raak en dis dan wanneer jy nie meer tyd het nie.*⁵⁸

Opsommend kan dit genoem word dat die mans Orania beleef in terme van die selfbeskikkingsideaal, maar gepaardgaande hiermee ook die belewenis en ervaring van Orania as uniek en andersoortig. Vroue beleef Orania weer in terme van hulle betrokkenheid. Van belang is egter die implikasie dat Orania van haar inwoners verwag om 'n bydrae te maak deur betrokke te wees ter realisering van haar selfbeskikkingsideaal. Baie word ook gedoen (projekte wat aangepak word, kundigheid wat gesoek en aangebied word) om hierdie droom te realiseer. Hierdie onderlê, maar bied ook 'n moontlike motivering van, die hoë vlak van betrokkenheid van vroue in Orania (selfs op politieke en kulturele vlak),

⁵⁸ Die redes wat die vroue tydens die fokusgroeponderhoude aangebied het ter verduideliking van hul betrokkenheid is reeds in Paragraaf 4.4.2 bespreek.

maar ook vir die tendens van die vrou in 'n leierskapsposisie (verskeie terreine – dorpsraad, veiligheidsraad, Bewarea).

Die vroue met wie in-diepte onderhoude gevoer is se belewenis van Orania verskil van die bogenoemde, in die opsig dat hierdie belewenisse beklemtoon is in terme van die behoeftes van die vroue waaraan Orania voldoen het. Hierdie behoeftes sluit in: Veiligheid, rustigheid, die sterker gesinsbande wat gevorm is, die vriendelikheid en behulpzaamheid van mede inwoners, geborgenheid om tussen hulle “eie mense” te woon en die bevrediging wat sommige in hulle beroep ervaar.

Die vroue se belewenis van Orania is verder eerder verduidelik in terme van die eienskappe van die dorp, wat die vroue in hulle vertellinge aan buitemense beklemtoon. Die aspekte waarop die meeste klem geplaas word is die voordele van die omgewing (*veiligheid, rustigheid en die ooptes*); die voordele om aan 'n homogene bevolking verbonde te wees (*rustig en vry saam met eie mense*); om betrokke te wees in die opbou en die uitleef van 'n droom (*Orania is die beginpunt van 'n volkstaat*); die organisasie en oogmerke van Orania (*selfstandige en selfwerksame gemeenskap, plek met uitdagings, gaan nie oor rassisme nie, maar oor afsonderlike ontwikkeling, dat inwoners hulself nie afsonder nie*).

Ten spyte daarvan dat Orania aan die vroue se behoeftes voldoen het, is daar egter volgens hulle sekere strukture, fasiliteite en ondersteuningsmeganismes wat tekort skiet. Al die vroue het byvoorbeeld aangedui dat daar sommige aspekte in Orania is wat hulle sou wou verander of verbeter. Dit sluit oor die algemeen in: dienste (medies, maatskaplik, arbeidsmag) wat nie bestaan nie of swak is, beter samewerking tussen die inwoners van Orania, meer mense wat hulself in Orania wil vestig en beter werksgeleenthede. Hierdie aspekte is ook tydens die fokusgroeponderhoude uitgelig.

Bogenoemde besprekings bied 'n in-diepte oorsig van beide mans en vroue se belewenis van Orania. Daardeur is in 'n mate ook redes aangebied vir sommige van die verwagtinge wat Orania op die vrou plaas. Een van hierdie verwagtinge is dat die gemeenskap van die vrou (ook die man) verwag om betrokke te raak, of eerder die ruimte laat om betrokke te raak. Hoe dit ook al geformuleer word, die punt wat gemaak moet word is dat dit dus nie vreemd is dat die oorgrote meerderheid van die vroue tydens die in-diepte onderhoude die mening gehuldig het dat hulle, en ook ander vroue, 'n belangrike bydrae lewer, sowel as 'n belangrike rol te vul het, in die gemeenskap nie. Die meerderheid vroue het byvoorbeeld tydens die onderhoude gestel dat hulle grootste bydrae in die rol wat hulle vervul binne die gemeenskap lê. Anaat se woorde was byvoorbeeld: *Vroue wat deelneem aan aktiwiteite is baie belangrik en die dorp kan nie sonder daardie vroue nie.* Lientjie is ook van mening dat die vrou nie net binne die gesinsverband 'n stempel afdruk nie. *Hulle tree ook uit die gesinsverband en neem inisiatief. Hulle raak byvoorbeeld betrokke by inkomste genererende aktiwiteite...hulle doen klerklike poste...party is bestuurders...hulle is betrokke by owerheidsake.* Ams stel dit as volg: *Die vrou het 'n belangrike rol in die samelewing. Sy moet betrokke wees by aktiwiteite in 'n gemeenskap en nie net 'n ma wees nie.*

Sommige van die vroue het nadruk geplaas op die bydrae van die vrou in haar rol as moeder. Ams voel byvoorbeeld sterk daaroor dat die vrou baie belangrik is in enige *gesinsopset, aangesien sy die moeder is wat haar huis goed moet kan regeer.* Die rede waarom dit vir haar die belangrikste rol van 'n vrou is, som sy so op: *As die gesin gesond is, kan 'n volk ook gesond wees.* Ook Lientjie is van mening dat die vrou in haar rol as versorger en tuisteskepper veral 'n stempel afdruk op die gemeenskap.

Tog is hierdie rol van vroue as moeders baie meer en sterker tydens die fokusgroepbesprekings beklemtoon: *Om kinders groot te maak is belangrik, want hulle is die toekoms.* Daar is ook in die fokusgroepbesprekings klem

daarop geplaas dat die ideale verwagting van die vrou is om tuis te bly en haar kinders te versorg. Uitsprake van die fokusgroepbesprekings rondom hierdie saak het byvoorbeeld as volg uitgesien: *Vroue moenie werk terwyl hulle kinders klein is nie; Ander mense moet nie jou kinders grootmaak nie, want ouers weet watter waardes en norme dit is wat hulle vir hulle kinders wil leer; Sodra kinders 'n goeie basis het en op hulle eie kan regkom, kan 'n ma weer doen wat vir haar belangrik is; Dit is eintlik belangrik dat 'n vrou by die huis moet bly; Dit is juis sterk vroue met 'n opvoeding wat in Orania die keuses gemaak het om eerder by die huis te bly en na die kinders te kyk; As kinders klein is, moet 'n vrou nie werk nie. Kinders is 'n belegging.*

Ander vroue het weer nadruk daarop geplaas dat dit die vrou se rol as eggenote is wat baie belangrik is. Lapie voel byvoorbeeld dat dit die rol van die vrou is om *vierkantig agter haar man te staan*. Hierdie was ook 'n baie prominente tema wat na vore gekom het tydens die fokusgroepbesprekings: *Vroue bied inspirasie vir hulle mans; Hulle bied ook ondersteuning aan mans – die vrou is die een wat die man laat onthou 'dit is hoekom ons dit doen'; as dit nie is vir vroue as pioniersvroue nie, sou die gesin nie kon oorleef nie. 'n Vrou op Orania kan alleen bly, maar nie 'n man nie. Veral in die gesinsopset, waar die man 'n keuse gemaak het, het 'n man op 'n manier die versekering nodig om te weet dat hy die regte keuse gemaak het en dat sy vrou gelukkig is.*

Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik dat daar teenstrydigheid te vind is in die onderskeie sienings rondom die rol van die vrou in Orania. Enersyds is dit die verwagting van die gemeenskap dat vroue tuis hul grootste bydrae lewer en andersyds meen die vroue van die ondersoek dat hul grootste bydrae buite die gesin te vind is. Alhoewel die vroue van die ondersoek meen dat hulle grootste bydrae buite die gesin te vind is, word hulle rol as moeder en eggenote nie as minder belangrik geag nie. Na my mening, is dit vir die vroue belangrik om 'n groot bydrae by die huis te lewer, maar om ook in die gemeenskapslewe van

Orania 'n bydrae te lewer, veral omdat dit 'n verwagting van die gemeenskap blyk te wees.

4.5 IDENTITEIT

4.5.1 Inleiding

Terwyl die voorafgaande besprekings ten doel gehad het om slegs die gegewens en bevindinge van die empiriese ondersoek uiteen te sit, is die oogmerke met die hieropvolgende bespreking om 'n verbandlegging te doen tussen die bevindinge van die empiriese ondersoek en die teoretiese uitgangspunte, soos bespreek in Hoofstuk Twee. Voortvloeiend hieruit is dit ook die doel om beperkte veralgemenings rondom die identiteit van vroue in Orania aan te bied. Die teorie met betrekking tot identiteit was nie in alle opsigte duidelik toepaslik nie. Die "persoon" en "self", as dimensies van identiteit, kon met gemak vasgestel word, maar daar was leemtes ten opsigte van individualiteit. Ter wille van beter kommunikasie, is besluit om die dimensie van "persoon" te omskryf as openbare/sosiale identiteit. Die dimensie van die "self" is in hierdie bespreking as private/persoonlike identiteit opgeneem.

4.5.2 Openbare/sosiale identiteit

Die openbare/sosiale identiteit (vgl. Paragraaf 2.3.2) van 'n individu het te doen met die publieke teenwoordigheidsin van daardie individu. 'n Individu word sosiaal geposisioneer op grond van sosiale eienskappe en bevoegdhede wat binne haar bepaalde kultuur waarde het. Hierdie sosiale posisie of rol gaan ook gepaard met bepaalde verantwoordelikhede, gepaste gedrag en sosiale verwagtinge. Soos genoem in Paragraaf 2.4.1, word die openbare/sosiale identiteit van 'n persoon bepaal deur gender konstruke – dit wil sê die kulturele betekenis wat 'n gemeenskap gee aan biologiese en fisiese verskille.

Uit die empiriese gegewens is dit duidelik dat die sosiale identiteit van vroue in Orania deur sekere faktore, reeds vóór hul verhuising na Orania, gevorm en

ontwikkel is. Hiervolgens is dit nodig om samevattend te fokus op die grootwordjare van die informante, en die instellings, verenigings en organisasies wat 'n invloed gehad het op die vorming en ontwikkeling van die vroue se sosiale identiteit.

Die instelling wat die mees vormende invloed op die vroue se lewens gehad het, was die gesin van oorsprong. Die meerderheid vroue het grootgeword binne 'n Afrikanerhuishouding, gekenmerk deur 'n Christelike (Calvinistiese) grondslag. Dit was veral hierdie Christelike grondslag wat beslag gegee het aan die posisie en rol van die man en die vrou binne die gesin en die groter gemeenskap. Onderliggend aan hierdie posisie en rol is daar gepaardgaande kulturele kwaliteite, persoonlikheidseienskappe en karaktereienskappe wat aan elke geslag toegeken is. Die posisie en rol van elke geslag binne die gesin en gemeenskap het eweneens ook gepaard gegaan met bepaalde sosiale verwagtinge van verantwoordelikhede en gepaste gedrag.

Binne die gesinstruktuur, is die man gesien as die hoof van die huishouding, sowel as broodwinner en besluitnemer van die gesin. Die man as broodwinner word deur die volgende voorstelling geïllustreer: *Ek het groot bewondering vir my pa. Hy het uit moeilike omstandighede gekom; hy het 'n sukses gemaak en dit het nie vanself gekom nie. Hy het hard gewerk en ek het baie respek vir die baie harde werk wat hy gedoen het in sy lewe en ek weet hy het dit gedoen ter wille van sy gesin. Hy het gevoel hy moet vir sy gesin kan sorg en vir hulle kan gee wat hulle wil hê.*

Eienskappe en bevoegdhede wat tradisioneel aan die Afrikanerman toegeskryf is, kon in sommige gevalle uit die empiriese gegewens afgelei word. Hierdie tradisionele eienskappe en bevoegdhede het onder andere behels dat die man binne die gesin beskou is as die beliggaming van geestelike waardes, streng konserwatisme, godsdienstigheid, sedelikheid en geestelike adel.. In die breë

gemeenskapslewe het hy te doen gehad met die verstandelike (die beliggaming van die innerlike kultuur, volkstrots, vryheidsliefde en strydvaardigheid).

Die Afrikanervrou se plek was in haar huis. Binne haar huis was sy die primêre versorger en opvoeder van haar kinders. Vergelyk byvoorbeeld die volgende uitspraak: *My ma het 'n wonderlike voorbeeld gestel van wat dit beteken om 'n ma te wees. Sy was altyd beskikbaar. As ek haar nodig gehad het was sy altyd daar. Sy sou agteroor gebuig het om vir my enigiets te doen. Sy het voltyds gewerk en dan het sy in die nagte tot twaalfuur, eenuur gesit om vir my klere te maak. Sy is altyd daar gewees, ek het geweet enige tyd van die dag of die nag as ek haar nodig het, is sy daar.*

Die vrou is heel dikwels met teenstrydige kwaliteite voorgehou. Aan die een kant was sy sterk, met 'n veggees en uithouvermoë, en aan die ander kant het sy eienskappe soos weerloosheid, delikaatheid en verfyndheid besit. In die gesin was dit van die vrou verwag om voortdurend besig te wees met haar hande om vir die gesin te voorsien. In die breë gemeenskap was dit die taak van die vrou om met die meer innerlike, die waardes, die onsienlike, die gevoelsmatige en die intuïtiewe waarmee sy gekenmerk word, die volk te koester en na die siekes en broses om te sien. Binne hierdie konteks het dit duidelik geword dat die moeders van die informante nie 'n beroep beoefen het nadat hulle getroud is nie en indien hulle wel 'n beroep beoefen het, was dit nadat kinders 'n relatiewe onafhanklike ouderdom bereik het.

Gegewe die Christelike grondslag van die Afrikanerhuishouding, het godsdiens 'n integrale deel gevorm in die funksionering van die gesin en die groter familie. Dit was veral die vroue se grootouers wat deur leidende voorbeeld Christelike waardes, byvoorbeeld verantwoordelikheid, eerlikheid en medemenslikheid, aan die vroue oorgedra het.

Om krag te gee aan die godsdienstige aard van die gesin/familie, is daar op 'n Sondag 'n kerkdiens bygewoon, oor die radio geluister of self gelei. Belangrike

vakansiedae soos Paasnaweek en Kersfees het eweneens bevestiging gegee aan die godsdienstige aard van die gesin/familie, deurdat die Christelike aspek verbonde aan elkeen beklemtoon is deur onder meer die bywoon van kerkdienste. Volksfeeste het binne hierdie raamwerk ook 'n belangrike bydrae gelewer in die bevestiging van die godsdienstige aard van die gesin/familie.

Verbandhoudend met bogenoemde meganismes waardeur die godsdienstige aard van die gesin en die familie beklemtoon en bevestig is, was hierdie meganismes een van die faktore wat aanleiding gegee tot hegte gesins- en familiebande. Kerkdienste op Sondae, tydens Paasnaweek en Kersfees, en ten tye van volksfeeste, is dikwels in gesins- en of familieverband bygewoon. Gesins- en familieverbondenheid is ook oor die algemeen sterk beklemtoon deur woord en daad.

'n Verdere kenmerk van die gesin is die gesagsverhouding tussen ouers en hul kinders, veral dié tussen 'n vader en sy kinders. Oor die algemeen het die informante groot ontsag en respek gehad vir hulle vaders en dit het inderdaad hul wedersydse verhouding gekenmerk. Tog was die mans nie die primêre dissiplineerders van die vroue nie, maar wel hulle moeders. Die man het oor die algemeen slegs die kinders gedissiplineer indien sy eggenote dit gevra het, of waar hy gevoel het hy moet intree (waar een van die kinders byvoorbeeld nie sy vrou met respek behandel het nie).

Behalwe vir hierdie organisasie van die gesin, was die arbeidsverdeling binne die gesinsopset ook 'n faktor wat 'n invloed gehad het op die vroue se sosiale identiteit. Soos reeds genoem, was die vaders die broodwinners. Moeders het hulself in die huislike omgewing bevind in die primêre rol as versorgers en opvoeders van kinders en as ondersteunende eggenote vir hulle mans. Kinders het ook take, wat gebaseer was op hul geslag, in die huishouding gekry. Die

take vir dogters was gewoonlik binnenshuis en het ondermeer ingesluit: Wasgoed was, afstof, versorging van eie kamer, en die maak van koffie en tee⁵⁹. Moontlik die grootste invloed wat die gesin en familie op die vroue gehad het, is die stabiele vormingsjare wat hulle aan die vroue gebied het. Ongeag wáár die vroue tydens hul skooljare gebly het, was hul onderskeie ouerhuise die anker wat vastigheid gegee het. Ook die groter bande met familielede, maar veral die teenwoordigheid van hulle grootouers, het stabiliteit asook 'n gevoel van veiligheid en beskerming meegebring.

Eksterne faktore wat 'n invloed gehad het op die Afrikanerskap van informante, was onder meer instellings (skool en kerk), verenigings en organisasies (Die Voortrekkers, CSV, Landsdiens, KJA en debat) en politieke gesprekke en gebeure waaraan die kinders óf binne die huishouding óf in die groter gemeenskap blootgestel is.

Die skole van informante was op 'n nasionalistiese Christelike filosofie gefundeer. Die verenigings en organisasies waarby die vroue as kinders betrokke was, het veral met die bevordering van die Afrikanerkultuur en die verhoging van 'n Christelike ingesteldheid te doen gehad. 'n Informant het haar belewenis só gestel: *Voortrekkers en landsdiens maak jou trots op jou kultuur. CSV en KJA, dit was vir my lekker. Dit was vir my lekker om in groepsverband te kon praat oor 'n mens se geloof. Daai kampe, ag dit was altyd baie lekker. Dit is lekker om vriende te hê wat dieselfde oortuigings het as jy en te weet daar is mense wat soos jy dink en jy kan uit daardie mense jou vriende kies. Debat, ja dit het my seker maar 'n bietjie leer redeneer en my denke geslyp. Interessante onderwerpe is bespreek, wat 'n mens dalk nie andersins mee te doen sou gehad het nie.* Al hierdie instellings en organisasies het dus 'n invloed gehad op die vorming van die vroue se sosiale identiteit. Die bywoon van volksfeeste het ook

⁵⁹ Sien Paragraaf 2.4.2.2 vir 'n bespreking van die aanleer van gender-gepaste gedrag deur die uitvoering van take.

aanleiding gegee tot die kulturele vorming en vestiging van die inhoud van die vroue se Afrikaneridentiteit.

In die vormingsjare, is die informante se sosiale identiteit dus op twee maniere gevorm, wat uiteindelik ook in Orania 'n rol sou speel. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die gesin eerstens 'n bydrae gelewer het in die vorming van die rolverwagting van die vrou, naamlik 'n ondersteunende en 'n versorgende rol in haar posisie as eggenote, moeder en vrou, en tweedens in die bevestiging van 'n Afrikaneridentiteit by die vroue.

In hulle volwasse jare het die twee dominante invloede steeds vormend ingewerk op die vroue se sosiale identiteit. Die vroue het opleiding ontvang en aktief 'n loopbaan gevolg totdat hulle getroud is of swanger geraak het. Daarna het die meerderheid vroue hul loopbane voorlopig gestaak om na hul kinders om te sien. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die invloed wat die gesin gehad het op die vrou se wêreldbeskouing, naamlik dat 'n moeder se plek in die huis is om sodoende kinders groot te maak, op te voed en te versorg. Deur te konformeer het vroue die erkenning van familie, vriende en kennisse ontvang met die "prestasie" van moederwees en is hulle as te ware aangemoedig om in te val by hierdie kulturele ideaal.

Die betrokkenheid van die vroue in hulle onderskeie gemeenskappe, voor Orania, word oor die algemeen gekenmerk deur 'n ondersteunende rol. Die vroue was betrokke in terme van aktiwiteite wat bygewoon is en die reëlins wat hulle getref het tydens hierdie aktiwiteite. Dit wil voorkom asof die gemeenskap groter nadruk, maar ook waarde, geplaas het op die ondersteunende rol van die vrou in die gemeenskap.

Beide die belang van die gesin en Christelike waardes, asook die belang van Afrikanerskap, het aanklank gevind by Orania. Met hul verhuising na Orania het die vroue net nog meer uitlewing en bevestiging gevind vir hulle sosiale identiteit.

Die vroue van Orania is baie meer betrokke in hul gemeenskap as die deursnee Afrikanervrou buite Orania. Voor Orania, was die vroue, veral die jonger vroue, nie so nou betrokke in hulle onderskeie gemeenskappe nie en ook nie op sulke uiteenlopende vlakke nie. Die jonger dames was byvoorbeeld voor hul verhuising na Orania baie meer betrokke op kerklike gebied as op politieke of kulturele vlak. Daarteenoor was die ouer informante voor Orania op kerklike, politieke en kulturele vlak baie meer betrokke. Hierdie tendens kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar tydens die vormingsjare groter waarde geheg is aan godsdienste, kultuur (kultuuraktiwiteite wat daarop gerig was om die Afrikaner op te hef; sy kultuur te laat voortbestaan en sy posisie te verstewig) en politiek (bv. besprekings oor Afrikanerleiers in die gesin van oorsprong).

Op Orania plaas die gemeenskap groot klem op die betrokkenheid van sy inwoners. Vroue word gesien as die uitvoerders van die selfbeskikkingsideaal van Orania, en daarom is die vroue op verskillende vlakke betrokke, maar veral ook op die vlakke waar die vroue kennis en vaardighede tekort kom. Die kreatiwiteit waarmee vroue nuwe projekte aanpak en deurvoer, asook die leierskapsrolle wat hulle met groot gemak vul (dikwels op politieke gebied), is veral opvallend. Hierdie vroue bou ook direk aan 'n Afrikaneridentiteit in Orania, veral deur kulturele projekte en aktiwiteite wat verband hou met die Afrikaner (bv. Die Koeksistermonument, Die Kaalvoetvrouekonsert en die Verwoerd-gedenkversameling).

In die afwesigheid van haar gesin van oorsprong, die uitgebreide familie en ander ondersteuningsnetwerke in Orania, het vroue hul sosiale identiteit hoofsaaklik binne hulle eie gesinsverband uitgeleef. Vanweë die waarde wat die Orania-filosofie plaas op die gesin as bousteen van die gemeenskap, was die strewe van die vroue dus nie teenstrydig nie.

Die uitgangspunt is dat die rol van die tuisteskepper ook as 'n beroep gesien kan word waarin die vrou haar man ondersteun en kinders grootmaak, versorg en

opvoed. Hierdie beskouing beteken dat die vrou se rol binne die huislike omgewing ook as 'n ekonomiese bydrae gesien kan word. Meeste van die vroue is egter ook buite hul huise ekonomies aktief. Uit die literatuur, fokusgroeponderhoude en in-diepte onderhoude, is dit duidelik dat die vrou van Orania op ekonomiese gebied, onder andere as tuisteskepper, entrepreneur, klerk, winkelassistent, onderwyser en verpleegster, 'n onmisbare rol speel.

4.5.3 Private/persoonlike identiteit

Uit Paragraaf 2.3.2 het dit duidelik geword dat 'n individu se private/persoonlike identiteit, of "self," na twee aspekte verwys, naamlik die "I" (innerlike mens met bepaalde gevoelens, motiverings en unieke gedrag) en die "Me" (die individu se voorstelling van haarself, wat bepaal word deur terugvoering van ander binne die kulturele milieu).

In die vormingsjare en ook die volwasse jare is vroue se persoonlike identiteit op verskillende maniere gevorm en uitgebou. Die eerste saak wat 'n aanduiding kan gee van die vroue se private/persoonlike identiteit, is die vroue se beskrywing van vroulikheid. Oor die algemeen toon die beskrywing van vroulike persoonlikheidseienskappe en karaktereienskappe 'n teenstrydigheid. Aan die een kant is daar die beeld van 'n vrou met sterk leierseienskappe, wat belese en ingelig is, en aan die ander kant is daar die vrou wat bloot haar rol vervul as 'n dogter, eggenote en moeder. Persoonlikheidseienskappe wat as tipies vroulik beskryf is, kan as volg saamgevat word: Die idee dat 'n vrou goed versorg moet wees; moet omgee en uitreik na ander; en daarmee saam ook vriendelik en saggeaard moet wees. Terselfdertyd moet die vrou deursettingsvermoë toon; dinamies wees; goed kan redeneer en ingelig wees oor uiteenlopende onderwerpe.

Alhoewel die meerderheid vroue se beroepskeuses beïnvloed is deur hul ouers en ook deur denkwyses van wat as 'n gepaste beroep vir vroue gesien is deur die groter gemeenskap, kan die vroue se opleiding as 'n belangrike mylpaal in

hul lewens en ook in die wyse waarop hulle hulself beskryf, gesien word. 'n Deel hiervan is die feit dat die vroue aktief 'n beroep gevolg het, al was dit dan net totdat hulle getroud is of swanger geword het.

Benewens die invloed wat die opleiding en beroep van die vroue op hulle private identiteit gehad het, kan die huwelik en moederskap sekerlik as die mees vormende invloede op die vroue se private identiteit beskryf word. Uit die empiriese gegewens kan die afleiding gemaak word dat die huwelik, tydens die vormingsjare van die vroue in die kulturele milieu, as 'n belangrike en waardevolle instelling voorgehou is. Hierdie afleiding word gebaseer op die feit dat nie een van die informante se ouers geskei is nie. Hierdie het 'n belangrike vormende invloed gehad op elke vrou se beskouing van die huwelik as 'n onontbindbare Goddelike instelling. Slegs een van die vroue is geskei en weer getroud.

Die huwelik het andersoortige ervarings en belewenisse meegebring wat 'n invloed gehad het op die vorming van die vroue se persoonlike identiteit. As eggenote, moes elke vrou aanpas en dikwels baie van haarself gee, veral in die beginjare van die huwelik. Sommige vroue het gevoel dat die huwelik hulle geleer het om die minste te wees, terwyl ander weer die aanpassing wat dit geverg het om saam in een huis te woon, onthou.

Moederskap het daartoe aanleiding gegee dat die meerderheid vroue hulself skielik in die huislike omgewing bevind het, met die primêre taak om hul kinders groot te maak, op te voed en te versorg. Hierdie feit was vir hulle 'n groot aanpassing en die meerderheid het gemeen dat hulle van hul ideale en avonture moes prysgee ter wille van hul kinders.

Ten spyte van die aanpassings wat moederskap meegebring het, het dit duidelik geword dat moederskap 'n belangrike fase uitmaak van die vroue se ervaring en belewenis van hul vrouwees. Hierdie is veral afgelei uit die vroue se aanduiding

dat moederskap een van hulle grootste en belangrikste prestasies is, asook een van die dinge wat hulle die meeste bevrediging verskaf het. Een van die moeders het die volgende vertel oor haar ervaringe: *Party dae stry 'n mens en party dae gesels jy lekker, maar net om hulle te hê en te weet mens is deel van die gesin en mens is daar vir mekaar. Ek pak nogal baie goed aan en as ek nie kinders gehad het nie, sou ek baie van die goed nie kon aanpak nie...veral hier in Orania...as dit nie vir my kinders se hulp was nie, sou ek dit net eenvoudig nie gedoen gekry het nie, want hier is nie ander hande en ander arbeid nie, so hulle het rêrig 'n groot bydrae gelewer, maar dit is net lekker om 'n gesin te wees. As jy iemand nodig het, dan weet jy daar is iemand. As jy siek is en hulle doen moeite om jou te versorg of vir jou 'n koppie tee te bring, ag dan is dit net so lekker. Of as hulle besig is met eksamen en jy kan nou weer ietsie vir hulle doen en hulle is dankbaar, ja, dit is lekker - net daardie wisselwerking.*

Sentraal tot die bevordering van die vroue se private identiteit, is hulle betrokkenheid in die gemeenskap van Orania. Enersyds word dit wel van die vrou verwag om betrokke te wees, maar andersyds voel die vrou dat sy ook iets van haarself het om aan die gemeenskap te gee. Hierdie besef spruit voort uit haar persoonlike verbintenis tot die strewe en ideale van Orania vir Afrikaners, maar ook uit haar vasberadenheid om op welke wyse ookal 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling en voortbestaan van Orania.

Die persoonlike verbintenis tot die strewe en ideale van Orania vir Afrikaners kan teruggevoer word na die Afrikaneridentiteit, wat op verskeie wyses by die vroue as kinders gevorm is, maar ook na die belang en waarde wat die vroue heg aan hul Afrikaneridentiteit. Orania bied die vrou die geleentheid om nie net haar Afrikaneridentiteit uit te leef nie, maar ook om haar persoonlike beskouing van haar Afrikaneridentiteit te bevestig en te bevorder. In terme van haar behoefte om haar Afrikaneridentiteit te kan uitleef, vervul Orania dus 'n belangrike behoefte van die vroue op individuele vlak. In Orania het sy tyd vir haarself en haar gesin, sy kan goed doen wat vir haar belangrik is - veral ten opsigte van

haar persoonlike ontwikkeling. Sy het ook die geleentheid om krities te wees oor dinge wat verkeerd is of werk nodig het in Orania.

4.6 SAMEVATTING

Die onderwerp van die studie fokus op die identiteit van vroue in Orania. Hierdie onderwerp karakteriseer twee verbandhoudende kulturele domeine, genaamd identiteit en vroue in Orania. Vir die doeleindes daarvan om hierdie twee kulturele domeine te beskryf en uiteen te sit, is daar tydens die studie 'n doelbewuste keuse gemaak om van lewensgeskiedenis gebruik te maak. Die onderliggende rede hiervoor was om die subjektiewe realiteit van die individu binne groepsverband uit te lig.

In die voorafgaande gegewens van hierdie hoofstuk is die navorsing geïntegreer, soos beskryf deur die nege sleutelinformante en die informante van die fokusgroeponderhoude. Vanuit hierdie besprekings kan daar gemeenskaplike kenmerke, onder die volgende temas, saamgevat word: Die vrou se posisie in Orania; vrouwees en/of identiteit; en kwessies rondom hulle Afrikanerskap.

Gemeenskaplike kenmerke wat gehandel het rondom die posisie van die vrou in Orania het in die eerste plek te doen gehad met die leiersposisies van die vrou in die gemeenskap. Die vrou van Orania word die geleentheid gegun om haar kennis en vaardighede te gebruik om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die dorp. Sy begin heel dikwels nuwe projekte (byvoorbeeld die Kaalvoetvrouekonsert, Koeksistermonument, eenbedrywe, Kleingeluk Gemeenskapskomitee en die H.F Verwoerd gedenkversameling) en is betrokke by rade, verenigings en organisasies op kerklike, politieke en kulturele vlak – dikwels in die leiersrol. 'n Uitstaande kenmerk wat genoem is, is dat die vrou heel dikwels nie net op een vlak in die gemeenskap betrokke is nie, maar op velerlei terreine.

Gepaardgaande met die leiersposisie van die vrou, het dit duidelik geword dat die vrou verantwoordelikheid neem vir sekere aspekte van die gemeenskapslewe. Sy lewer byvoorbeeld 'n aktiewe bydrae tot die uitbouing van die Afrikaneridentiteit in Orania, veral deur kulturele projekte waar sy dikwels die inisiatief neem. Uit die empiriese bevindinge het dit verder duidelik geword dat die vrou op ekonomiese gebied ook 'n belangrike bydrae lewer. Die vrou is byvoorbeeld betrokke by inkomstegenererende aktiwiteite of vul ondermeer bestuursposte en klerklike poste. Ander vroue sien weer hul ekonomiese bydrae in terme van hulle tuisteskeppersrol.

Van die temas rondom vrouwees en identiteit wat na vore gekom het, is die belangrikste die verskillende fases in hulle lewe waar hulle identiteit gevorm, bevorder en onderhou is. Die instelling wat die mees vormende invloed gehad het op die vroue se identiteit tydens hulle kinderjare, was die gesin van oorsprong. Oor die algemeen het die vroue binne tipiese Afrikanergesinne en families grootgeword. Hierdie tipiese Afrikanergesin en familie is gekenmerk deur ondermeer die dominante posisie van die man (hoof van die huishouding, broodwinner en besluitnemer) teenoor die vrou in die huislike omgewing, wat beperk is tot haar versorgende moederskapsrol, die godsdienstige aard van die gesin en familie en die kenmerkende hegte gesins- en familiebande. Binne die gesins- en familieraamwerk is 'n Afrikaneridentiteit by die vrou gevorm, wat hoofsaaklik gebaseer is op 'n Christelike/Calvinistiese onderbou. Dit het tot 'n groot mate 'n bepalende invloed gehad op die vorming van die vrou se identiteit, tesame met haar rol, gedrag en verantwoordelikhede.

Ook die instellings van kerk en skool het 'n bydrae gelewer in die vorming en bevordering van die vroue se identiteit - eerstens in terme van hulle Christenskap en Afrikanerskap en tweedens in terme van die vrou se rol in die gemeenskap, haar gedrag en verantwoordelikhede. Die vrou se rol en verantwoordelikhede in die gemeenskap kan veral bepaal word deur die vroue se vlak van betrokkenheid in die gemeenskap, voordat hulle na Orania verhuis het. Die vrou was

hoofsaaklik op kerklike gebied betrokke en ook nie in 'n bestuursposisie nie. Op politieke en kulturele vlak is die vrou se bydrae beperk tot die bywoon van aktiwiteite, funksies of vergaderings en tot die tref van reëlins. Ook kulturele en Christelike verenigings en organisasies (Die Voortrekkers, Landsdiens, Debat, CSV en KJA) het 'n invloed gehad op die vorming, bevestiging en onderhouding van die vroue se Afrikaneridentiteit, asook hul Christenskap.

Hulle tersiêre opleiding het ook 'n bepalende invloed gehad op elkeen van die vroue se identiteit. Hulle is deur hulle onderskeie ouers aangemoedig om na skool verder te gaan studeer. Beroepskeuses is oor die algemeen beïnvloed deur hul ouers en persepsies van gepaste vroulike beroepe.

Twee van die fases in die volwasse jare van die vroue, wat 'n belangrike invloed het op hulle ervaring en belewenis van vrouwees, maar ook op die uitlewing en bevordering van hulle identiteit, is die huwelik en ouerskap. Gegewe die invloed van die gesin van oorsprong, maar ook die Christelike grondslag van die vroue se wêreldbeskouing, ag elkeen van die vroue die huwelik as 'n goddelike instelling en daarom as onontbindbaar.

Meer nog as die huwelik, blyk dit dat ouerskap tot 'n groter mate elke vrou se ervaring en belewenis van haar vrouwees beïnvloed het. Moederskap het enersyds die grootste invloed gehad op die uitlewing van die moederskapsrol, haar verantwoordelikhede en gedrag. Sy is die primêre versorger en opvoeder van haar kinders, en daarom is dit vir die meerderheid vroue wenslik dat 'n moeder tuis moet bly om aan die behoeftes van haar kinders te voldoen. Andersyds het moederskap tot 'n groot mate 'n invloed gehad op die vroue se geluk. Die vroue het moederskap beskryf as een van hulle grootste en belangrikste prestasies.

Verbandhoudend met die vroue se vrouwees, is die vroulike eienskappe wat elkeen van hulle uitgelig het. Aan die een kant is daar klem geplaas op die

ideale vrou, wat 'n goeie moeder is vir haar kinders (in die huislike omgewing), 'n ondersteunende eggenote is, wat goed versorg is, uitreik na ander, vriendelikheid uitstraal en wat saggeaard is. Aan die ander kant word dit duidelik dat die informante vroue is met oortuiging en hulle eie belange. Hierdie kan ondermeer gestaaf word deur die onderliggende motiverings vir hul werksaamhede in Orania.

Die laaste gemeenskaplike kenmerk wat uitgelig kan word, handel rondom die tema Afrikanerskap. Soos genoem, word die vormingsjare van die vroue as kinders gekenmerk deur die vorming en vestiging van 'n Afrikaneridentiteit. Hierdie Afrikaneridentiteit het regdeur die verskillende fases in die vroue se volwasse jare 'n invloed gehad op hulle beroepskeuses, die keuse van 'n huweliksmaat en die waarde wat aan die huwelik geheg word, asook op hulle ervaring en belewenis van moederskap en hulle wêreldbeskouing. Afrikanerskap vorm dus 'n integrale deel van elke vrou se vrouwees en daarmee saam haar groter identiteit.

Binne hierdie raamwerk, bied Orania aan die vrou en haar gesin die geleentheid om hul Afrikanerskap te beleef en ook uit te leef. Orania is die basis waarvandaan die vroue hul Afrikanergeskiedenis, taal, kultuur en godsdiens kan uitleef. Orania voldoen verder aan die basiese behoefte van rustigheid en veiligheid, sowel as die aanmoediging van hegte gesinsbande.

HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die algemene doel van die studie was om 'n verkennende, beskrywende ondersoek te onderneem na die inhoud van die kulturele identiteit van vroue in Orania, en meer spesifiek hoe dit gevorm en onderhou word. Die oogmerk was dus enersyds om te bepaal hoe vroue hul kulturele identiteit bekom vanaf hul kinderjare tot in hul huidige lewensfase en andersyds hoe hulle hul sosiale en persoonlike identiteit binne die Afrikanergemeenskap van Orania uitleef.

Die doelwitte wat hieruit voortgespruit het, was eerstens om 'n literatuurondersoek te onderneem ten einde 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie van identiteit, gender en kultuur op te stel; asook om die geskiedenis, visie, karakter en demografiese besonderhede van Orania te beskryf. Tweedens was dit die doelwit om 'n empiriese ondersoek te onderneem deur veldwerk in Orania te doen. Die bekende navorsingstegnieke van deelnemende waarneming en in-diepte onderhoude is gevolg. Aanvanklik is fokusgroeponderhoude met seuns, dogters, mans en vroue gevoer om sodoende breë riglyne vir die gestruktureerde onderhoudskedule te bepaal. In die proses is nege vroue geïdentifiseer wat in ouderdom, opleiding, lewenservaring en verbintenis aan Orania as 'n verteenwoordigende deursnit van die volwasse vrou van Orania beskou is. Die lewensgeskiedenis van elkeen van hierdie vroue is deur middel van in-diepte onderhoude opgeteken.

In die teoretiese raamwerk is kultuur in die konteks van hierdie studie gekonseptualiseer as 'n sisteem wat eie is aan 'n spesifieke sosiale groep, waar innerlike oortuigings, houdings, waardes en ideale gedeel word deur groepslede, aangeleer word en tot uiting kom deur individue se gedrag en interaksies met ander. Binne hierdie breë raamwerk is die aard van kultuur voorgehou as aangeleer, relatief gedeel, dinamies en geïntegreerd. Met betrekking tot die aangeleerde aard van kultuur is die standpunt gestel dat kultuur 'n rol speel in die vorming van 'n individu, maar dat die individu ook 'n aktiewe skepper is van

kultuur. Geen individu het ook volledige toegang tot haar totale kultuur nie en daarom is die gedeelde kultuur nie homogeen en ten volle geïntegreerd nie.

Binne hierdie groepsverband word die sosiale kant van 'n individu se kulturele identiteit gevorm. Die self word voortdurend gekondisioneer deur interaksie met belanghebbende rolmodelle binne 'n spesifieke gemeenskap. Die wyses waarop 'n individu besluite neem, optree en haarself ervaar, word gevorm deur interaksie met en terugvoering van die sosiale omgewing. Daar is egter nie net 'n sosiale kant aan identiteit nie, maar ook 'n persoonlike kant wat binne 'n kulturele konteks gestalte kry. Die persoonlike kant van die identiteit van 'n individu verwys onder andere na die unieke karakter en individualiteit van 'n persoon. Gender vorm 'n belangrike komponent van beide die sosiale en persoonlike identiteit van 'n persoon. Dit word geformuleer as die sosiale, kulturele en psigiese konstrakte wat 'n gemeenskap formuleer om die biologiese verskille van geslag, asook die gepaardgaande verwagte gedrag verbonde aan 'n bepaalde geslag, te verwoord.

In die literatuurondersoek wat gehandel het rondom die geskiedenis, visie, karakter en demografiese besonderhede van Orania, is daar op die volgende drie temas gefokus: Orania as waterwesedorp, Orania as eerste volkstaatsdorp, en Orania as 'n selfstandige Afrikanergemeenskap. In die eerste tema is die aanvanklike ontstaan en ontwikkeling van Orania beskryf. In die tweede tema is daar op die filosofiese onderbou van Orania as 'n volkstaatsdorp gefokus. In die derde tema het die aandag geval op die gevestigde strukture, instellings en verenigings wat 'n bydrae lewer tot die selfstandige funksionering van Orania.

Die resultate van die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat die kulturele konteks waarbinne die vroue grootgeword het, 'n omvattende invloed gehad het op hul identiteit. Sosiale vorming word eerstens onderlê deur die invloed van die gesin en verwante en tweedens deur 'n geleidelike bewuswording van Afrikanerskap.

Binne die gesin van oorsprong is daar inhoud gegee aan die sosiale posisie, rol, verantwoordelikhede, gepaste gedrag en eienskappe van 'n dogter, eggenote, moeder en vrou. Hierdie inhoud het tydens die volwasse jare 'n belangrike invloed gehad in die sosiale uitlewing van haar identiteit – in haar huwelik, haar moederskapsrol, beroep en sosiale lewe.

Bogenoemde is onder andere oorgedra deur die organisasie van die gesin waar die man beskou is as die hoof, die broodwinner en die besluitnemer van die huishouding, met die vrou in 'n ondergeskikte posisie en grootliks beperk in haar primêre versorgings- en opvoedersrol. Die verhouding tussen 'n vader en dogter is verder gekenmerk deur gesag en respek. Binne die huishouding het die meerderheid vroue, as dogters, take binne die huishouding gehad, terwyl die seuns buitenshuise take gehad het. Die gesin en verwante het ook 'n belangrike invloed gehad op die vestiging van waardes by die vroue. Die waardes hou verband met Christenskap en die verbondenheid aan gesin en familie. Hierdie waardes is op verskeie wyses by die vroue gevestig en het onder andere bestaan uit eerlikheid, verantwoordelikhedsin, pligsbesef, mededeelsaamheid, medemenslikheid en dankbaarheid.

Die gesin het verder inhoud gegee aan die vroue se Afrikanerskap, in so 'n mate dat Afrikaans, kultuur en geskiedenis van die Afrikaner vir hulle 'n belangrike faset uitmaak in die sosiale definiëring van hulself.

Die informante se Afrikanerskap is hoofsaaklik gevorm en het inhoud gekry tydens die vormingsjare van die vrou deur die skool, kerk en kulturele en Christelike verenigings en organisasies. In die konteks van die gesin van oorsprong was dit veral die bywone van volksfeeste, politieke gesprekke in die huishouding en politieke gebeure wat 'n bepalende invloed gehad het op die kulturele groepsbewussyn van vroue.

In die volwasse jare van die vroue het hierdie twee dominante invloede, gesin en Afrikanerskap, steeds vormend ingewerk op die vroue se sosiale identiteit. Die vroue het oor die algemeen die ideale van hulle moeders voortgesit: Enersyds in haar ondersteunende rol tot haar lewensmaat; en andersyds het die vroue hulself uitgeleef as moeders in die huislike omgewing. Die persoonlike identiteit van die vroue is tydens die vormingsjare en ook die volwasse jare op verskillende maniere gevorm en uitgebou. Hierdie private sy van haarself het oor die algemeen met haar sieninge van vroulike eienskappe en haar ervaring en beleving van onder meer die huwelik, moederskap, haar beroep en sosiale lewe te doen gehad.

Die belang van die gesin, Christelike waardes, asook Afrikanerskap het aanklank gevind by Orania. Met hulle verhuising na Orania het die vroue verdere uitlewing en bevestiging gevind het vir hulle sosiale identiteit. Vanweë die feit dat die Orania-filosofie groot klem plaas op die gesin as bousteen van die gemeenskap kon die vroue hul volle aandag aan hul huishouding en kinders gee. Die vroue kon hul Afrikanerskap uitleef deur hul algemene betrokkenheid in die gemeenskap, asook deur aktief te bou aan hul eie en ander se Afrikaneridentiteit met projekte soos die Koeksistermonument, Kaalvoetvrouekonsert en die Verwoerd-gedenkversameling.

Die bydrae van die studie is opgesluit in die volgende: Eerstens is die teoretiese sieninge met betrekking tot identiteit en die veranderde rol van die vrou in die samelewing (veral die Afikanervrou) empiries bevestig. Die studie maak tweedens 'n bydrae tot die literatuur met betrekking tot Orania as Afrikanergemeenskap en meer bepaald die rol van die vroue. In hierdie verband lewer die studie ook 'n bydrae tot antropologiese studies oor die vrou in Suid-Afrika.

BIBLIOGRAFIE

- Aggerwal, R. 2000. Traversing lines of control: Feminist Anthropology Today. *Annals of the American Academy of Political and Social Science*, 571:14-29.
- (Anoniem 2003). Bittereinderdag vervang Republiekdag in Orania. *Die Volksblad* 18 September: 2.
- (Anoniem 2004). 'n Eie geldstelsel vir Orania. *Frontnuus* 30 Junie: 12.
- (Anoniem 2004). Orania: Van spookdorp tot droomdorp. *Frontnuus* 30 Junie: 16.
- (Anoniem 2006). Maatskaplike dienste. Orania webtuiste. http://www.orania.co.za/dienste_maat_raad.asp. [Afgelaai op 18 Maart 2009].
- (Anoniem 2006). 'n Dorpsraad wat doen. *Voorgrond* April: 6-7.
- (Anoniem 2006). Mediasie en arbitrasie los probleme op. *Voorgrond* April: 8-9.
- (Anoniem 2006). Hoe vorder Orania. *Voorgrond* April: 10.
- (Anoniem 2007). Die uitdaging: 'n volhoubare herwinningsbank vir afval. *Voorgrond* April: 6-8.
- (Anoniem 2007). Kry end met voëlent. *Dorpsnuus* Oktober. Plaaslike publikasie in Orania uitgegee deur die Dorpsraad.
- (Anoniem 2007). Orania geen hemel op aarde. *Die Afrikaander* 16 Januarie: 5.
- (Anoniem 2007). Orania verloor 'n besondere vrou. *Voorgrond* Julie: 11.
- (Anoniem 2007). Sakevroue van Orania. *Voorgrond* Julie: 10.
- (Anoniem 2009). Doelstellings. Die Voortrekkers webtuiste. <http://www.voortrekkers.org.za/Algemeen/doelstellings.htm>. [Afgelaai op 18 Maart 2009].
- (Anoniem s.j.). Women's struggle in South Africa. An ongoing project in commemoration of the 1956 women's march against pass laws. South African History Online. <http://www.sahistory.org.za/pages/governance-projects/womens-struggle/struggle1.htm>. [Afgelaai op 26 Maart 2009].
- (Anoniem s.j.). Women's struggle in South Africa. An ongoing project in commemoration of the 1956 women's march against pass laws. South African History Online. <http://www.sahistory.org.za/pages/governance-projects/womens>

[struggle/work-edu.htm](http://www.cwc.ie/index.html). [Afgelaai op 26 Maart 2009].

(Anoniem s.j.). Women in South Africa: Challenges for Collective Action in the New Millennium. Community Workers Co-operative. <http://www.cwc.ie/index.html>. [Afgelaai op 26 Maart 2009].

Barfield, T. 1997. The dictionary of anthropology. Oxford: Blackwell.

Barnard, A. & Spencer, J. 2006. Encyclopedia of Social and Cultural Anthropology. New York: Routledge.

Barret, S.R. 1996. Anthropology: a student's guide to theory and method. Toronto: University of Toronto Press.

Beangstrom, P. 2003. Traditional twist put on a pedestal. *Star* 18 September: 6.

Bernard, H.R. 1995. Research methods in anthropology: qualitative and quantitative approaches. Calif: Altamira Press.

Borofsky, R. 1994. Assessing cultural anthropology. New York: McGraw-Hill.

Boshoff, C. 1992. Afrikaners na apartheid: 'n verantwoording, met die kultuurkritiese werk van NP van Wyk Louw as aanleiding tot 'n eie Afrikaanse kulturbegrip. Pretoria: Afrikanervryheidstigting.

Botha, J.P. 2009. Ons onderwys se goue eeu. <http://www.afrikanerfolksparty.org/index.php?option=content&view=article&id=1568:ons-onderwyssegoueueeu&catid=:onderwys&Itemid=39> [Afgelaai op 26 Maart 2009].

Brooker, P. 1999. Cultural theory: a concise glossary. London: Oxford University Press.

Brumann, C. 1999. Writing for culture. Why a successful concept should not be discarded. *Current Anthropology*, 40: 1-27.

Butler, J. 1989. Afrikaner Women And The Creation Of Ethnicity In A Small South African Town 1902 -1950 in Leroy Vail ed. In The Creation Of Tribalism In Southern Africa, 55-81. London: University of California Press.

Buys, M.E. 1981. Die Rol Van Die Tlokwavrou In Die Ontwikkeling van Qwaqwa. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Coertze, P.J. 1979. Waardes as 'n besondere aspek van die kulture van volke. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 2(1): 1-10.

- Coertze, P.J. & Coertze, R.D. 1996. Verklarende vakwoordeboek vir Antropologie en Argeologie. Pretoria: P.J. Coertze en R.D. Coertze.
- Cohen, Y. 1969. Man in adaptation: The cultural present. Chicago: Aldine.
- Crane, J.G. & Angrosino, M.V. 1999. Field Projects in Anthropology: A Student Handbook. 3rd edition. Prospect Heights: Waveland Press.
- Cronje, A. 2005. Oposisie moet vroue bemagtig. *Die Volksblad* 30 Augustus: 4.
- Cronje, G. 1945. "Die huisgesin in die Afrikaanse Kultuurgemeenskap" in Van den Heever C.M., Pienaar, P. & Pienaar V. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- De Beer, F.C. 1998. Ethnicity in nation-states with reference to South Africa. *South African Journal of Ethnology*, 21(1): 32-41.
- De Beer, F.C. 2006. Exercise in futility or dawn of Afrikaner selfdetermination: An explanatory ethno-historical investigation of Orania. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 29 (3): 105-114.
- De Lange, N., Geldenhuys, J.L., Olivier, M.A.J., Toni, M.N., Delport, A.C. & Moutlana, I. 2002. Emerging identities of first year female students in Eastern Cape higher education institutions in post-apartheid South Africa. Vista University: Port Elizabeth.
- Dobbert, M.L. 1982. Ethnographic Research: Theory and Application for Modern Schools and Societies. New York: Praeger Publishers.
- Duplessis, A.P. 1998. *Orania – eerste volkstaatsdorp*. Bloemfontein: NG sendingpers.
- Duplessis, A.P. s.j. *Orania in 'n neutedop*. Orania Dorpsraad.
- Ember, C.R. & Ember, M. 2000. Anthropology – A brief introduction. London: Prentice-Hall.
- Erchak, G. M. 1992. The anthropology of self and behavior. New Jersey: Rutgers University Press.
- Eriksen, T.H. 2004. What Is Anthropology? London: Pluto Press.
- Eriksen, T. H. 2002. Ethnicity and nationalism. 2nd edition. London: Pluto Press.

Feris, M. 2004. Afrikaner volkstaat still a mirage. *Star* 25 Maart: 21.

Ferraro, G.P. 2000. Cultural Anthropology - An applied perspective. Australia: Wadsworth Thomson Learning.

Ferraro, G.P. 2001. Cultural Anthropology: An applied perspective. Fourth edition. USA: Wadsworth.

Friedl, E. 1975. Women and men : an anthropologist's view. Prospect Heights, Ill.: Waveland Press.

Garbarino, M.S. 1983. Socio-cultural theory in Anthropology. Prospect Heights: Waveland Press.

Giles, J. & Middleton, G. 1999. Studying culture: a practical introduction. Oxford: Blackwell Publishers.

Goffman, E. 1959. The presentation of self in everyday life. New York: Doubleday.

Goldschmidt, W. 1996. "Functionalism" in Levinson, D. & Ember, M. Encyclopedia of Cultural Anthropology. New York: Henry Holt and Company.

Gondon, R.G. & Stern, P.R. 1993. Gender role preference, gender identity, and gender socialization among contemporary Inuit youth. *Ethnos*, 21(4):384-416.

Gower, R & Salm, S. 1996. Swahili women since the nineteenth century: Theoretical and empirical considerations on gender. *Africa Today*, 43(3):251, 18 .

Greeff, M. 2005. Orania – hier gaan dit om meer. *Lig* 30 April: 14.

Hall, C.M. 1990. Women and identity: value choices in a changing world. New York: Hemisphere Publisher Corporation.

Hallowell, A.I. 1955. "The self and it's behavioral environment" in Hallowell, A.I. Culture and experience. New York: Schocken.

Hannerz, U. 1989. Five Nigerians and the global ecumene. SSRC Symposium on "Public Culture in India and its global problematics". Carmel, California.

Hannerz, U. 1992. Cultural complexity. Studies in the social organization of meaning. New York: Columbia University Press.

Hardon, A, *et al.* 1995. Applied health research manual : anthropology of health and health care. Amsterdam: University of Amsterdam.

- Haviland, W.A. 1993. Cultural Anthropology. 7th edition. New York: Harcourt Brace College Publishers.
- Heaven, C.L., Stones, C., Leickness, S. & Le Roux, A. 2000. Human values and social identities among samples of white and black South Africans. *International Journal of Psychology*, 200, 35 (1): 67-72.
- James, D. 1999. Songs Of The Women Migrant: Performance And Identity in South Africa. Edinburgh: Edinburgh University Press for the International African Institute.
- Jooste, C.J. 2002. Afrikaner claims to self-determination: Reasons, validity and feasibility. Pretoria: Freedom Front.
- Kottak, C.P. 2006. Anthropology: The exploration of human diversity. New York. McGraw-Hill.
- Krueger, A. & Casey, M.A. 2000. Focus groups: a practical guide for applied research. 3rd edition. Calif: Sage Publications.
- Kuper, A. 1994. The Chosen Primate: Human Nature and Cultural Diversity. Cambridge: Harvard University Press.
- Lamphere, L. 1987. Feminism and anthropology: The struggle to reshape our thinking about gender in Farnham, C. The impact of feminist research in the academy. For the women's studies program of Indiana University. Indianapolis: Indiana University Press.
- LeCompte, M.D. 1999. Designing And Conducting Ethnographic Research. Calif: AltaMira Press.
- Lett, J. 1987. The human enterprise. London: Westview Press.
- LeVine, S. 1979. Mothers and Wives: Gusii women of east africa. Chicago: The University of Chicago Press.
- Levinson, D. & Ember, M. 1996. Encyclopedia of Cultural Anthropology, 2:488:524. New York: Henry Holt and Company.
- Linton, R. 1936. The study of man: an introduction. New York: D. Appleton-Century co.
- Lucal, B. 1999. What it means to be gendered me: Life on the boundaries of a dichotomous gender system. *Gender and Society*, 13(6): 781-797.

- Maritz, L. 2004. Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991 tot 1994. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Mathews, G. 2000. Global culture/individual identity: searching for home in the cultural supermarket. London: Routledge.
- Mead, G.H. 1962. Mind, self and society : from the standpoint of a social behaviorist. Chicago: University of Chicago Press.
- Mead, M. 1937. Cooperation and competition among primitive peoples. New York: McGraw-Hill.
- Miller, L.S. & Weitz, C.A. 1979. Introduction to Anthropology. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Mönnig, H. 1980. Groepsidentiteit en Groepswywing. Johannesburg: Perskor-uitgewery.
- Moore, H.L. 1988. Feminism and Anthropology. Cambridge: Polity Press.
- Moore, H.L. 1994. A passion for difference: Essays in anthropology and gender. Cambridge: Polity Press.
- Mordant, N. 1999. Where every day is like Sunday. *Saterdag Argus* 15 Mei: 21.
- Morgan, D.L. 1997. Focus Groups as Qualitative Research. Qualitative Research Methods Series. Volume 16. 2nd edition. London: Sage Publications.
- Mukhopadhyay, C.C. & Higgins, P.J. 1988. Anthropological studies of women's status revisited: 1977-1987. *Annual review of Anthropology*, 17: 461-95.
- Nanda, S. & Warms, R.L. 2007. Cultural Anthropology. 9th edition. Belmont, CA: Thomson/Wadsworth.
- Nel, C.J. 1991. Inleiding tot die algemene antropologie en etnografie. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Opperman, M. 2004. The Afrikaners of Orania as an ethnic community. Unpublished paper. Anthropology Southern Africa Annual Conference, Bloemfontein.
- Outhwaite, W. & Bottomore, T. 1993. The Blackwell dictionary of twentieth-century social thought. Oxford: Blackwell.

- Paynter, G. 2004. Letter from South Africa about women's contribution. <http://www.g21.net/let22.htm>. [Afgelaai op 26 Maart 2009].
- Pelto, P.J. 1970. *Anthropological Research: The Structure of Inquiry*. New York: Harper Row.
- Persverklaring deur mnr FW de Klerk by die tweede Nasionale Afrikaanse Taalberaad van die Nasionale Forum vir Afrikaans 2007. http://www.fwdklerk.org.za/download_docs/07%2002%2022%20perstaalberaad.pdf. [Afgelaai op 1 April 2009].
- Pienaar, T. 2007. Die aanloop tot en stigting van Orania as groeipunt vir 'n Afrikaner-volkstaat. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Peoples, J. & Bailey, G. 1991. *Humanity*. St Paul: West Publishing Co.
- Poole, F.J.P. 1994. "Socialization, enculturation and the development of personal identity" in Ingold, T. *Companion encyclopedia of anthropology*. New York: Routledge.
- Popenoe, D., Boulton, B. & Cunningham, P. 1998. *Sociology*. Cape Town: Prentice Hall.
- Potgieter, P. 2006. Nuwe koers vir Orania se plaaslike bestuur. *Voorgrond* April: 4-5.
- Potgieter, P. 2007. In diepte: Orania in gesprek. *Voorgrond* Julie: 14-16.
- Rademeyer, A. 2006. Staat skuit Afrikaners al meer uit. *Die Burger* 9 Augustus. <http://www.solidaritysa.co.za/Tuis/wmview.php?ArtID=589>. [Afgelaai 18 November 2008].
- Reiter, R. 1975. "Men and women in the South of France: Public and Private domains" in Reiter, R. *Toward and Anthropology of Women*. New York: Monthly Review Press.
- Reynolds, N. 2002. *Orania impressions and programmes*. Unpublished document: Orania Beweging.
- Ritzer, G. 2005. *Encyclopedia of Social Theory*. Thousand Oaks: Sage Publications.
- Robbins, R.H. 1973. "Identity, culture and behavior" in Honigman, J.J. *Handbook of social and cultural Anthropology*. Chicago: Rand Morally.

- Rollwagen, J.R. 1986. Reconsidering basic assumptions: A call for a reassessment of culture in anthropology. *Urban Anthropology*, 15(1-2): 97-133.
- Rosaldo, M & Lamphere, L. 1974. *Women, Culture and Society*. Stanford: Stanford University Press.
- Ross, F.C. 2003. *Bearing Witness: Women and The Truth And Reconciliation Commission*. London: Pluto Press.
- Seymour-Smith, C. 1999. *Macmillan Dictionary of Anthropology*. Hong Kong: The Macmillan Press.
- Schensul, S.L., Schensul, J.J. & LeCompte, M.D. 1999. *Essential Ethnographic Methods*. London: Altamira Press.
- Schultz, E.A. & Lavenda, R.H. 1990. *Cultural Anthropology*. Dubuque: Wm. C. Brown Company Publishers.
- Schumann, C.G.W. 1945. "Die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner" in Van den Heever C.M., Pienaar, P. & Pienaar V. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Sharp, J. 1988. "Ethnic group and nation: The apartheid vision in South Africa" in Boonzaier, E. *South African keywords: the uses and abuses of political concepts*. Cape Town: David Philip.
- Smelser, N.J. & Baltes, P.B. 2001. *International Encyclopedia of the Social and Behavioral Sciences*. Volume 11. New York: Elsevier.
- Stewart, D.W. & Shamdasani, P, N. 1990. *Focus Groups: Theory and Practice*. Applied Social Research Methods Series. Volume 20. London: Sage Publications.
- Steyn, J.J. 2004. The 'bottom up' approach to Local Development (L.E.D.) in small towns: A South African case study of Orania and Phillippolis. *Stads- en streeksbeplanning*, 47: 55-63.
- Strydom, L. 2007. Orania leef die ekologiese droom. *Voorgond* April: 4-5.
- Terblanche, E. 2008. *Gemeenskapsinstellings en -instrumente: Die boustene van 'n selfstandige gemeenskap*. Opgepubliseerde referaat. Konferensie - Nuwe antwoorde vir nuwe tye 9 Augustus. <http://www.orania.co.za/docs/Orania%20Beweging%20referaat%20nuwe%20antwoorde%20vir%20nuwe%20tye%20Ebert%20Terblanche.doc>. [Afgelaai op 18 Maart 2009].

- Theron, P. 2008. Afrikaners moet grondwet inspan vir eie voordeel. *E-Afrikaner. Virtuele nuusbriëf van die Afrikanerbond*. Oktober 2008. <http://www.afrikanerbond.org.za/index.php?pg+123>. [Afgelaai op 18 November 2008].
- Thornton, R. 1988. "Culture: A contemporary definition" in Boonzaier, E. South African keywords: the uses and abuses of political concepts. Cape Town: David Philip.
- Trauth, D. 2002. The Changing Role of Women. Toespraak van die SWT President, Denise Trauth, aan die Hays-Caldwell Vroue Sentrum. Datum van vrystelling: 10/21/02. http://www.txstate.edu/news/news_release/news_archive/2002/10/roleofwomen102102.html. [Afgelaai op 26 Maart 2009].
- Van Rensburg, D. 1999. Die wat Orania verlaat. *Die Volksblad* 12 Augustus: 8.
- Van Zyl, H. 2007. Orania se Bewarea woel. *Voorgrond* April: 10.
- Van Zyl, S. 2006. The other side of history: An anecdotal reflection on political transition in South Africa. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Verklaring van Voorneme. Ongepubliseerde dokument: Uitgereik deur die Orania Verteenwoordigende Raad te Orania op Dinsdag 27 Februarie 2007.
- Versluis, J. 2000. Orania-projek vir jong mans reik nou ook uit na jong vroue. *Die Volksblad* 19 April: 4.
- Vestergaard M. 2000. Afrikanerdom?: Negotiating Afrikaner identity in post-apartheid South Africa. University of Cape Town.
- Visweswaran, K. 1997. Histories of Feminist ethnography. *Annual Review of Anthropology*, 26: 591-621.
- Walker, C. 1990. Women And Gender In South Africa. Cape Town: Phillips.
- Winterbach, M. 2007. Is Orania 'n mannewêreld? *Voorgrond* Julie: 4-5.
- Winthrop, R.H. 1991. Dictionary of concepts in cultural anthropology. New York: Greenwood Press.

OPSOMMING

'N ANTROPOLOGIESE STUDIE NA DIE IDENTITEIT VAN VROUE IN ORANIA

Student : Liezel Blomerus
Studieleier : Dr. P. Esterhuyse
Departement : Antropologie
Graad : M.A. (Antropologie)

In hierdie verhandeling word 'n beskrywing gegee van die inhoud van die kulturele identiteit van 'n geselekteerde groep vroue in Orania, asook hoe vroue deur hul aktiwiteite en sieninge hul identiteit onderhou en bevorder.

Orania is geleë langs die Oranjerivier in die dorre, semi-woestynagtige gebied van die Karoo (Noord-Kaap Provinsie), met Kimberley (± 160 km) en Bloemfontein (± 260 km) as die naaste stede. Orania word na agtien jaar beskou as 'n selfstandige Afrikanergemeenskap met gevestigde strukture, instellings en verenigings. Selfstandigheid in Orania hou veral verband met die volgende: onafhanklike bestuur; 'n duidelike identiteit en andersheid by inwoners; lewendige kerklike lewe; ekonomiese selfversorging; unieke pasgemaakte skolestelsels; ondersteunende maatskaplike strukture; en 'n verantwoordelike ekologiese bestuur van die omgewing.

Die studie is 'n verkennende, beskrywende ondersoek waarin 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie gevolg is. Die empiriese ondersoek is voorafgegaan deur 'n literatuurstudie wat op die volgende fokus: 'n Teoretiese verwysingsraamwerk met betrekking tot identiteit (persoonlik en sosiaal), gender en kultuur; en 'n hoofstuk oor die geskiedenis, visie, karakter en demografiese besonderhede van Orania.

Die volgende navorsingstegnieke is in die empiriese ondersoek benut: fokusgroeponderhoude, deelnemende waarneming en in-diepte onderhoude in die vorm van lewensgeskiedenis. Die hoof ondersoekgroep het bestaan uit nege vroue van Orania tussen die ouderdomme 16 jaar en ouer. Die fokusgroeponderhoude het bestaan uit drie mans en drie vroue groepe tussen die ouderdomme 10-18, 18-35 en 40-70 jaar.

Die empiriese ondersoek het die volgende betrek: Die vorming van vroue in hul ouerhuis, die beroep, huwelik, ouerskap, sosiale skakeling en lewensbeskouing van die volwasse vrou voor hul na Orania verhuis het, en die betrokkenheid van vroue by die gemeenskapslewe van Orania. Deur middel van die lewensverhale word gepoog om aan te dui hoe die sosiale en persoonlike identiteit gevorm en bevorder word. In die besondere konteks van Orania word ook aandag gegee aan die vroue se oortuiginge met betrekking tot hulle Afrikanerskap en op welke wyse hulle hierdie Afrikanerskap bevorder en ervaar.

Sleuteltermes: Afrikanerskap, Afrikanervrou, gender, identiteit, kultuur, lewensgeskiedenis, Orania.

SUMMARY

AN ANTHROPOLOGICAL STUDY TO THE IDENTITY OF WOMEN IN ORANIA

Student : Liezel Blomerus
Supervisor : Dr. P. Esterhuyse
Department : Anthropology
Degree : M.A. (Anthropology)

In this thesis, 'n description is given of the content of the cultural identity of a selected group of women in Orania, as well as how women maintain and promote their identity by means of their activities and viewpoints.

Orania is located next to the Orange River, in the arid, semi-desert area of the Karoo (Northern Cape Province), with Kimberley (± 160 km) and Bloemfontein (± 260 km) being the closest cities. After eighteen years, Orania is considered an independent Afrikaner community with structures, institutions and associations. Independence in Orania is especially concerned with the following: independent management, economic self-maintenance; unique newly established schools systems, supportive social structures; and the responsible ecological management of the environment.

The study is an exploratory, descriptive investigation, in which a qualitative research methodology is used. The empirical investigation was preceded by a study of the literature, with a focus on the following: a Theoretical framework involving identity (personal and social), gender and culture; and a chapter on the history, vision, character and demographic information of Orania.

The following research techniques were utilised in the empirical investigation: focus group interviews, participative observation and in-depth interviews in the form of life histories. The main research group consisted of nine women from Orania from the age of 16 and older. The focus group interviews included three

groups of men and three groups of women between the ages of 10-18, 18-35 and 40-70 years.

The empirical investigation included the following: The development of women in their parental homes, the occupation, marriage, parenthood, social connection and life views of the mature woman before moving to Orania, and the involvement of women with life in the community of Orania. Via their life stories, the researcher has attempted to indicate how the social and personal identity is formed and promoted. In the particular context of Orania, attention is also given to the convictions of the women concerning their Afrikanerhood and the ways in which this Afrikanerhood is promoted and realised.

Key words: Afrikanerhood, Afrikaner women, culture, gender, identity, lifehistory, Orania.